

https://dspace.org/

Die NG Kerk, apartheid en die Christelike instituut van Suidelike Afrika

Van Rooyen, Jan Hendrik Petrus

1990-05-18
University of the Witwatersrand, Johannesburg
http://hdl.handle.net/10539/20402

Downloaded from a DSpace repository. https://dspace.org/

DIE NG KERK, APARTHEID EN DIE CHRISTELIKE INSTITUUT VAN SUIDELIKE AFRIKA

Jan Hendrik Petrus van Rooyen

Proefskrif voorgelê aan die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte van die Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg, ter vervulling van die vereistes vir die graad Doktor in Filosofie.

Johannesburg 1990

DECLARATION

I declare that this thesis is my own, unaided work. It is being submitted for the degree of Doctor of Philosophy in the University of the Witwatersrand, Johannesburg. It has not been submitted before for any degree or examination in any other University.



18th day of May 1990.

ABSTRACT

Apartheid had long been an everday practice in South Africa when the NG Kerk threw its weight behind it during the third decade of the twentieth century. However, it did not take long before the church began playing a leading role in this respect. During the fourth and fifth decades many decisions and publications underscored the church's conviction that the policy of separate development was based on Scripture. The South African Government and the National Party Government, in particular, were certain of the co-operation of the NG Kerk not only in the establishment of this policy but also in the extension thereof to cover all the facets of social, economical and political life.

Although the NG Kerk, on many occasions, reiterated that the policy should be implemented with justice and compassion, it was always clear that apartheid as a policy that was based on colour could only result in discrimination against, and injustice to, people of colour. This resulted in growing resistance by blacks, coloureds and Indians since the beginning of the century. The resistance increased rapidly after the National Party took over the government of the country in 1948 and proceeded to intensify this policy by applying it to all levels of the political and societal life.

On March 21 1960 thousands of blacks marched to the police station in Sharpeville to protest against the pass laws. This resulted in the police killing 69 blacks and wounding 180 in a panic reaction which caused not only a worldwide wave of indignation and protest but also increased racial tension in South Africa. The World Council of Churches in conjunction with the local member churches immediately arranged the Cottesloe Conference to discuss possible solutions to the racial problems. The proposals of this conference which was held in December 1960 met with strong opposition from Government and were eventually completely smothered by the Church leadership. The proposals were unacceptable because they smacked too much of criticism of

apartheid. Notwithstanding the strong political and ecclesiastical rejection of Cottesloe, a group of church leaders nevertheless decided to establish the publication Pro Veritate, and soon afterwards the Christian Institute of Southern Africa was founded in an effort to give scriptural witness in South Africa.

Pro Veritate, which later served as the mouthpiece of the Christian Institute (CI) and the CI itself, were - since their inception - seen as contentious issues by both the NG Kerk and Government because of the challenge to apartheid. The church immediately instituted strong measures to suppress Pro Veritate and the Christian Institute initiatives. This was applauded from the political side, particularly in the Transvaal, where certain Afrikaans newspapers gave their full support to it. Decisions were taken by the Southern Transvaal Synod to discourage ministers from contributing to Pro Veritate and to prevent them from becoming members of the CI. The CI leaders, in particular, had to be silenced. After the General Synod finally rejected the Christian Institute, a long and heart-rending history of church persecution of Naudé as leader and Engelbrecht as theologian of the CI followed. It all took place within the boundaries of the Parkhurst parish, of which the Naudé and Engelbrecht families were members. Parkhurst parish was part of the circuit of Johannesburg. Strong pressure was exerted on the church council of Parkhurst and the circuit of Johannesburg to censure these members in order to silence them. Disciplinary measures had to be employed to get rid of these voices against the policy of separateness. The church leadership played a prominent role in these efforts. In the intensity with which the campaign was waged in and through the circuit of Johannesburg and the Parkhurst parish, it became evident - as nowhere else - how strong the NG Kerk felt about apartheid. When eventually the Government investigated and banned the CI and confined Dr Naudé to his home, the church silently acclaimed what was being done. After all, the NG Kerk had from the very beginning not differed from the Government with regard to the CI.

The biblical protest of the CI against apartheid was, of necessity, also a protest against the close ties of the NG Kerk with the Government and National Party. With time, however, the CI also moved into a process of politicisation. Black power and black political aspirations became the major driving forces behind the CI. In the middle seventies it became increasingly clear that a strong relationship had developed between the CI and the African National Congress (ANC).

The history of the CI ended in immense irony. This organisation which took its stand on Scripture and courageously warned against the support by the church of a political party and structural violence in serving apartheid, ended in close co-operation with the ANC as a political party which committed itself to the armed struggle to overthrow the Government.

There was also the irony that in their struggle against the alignment of the NG Kerk with the political theology to the right, the CI and its director aligned themselves to a South African version of the theology of liberation - a political theology to the left in which the Gospel of Jesus Christ is struck in the heart. And just as the NG Kerk in its political alignment remained silent about the violence of apartheid - so the CI eventually became silent about the violence of the political party in its struggle against apartheid.

Opgedra aan ons kinders -
opdat hulle beter sal verstaan

VOORWOORD

Die beleid van apartheid waardeur Suid-Afrika berug geword het, is vinnig besig om te verdwyn. Die proses van aftakeling het met ongekende spoed verloop. In 1978 nog het dr G van N Viljoen geskryf: "Afsonderlike ontwikkeling moet ... met veel groter snelheid toegepas word",[1] en selfs gepleit vir 'n "eksklusiewe eie blanke kerngebied".[2] Twaalf jaar later, aan die begin van 1990, was dit reeds vir die grootste deel van die kieserspubliek 'n erkende waarheid toe dieselfde dr Viljoen, wat intussen die Minister van Grondwetlike Ontwikkeling en Beplanning geword het, in 'n onderhoud verklaar het: "Apartheid is no longer a theory that should be given a chance. It had a chance and it didn't work".[3] Binne twaalf jaar het Suid-Afrika onherkenbaar en onherroepelik verander. Minister Barend du Plessis het die geskiedenis van apartheid in herinnering geroep en verklaar: "Watter gekheid het ons nie in ons geskiedenis deurlewe nie".[4]

Apartheid in Suid-Afrika het 'n lang geskiedenis gehad. Eers was dit hoofsaaklik geskoei op grondverdeling. Maar na 1948 is dit deur die Nasionale Party-Owerheid deurgevoer na alle moontlike lewensterreine. Die NG Kerk het hierin 'n groot aandeel gehad en het mettertyd alle moontlike opposisie in eie geledere teen apartheid met skrikwekkende venyn teengegaan.

Die steun van die NG Kerk aan apartheid en die skerpte van sy pogings om teenstand van die beleid in eie kring te onderdruk, het nêrens so duidelik geblyk as in sy stryd teen die Christelike Instituut van Suidelike Afrika (CI) nie. Teenstand teen apartheid moes selfs met die tug en dus ook die ban teengegaan word - asof dit sonde teen God is. Die Ring van Johannesburg en die

---

[1]Viljoen, dr G van N. Ideaal en Werklikheid - Rekenskap deur 'n Afrikaner p 103.

[2]Aw p 40.

[3]The Saturday Star 17 Maart 1990.

[4]Beeld 2 April 1990.

kerkraad van Parkhurst het 'n gekonsentreerde ervaring gekry van hoe die NG Kerk oor apartheid en teenstand teen apartheid voel - want ds CFB Naudé en dr B Engelbrecht as ampsdraers van die CI was ook lidmate van die gemeente Parkhurst in die Ringsresort van Johannesburg.

Die geskiedenis van die NG Kerk en die CI is 'n geskiedenis van aksie en reaksie in verband met apartheid - 'n politieke stryd op godsdienstige terrein wat eindelik aan beide NG Kerk en CI groot skade betrokken het. Dit het 'n geskiedenis van twee dwaalweë geword.

Omdat hierdie geskiedenis 'n duidelike les bevat vir kerk en Christelike organisasie, was dit nodig dat dit opgeteken word.

Die uitvoering van hierdie taak is onder andere moontlik gemaak deur die geagte Minister van Justisie, mnr HJ Coetzee, wat vriendelik toegestem het dat aan my toegang tot Pro Veritate en ander publikasies van die Christelike Instituut verleen word. Hiersonder sou hierdie studie onmoontlik gewees het.

Ook die personeel van die Biblioteek van die Universiteit van die Witwatersrand was besonder behulpsaam om al die dokumente van die CI vir insae aan my voor te lê.

Die argivaris van die NG Kerk van Transvaal, dr CS Kotzé, en sy personeel het moeite gedoen om alle relevante dokumente in hulle besit tot my beskikking te stel en om my in aangename omstandighede te laat studeer.

Prof dr Ben Marais verdien hartlike erkenning. Hy het op 3 Maart 1988 'n lang onderhoud aan my toegestaan en my gehelp met noodsaaklike perspektiewe.

Ook dr Beyers Naudé met wie ek nou saamgeleef het vir meer as veertig jaar, was so vriendelik om aan my 'n onderhoud toe te

staan. By dié geleentheid het weer geblyk dat ons hartlik kan saamstem en ook hartgrondig kan verskil.

Aan Bienkie Wessels en Minnie van Zyl is ek veel verskuldig vir hulle taalkundige en redaksionele versorging van die verhandeling. My dank gaan ook aan Jackie Field vir haar onvermoeide ywer met die tikwerk en afhandeling van die proefskrif.

Aan my promotor, prof dr B Engelbrecht, is ek innige dank verskuldig. Dat ek na veertig jaar van vriendskap sy student kon word, was eintlik maar die voortsetting van 'n situasie waarin ek as sy kollega vir baie jare steeds met graagte van hom geleer het.

Aan my vrou, Jopie, gaan my innige dank en waardering vir haar onmisbare bystand.

Dat ek dit alles kon volvoer, is bewys van die werklikheid van God se genade.

INHOUDSOPGAWE

		BLADSY
DECLARATION		-
ABSTRACT		i
TOEWYDING		iv
VOORWOORD		v
HOOFSTUK 1	ASPEKTE VAN APARTHEID	
	1.1 Die beroemdste Afrikaanse woord	1
	1.2 Die verskil tussen apartheid en segregasie	7
	1.3 Waar kom die beleid van apartheid vandaan?	18
	1.4 Van een kerk tot kerklike apartheid	27
HOOFSTUK 2	VAN VREES TOT DROOM TOT GODSPRAAK	
	2.1 Vrees as basis vir apartheid	38
	2.2 Die roepstem van die Skrif tot apartheid	49
	2.3 Die kerklike eis - apart maar regverdig	60
	2.4 Die roepstem van die Skrif teen apartheid	68
	2.4.1 BJ Marais	69
	2.4.2 Prof dr PV Pistorius	75
	2.4.3 Prof dr BB Keet	80
	2.4.4 Dr B Engelbrecht	84
HOOFSTUK 3	DIE WERKING VAN APARTHEID	
	3.1 Die hoogtepunt van die ideologiese fase	89
	3.2 Juridiese pilare vir die ideologie	97
	3.3 Swart reaksie	114
	3.4 Die Cottesloeberaad en die NG Kerk se reaksie	123

BLADSY

HOOFSTUK 4 PRO VERITATE

4.1 Ontstaan, doel en karakter 134
4.2 Kerklike reaksie 136
4.3 Dr B Engelbrecht - Medewerker en redakteur 143
4.4 Pro Veritate vanaf 1970 155
4.4.1 Ds Roelf Meyer as redakteur 155
4.4.2 Cedric Mayson as redakteur 158

HOOFSTUK 5 DIE CHRISTELIKE INSTITUUT VAN SUIDELIKE AFRIKA

5.1 Ontstaan, doel en karakter 162
5.2 Die Christelike Instituut in aksie 164
5.3 Woelinge in die NG Kerk 173

HOOFSTUK 6 DIE HOOGTEPUNT VAN DIE KERKLIKE STRYD

6.1 Fokus op die kerkraad van Parkhurst 184
6.2 Die geduld raak op 202
6.3 Alles draai om apartheid 210

HOOFSTUK 7 EINDTONELE

7.1 Die einde van die kerklike stryd 215
7.2 Die einde van die CI 225
7.2.1 Die CI al verder weg van sy oorsprong 225
7.2.2 Regeringsondersoek en onwettigverklaring 234
7.2.3 CF Beyers Naudé 237

HOOFSTUK 8 NOG EENS BEYERS NAUDE

- DIE WERK VAN DIE VERBANNE CI VOORTGESIT 252
8.1 Die pleit vir disinvestering 253
8.2 Die oproep vir burgerlike ongehoorsaamheid 256
8.3 Die tema van geweld 257
8.4 Die aankondiging van die onvermydelike bloedbad 270
8.5 Miskenning van die ingrypende veranderinge in Suid-Afrika 272
8.6 Demonstrasie, provokasie en polarisasie 273
8.7 Die teologie van die rewolusie 276
8.8 Verbintenis met die ANC 279

BLADSY

HOOFSTUK 9 SKADE EN SKANDE

9.1 'n Laat en stadige bekering 284
9.2 Die omvang van die skade 288
9.2.1 Die wese en gesag van die kerk 290
9.2.2 Die boodskap van die kerk 295
9.2.3 Die tug van die kerk 302
9.2.4 Die eenheid van die kerk 308
9.2.5 Die relevansie van die kerk 315
9.2.6 Die binnekoms van die bevrydingsteologie 318

HOOFSTUK 10 DIE VERSOEKING VAN DIE ANDER HEER EN DIE ANDER EVANGELIE 324
10.1 Kerk en volk 325
10.2 Kerk en Woord 335

VERWYSINGSLYS:

BOEKE 346
BROSJURES 364
NUUSBLAAIE 368
TYDSKRIFTE 371
NOTULES 373
SINODALE DOKUMENTE 379

HOOFSTUK 1

ASPEKTE VAN APARTHEID

1.1 DIE BEROEMDSTE AFRIKAANSE WOORD

Die kenmerkende beeld wat daar in die wêreld van Suid-Afrika bestaan, word geheel en al saamgevat in die woord "apartheid". Dit is seker die mees internasionaal bekende Afrikaanse woord wat daar nog ooit was.

Daarby is hierdie woord bekend as 'n lelike woord met eweseer lelike konnotasies. Aan die betekenis van hierdie lelike woord is ook nie te verbeter nie, want, sê eerwaarde Trevor Huddleston: "Apartheid is eintlik van die duiwel en jy kan nie dit wat van die duiwel is, hervorm nie".[1] In die gemoed van die wêreld roep hierdie beleid 'n beeld op van veronregting, onderdrukking en onchristelikheid. Aartsbiskop Desmond Tutu is selfs oortuig dat die Russe dank verdien vir hulle steun in die stryd teen apartheid as iets "wat intrinsiek boos is".[2] Volgens die wêreldmening het "die winde van verandering"[3] wat sedert 1960 oor die kontinent van Afrika begin waai het, reeds gaan lê - met politieke bevryding maar ook negatiewe gevolge vir die swartman.[4] Die verandering het in Suid-Afrika egter eers in die tagtigerjare

---

[1]Preek van aartsbiskop Trevor Huddleston in Harare. Beeld 28 September 1987.

[2]Beeld 20 Junie 1988.

[3]MacMillan, mnr Harold, Eerste Minister van Brittanje, se toespraak in die Suid-Afrikaanse Parlement in 1961.

[4]Een van die talle werke wat hieroor handel is "The Africans" van David Lamb. Hy verwys na die politieke onstabiliteit in die Afrikalande; die armoedekultuur, bevolkingsontploffing en korrupsie. Verslae van die Wêreldbank en die VV se gesondheidskomitee gee onstellende gegewens.

begin en in 1990 wel dramaties versnel. Maar in Suid-Afrika is daar nog steeds hierdie veragtelike woord wat verwys na 'n beleid van verdrukking en onreg wat nog nie heeltemal uitgeroei is nie.

Apartheid het aan Suid-Afrika 'n ongekende slegte naam gegee. Vir Suid-Afrika was hierdie beleid 'n ramp, want by die hele wêreld het dit 'n woede teen die land ontketen wat almal die rug op hom laat keer het en die land in politieke, ekonomiese, kulturele en geestelike isolasie laat beland het. Geen finansiële instelling kan dit waag om sonder skade aan eie naam en bedryf in Suid-Afrika te belê nie. Geen buitelandse politikus kan dit selfs waag om iets goeds van hierdie land te sê sonder om daarmee sy politieke toekoms te waag nie. Daarom is die demokratiese kandidaat vir die Amerikaanse presidentsverkiesing in 1988, mnr Michael Dukakis, eintlik deur sy mede-kandidaat, eerw Jesse Jackson, verplig om Suid-Afrika saam met Libië en Iran tot terroristestaat te verklaar.[5] Die afkeer teen Suid-Afrika met sy beleid is so groot dat daar sedert republiekwording in 1961, meer as 600 sanksies, boikotte, disinvesteringsveldtogte en ander anti-apartheidsmaatreëls teen die land ingestel is. Daarby het daar teen 1988 reeds 160 Amerikaanse maatskappye hulle aan Suid-Afrika onttrek, wat beteken het dat die Amerikaanse beleggings in Suid-Afrika vanaf 1982 vanaf 2,4 miljard dollar tot minder as 'n miljard dollar gedaal het.[6] Met apartheid word Suid-Afrika elke dag nog verneder.

Dit is hoegenaamd geen ou Afrikaanse woord nie. "Dawie"[7] het in sy rubriek op 24 Maart 1951[8] geskryf dat hy oortuig is dat die woord "apartheid" sy oorsprong gehad het in 'n hoofartikel van

---

[5]Beeld, tweede Inleidingsartikel 15 Junie 1988.

[6]Beeld 7 Februarie 1990.

[7]Dawie is vir baie jare reeds 'n anonieme rubriekskrywer in die Kaapse Nasionale dagblad, Die Burger. 'n Keur van sy artikels tussen 1946 tot 1964 is in 1965 in boekvorm uitgegee met die titel "Dawie".

[8]Dawie p 48-49.

Die Burger van 26 Maart 1943 waarin daar melding gemaak is van "die Nasionaliste se beleid van apartheid". Die volgende keer is die woord gebruik in Die Burger van 9 September van dieselfde jaar toe daar melding gemaak is van "die erkende Afrikaanse standpunt van apartheid". "Dawie" het gemeen dat die eerste gebruik van die woord "apartheid" in die Parlement op 25 Januarie 1944 was toe dr DF Malan as opposisieleier verwys het na die republiek as droom van die Afrikaner met "die getroue handhawing van die beginsels van apartheid en voogdyskap".

Maar, hoewel nog jonk, is dié gewraakte woord tog ouer as wat "Dawie" gemeen het. Reeds in Die Kerkbode van 3 Mei 1939 het ds JH Strydom 'n artikel oor "Ons Sendingbeleid van apartheid" gepubliseer. Hy het geskryf: "Ten spyte van al die smaad wat ons Boerevolk en ons Kerk vir die afgelope honderd jaar moes verduur in verband met hierdie beleid van apartheid, sal die dag tog kom wanneer die vyand sal moet erken, dat ons Kerk, sonder bybedoelinge, die beste vir die kleurrasse nog altyd gesoek het, en dit vandag nog doen".[9] In Die Basuin van Augustus 1939[10] het dieselfde ds Strydom 'n artikel met dieselfde opskrif geskryf waarin hy verklaar het dat die sendingbeleid van die NG Kerk lank reeds 'n beleid van apartheid is, hoewel die woord nie gebruik is nie. Volgens Die Gereformeerde Vaandel het ds Strydom dié woord reeds vroeër as Oktober 1938 gebruik.[11]

Uit die voormelde artikel van "Dawie" oor die herkoms van die woorde segregasie en apartheid, het daar korrespondensie voortgevloei waaruit dit uiteindelik geblyk het dat die woord apartheid ook nog vroeër as 1938 gebesig is. Dit is naamlik reeds by 'n sendingkongres op Kroonstad op 28 Junie 1929 deur ds JC du

---

[9]Die Kerkbode 3 Mei 1939 p 788.

[10]Die Basuin was die algemene sendingblad van die NG Kerk, uitgegee deur die Algemene Sendingkommissie van die NG Kerk in die Vrystaat. Augustus-uitgawe van 1939 p 1.

[11]Kinghorn, Johann. Die NG Kerk en Apartheid p 251 verwys na die Gereformeerde Vaandel van Oktober 1938.

Plessis gebruik in 'n toespraak oor "die Ideale wat ons Kerk beoog in verband met sendingwerk". Volgens "Dawie" se rubriek van 14 April 1951 het ds du Plessis melding gemaak van "die gees van apartheid wat ons gedragslyn nog altoos gekenmerk het ..."

Die woord "apartheid" was egter nog altyd slegs een van die woorde waarmee die politieke en ook die NG Kerk se beleid beskryf is. So het ds BJ Marais na die genoemde artikels van ds Strydom oor ons sendingbeleid van apartheid, geskryf dat die NG Kerk met sy sendingbeleid van segregasie alleen staan: "Ons volg in ons beleid 'n eensame pad in die wêreld-Christendom vandag. Ons staan alleen .... Om te maak asof Gods Woord in soveel woorde segregasie binne die Christendom steun, is eenvouding nie waar nie".[12] Alternatiewelik is ook die benaming "afsonderlike ontwikkeling" gebruik.

Hierdie verskillende woorde is natuurlik almal in Engels vertaalbaar - so ook seker in ander tale. Die Engelse name is tog separateness, segregation of separate development. En tog word die beleid van Suid-Afrika in Engels en skynbaar ook ander tale, weergegee as "apartheid" - 'n verskynsel wat die indruk skep dat hierdie beleid so vreemd is vir die wêreld en dus ook vir die Engelse nasie, dat dit alleen in die Afrikaanse taal weergegee kan word. Hierin lê daar egter 'n groot stuk ironie. Die Afrikaners het dié beleid geërf - soos verderaan sal blyk - van niemand minder as die Engelse owerheid van Suid-Afrika sedert die 19e eeu nie. Dit is ironies dat dit ook juis die Afrikaanse Nasionaliste met hulle latere beleid van apartheid is wat in die twintigerjare vir Generaal Smuts geopponeer het met sy grootse plan van wit oorheersing ook in die destydse Noord- en Suid-Rhodesië[13] en Mosambiek, en wat dus sou strek vanaf die Kaap tot by Kenia. Paul Johnson, die bekende historikus, wys op 'n ander stuk ironie - die ironie in die Afrika-weerstand teen Suid-Afrika se rassistiese beleid. "All African states practised racist

---

[12]Die Kerkbode 10 April 1940 p 645-646.

[13]Die huidige Zambië en Zimbabwe.

policies. In the 1950's and 60's Egypt, Libya, Algeria, Morocco and Tunisia expelled more than a quarter of a million Jews and ghettoed the few thousand who remained. In the 1960's the United Republic of Tanzania expelled its Arabs and deprived them of equal rights. In the 1970's Asians were expelled from most states in the Horn and East-Central Africa and they were discriminated against everywhere; even in Kenya they were threatened with expulsion in 1982"[14]. Groepverskille "led a growing number of African states, in the 1960's and still more in the 1970's to exercise forms of social engineering not unlike apartheid".[15] Ook die totaal afwysende houding en sterk reaksie van die VSA sedert die vroeë sestigerjare is ironies aangesien daar nog in 1960 deur senator Vance Hartke gekla is oor die kleurskeidslyn in Washington. Daar is wel al vordering gemaak, so het hy aan die Departement van Buitelandse Sake geskryf - "But it is difficult to convince newly arrived diplomats from Africa who have suffered from discrimination in this city that it is true".[16]

Sedert ongeveer 1980 het daar verandering in Suid-Afrika begin kom. Vir die blanke Suid-Afrikaners het die land in dié paar jaar dramaties verander - maar dit was tot 1986 nog veranderinge aan die "bóbou" van die beleid. Daaronder was daar nog die pilare waarop dié beleid gerus het - die verdeling van die land deur die wette van 1913 en 1936, die wet op rasseklassifikasie, die groepsgebiedewet, die ontkenning van stemreg vanweë die tuisland-beleid, die wette op toestromingsbeheer, en die wet op afsonderlike geriewe. Die houding van die wêreld en talle in Suid-Afrika was dat "change which does not address these issues is merely cosmetic".[17] Intussen is die wette op toestromingsbeheer met die samehangende gehate paswette, en die wet op afsonderlike geriewe reeds geskrap, terwyl die groepsgebiedewet

---

[14]Johnson, Paul. History of the Modern World p 526/7.

[15]Aw p 527.

[16]The Star, 2 September 1960.

[17]Contending ideologies in South Africa, edited by James Leatt, Theo Kneifel and Klaus Nürnberger, p 88.

groot krake vertoon. Op 2 Februarie 1990 het Staatspresident FW de Klerk in die openingstoespraak van die Parlementsitting, die land verbind tot die volledige aftakeling van apartheid en volledige demokrasie. Daarby is die African National Congress en die Kommuniste Party wat sedert 1961 verban is, gewettig. Daarmee het die winde van verandering wat aan die begin van die tagtigerjare in Suid-Afrika begin waai het, 'n onkeerbare stormsterkte gekry. Dit is onmoontlik dat verder verwys kan word na "this government which has no interest in the lives of the black people in the country except insofar as the latter serve them - the white minority - and insofar as questions of security are concerned".[18]

Apartheid het uit die koloniale periode na Suid-Afrika gekom. Veral sedert 1960 het dit onberekenbare skade aangerig aan die land en aan talle lewens. The Star het in 1960 na die klein landjie Suid-Afrika verwys: "through unfortunate circumstances, one of the best-known lands in the world".[19] Dit is 'n bekendheid van twyfelagtige karakter, soos blyk uit die navorsing van Jacqueline A Kalley. In April 1987 het sy 'n werk gepubliseer[20] waarin sy 'n lys gee van publikasies oor apartheid in vier biblioteke.[21] Hoewel daar opvallende leemtes in haar lys van publikasies is, is dit veelseggend dat sy 1148 publikasies van 2015 outeurs of instansies gevind het. Veelseggend is dit ook dat van die 1148 publikasies 70 verskyn het in die sestigerjare, 321 in die sewentigerjare en dat daar in die tagtigerjare voor April 1987 nie minder as 757 verskyn het nie - ongeveer een elke derde dag!

---

[18]Eerw Frank Chikane, Sekretaris van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke. The Star 29 Junie 1988.

[19]The Star "An Afrikaner's Diary" 1 September 1960.

[20]Kalley, Jacqueline A. "South Africa under Apartheid" 1987.

[21]Die vier biblioteke is dié van die universiteite van Rhodes en die Witwatersrand, die Johannesburgse Openbare Biblioteek en die Jan Smuts-biblioteek.

Inderdaad - 'n "onvertaalbare" woordjie het 'n klein landjie[22] een van die bekendste in die wêreld gemaak.

1.2 DIE VERSKIL TUSSEN APARTHEID EN SEGREGASIE

In die publikasie "Die NG Kerk en Apartheid" begin die redakteur, Johann Kinghorn, deur te verduidelik dat die begrip apartheid nie so vanselfsprekend is as wat dit lyk nie. Hy meen dit is nodig om die begrip te definieer en dit kan ten beste gedoen word deur dit te vergelyk met die begrip segregasie wat in die veertiger- en vyftigerjare iets anders beteken het. Hy verklaar dan dat die beleid van segregasie in Suid-Afrika teruggaan tot in die 19e eeu en dat dit 'n verlengstuk was van die Europese standebewussyn wat asof vanselfsprekend in Suid-Afrika deur die draers van die Europese lewensstyl, die blankes, toegepas is. Selfs die grondwet van die Transvaalse Republiek wat bepaal het dat daar nog in die staat nog in die kerk gelykstelling toegelaat sou word, is "'n besondere skerp, maar geensins uitsonderlike formulering" van segregasie nie.[23] Hy meld verder dat onder Britse bewind in Natal, ook segregasie-maatreëls toegepas is. En so het Lord Milner ook gemaak na die driejarige oorlog in die Transvaal en die Vrystaat. Met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 is segregasie eenvoudig aanvaar as basis vir die land se bevolkingsprobleme. Kinghorn stel dit dat segregasie die beleid van al die regerings van Suid-Afrika tussen 1910 en 1948 was en dat genl JC Smuts in dié verband ook juis afvaardigings van die NG Kerk verseker het dat sy beleid beslis aparte woonbuurte, aparte universiteite en aparte arbeidsbeoefening ingesluit het.[24]

Op die vraag wat dan die onderskeid tussen segregasie en apart-

---

[22]Loubser, dr JA beweer in sy boek "The Apartheid Bible" dat Suid-Afrika se landoppervlakte vier persent uitmaak van die bewoonbare oppervlakte van die wêreld.

[23]Kinghorn aw p 1.

[24]Aw p 1.

heid is, antwoord Kinghorn dat die onderskeid duidelik is: Die segregasiebeleid was daarop gerig om die natuurlike skeiding tussen groepe te bestendig, terwyl die beleid van apartheid daarop gerig is om die skeiding absoluut af te dwing. "Dus, apartheid verskil van segregasie daarin dat dit onder ideologiese bekoring die reeds bestaande tradisie van segregasie absoluut gemaak, konsekwent uitgebrei en totalitêr toegepas het. Wat vroeër gemiddelde praktyk was, sou daarna absolute norm word".[25] Naas die woord apartheid, is vir Kinghorn die betroubaarste maatstaf om die opkoms van die apartheidsideologie te dateer, waarskynlik die grootskeepse openbare aandrang op die verbod op enige seksuele kontak tussen die kleuronderskeie persone.

Of hierdie verskil werklik bewys kan word, is te betwyfel. Eerstens is in die negentiende-eeuse republieke van Natal, Vrystaat en Transvaal steeds die beleid van ongelykheid tussen wit en swart gehandhaaf. Dieselfde absolute reël is veral in Natal toegepas deur die verteenwoordiger van die Britse Regering, Sir Theophilus Shepstone. Tweedens is die apartheidswette oor die eeue heen ook stelselmatig uitgebrei - vanaf die eeue-oue paswette vir swartes, en ook die paswette vir Kleurlinge wat in 1809 ingestel is deur die Graaf van Caledon onder Britse bewind[26], tot by die Transvaalse Registrasiewet van 1906 (toe Transvaal dus reeds deur Engeland oorgeneem is) waarvolgens ook Indiërs passe moes dra met hulle vingerafdrukke daarop.[27] Die uitbreiding van hierdie apartheidswette het stelselmatig geskied lank voor die dertigerjare van die 20ste eeu. So vertel die historikus Pakenham[28] dat toe die Britse magte onder leiding van generaal Roberts Johannesburg binne gemarsjeer het aan die einde van die Anglo-Boereoorlog, die swartmense uit vreugde hulle passe verbrand het, maar dat hulle vreugde voorbarig was. "Indeed,

---

[25]Aw p 2.

[26]Dit is in 1828 herroep. Vgl ook Davenport, South Africa - A Modern History p 48.

[27]Davenport aw p 233.

[28]Pakenham, Thomas. The Boer War, p 429.

when Lord Kerry saw those 'niggers' cheering the chief from the pavements during the march-past, he had probably not fully grasped the incongruity of the occasion. Pavements were forbidden by Transvaal law to all Africans and coloured people. So the first step of Roberts' military government in Johannesburg was to get them off the pavements and back into their locations. This was one set of Transvaal laws that the conquerors had no intention of changing: the laws affecting the natives. Indeed, it was ironical that the laws that made the Africans into helots were now to be applied with an efficiency that the Boers had never been able to muster".

Vreemd was hierdie optrede beslis nie, want in Natal is onder sir Theophilus Shepstone dieselfde wet en nog strenger wette op die gekleurde bevolking afgedwing. Om 2nm op 5 Junie 1902 was daar ook 'n triomfantelike intog van Britse soldate in Pretoria. "There were the usual cheering crowds of 'niggers' on the pavements (before being sent back where they belonged)".[29] Van die belofteryke woorde van Lord Chamberlain in Oktober 1899, waarin aan alle Britse onderdane in die Transvaal die "most favoured nation status" voorgehou is, het niks gekom nie.

Die sogenaamde segregasiewette in die Kaap en Natal onder Britse regering, en in die Vrystaat en Transvaal onder Afrikaanse owerheid, is van vroeg af met gestrengheid toegepas. So was dit ook in verband met seksuele kontak oor die kleurgrense heen. Reeds in 1671 het Goewerneur Ysbrand Goske kennis geneem van die groeiende getal buite-egtelike kinders van blanke vaders en swart slawemoeders. Hy het hierdie euwel in dieselfde jaar deur 'n wet probeer onderdruk.[30] In 1685 is huwelike tussen blankes en gedoopte swartes verbied, terwyl dié tussen blankes en gedooptes van gemengde bloed nog toegelaat is. 'n Blanke wat ontug met 'n slavin gepleeg het, is gestraf - as hy 'n vryburger was, met 'n

---

[29] Aw p 433.

[30] A Moorrees, aw p 27.

halfjaar dwangarbeid, en as hy 'n dienaar van die Kompanjie was, met verlies van een jaar se loon.[31]

Eintlik kom Kinghorn later in sy publikasie met 'n meer korrekte siening van segregasie en apartheid na vore as hy verwys na die Federale Raad van NG Kerke se vergadering in 1935 "waar gekies is vir 'n beleid van segregasie maar dan 'n nuwe tipe wat gou onder die naam apartheid bekend sou staan".[32] Die verskil tussen segregasie en apartheid is hier heelwat minder as in sy vorige stelling.

Die historikus, TRH Davenport meld tereg dat die woorde segregasie en apartheid in die verlede beslis nie konsekwent uitmekaar gehou is nie. Hy wys daarop dat ook in die wetgewing in Suid-Afrika daar belangrike wette gepromulgeer is in die naam van apartheid of segregasie of afsonderlike ontwikkeling. Om egter te onderskei tussen segregasie en apartheid, gryp hy na 'n omskrywing deur prof RFA Hoernlé, hoogleraar in filosofie aan die Universiteit van die Witwatersrand in die dertiger- en veertigerjare, nl "Segregation ... is most perfectly realised in a multiracial caste society. Separation, falsely called 'segregation', is most perfectly realised when the different racial groups are sorted out in their own territorially distinct societies".[33] Davenport vind dit 'n nuttige onderskeiding wat saamval met die latere onderskeiding "klein apartheid" of "petty apartheid" en "groot apartheid" of "Grand apartheid." Segregasie is dan klein apartheid - "the minute rules for keeping the races segregated from each other, and protecting white privilege in a common area" - en apartheid is groot apartheid: "the broad geographical separation of peoples on a basis of equal rights within their respective territories".[34]

---

[31]Aw p 39-40.

[32]Kinghorn, aw p 87.

[33]Hoernlé "Race and reason" p 160, aangehaal deur Davenport aw p 542.

[34]Davenport aw p 542.

Dit is egter 'n ope vraag of die verskil tussen segregasie en apartheid so maklik verklaar kan word. Dit is te betwyfel of segregasie bloot beoefen is as die natuurlike uitvloeisel van die klasseverskille tussen die rasse. Verder is dit ook te betwyfel of apartheid as "separation" alleen sedert 1948 tiperend is van die owerheid. Immers, die Naturelle Grond-wet van 1913 en die Lokasie-wet van 1923 was nie net gegrond op klasseverskil nie, maar was deel van apartheid of "separation" wat reeds in die vorige eeu toegepas is deur die Britse owerheid in Natal.[35] Generaal Hertzog wat die Grond-wet van 1913 reeds in 1911 gereed gehad het, het in 1913 sy doel met dié wet uiteengesit toe hy verklaar het: "Laten wij niet de gehele Unie voor ons nemen, doch een deel afstaan aan de naturellen".[36] Groot apartheid is lank voor 1948 en selfs 1935 nagestreef en toegepas.

In die Rapport van die Studiekommissie aangaande die beleid van die VSA teenoor Suid-Afrika[37] word die verskil tussen segregasie en apartheid teruggevoer na die jare dertig en veertig. Voor dié tyd was daar segregasie omdat die blankes soos Lord Milner die mening gehuldig het dat "a political equality of white and black is impossible. The white man must rule, because he is elevated by many, many steps above the black man".[38] Apartheid het dan eintlik in 1948 begin toe die Nasionale Party die landsbestuur oorgeneem het. Wat aandag verdien, is dat apartheid volgens dié

---

[35]Kragtens die wette van 1913 en 1936 is ongeveer 13% van die landoppervlakte aan swartmense gegee. Hiermee saam was daar die lokasie-wet waarkragtens eiendomsreg vir jare aan swartmense ontsê is omdat hulle slegs grond kon besit in die gebiede waarvoor die wette van 1913 en 1936 voorsiening gemaak het.

[36]Dönges, Sy Edele dr TE, Minister van Finansies "Genl Hertzog as staatsman" in Generaal Hertzog - 'n reeks praatjies oor die radio, uitgegee deur die SAUK 1961 p 4.

[37]South Africa - Time running Out. Report of the Study Commission on US Policy toward Southern Africa, University of California Press, Foreign Study Foundation, Inc. 1981.

[38]Aw p 39.

rapport gekenmerk word deur:

i. die verbod op huwelike oor die kleurgrens heen. Maar dit is tog iets wat reeds in die 17e eeu plaasgevind het;

ii. die beëindiging van beperkte verteenwoordiging van swartes in die Parlement. Maar dit het in die eeue voor 1910 glad nie bestaan nie en daarna ook alleen in die Kaap-provinsie;

iii. die swart reservate wat beskou word as ware swart tuislande. Maar die swart reservate het reeds in die 19e eeu in die Oos-Kaap en Natal onder Britse vlag bestaan en is gesien as swart tuislande. Daarby het die reeds vermelde wette van 1913 en 1923 en 1936 finale beslag aan hierdie konsep gegee.

iv. die toepassing van instromingsbeheer. Maar instromingsbeheer het tog volledig verband gehou met die paswette wat reeds uit die 18e eeu dateer. Die paswette was juis die eerste saak waaroor die ANC na sy stigting in Januarie 1912 die owerheid genader het.

v. die verbod op swart vakbonde. Maar staking deur swart werkers is reeds in 1911 onwettig gemaak.[39]

vi. beskerming van blankes teen die goedkoper arbeid van die swartman. Maar reeds in 1922 was daar die staking van blanke goudmynwerkers aan die Witwatersrand en het die koloniale owerheid die blankes beskerm met die loonwet van 1925, die kleurskeidslynwet van 1926 en die beleid van werkreservering sedert 1922.[40]

Die historikus Paul Johnson sien apartheid as "social engineering" en meld dat die paswette as metode van sosiale kontrole dateer uit die 18e eeu. Dit is in 1828 herroep maar het terugge-

---

[39]Johnson, Paul. aw p 521.

[40]Werkreservering het bepaalde werke tot blankes beperk.

keer. Hy vind dit ironies "that South Africa's first positive measures of social engineering were the work of Jan Christiaan Smuts, who was one of the principal architects both of the League of Nations and of the UN, and who personally at San Francisco in 1945 drafted the UN Declaration on Human Rights".[41] Dié skrywer noem die wette wat uit die Smuts-periode afkomstig is bv die wet teen staking deur swartmense in 1911, die Grond-wet van 1913 wat voorsiening gemaak het vir gebiedskeiding op grond van velkleur, die 1923 wet op stedelike gebiede wat swart woonplek in of naby dorpe gesegregeer het, en die 1926 wet oor 'n kleurskeidslyn. "This granitic massing of totalitarian power took place at exactly the same time Stalin was erecting his tyranny on the Leninist plinth, gave government comparable powers and was designed to produce the same results".[42] So het al die belangrike strukturele vereistes van wit oorheersing bestaan lank voor die Nasionale Party in 1948 die leisels oorgeneem het. Die enigste wat die Nasionale Owerheid gedoen het, was volgens Johnson, om segregasie te verander tot 'n kwasi-religieuse en filosofiese leerstuk - apartheid.[43]

Dit is kenmerkend dat Johnson onderskei tussen segregasie en apartheid in dié sin dat laasgenoemde na sy oordeel in 1948 begin is as 'n intensivering van segregasie. Dit val egter op dat hy, nadat hy so onderskei het, tog weer die woord segregasie gebruik om die beleid van die owerheid te beskryf.

'n Groot aantal skrywers sien segregasie en apartheid gewoon as sinonieme. JA Lombard in sy ongepubliseerde proefskrif oor die ontwikkeling van die NG Kerk se sendingbeleid[44], skyn een van

---

[41]Johnson, Paul. p 520.

[42]Aw p 521.

[43]Aw p 522.

[44]Lombard Johan Andries. "Ontwikkelinge in die Sendingbeleid en -praktyk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gedurende die tydperk 1932 tot 1962" Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die verkryging van die graad Doctor Theologiae. 1985.

diegene te wees wat soos prof JH Bavinck[45] die twee woorde as van dieselfde betekenis beskou. Hy vermeld dat daar in die jare na die eerste wêreldoorlog altyd deur Afrikaners en Engelse van segregasie gepraat is. Die Engelstalige dagblad The Rand Daily Mail het reeds op 2 November 1920 'n pleidooi gelewer vir segregasie in die volledige sin van apartheid nl dat swartmense heeltemal hulle eie gebiede moet hê waarin hulle kan ontwikkel. "There would the native builder and native artisan find scope for his talent, as would be the natives with professional training. There would be less friction under such a plan than under any other. Both black and white would benefit by it. If the black problem is tackled within these lines, it can be solved peacefully".[46] Lombard haal ook saam met die historikus GD Scholtz[47] die Engelse kerkblad "South African Churchman" aan wat geskryf het "the real statesman and saviour of South Africa will be the man who, before it is too late, will draft and carry into effect some sane and workable system of segregation".[48] Ook die Kaapse Nasionale dagblad, Die Burger, beklemtoon op 17 Oktober 1921 die feit dat segregasie en apartheid in die twintiger- en dertigerjare dieselfde beteken het. "Segregatie bedoeld aan die naturellen de gelegenheid te verschaffen in hun eigen gebied, onder leiding van sympatieke blanken, zolang dit nodig is, zich te ontwikkelen naar zijn eigen aard en wezen".[49] En dan konkludeer Lombard: "Teen die einde van die dertigerjare is die woord segregasie in toenemende mate vervang deur die woord apartheid".[50]

---

[45]Bavinck, prof dr JH. Het Rassenvraagstuk in Zuid-Afrika p 4.

[46]Lombard, JA. aw p 250.

[47]Scholtz, GD. "Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner", Deel IV, 1910-1924, Perskor-uitgewery, Johannesburg 1979 p 443.

[48]Lombard, JA. aw p 250.

[49]Aw p 250.

[50]Aw p 257.

Eweneens word segregasie en apartheid deur prof Monica Wilson as sinonieme gebruik.[51] Sy skryf in 'n voorwoord vir die boek van David Welsh, "The Roots of Segregation" die volgende: "The subject of this book is the system erected by Sir Theophilus Shepstone in Natal for the administration of the Zulu people. Shepstone's policy was the precursor of the later policy of segregation, which in turn has been called in South Africa 'apartheid'".

Op 11 Oktober 1944 het generaal JC Smuts, die destydse eerste minister van die Unie van Suid-Afrika, 'n toespraak gelewer voor die kongres van die Verenigde Party en by daardie geleentheid verwys na "our well-known standpoint of separateness in social intercourse, housing and field of employment between the colours"[52], waarop Kenneth Ingham in sy biografie oor Smuts opmerk: "even the architect of apartheid, HF Verwoerd, would not at that stage differed seriously with Smuts's statement".[53] Hoedat Smuts "separateness" en "segregation" as dieselfde saak gesien het, blyk daaruit dat hy, soos hierbo, gepraat het van "separateness" en tog ook op 2 Junie 1920 in die Volksraad opgemerk het: "Segregation was not a matter of policy; it was the law of the country".[54]

Die Engelse middagblad in die Transvaal, The Star, het in 'n artikel op 14 Oktober 1921 verklaar dat dié koerant ook ten gunste van segregasie is in die sin dat die naturellegebiede behou moes word. Volledige segregasie was egter volgens dié blad nie meer prakties moontlik nie "unless the Government can persuade the European sections to make heavy sacrifices".[55] Op 6 Januarie 1923 het dieselfde koerant weer oor segregasie as aparte

---

[51]Dit word ook aangehaal deur dr WP Esterhuyse in sy boek "Anton Rupert - Pleitbesorger vir Hoop" p 106/7.

[52]Aangehaal deur Kenneth Ingham, Jan Christian Smuts p 231.

[53]Aw p 231.

[54]Aangehaal deur GD Scholtz "Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner" uit die Rand Daily Mail p 445.

[55]Aw p 448.

ontwikkeling geskryf: "The white people of course, will never make the sacrifices which true segregation would involve, nor would they do without the services rendered them by the natives".[56]

Generaal JBM Hertzog was eweneens 'n voorstander van segregasie en dat hy met hierdie term niks minder as apartheid bedoel het nie, blyk uit verskillende toesprake wat hy gehou het. Nie alleen was dit eintlik hy wat verantwoordelik was vir die grondwet van 1913 as een van die hoekstene van die apartheidsbeleid na 1948 nie, maar in sy laaste toespraak voor hy uit die kabinet gelaat is nl op 7 Desember 1912 by De Wildt, het hy verduidelik dat hy met segregasie bedoel dat die swartmense in hulle eie gebiede moet woon en ontwikkel. By die Vrystraatse kongres van die Nasionale Party in Bloemfontein het hy op 13 Oktober 1921 verklaar dat segregasie tussen wit en swart onmiddellike aandag vereis. Die swartmense is besig om te ontwaak en niemand sal uiteindelik politieke regte van hulle kan weerhou nie.[57]

Soos wat die meeste skrywers apartheid en segregasie as sinonieme beskou, so is dit ook die geval met die Concise Oxford Dictionary of Current English. As definisie van die begrip apartheid word alleen verwys na "Policy of racial segregation".[58]

Die geskiedskrywer GD Scholtz ken in verband met die vraag na apartheid en segregasie, slegs die onderskeiding tussen "die teoretiese formulering van die begrip 'segregasie' en die poging om dit in die praktiese politiek toe te pas."[59]

---

[56]Aw p 444.

[57]Aw p 447.

[58]Concise Oxford Dictionary of Current English, 7th Edition, edited by JB Sykes.

[59]Scholtz, GD. "Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner" p 442.

Dat daar geen onderskeid tussen segregasie en apartheid bestaan nie, blyk uit die oorsprong van die woord apartheid. Dit het naamlik by die sendelinge ontstaan omdat die woord 'segregasie' almeer aanstoot by die gekleurde lidmate gegee het. Dawie verklaar op 24 Maart 1951 "Ek kan nog onthou dat van sendingkant die wenk gekom het om 'segregasie' te los".[60] Daarom is die woord "segregasie" vanaf 1929 onder leiding van sendelinge van die NG Kerk stelselmatig vervang met 'n nuwe woord nl "apartheid". Vanuit die sending het dié woord in die kerklike taal ingekom en in Mei 1944 het die Nasionale Party gevolg deur amptelik teen die woord "segregasie" te besluit ten gunste van "apartheid".[61]

Na die Tweede Wêreldoorlog het die woord "apartheid" algemeen in gebruik gekom - eienaardig genoeg, ook in die Engelse taal. Op 24 Maart 1954 reeds het Dawie in dié verband geskryf: "Hierby was daar natuurlik opset. Daar is geen rede waarom 'n vertaling soos byvoorbeeld 'separation' nie gebruik kon word nie, maar die bedoeling was klaarblyklik om met dié vreemde woord in die Engelse taal iets nuuts, iets vreemds en iets onheilspellends te suggereer, iets so erg dat daar in Engels glad nie 'n woord voor bestaan nie!"[62] Dit is inderdaad so. Die woord "apartheid" in Engels, was deel van 'n verdagmaking van die nuwe owerheid - 'n verdagmaking wat ook geblyk het uit die verkiesingskreet van die parlementêre Opposisie in 1953 nl "Stem vir die reg om weer te stem!"[63]

Die slotsom waartoe gekom moet word, kan slegs wees dat daar geen wesenlike verskil bestaan tussen segregasie en apartheid nie. As daar onderskeid gemaak moet word, kan daar op sy meeste gedink word aan gedeeltelike apartheid en volledige apartheid - apartheid wat stelselmatig meer geword het totdat dit sy hoogtepunt bereik het, eers in Natal onder sir Theophilus Shepstone, en

---

[60]Dawie 24 Maart 1951 p 48.

[61]Dawie 14 April 1951 p 49/50.

[62]Aw 24 Maart 1951 p 48/49.

[63]Beeld 25 Mei 1988 - Artikel deur JJJ Scholtz.

daarna 'n nuwe hoogtepunt vanaf 1948 tot ongeveer 1980 toe aanvanklik stadig begin is met die aftakeling van dié beleid. Apartheid was lank voor 1948 daar. Die Nasionale Party se beleid sedert 1948 het alleen beteken dat "The rigid system of stratification based on race that has always characterised South African Society was given additional impetus with the structural entrenchment of racial segregation after 1948".[64]

1.3 WAAR KOM DIE BELEID VAN APARTHEID VANDAAN?

Dit is duidelik dat die beginpunt van apartheid nié geleë is in die oorname van die bewind deur die Nasionale Party in 1948 nie. Baie beslis moet die wortels van hierdie beleid verder terug gesoek word.

In 1944 het die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) die volgende besluit geneem: "Die kongres wens hom ten sterkste uit te spreek teen die vreemde strominge en rigtinge in ons land wat in stryd met die beginsels van algemene apartheid, die vertroebeling van ons rasseverhoudinge en die versteuring van rassevrede in Suid-Afrika as gevolg het".[65] Maar reeds lank voor dié tyd nl in 1933 het die NG Kerk se Raad van Kerke deur middel van hulle Kommissie van Naturellesake, 'n afvaardiging na die Eerste Minister, generaal JBM Hertzog gestuur om te gaan praat oor die sendingbeleid van dié kerk. Alhoewel dit nie duidelik is wat die besonderhede van die betrokke onderhoud was nie, kan afgelei word dat die beleid van apartheid ter sprake was. Op 23 Mei 1934 het die Federale Raad van NG Kerke onder leiding van die Raad se Naturellesakekommissie, 'n vergadering in Bloemfontein gehou waarop besluit is dat daar 'n sendingbeleid vir die NG Kerk opgestel moet word. 'n Subkommissie is vir die taak benoem. In 1935 is die konsepbeleid wat deur die subkommissie opgestel is, met

---

[64]Contending Ideologies in South Africa - Edited by James Leatt, Theo Kneifel and Klaus Nürnberger, Creda Press, Cape Town 1986, p 68.

[65]Marais, JC. Die NG Kerk en die Regverdiging van Apartheid, 1986 p 1.

enkele wysigings deur die Federale Raad van Kerke aanvaar en is dit aan die vier Sinodes voorgelê wat dit as beleid van die Gefedereerde NG Kerke goedgekeur het.[66] In hierdie beleid word onder andere die volgende verklaar: "Die tradisionele vrees by die Afrikaner vir 'gelykstelling' tussen swart en wit is gebore uit sy afkeer van die idee van rassevermenging. Die kerk verklaar hom onomwonde teen hierdie vermenging en alles wat dit in die hand sal werk..." En verder: "Waar die kerk hom dus teen sosiale gelykstelling in die sin van verontagsaming van ras- en kleurverskille tussen wit en swart in die daelikse omgang verklaar, wil hy sosiale differensiasie en geestes of kulturele segregasie aanmoedig en bevorder".[67]

In sy proefskrif "Die Evolusie van 'n Volksteologie" het AJ Botha in 1984 tereg verklaar: "Apartheid as denksisteem, het nie uit die lug geval toe dit vanaf 1948 in omvangryke wetgewing vasgelê is nie, of selfs nie rondom die dertiger- of veertigerjare van die 20e eeu toe die teoretiese raamwerk daarvoor geformuleer is nie. Dit is die resultaat van 'n evolusionêre ontwikkeling, 'n ontwikkelingsgeskiedenis waarmee die NG Kerk ten nouste gemoeid was. Sonder 'n goeie begrip van hierdie evolusionêre proses kan die uiteindelike apartheidsdenke in die kerk nog goed begryp nog behoorlik beoordeel word".[68]

Die Amerikaanse joernalis David Lamb het in 1982 na Suid-Afrika se beleid verwys en verklaar: "It is worth noting ... that apartheid did not create racial segregation; it only institutionalised it. Back in 1909, for instance, the British withdrew the rights of non-whites to sit in the South African Parliament".[69] Dit was inderdaad so. In 1909 het die vier Britse kolonies, Transvaal,

---

[66]Lombard, JA. Ontwikkelinge in die Sendingbeleid en -Praktyk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gedurende die tydperk 1932 tot 1962 p 30.

[67]Marais, JC. aw p 1.

[68]Botha, AJ. Die Evolusie van 'n Volksteologie, 1986 p 11.

[69]Lamb, David. The Africans. 1983, p 326.

Vrystaat, Kaap en Natal in 'n nasionale konvensie byeengekom om die Unie van Suid-Afrika te beplan. By daardie beraadslaginge was daar geen gekleurde persoon teenwoordig nie. Die Kaap is toegelaat om, soos wat die geval was sedert 1853, sy stemreg vir alle rasse in die Unie te behou. Vir die res van Suid-Afrika was daar alleen wit stemreg en in al vier die provinsies kon alleen blanke verteenwoordigers na die Parlement gestuur word. Dr Abdullah Abdurahman, die Maleise medikus, eerwaarde Walter Rubusana, die eerste en laaste swart lid van die Provinsiale Raad, JJ Jabavu, die tweede swartman wat matriek geslaag het, en eerwaarde John Dube, stigter van die Zoeloe-koerant, Ilanga laseNatal, het vergeefs saam met WP Schreiner in Londen gaan pleit om nie die kleurskeidlyn in die grondwet van die Unie van Suid-Afrika te laat inbou nie. Ook bekende Afrikaners soos FS Malan, 'n latere lid van die Kabinet, en "Onze Jan", JH Hofmeyr, 'n leier in die Tweede Afrikaanse Taalbeweging, het sonder vrug geprotesteer. Die gedagte van geen gelykheid tussen wit en swart nie is in die grondwet ingeskryf - "And what is more, Britain agreed to it".[70]

Die gedagte dat die finale kenmerk van apartheid wat eintlik eers in 1948 sou begin het, die grootskaalse aandrang was dat seksuele kontak of huwelike oor die rassegrense heen onwettig en strafbaar gemaak moes word[71], is weerlê deur Scholtz wat daarop gewys het dat daar reeds kort na Unie-wording, afgesien van die uitlatinge van politieke leiers, 'n groeiende oortuiging by die breë publiek was dat huwelike en ontug tussen blank en nie-blank strafbaar gemaak moes word. In hierdie opsig was daar geen verskil van standpunt tussen Afrikaans- en Engelssprekendes nie. Aan die einde van 1910 het The Rand Daily Mail 'n verbod op gemengde huwelike bepleit. "It is necessary that the white people of South Africa should do their utmost to maintain the purity of

---

[70]Paton, Alan. The Afrikaner as I know him. In: The Afrikaners, edited by Edwin S Munger, 1979 p 21.

[71]Kinghorn aw p 1, 2.

their race".[72] Ook biskop Furse van die Anglikaanse Kerk in Pretoria het gepleit dat ontug tussen blanke en nie-blanke persone strafbaar gemaak moes word.[73] Verder was daar ook sir Robert Kotzé wat voor 'n kommissie van ondersoek na werkloosheid getuig het: "If we go on as we are doing in 500 years we shall be a mixed race. Do you wish this state of affairs to come about? If they say 'yes', then go on as we are doing. If they say 'no', we must alter the policy". Dan moes "present profits and economic advantages for the future" opgeoffer word. Die oplossing was "to keep separate from the blacks and not mix up". Die oplossing was dus apartheid! Die vraag was egter of die volk gereed was hiervoor. Sir Robert was van mening dat net die skepping van nuwe industrieë en die nastreef van 'n beleid van segregasie sal meebring dat "we might have a separation of the two races which could preserve the white race in perpetuity".[74]

Die Rand Daily Mail waarvan die redakteur, totaal anders as die redakteurs van dié dagblad na 1948, so 'n sterk voorstander was van die handhawing van blanke beskawing deur segregasie, het na aanleiding van sir Robert se uitlatinge geskryf dat 'n beleid van segregasie met opofferinge gepaard sou gaan, maar dat dit nodig was. "If every new activity is started and run upon the coloured labour basis, the more we do the more we shall press down the balance against the white race until the day goes by when the final verdict can be changed".[75]

In 1921 het dr AW Roberts, 'n kenner van "naturelle" en hulle gewoontes, verklaar dat hulle by uitstek 'n herdersvolk was en

---

[72]Scholtz, GD. Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner, p 179. Aangehaal uit The Rand Daily Mail van 3 Des. 1910.

[73]Aw p 179 verwys na The Rand Daily Mail van 11 November 1913.

[74]Aw p 442, aangehaal uit The Rand Daily Mail van 30 Oktober 1920.

[75]Aw P 443, aangehaal uit The Rand Daily Mail van 30 Oktober 1920.

dat hulle in staat is om vir hulself "a great future" te skep. Daarom het hy aanbeveel dat "a certain definite region ought to be given them for working out their own national inclination and adaptability". Soos ook later dr Verwoerd was Roberts daarvan oortuig dat die onderwys van die swartman by sy kultuur moes aanpas. "The present trend was too much on European lines".[76]

Die stigting van die South African Native National Congress, die voorloper van die African National Congress (ANC) in Januarie 1912, is 'n uitnemende bewys van die beoefening van apartheid in die tyd toe Suid-Afrika nog 'n Britse Kolonie was. Dié organisasie is vir geen ander rede gestig as om die regte van die swartmense te probeer beskerm en propageer nie. Een van die eerste take wat deur hulle onderneem is, was om met die owerheid te onderhandel oor die paswette waarvolgens 'n swartman as hy buite die "swart" gebiede sou gaan, 'n pas moes dra om hom te identifiseer wat betref etnisiteit en plek van herkoms. Dit is veelseggend dat die stigting van hierdie beweging in die tyd as so 'n onbelangrike gebeurtenis beskou is dat daaroor in geen Engelse of Afrikaanse koerant gerapporteer is nie.[77]

Smuts het getrou 'n ondersteuner gebly van die beleid van segregasie ten spyte daarvan dat Brigadier-Generaal Sir Charles Crewe, 'n Kaapse lid van die Parlement, in Augustus 1911 in dringende trant aan hom geskryf het oor sy besoek aan die reservate in die Oos-Kaap. Self was Crewe besonder beïndruk deur die vooruitgang wat die swartmense gemaak het sedert die Anglo-Boere-oorlog. Hy het egter sy besorgdheid aan genl Smuts oorgedra - hy verwag dat die swartmense binne 25 jaar stemreg sou eis, en hy meen dat die regering hom daarop moes voorberei.[78]

Met betrekking tot die Indiërs in die Unie van Suid-Afrika was Smuts se oortuiging dat hulle onder geen omstandighede gelyke

---

[76]Aw p 443, aangehaal uit The Star van 16 November 1921.

[77]Ingham, Kenneth. aw p 75.

[78]Aw p 66/67.

status met die blankes kon geniet nie. Nie alleen sou so 'n stap aan die Indërs in Natal 'n meerderheidstem gee nie, maar daar was ook die oortuiging dat die beskawing in Suid-Afrika die Christelike en Europese moes bly. In 1924 wou Smuts selfs, na die stigting van die South African Indian Congress in 1920, 'n wet laat goedkeur om Indiërs van blankes te skei in blanke woonbuurtes. Dit het egter gefaal omdat 'n nuwe regering, die Nasionale Party, oorgeneem het. Soos Hertzog het Smuts steeds geglo dat die Indiërs tydelik in Suid-Afrika is en daarom het hy verdere immigrasie van Indiërs teengestaan - selfs nog in 1950![79] - en die gedagte gehuldig dat hulle so gou as moontlik gerepatrieer moet word.[80]

In 'n bepaalde sin kan dus gesê word dat die Nasionale Party wat in 1948 die bewind in Suid-Afrika oorgeneem het, sy apartheidsbeleid geërf het van die vorige regerings sedert die stigting van die Unie van Suid-Afrika in 1910.

Maar al die regerings sedert uniewording het dié beleid geërf. Daar is onomstootlike bewyse dat die 20e eeu se beleid maar net die logiese gevolg was van die politieke en maatskaplike toestande van die 19e eeu. Selfs die geskiedskrywing van die 19e eeu het bygedra tot die beskouinge van die 20e eeu. Hiervan getuig die standpunte van Theal, die historikus uit die tweede helfte van die vorige eeu. As gebore Kanadees en dus Engelssprekende, het hy eintlik altyd pro-Engels gebly, al het hy geëindig as ouderling in die NG Kerk in Wynberg. "Yet Theal, the pioneer, the father of South African Historiography, did more than anyone else to establish a tradition of strongly pro-colonist, anti-black historical writing, and to create the racist paradigm which lay at the core of that tradition and which served to justify white rule".[81]

---

[79]Beeld, Artikel deur JJJ Scholtz, 26 Mei 1988.

[80]Ingham, Kenneth. aw p 162.

[81]Saunders, Christopher. The making of the South African Past - Major Historians on race and class. 1988 p 29.

Die Afrikaanse nyweraar, dr Anton Rupert, het in 1981 in sy voorsittersverslag van Rembrandt-Tabakmaatskappy gekla dat die Afrikaner gebrandmerk word as apartheidsideoloog en dat die Nasionale Party al die skuld kry vir die apartheidsisteem.[82] Hy het erken dat die Nasionale Party statutêre gewig aan die beleid van apartheid gegee het, maar verklaar dat dié party slegs voortgebou het op iets wat lank voor die tyd in die Suid-Afrikaanse politiek teenwoordig was. Om sy stelling te handhaaf, het Rupert verwys na die doktorale proefskrif van dr David Welsh - "The Roots of Segregation".[83]

Welsh meld in sy werk: "It is a myth that apartheid is the exclusive product of Afrikaner nationalism: its antecedents are to be found in Natal rather than in any of the other provinces".[84]

Die eerste Britse besetting van Port Natal was in 1824, maar dit was die teenwoordigheid van die Voortrekkers in Natal in 1837 wat die Britse owerheid oortuig het dat hulle die besetting van Port Natal finaal moes maak. In Desember 1842 is die anneksasie van Natal gesanksioneer, maar effektief het die Britse administrasie van dié provinsie eers op 21 Augustus 1845 begin. In Maart 1846 is die sogenaamde "locations Commission" aangestel met die landmeter-generaal dr W Stanger, die diplomatieke verteenwoordiger, sir Theophilus Shepstone, en 'n Amerikaanse sendeling, eerwaarde Newton Adams, as lede. Aan hulle en twee lede wat later aangestel is, is dit opgedra om swart reservate se grense te bepaal sodat die belange van die swartes en die blanke boere ten beste gedien kon word en botsings voorkom kon word. Die rapport van hierdie kommissie is in Maart 1847 voltooi, en het die basis gevorm vir die toekomstige administrasie van Natal. In dié rapport word die karakter van die swartman soos volg opgesom:

---

[82]Esterhuyse, WP. "Anton Rupert - Pleitbesorger vir hoop" 1986 p 106/7.

[83]Welsh, David. The roots of segregation 1845-1910. Native Policy in colonial Natal, 1971.

[84]Welsh, aw p 322.

"Their universal character, as formed by their education, habits and associations, is at once superstitious and warlike; their estimate of the value of human life is very low; war and bloodshed are engagements with which their circumstances have rendered them familiar from their childhood, and from which they can be restrained only by the strong arm of power".[85] Dit was juis in die lig hiervan dat die reservate vir swartes en die stamstelsel vir Shepstone belangrik was. Hy het glad nie geglo in die gelykheid van rasse nie.

Shepstone wou die tradisionele lewenspatroon van die groepe in die reservate wat hy geskep het, handhaaf. Hy het gehoop dat die swartmense daarmee in 'n tradisionele kokon sou bly en dat hulle groei in politieke bewussyn en ook hulle begeerte vir rassegelykheid daardeur belemmer sou word. "Shepstone had little or no conception of a viable basis for a multiracial society. At the back of his mind always lay the chimera that the mass of the African population could be transported to some place beyond the borders of Natal".[86]

Na die tyd van Shepstone is die administrasie van Natal langs dieselfde lyne voortgesit. Onder andere is in toenemende mate gevrees dat sendingwerk asook bekering en onderwys verantwoordelik is vir die toenemende ontwaking van swart nasionalisme. Daar was die oortuiging dat bekering noodwendig tot politieke ontevredenheid lei. In 1902 het die Natal Native Trust bepaal dat geen nuwe kerke gebou mag word nie en dat ook geen evangeliste toegelaat word om in die reserwes te woon nie tensy die sendingstasie onder die persoonlike toesig van 'n inwonende wit manlike sendeling was. Ethiopianisme[87] was polities beskou 'n onvervalste boosheid wat ten alle koste uitgeroei moes word. In 1903 het die owerheid alle swart predikante as huweliksbeamptes geweer en 'n belasting van drie pond per jaar geplaas op elke huishouding in reservate met sendingstasies.

---

[85] Aw p 12.

[86] Aw p 210/211.

[87] 'n Godsdiens waarin die klem op politieke verlossing val.

Welsh het sy proefskrif afgesluit met die opmerking: "Developments after Union in 1910 form no part of this book. But it should be noted that policies and institutions originating in Natal found favour with later policy-makers ... The Natal tradition provided a ready-made rationalisation for attempts to keep them (white and black people) apart".[88] Hierby het die Zoeloeleier M Gatsha Buthelezi in 1972 aangesluit en verklaar: "I also wish to place on record that these so-called 'homelands' are areas into which we were pushed after conflicts and wars with the ancestors of the present whites. It is nonsense to call them our traditional homes. They have not been set up by the Nationalist Party government alone. All that they have done is to romanticise the old reserves by giving them a new Christmas wrapping as 'homelands'".[89]

Ten slotte sou ook nog teruggegaan kan word na die heel vroeë Kaapse geskiedenis om daar aanwysings van apartheid te kry. Maar vir die doel van hierdie studie kan volstaan word deur daarop te wys dat die begrip "ras" van die begin van die nedersetting aan die Kaap, soos in Europa en Amerika op daardie tydstip, 'n belangrike rol gespeel het. Hoewel ook in Suid-Afrika daar altyd diegene was wat gedink het dat die gekleurdes minderwaardig is en dat hulle soos Aristoteles verkondig het, natuurlike slawe is of soos Plato geglo het 'n tekort aan redelike vermoë het[90]; was daar in Suid-Afrika nooit, soos in Spanje oor die Indiane, twyfel dat die gekleurdes mense is nie.[91] Maar vanuit Europa is die

---

[88]Welsh aw p 322, 323.

[89]Buthelezi, M Gatsha. My role within separate development politics. African Perspectives on South Africa - A collection of speeches, Articles and documents edited by Hendrik W van der Merwe, Nancy CJ Charton, DA Kotze and Ake Magnusson, p 456.

[90]Campbell, Mavis. Aristotle and Black Slavery: A Study in Race Prejudice. In "Race" - A Journal of Race and Group Relations. Institute of Race Relations, Volume XV, Januarie 1974, Number 3, p 284.

[91]Gascoyne, Bamber, The Christians, 1977, p 184.

gevoel van onderskeiding tussen die koloniste van Europese afkoms en die gekleurde inheemse rasse saamgebring. En kleur het sekere dinge aangedui soos heiden, onbeskaafd en minderwaardig. In Suid-Afrika het kleur vir 'n lang tyd sy teken-karakter behou. In 1981 nog is verklaar: "Selfs vandag nog in ons samelewing is 'n swart vel 'n teken van die 'plek' in die samelewing wat daardie persoon het. Daar mag hy woon en daardie soort werk mag hy doen. Daar buite is hy 'uit sy plek'".[92]

Dat kleur so 'n belangrike rol in Suid-Afrika gespeel het, is nie net te verklaar uit die owerheidsbeleid wat dié land sedert 1948 gehad het nie. Dit is onmiskenbaar waar "that much of the least attractive part of the present South African political economy stems directly from its earlier history as part of the British and, before that, Dutch empires".[93]

1.4 VAN EEN KERK TOT KERKLIKE APARTHEID

Die eerste persoon in Suid-Afrika wat 'n studie gemaak het van die vraagstuk van rasse-apartheid en die Skrif, was dr BJ Marais wat in 1952, nadat hy sedert 1939 in die NG Kerk talle waarskuwings gerig het teen die gedagte van apartheid as Skrifgefundeerd, 'n boek gepubliseer het met die titel "Die Kleurkrisis en die Weste".[94] Daarin het hy aangetoon dat die hele problematiek van ras en nasionalisme in die vroeë kerk totaal op die agtergrond gestaan het en dat daar geen enkele spoor bestaan van rasse-konflik in die kerk van die eerste eeue nie. Inteendeel - 'n mens vind juis by die kerkvaders soos Tertullianus, Origenes, Ignatius en andere dat die Christene as 'n derde volk of ras beskou is - 'n genus tertium. Marais verwys hiervoor spesifiek

---

[92]Van Wyk, prof JA. Die Rassesituasie, in Stormkompas. 1981 p 63.
[93]Wilson, Francis. Uprooting Poverty, The South African Challenge p 230.
[94]Die volledige titel is: "Die Kleurkrisis en die Weste - 'n Studie insake kleur en kleurverhoudings in die Amerika's". Ben J Marais, Goeie Hoop-Uitgewers, Johannesburg. 1952.

na die uitspraak van Tertullianus nl "Ons word 'n derde ras genoem op grond van die godsdiens".[95] Die vroeë kerk moet gesien word as heeltemal universalisties - 'n kerk waarin die begrip "ras" geen rol gespeel het nie. So ook het die idee van "volk" geen plek gehad nie. Die verset teen die toelating van gelowiges van 'n ander taal of kleur tot die kerk, was totaal ongekend. "Daar is geen greintjie van getuienis in die hele agtienhonderd-jarige geskiedenis van die kerk voor 1700 om aan te dui dat so-iets ooit êrens in die Christelike Kerk gebeur het voor die agtiende eeu nie. Die vroeë kerk en die middeleeuse kerk en selfs die vroeë fase van die protestantse Kerk ken so-iets eenvoudig nie..."[96]

In die maatskaplike lewe aan die Kaap was daar kort na die aankoms van Jan van Riebeeck in 1652 reeds tekens van afsonder-like bestaan van blank en gekleurd. In 1655 is die eise van die Strandlopers in die Tafelbaai-gebied teengestaan. In 1658 is daar 'n poging aangewend om die Hottentotte en Boesmans te oorreed om die Sout- en Liesbeekriviere te erken as grense van die Kolonie - iets wat deur dr AP Treurnicht genoem word as bewys dat gebiedskeiding so oud soos die blanke volksplanting is.[97] Die plant van die heining van amandelbome oor die Kaapse vlakte waarmee in 1660 begin is om daarmee die Khoikhoi weg te hou, word ook soms gesien as die begin van apartheid.[98] Ook die opdrag van Kommissaris Hendrik Adriaan van Rheede in 1685 dat 'n afsonder-like skool vir slawekinders opgerig moes word, word soms beoor-deel as van die eerste tekens van apartheid tussen wit en gekleurd.[99] Klas- of kleurverskille kon egter nie voorkom dat die getalle buite-egtelike kinders van blankes by slavinne voor 1670 so toegeneem het dat slegs een-kwart van die geboortes uit

---

[95]Aw p 285.

[96]Aw p 285.

[97]Treurnicht, Dr AP. Credo van 'n Afrikaner. 1975 p 26.

[98]Louw, Leon en Kendall, Frances. South Africa - The solution p31

[99]Potgieter, prof FJM. Ons Kerk in Kaapland, Ons NG Kerk, Gedenk-boek by ons Derde Eeufees 1952. p 32.

slawemoeders swart was. Die res was kleurlinge. Goewerneur Ysbrand Goske het reeds in 1671 geprobeer om dié kwaad deur die wet te onderdruk. In 1678 het die Kompanjie alle seksuele verkeer oor die rassegrense heen verbied met die dreigement van tot drie jaar gevangenskap en harde arbeid op Robbeneiland. In 1685 moes daar weer nuwe bepalinge kom om die omgang van burgers met slavinne te verbied.[100]

In die kerklike lewe was daar geen sprake van skeiding tussen blank en gekleurd nie. Die eerste vaste predikant aan die Kaap, ds Johan van Arckel, het op 23 Augustus 1665 sy intreerede gehou en twee weke later 'n blanke kind en agt kinders van slavinne gedoop.[101] Die gekleurdes was vanselfsprekend deel van die kerk. Dit blyk ook uit die insident toe ds Philippus Baldeus op sy terugreis na Holland 'n diens in die Kaap gelei het. By dié geleentheid het hy ernstig daarteen beswaar gemaak dat ds van Arckel se opvolger, ds Johan de Vooght, in stryd met die besluit van die Dordtse Sinode, die kinders van heiden-ouers tot die doop toegelaat het. Nadat ds Baldeus die blanke kinders gedoop het, het hy tot groot ontsteltenis van die aanwesiges geweier om die sakrament aan 'n slawekind te bedien. Die Politieke Raad het egter die volgende dag besluit dat ds De Vooght moet voortgaan met die doop van kinders van heidenouers - gekleurdes. Die slavin se kind is toe die volgende Sondag gedoop.[102] Die Politieke Raad het hulle besluit gebaseer op 'n besluit van die Indiese regering op 26 Januarie 1655 wat gerugsteun is deur die Classis van Amsterdam "dat slavenkinderen op 't christen gelove, van degeene, daarse bij inwoonen, 't sij het hun lijf heeren sijn ofte niet, wel mogen worden gedoopt mits dat dezelve haar verbinden sodanig kind of kinderen in de Christelijke religie op te trecken, sijnde dit ten principalen gefundeert op het exempel van den Patriarch Abraham, op wiens gelove allen die van sijnen

---

[100]Moorrees, A. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1652-1873, p 27.

[101]Aw p 31.

[102]Potgieter, prof FJM. Aw p 33.

huijse waaren besneden wierden".[103]

Die kerk aan die Kaap was die kerk wat deur die nedersetters uit Holland saamgebring is - die Gereformeerde Kerk wat sedert die kerkorde van Koning Willem 1 in 1816 bekend was as die Hervormde Kerk. In Suid-Afrika is die naam "Hervormd" vir hierdie kerk tydelik gebruik nadat Kommissaris-Generaal JA de Mist in 1804 'n Kerkorde vir die kerk opgestel het en daarin na dié kerk verwys het as "Hervormde Kerkgenoodschap".[104] Die Sinode van 1842 het egter hieraan 'n einde gebring toe besluit is dat daar nie meer gebruik gemaak sou word van die name Gereformeerde of Nederduitsche Hervormde Kerk nie, maar dat die amptelike naam voortaan "Nederduitsche Gereformeerde Kerk" sou wees.[105]

Die NG Kerk was van die begin af besiel met groot ywer vir die sending. In die grensdistrikte waar daar gedurig botsings was tussen die blanke boere en die inboorlingstamme, was daar wel spanning maar die ywer vir die sending het voortgegaan. Dit blyk uit verslag van ds Kicherer van die London Missionary Society oor die uiters gulhartige behandeling wat hy as sendeling steeds van die boere geniet het.[106] Daarby het die "Kommissie van Rondgang" in 1811 gerapporteer dat onder die ywerige en taktvolle bearbeiding van ds Kicherer die publieke opinie te Graaff-Reinet so 'n verandering ondergaan het dat terwyl die blanke lidmate voorheen

---

[103]Eerwaarde A Dreyer, Eeuwfeest-Album van de Nederduits Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika, 1824-1924, p 32.

[104]Scholtz, GD. Ons Kerknaam, p 6.

[105]Aw p 8. Die Nederduitsch Hervormde Kerk het eers in 1853 ontstaan en wel in die Transvaal met ds Dirk van der Hoff as eerste predikant nadat inlywing by die Kaapse Sinode geweier is. Tog is daar al verskillende pogings aangewend om te bewys dat dit die oudste kerk in Suid-Afrika is - die kerk wat saam met Jan van Riebeeck uit Holland gekom het. Eén van dié onsuksesvolle pogings was die boekie van ds AJG Oosthuizen "Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis" 1940.

[106]Moorrees aw p 407/8.

nie Hottentotte en slawe in die kerkgebou wou toelaat nie, dit nou nie slegs aan hulle vergun word nie, maar dat vele blankes ook die dienste bywoon wat vir Hottentotte en slawe in die "Gestig" gehou word.[107] Die bewering dat die owerheid met die Engelse besetting van die Kaap in 1806 die kerk gedwing het om sy deure vir Hottentotte en swartmense oop te maak - "a measure which conflicted directly with the religious beliefs of the burghers"[108] is beslis onjuis.

Ook in Suid-Afrika het die gedagte van die rasse- of kleurkerk uiteindelik sy kop begin uitsteek. Die kerk was egter nie gelukkig met hierdie verskynsel nie en het steeds die belangrikheid van die sendingopdrag beklemtoon. In die uitgawes van die Gereformeerde Kerkbode, amptelike orgaan van die NG Kerk, van 5 Maart, 28 Mei en 25 Julie 1853 het daar nie minder nie as drie oproepe tot sendingwerk verskyn en is onder andere verklaar dat al is daar sommige wat teen die sending is, aan hulle slegs gesê kan work "Gij zult Gods werk niet kunnen stuiten"[109] en dat aan alle gelowiges gesê moet word: "Stil zitten mag niemand!"[110]

Maar juis as vrug van die sendingywer het meer gekleurdes tot die kerk toegetree en dit het meegebring dat verhoudingsprobleme almeer na vore getree het. Veral in die buitedistrikte waar die koloniste meer blootgestel was aan die swart bevolking, het daar al meer 'n vrees vir gelykheid ontstaan. Die gevoel was dat die gelyke verkeer wat daar op kerklike gebied bestaan het, mettertyd sou lei tot gelykstelling op ander gebiede.

Tot en met die derde sitting van die Kaapse Sinode in 1829 was daar in die NG Kerk slegs één onderskeid tussen mense gemaak nl dié van geloof en ongeloof. Maar op die agenda van die Sinode van 1829 was daar tekens dat daar verandering kon kom. Die Eers-

---

[107] Aw p 425.

[108] Leon Louw en Frances Kendall aw p 25.

[109] De Gereformeerde Kerkbode, 5 Maart 1853 p 72.

[110] De Gereformeerde Kerkbode, 25 Junie 1853 p 193.

te Ring[111] het by die Sinode navraag gedoen aangaande die wenslikheid al dan nie van aparte godsdienstige bediening van blankes en gekleurdes. Dit was die eerste keer dat kleur as grond vir skeiding in die kerk ter sprake gekom het. Die vraag van die Eerste Ring was "of personen van de kleur, die door het doen van de belijdenis en de toediening van den heilige Doop tot leden van de kerken zijn aangenomen, gelijk met geborene christenen het Avondmaal zullen bediend worden".[112] Die eerste Kommissaris-Politiek, Sir John Truter, het die blote bespreking van hierdie saak verklaar as iets wat afbreuk doen aan die waardigheid van die Christelike godsdiens. Die Sinode self het geoordeel dat die gelyktydige deelneming van alle lidmate sonder onderskeid van kleur aan die Nagmaal, nie tot 'n onderwerp van bespreking of beslissing by die Sinode, behoort gemaak te word nie, maar dat die Sinode "dit als een onwrikbare stelregel op het onfeilbaar Woord van God gegrond, behoort aan te nemen" sodat "alle Christegemeenten en elk Christen in het bijzonder verplicht is overeenkomstig dezelve te denken en te handelen".[113]

Tydens die Sinode van 1834 is daar bepalings opgestel vir die oprigting en instandhouding van sendinggenootskappe binne die verskillende gemeentes. Dat die kerk hier nie net gekyk het na die gekleurde nie, maar in besonder ook na die swartes op die grense en verder, blyk daaruit dat hier reeds sprake was van voorsiening wat gemaak moes word vir die stigting van gemeentes vir swartes. Dat die besluit van 1829 egter gehandhaaf sou bly, blyk uit die verdere bepaling dat hierdie swart gelowiges, van attestate voorsien, opgeneem moes word in die wit gemeentes waar daar geen gemeente vir swartes bestaan het nie.

---

[111]By die eerste Sinode in 1824 is besluit om die gemeentes in te deel in drie Ringe. Die eerste Ring was later die Ring van Kaapstad, die tweede Ring later dié van Tulbagh, en die derde Ring dié van Graaff-Reinet. Moorrees aw p 554.

[112]Marais, Ben J. aw p 289.

[113]Moorrees aw p 595. Ook Scholtz, GD. Geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 1842-1885 p 15.

Die bekende besluit van die Sinode van 1857 was die gevolg van 'n besluit van die Ring van Albanie in 1855. Vyf en veertig lidmate van die gemeente Stockenstroom het twee maal vergeefs die kerkraad versoek dat hulle afsonderlik van die gekleurde lidmate die Nagmaal mag gebruik en ook dat hulle hul eie nagmaalbekers mag gebruik. Hierna het hulle hul gewend tot die Ring van Albanie wat eenparig besluit het "Dat aan den Eerw Kerkraad van Stockenstroom aanbevolen worde, om, ter tegemoetkoming van vooroordelen en zwakheden, nadat het Avondmaal bediend is, aan den ouden leden der gemeente (dws die nie-blankes) een of meerder tafels te bedienen voor die nieuwe of blanke leden".[114]

Die betrokke besluit het opspraak verwek in die kerk en by die Sinode van 1857 is die hele saak op aandrang van ds R Shand van die gemeente Tulbagh op die agenda geplaas. Op 6 November 1857 het die Sinode met groot meerderheid van stemme die bekende besluit geneem oor die gesamentlike gebruik van die Nagmaal as "wenschelijk" en "Schrifmatig", maar waarin daar tog voorsiening gemaak is vir die "zwakheid van sommigen" waardeur 'n toegewing gemaak is vir die gebruik van "hare Christelijke voorregten in een afzonderlijk gebouw of gesticht...".[115]

Die historikus GD Scholtz het as vurige voorstander van apartheid in kerk en staat, die besluit van 1857 wou verklaar as 'n regstelling van die besluit van 1829. Laasgenoemde besluit was vir hom die resultaat van die kerk wat uit voeling geraak het met die meerderheid van sy lidmate se gevoelens ten opsigte van rasseverhoudinge.[116] Die besluit van 1857 was egter geen regstelling nie en allermins 'n apartheidsbesluit. Dit het immers alleen gegaan oor afsonderlike geboue en glad nie oor aparte gemeentes nie.

---

[114]Marais, BJ. aw p 290/1.

[115]Borchardt, Carl. Die "swakheid van sommige" en die Sending, in Die NG Kerk en Apartheid, Johann Kinghorn, p 76 - aangehaal uit die Handelinge van die Sinode van 1857.

[116]Scholtz, GD. Die Geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, 1842-1885, p 15, 16.

Verder was daar ook slegs sprake van aparte geboue met Nagmaal. Hoofsaak is dat die bekeerlinge uit die heidendom nog altyd aan dieselfde gemeente en kerk behoort het.

Hierdie besluit het egter die deur oopgemaak vir die koers waarin die kerk vir die volgende 130 jaar sou beweeg - 'n koers van skeiding op grond van kleur. Die kleurvooroordeel het al sterker geword. In die grensdistrikte het Anna Steenkamp, niggie van Piet Retief, voor die Groot Trek in 1836 die gevoelens van vele blankes vertolk toe sy verklaar het dat dit nie soseer die vrystelling van die slawe is wat gehinder het nie, maar die feit dat die gekleurdes teen die wette van God en die natuurlike onderskeid van ras en kleur, gelyk gestel is met die blankes.[117]

Alhoewel die gemeentes in Kaapland voortgegaan het as "oop" gemeentes waartoe wit en gekleurd behoort het, het die situasie vanaf 1857 spoedig ontwikkel tot 'n punt waar skeiding op grond van kleur al meer gewoonte geword het. Daar is al meer gemeentes vir gekleurde lidmate langs die blanke gemeentes gestig. Later het die Sinode van 1863 goedkeuring verleen dat van hierdie werkkringe onder gekleurdes hulself as gemeentes met eie kerkrade kon konstitueer. In 'n natuurlike ontwikkeling op die ingeslane weg het die NG Sinode van 1880 toestemming verleen tot die stigting van die NG Sendingkerk (NGSK) - 'n besluit wat gelei het tot die stigting van genoemde kerk in Wellington in 1881. "Die teologiese beginsel ten opsigte van die wenslikheid en Skrifmatigheid van wit en swart gelowiges binne een NG Kerk het in 1857 vir die laaste maal gedurende die negentiende eeu ter sprake gekom".[118]

Wat die ontwikkeling in die Noordelike gebiede betref, het di PH Huet en FL Cachet pionierswerk verrig op sendinggebied. Toe ds Huet egter by die kerkraad van Ladysmith in Natal daarop aandring dat swart bekeerlinge by die blanke gemeente ingeskakel word, het hy weerstand gekry en het al sy sendingpogings tot niet gegaan.

---

[117]De Klerk, WA. The Puritans in Africa p 33.

[118]Lombard, JA. aw p 9.

Die Sinode van 1886 het met blydskap kennis geneem van die sendingywer in die gemeente Greytown en het toestemming verleen dat 'n sendinggemeente gestig kon word - op voorwaarde egter dat so 'n gemeente nie op gelyke voet met die blanke gemeente gestel sou word nie. In 1888 het die sinode besluit om voorsiening te maak vir die stigting van sendinggemeentes, maar met die toevoeging: "De leden van zoodanige zendinggemeente zullen geen gebruik mogen maken van de kerkgebouwen van de blanke leden der Nederduitsch Gereformeerde Kerk van Natal".[119] Volgens Artikel 3 van die Wette en bepalinge van die NG Kerk in Natal is nog tot in die sestigerjare van die 20ste eeu bepaal dat alleen blanke persone tot die kerk mag behoort.[120] Dit was ook die geval met die Vrystaatse en Transvaalse NG Kerke. Verder is in Natal ook nog in dieselfde tyd bepaal: "Die lidmate van 'n Sendinggemeente sal nie van die kerkgeboue waarin die blanke Gemeente aanbid, gebruik mag maak nie".[121]

Die Vrystaatse Sinode het op sy eerste vergadering in 1865 besluit dat elke gemeente verplig is om sendingwerk te doen. Die verskynsel van aparte kerke het spontaan voortgegaan sonder dat daaroor ooit 'n Sinodale besluit geneem is. Op grond van die sendingywer het die getal lidmate so toegeneem dat die Sinode in 1909 besluit het dat die sendinggemeentes in 'n afsonderlike kerk georganiseer moes word. So het die NG Sendingkerk in die Oranje Vrystaat in 1910 tot stand gekom.[122]

In die Transvaal het die grondwet van die Zuid-Afrikaansche Republiek in 1858 bepaal dat geen gelykstelling in staat of in kerk toegelaat sal word nie. Dat hierdie beginsel deur die kerk

---

[119]Aw p 10-11.

[120]Wette en Bepalinge vir die regering van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal 1951 Artikel 3.

[121]Aw Artikel 196. Dit is in 1954 gewysig om soos volg te lui: "Lidmate van die Moeder- en sendinggemeentes aanbid in hulle afsonderlike kerkgeboue". JA Lombard aw p 60.

[122]Lombard, JA. aw p 11-12.

gehandhaaf is, blyk onder meer uit 'n verklaring wat die Algemene Kerklike Kommissie na samesprekinge met die Uitvoerende Raad van die Volksraad in 1862 uitgereik het. Die verklaring het gelui: "Geene gelijkstelling van blanken met gekleurden: betekent niet dezelfde godsdienstige voorregten in ons kerkgebouw".[123]

In 'n studie gedoen deur dr WD Jonker oor die sendingbepalinge wat in die Transvaal gegeld het tot met die eerste Algemene Sinode in 1962 waar die verskillende streeksinodes van die blanke NG Kerke vir die eerste keer saamgekom het, het geblyk dat die sendingwerk eintlik berus het op Reglement 1 (5)(ii) van die Kerkwet waarin as grondbeginsel vir die sendingwerk bepaal is dat die Kerk geen gelykstelling toelaat tussen blankes en gekleurdes nie. In 1957 is dit egter gewysig om soos volg te lui: "Die Kerk beywer hom vir die stigting van afsonderlike Kerke onder die verskillende etniese groepe van die land. Alleen blanke persone sal tot lidmaatskap van die Ned Geref Kerk toegelaat word (Art 3)". In die Bepalinge van die Suidstreek van die Transvaalse Kerk, is in Artikel 253 bepaal: "Lidmate uit die sendinggemeente word nie tot lidmaatskap van blanke gemeentes en die Ned Geref Kerk van Transvaal toegelaat nie...". In Artikel 248 is verder bepaal: "Die lede van die sendinggemeente sal geen gebruik van die kerkgeboue van die blanke lede van die Ned Geref Kerk van Transvaal mag maak nie".[124] Toe die kerkraad van die gemeente Parkhurst in 1960 besluit het om teen hierdie laasgenoemde wetsbepaling in te gaan, was dit die eerste en vir jare die enigste gemeente van die NG Kerk wat sy deure vir swartmense oopgestel het.[125]

---

[123]Gerdener, GBA. Boustowwwe vir die kerkgeskiedenis van die NG Kerk in die Transgariep, p 256. Hierdie besluit is eintlik geneem deur die Algemene Kommissie van die Nederduitsche Hervormde Kerk, maar die breuk met die NG Kerk was nog nie 'n realiteit nie. Aw p 254 "Verhouding tot Kaapse Sinode".

[124]Jonker, WD. Die Sendingbepalinge van die Ned Geref Kerk van Transvaal p 9. Gepubliseer in Kerk en Wêreld nr 4, Junie 1962.

[125]Meiring, dr Piet. Die Kerk op pad na 2000, p 131.

Hoewel sendingwerk van 1881 af in die Transvaal gedoen is, het die sendingaksie eers na afloop van die Tweede Vryheidsoorlog in 1899-1902 op dreef gekom en het daar tussen 1900 en 1932 43 gemeentes tot stand gekom. Op 2 Maart 1932 is die NG Sendingkerk in Suid-Afrika in Transvaal gestig met die sitting van die eerste Sinode in Vrededorp, Johannesburg.[126] Op 10 April 1937 is die naam van dié Kerk verander na NG Sendingkerk van Transvaal en in 1963 het die eerste Algemene Sinode van die swart Kerk besluit dat die naam voortaan die NG Kerk in Afrika (NGKA) sal wees.[127]

Die toegewing van 1857 het gelei tot aparte kerke in die NG-familie - so apart dat gekleurde lidmate nie eens van die blanke kerk se geboue mog gebruik maak nie en allermins blanke eredienste mog bywoon.

---

[126]Die Ned Geref Kerk in Afrika in Transvaal 50 jaar oud, p 4.

[127]Aw p 8.

HOOFSTUK 2

VAN VREES TOT DROOM TOT GODSPRAAK

2.1 VREES AS BASIS VAN APARTHEID

Die rassebeleid van Theophilus Shepstone in Natal, het 'n beslissende rol gespeel in die menseverhoudinge in Suid-Afrika vir die volgende honderd en dertig jaar. Dit is hy wat begin het met "volksverskuiwinge" wat later 'n berugte deel van die apartheidsbeleid sou word. Hy het naamlik swart gebiede gestig en groot getalle swartmense daarheen verskuif. Toe daar eindelik ten spyte van alle maatreëls, tog 'n toename van swartmense in die dorpe was, het hy in 1874 gekom met 'n hele reeks Tog-maatreëls - regulasies waarna die historikus Davenport in 1987 verwys as "one of the earliest examples of modern influx control".[1] Met al die pogings van Shepstone om die swartmense buite bereik van die Romeins-Hollandse Reg in stamverband te hou en om hulle deur beperkings op die sending selfs weg te hou van geloofsbekering waardeur hulle dalk polities kon ontwaak, het hierdie sendelingseun, volgens Davenport, vir homself die reputasie verwerf "as the mastermind behind the policy of segregation, which was subsequently developed into the distinctive governing principle in the native policies first of Natal and later of the Union".[2] Shepstone se optrede kan alleen uit vrees verklaar word.

Vrees is ook die enigste verklaring vir die wetgewing in verband met die Indiërkontrakwerkers wat sedert 1860 na Natal gebring is om in die suikerplantasies te werk. Vanaf minder as 10 000 in 1875 het hulle getalle vinnig gegroei tot ongeveer 100 000 aan die einde van die eeu.[3] Onder die immigrante was daar 'n groeiende getal handelaars wat hulle in dorpe in Natal, Vrystaat en

---

[1]Davenport, aw p 113.

[2]Aw p 114.

[3]Aw p 117.

Transvaal gevestig het. Die blanke handelaars het dadelik beswaar gemaak teen die kompetisie.[4] Veral in Natal het daar 'n gegronde vrees ontstaan dat die Indiërs op grond van hulle getalle die blankes sou kon uitstem in 'n verkiesing en daarom is begin met 'n program van wetgewing wat daarop gemik was om die politieke en ekonomiese mag van die Indiërs aan bande te lê en hulle aan te moedig om en masse na Indië terug te keer. Eerstens is die wet op stemreg in 1896 deurgevoer. Daarvolgens is stemreg weerhou van mense in wie se lande van herkoms daar nie parlementêre stemreg is nie. Die tweede maatreël was 'n jaarlikse heffing van drie pond op Indiërs wat nie hulle arbeidskontrakte hernu het of na Indië teruggekeer het nie. Hierdie heffing was drie pond nie net vir elke gesinshoof nie, maar vir elke seun bo 16 en dogter bo 12 in die gesin![5] Derdens is aan plaaslike besture die reg verleen om handelslisensies aan Indiërs te weier sonder enige risiko van moontlike regsprosesse. Hierdie optrede het die weg gebaan vir die later beroemde Mahatma Gandhi, wat in 1893 in Natal aangekom het op 'n amptelike besoek aan die Moslemhandelaars van Pretoria, om te begin met passiewe weerstand en die leiding te neem met die stigting van die Natalse Indiërkongres.[6]

Ook die Kaapkolonie as Britse Kolonie was nie gevrywaar van vrees met betrekking tot die rasseverhoudinge nie. Vrees het in dié kolonie waar swartes stemreg gehad het, die vraag laat ontstaan "whether, for example, to support or oppose the extension of low

---

[4]Interessante gesprekke het in hierdie verband in die Transvaalse Volksraad plaasgevind. Toe 'n memorie in 1897 gedien het om die "koeliemarskramers" uit die land te weer, het generaal Louis Botha die opstellers van die memorie gesteun onder andere "omdat die koelies wat met esels en perde rondry, meewerk om die runderpes te versprei". Gustav Preller, Historiese Opstelle, "Louis Botha" p 92.

[5]Meer, Fatima. An Indian's Views on Apartheid. South African Dialogue. Edited by Nic Rhoodie, p 436.

[6]Beter bekend as die tans nog bestaande "The Natal Indian Congress".

franchise qualifications to blacks in the Transkei who had no experience of the Western electoral system, when such an extension might materially affect the political balance in the colony.....".[7]

Die vrees van die Afrikaner was sedert die begin van die negentiende eeu 'n vrees nie soseer vir die swartman nie, maar vir die Engelsman. Dit was nie die swartman nie maar die Engelsman wat sy land en taal bedreig het. Aan die Kaap moes 'n Britse karakter gegee word. Natal is in 1844 geannekseer. Na die ontdekking van diamante in Kimberley in 1867 is dié deel in 1871 deur Engeland ingelyf. In 1886 is goud aan die Witwatersrand ontdek en dit het regstreeks gelei tot die Anglo Boere-oorlog en die Britse inname van die Transvaal in 1902. Cecil John Rhodes wat saam met Milner gedetermineerd was om die ryk goudvelde vir Engeland te wen, het triomfantelik verklaar: "Only one race .... approached God's ideal type, His own Anglo-Saxon race; God's purpose then was to make the Anglo-Saxon race predominant, and the best way to help on God's work and fulfil His purpose in the world was to contribute to the predominance of the Anglo-Saxon race and so bring nearer the reign of justice, liberty and peace".[8] En die metode om Engeland te beweeg tot anneksasie van die Transvaal was onder andere verdagmaking van en leuens teen die owerheid en burgers van die Republiek.

Gustav Preller het in dié verband aangehaal uit die ervaring van Sir William Butler, wat sedert sy aankoms in November 1898 'n tyd lank Hoëkommissaris was terwyl Lord Milner en Cecil Rhodes in Engeland was om Eerste Minister Chamberlain te beweeg tot die anneksasie. Uit Butler se outobiografie haal Preller aan: "Daar was 'n bitsigheid in die toon van die openbare lewe en van die Engelse pers, 'n soeke na redes vir kwaad, 'n terge en tarte van die Boere in en buitekant die Kaapkolonie. Die Engelse pers in

---

[7]Davenport aw p 120.

[8]Aangehaal deur Degenaar, JJ, Moraliteit en Politiek, p 73. Ook aangehaal deur dieselfde skrywer in Beweging Uitwaarts, p 139-140

Kaapstad het ek aangetref geheel en al onder die invloed van Rhodes. Die Engelse pers in die Transvaal was woes in sy beledigende en tergende taal. Dreigemente word iedere dag teen die regering van die Republiek aangeslinger".

Telegramme na Engeland, vertel Butler, is iedere dag te Groote Schuur,[9] die verblyf van Rhodes, opgestel "waartoe ieder sy vonkie verbeelding bydra, om sensasie-nuus teen die Boere saam te flans. Griewe word gefabrisseer deur 'n pers wat geheel en al in die hande verkeer het van manne wat, soos't gemeenlik uitgedruk word, vasbesluit was om die vet in die vuur te gooi".[10] Uit voorgaande is dit duidelik dat Butler Milner se gedagte om die Transvaalse Republiek deur oorlog te oorweldig, teengestaan het.

Na die Anglo Boere-oorlog moes die Afrikaner uit die uiterste armoede opstaan en weer moes daar gestry word teen ondergang - veral vanweë Milner se sterk pogings tot verengelsing van die Transvaal.

"The Afrikaner people, saved from physical obliteration by Vereeniging,[11] now needed to be saved from cultural obliteration at the hands of Milner's regiment of English-speaking teachers".[12] Van die belangrikste middele in die stryd om geestelike en kulturele oorlewing was die Christelik-Nasionale Onderwys-skole (CNO-skole). Hierdie skole was 'n noodmaatreël, want tydens die oorlog nog, toe die vroue en kinders deur die Engelse magte in kampe geplaas is, het die Direkteur van Onderwys op 14 Junie 1901 'n brief met die volgende inhoud geskryf: "Our military policy has gathered the greater part of the child population into these

---

[9]Die woning van die Kaapse Eerste Minister en tans nog amptelike woning van die Staatspresident in Kaapstad.

[10]Preller, Gustav. aw p 37.

[11]Dit verwys na die Vrede van Vereeniging wat op 31 Mei 1902 om 11nm gesluit is en wat die Tweede Vryheidsoorlog amptelik beëindig het.

[12]Davenport aw p 235.

camps, and as you will see from my report, I feel that the opportunity during the next year of getting them all to speak English, is golden. What we want out here at present, are women, thoroughly good teachers and of patriotic mind, who would come out .... and put up with the inconvenience of camp life, the cold, the heat, the dust, the wind, and the rain .... in order that they might teach the children of the burghers our language and our ideals .... even to marry and become the mothers of children who would be taught to understand the greatness of the English Imperial idea".[13] Van Hollands as voertaal by die onderwys van Nederlandssprekende kinders, is kragtens Ordinansie 7 van 1903 afgesien.[14]

Die vrees vir Britse imperialisme het bygedra tot die trek van die Jerusalemgangers en die Dorslandtrek[15] en daarmee saam was daar die reaksie soos dié van die Jerusalemgangers en die teoloog/digter Totius wat Brittanje gesien het as die dier van Openbaring.[16]

Bovermelde geskiedenis oor hoe die vrees van die Afrikaner gerig

---

[13]Ons Kerk in die Goudstad 1887-1947, Dr AP Smit 1947, p 483.

[14]Aw p 490.

[15]Die Dorslandtrek na Suidwes-Afrika (tans Namibië) en Angola en die trek van die Jerusalemgangers op pad na Jerusalem en die Beloofde Land het albei aan die einde van die negentiende eeu plaasgevind nl 1870 en ongeveer 1866. Dié geskiedenisse is beskryf onderskeidelik deur WA de Klerk in "The Thirstland" en JP Claassen se "Die Jerusalemgangers".

[16]Claassen, JP, Die Jerusalemgangers, p 46. Die Afrikaanse digter/teoloog/Bybelvertaler Totius (JD du Toit) het in 1944 by die Volkskongres oor die rassebeleid verklaar: "Die wording van nasies en koninkryke dra die goedkeuring van die Skrif weg, maar nie die vorming van wêreldryke (Empires) nie. Daarom word hulle (die wêreldryke) as diere in die Skrif geteken ...". Inspan, Desember 1944.

was op Engeland, verdien aandag om die latere optrede van die Afrikaner en die NG Kerk in verband met apartheid te kan verstaan. "What is necessary to understand is that the Afrikaner's 'laager mentality' has a long history. Some propose that the dykes of the Dutch or the fort in Cape Town preceded the metaphor of the laager as a symbol of self-protection against powers from outside".[17]

Die eerste dertig jaar van die 20e eeu is deur die kerk- en volksleiers gebruik om die Afrikaanse volk weer van sy identiteit bewus te maak en hom uit sy armoede op te hef. In hierdie taak het die NG Kerk, die stigting van die Nasionale Party (1912) en die Broederbond (1918), die aanvaarding van Afrikaans as amptelike taal in die Unie van Suid-Afrika (1925) en die stigting van die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (1929) elk 'n prominente rol gespeel. Die armoede van die Afrikaner het aanleiding gegee tot die werk van die Carnegie-kommissie wat van 1929 tot 1932 'n landwye ondersoek gedoen het en bevind het dat een-vyfde van die Afrikaners "arm-blankes"[18] is.

Al hierdie pogings van die Afrikaner om sy eie voete te vind, het meegebring dat die kleurvraagstuk eintlik besonder min aandag ontvang het. Eers op 20 Oktober 1921 het Die Kerkbode na die rassevraagstuk verwys as iets wat tot dusver nie gehinder het nie, maar nou "akuut" word en rede gee dat die "verstandiges" begin dink.[19] In Junie 1936 het die redakteur van "Die Gereformeerde Vaandel" opgemerk dat die rassevraagstuk een van die belangrikste probleme is wat tot oplossing roep. Daar is geen

---

[17]Loubser, JA. aw p xiv.

[18]Volgens die definisie van een van die lede van die Carnegiekommissie, JFW Grosskopf, is 'n armblanke 'n persoon wat tot so 'n mate ekonomies afhanklik geword het dat, sy dit vanweë verstandelike, morele of fisiese oorsake, hy onbekwaam is om sonder hulp van ander vir homself of sy kinders te kan sorg. Davenport aw p 319.

[19]Die Kerkbode 20 Oktober 1921.

spesifieke oplossing vir hierdie vraagstuk nie en al wat gedoen kan work, is om die ou Latynse spreekwoord Ambulando solvitur toe te pas naamlik algaande word die oplossing gevind.[20] Generaal JBM Hertzog was sy tyd eintlik ver vooruit want hy het reeds in Augustus 1912 te Pietersburg en op 7 Desember 1912 by De Wildt gepleit vir aandag aan die rasseprobleem en segregasie as oplossing. Ook by die Nasionale Party se kongres in 1921 in Bloemfontein het hy dit aangeroer.[21]

In 1935 het die Federale Raad van NG Kerke 'n sendingbeleid geformuleer wat in 1947 ietwat gewysig is, maar wat eintlik 'n samevoeging was van die sendingbeleide van die Kaapse en Vrystaatse NG Kerke. Hoewel die woord "apartheid" toe reeds taamlik algemeen in gebruik was, is hier nog van "segregasie" sprake. In dié betrokke dokument wat eers in 1962 vervang is naamlik deur 'n sendingreglement, is die volgende verklaar: "Die tradisionele vrees by die Afrikaner vir 'gelykstelling' tussen swart en wit is gebore uit sy afkeer van die idee van rassevermenging. Die Kerk verklaar hom onomwonde teen hierdie vermenging en teen alles wat dit in die hand sal werk, maar misgun aan die ander kant die naturel en kleurling ewe min 'n sosiale status so eerbaar as hy kan bereik. Elke nasie het die reg om homself te wees en te trag om homself te ontwikkel en op te hef. Waar die Kerk hom dus teen sosiale gelykstelling in die sin van verontagsaming van ras- en kleurverskille tussen wit en swart in die daelikse omgang verklaar, wil hy sosiale differensiasie en geestes- of kulturele segregasie aanmoedig en bevorder, tot voordeel van beide seksies".[22] Hierdie verklaring volg nadat daar eers verklaar is "dat elke siel waarvoor die Heiland sy bloed gestort het, in die oog van God ewe veel waarde het",[23] en "Die Kristendom moet die

---

[20]Die Gereformeerde Vaandel, Deel iv nr 6 Junie 1936 p 162.

[21]Scholtz, GD. Ontwikkeling van die Politieke denke van die Afrikaner, Deel IV p 447.

[22]Handelinge 14e Vergadering van die Raad van NG Kerke gehou te Durban op 16 Mei 1935 evd.

[23]Aw p 95.

naturel nie van sy taal en kultuur beroof nie, maar eindelik sy hele nasionalisme deurtrek en deursuiwer".[24]

Maar dit was nie maar net vrees vir gelykstelling nie. In 1938 het die Moderatuur van die Vrystaatse NG Kerk voor 'n regeringskommissie getuig en oor gemengde huwelike hulle siening soos volg gestel: "... die Kerk dring veral aan op die verbied van sodanige huwelike om godsdienstige redes en op Bybelse gronde. God het die bestaan en voortbestaan van nasies met 'n eie karakter, 'n eie lewensbeskouing en 'n eie lewensdoel, gewil (vgl die bou van die toring van Babel, die roeping van Abraham en meer) - en Hy vorm nasies deur hulle lotgevalle en die geskiedenis om bekwaam te wees om elkeen afsonderlik sy goddelike roeping te kan vervul. Die volk van Israel het op sy eie pad van sonde en wellus gegaan en ons sien dat 'n Nehemia in sy tyd die Jode wat met Asdodiese, Ammonietiese en Moabietiese vroue getroud was en wie se kinders die helfte Asdodies gepraat het en die ander, ander tale, maar geen Joods geken het nie, die hare uitgepluk, gevloek en in die Naam van die Here besweer het. Dit is vir hierdie gevaar dat die Kerk vrees (dat die volk nie alleen blootstaan om te verbaster nie, maar ook om deur verbastering sy eiedommelike karakter te verloor, en daardeur sy goddelike bestemming nie sal bereik nie) ...".[25]

Dit was egter nie net die vrees vir gelykstelling en vir verbastering nie. Die kleur swart het 'n bepaalde teken-karakter gehad en die kleurbewussyn van die blanke het ten nouste daarmee saamgehang. "The difference in colour, as the most evident racial difference, became tantamount to a difference between one way of life and another, between barbarism and civilisation, between heathenism and Christianity. ... Colour came to be associated with primitive culture, barbarism and heathenism...".[26] Die vrees vir die primitiewe, barbaarse en heidense kon alleen deur

---

[24]Aw p 96.

[25]Aangehaal deur Kinghorn aw p 89.

[26]Olivier, NJJ. "Apartheid a Slogan or Solution?" p 4.

segregasie besweer word.

Maar die diepste vrees van die blanke was die vrees vir verswelging deur die groot getalle van die swartes. Reeds in 1964 het JC Hoekendijk hieroor geskryf: "Niets in Zuid-Afrika heeft me zo aangegrepen als dit gevoelen van de Europeaan van diepingevreten angst".[27] Voor hom het prof JH Bavinck in 1954 opgemerk dat vrees die eintlike grond van apartheid is. Rassevermenging sou juis meebring dat "het blanke ras in Zuid-Afrika langzaam zou worden verswolgen in de veel grotere Bantoe-gemeenschap, en dat dus in zekere zin het behoud van de westerse beschaving op het spel stond".[28] Ook dr Wm Nicol sr[29] het die vrees by die blanke beoordeel as 'n vrees vir die getalle van die swartes. Hy het selfs gemeen "Ons houding teenoor die nie-blankevraagstuk is in die verlede in 'n waarskynlik te groot mate deur ons vrees vir verswelging in die swart see beïnvloed". Die sug na selfbehoud was egter na sy mening "'n gesonde Christelike beginsel". "Die heiligheid van die volksbestaan as 'n skepping van God wat met 'n bepaalde doel geskied het, dwing ons reeds om daardie bestaan te beveilig -- Ons kan goeie Christene wees en tog met heilige erns vir die voortbestaan van ons ras waak".[30] Die Franse joernalis Paul Giniewski wat in 1961 geskryf het oor die tuislandbeleid as 'n moontlike oplossing van Suid-Afrika se probleme, het ook opgemerk: "The fear of the White man is fanned by the tumultuous awakening of the African giant at his frontiers. He sees in the bantu of South Africa the vanguard of the 200 000 000 Blacks of the continent.... The vast majority of South Africans think that a multi-racial state would be a Black state in which the White man would no longer have any kind of right or security".[31]

---

[27]Hoekendijk, JC. Kerk binneste buiten, p 132.

[28]Bavinck, JH. Het rassenvraagstuk in Zuid-Afrika p 5.

[29]Dr Wm Nicol sr was vir baie jare moderator van die NG Kerk in Transvaal, en later administrateur van Transvaal.

[30]Nicol, Wm. "'n Grootse Roeping" in Regverdige Rasse-Apartheid p 21-22.

[31]Giniewski, Paul. Bantustans - A trek towards the future, p 88.

PV Pistorius, hoogleraar in klassieke tale aan die Universiteit van Pretoria, het op 'n belangrike aspek gewys in verband met die vrees van die blanke. Die vrees van die blanke vir die swartman is juis die gevolg van apartheid! "Dit is ons tradisie om die deure toe te hou, en die deure is toe. Hoe toe is hulle nie! Dit, glo ek, is die vrees van die blanke. Dit is die situasie eerder as die Bantoe wat hy vrees. Hy vrees sy eie hulpeloosheid om te doen wat gedoen moet word".[32] In 1957 reeds het Pistorius geskryf dat die verslag van die Tomlinson-kommissie in 1955[33] die finale vernietiging van alle hoop was dat apartheid prakties uitvoerbaar was. Maar, hoewel ons self ons probleme geskep het, moet in gedagte gehou word: "Daar is niks wat intrinsiek in een van die groepe of in die geaardheid van die land is wat dit onmoontlik gemaak het om een of ander patroon te kry waarvolgens ons sou kon saamwoon nie".[34]

Ook prof BB Keet wat saam met PV Pistorius teen apartheid en ook die Skriftuurlike fundering daarvan gestry het, het 'n belangrike siening in verband met die vrees van die blanke aangeroer. Die vrees was vir Keet nié 'n vrees vanweë moontlike bedreiging van Christelike waardes nie, maar die vrees vanweë die moontlike bedreiging van 'n blanke beskawing. Immers, die Christelike

---

[32]Pistorius, PV. Die Trek is verby, p 41-42.

[33]Die Tomlinson-kommissie - so genoem na aanleiding van die voorsitter, prof FR Tomlinson - is deur minister EG Jansen aangestel "om 'n deurtastende ondersoek in te stel na en verslag uit te bring oor 'n omvattende skema vir die rehabilitasie van Naturellegebiede binne die Unie van Suid-Afrika, met die oog op die uitbouing van 'n eie volkstruktuur gebaseer op doeltreffende sosio-ekonomiese-beplanning". (Samevatting van die Verslag p xviii). Die kommissie het op 1 Oktober 1954 sy verslag ingedien. Verwoerd wat van die begin af teen die aanstelling van die kommissie was, het in Oktober 1950 minister van Naturellesake geword en oa met sy weiering van wit kapitaal om die swart gebiede te ontwikkel, die aanbevelings van die kommissie verongeluk.

[34]Pistorius, PV. aw p 42.

waardes is ook vir die groot getal swart Christene belangrik. Keet het tot die slotsom gekom dat die vreesmotief vanselfsprekend nie onvoorwaardelik veroordeel moet word nie. "Die gevaar dat die sogenaamde blanke beskawing aan die genade van die barbaarse of semi-barbaarse meerderheid sal oorgelewer word, is nie denkbeeldig nie. Maar dan moet barbaarsheid nie met kleur vereenselwig word nie; dit moet nie voorgestel word asof die grootste euwel waarteen gewaak moet word, die verlies van ons blanke vel is nie".[35]

Die sterk aanwesigheid van vrees by die blanke Suid-Afrikaners was nie alleen duidelik uit die Nasionale Party se verkiesingskreet in 1948 naamlik "Hou Suid-Afrika wit!" nie, maar ook in die spoed en fanatisme waarmee die beleid van apartheid vanaf 1948 en veral vanaf 1958 onder dr HF Verwoerd toegepas is. Sedert 1982 het dié vrees selfs opsigteliker geword met die stigting van die Konserwatiewe Party onder leiding van die eertydse kerkman, dr AP Treurnicht.[36] Dié party wat in 1987 die amptelike opposisie in die Parlement geword het, kan die Nasionale owerheid nie vergewe dat hulle die beleid van apartheid prysgee nie.

Die bekende skrywer Alan Paton het jare gelede geskryf dat "the Afrikaner fear of the African is something to be confronted, not evaded".[37] Later het hy sy oordeel beter geformuleer toe hy nie meer na die Afrikaner se vrees verwys het nie. In The Sunday Times van 17 Mei 1987 het hy geskryf oor "the frightened voters" wat in die verkiesing na regs teen die regering beweeg het. "Why did white South Africans move so decidedly to the Right? Because they were frightened - the main reason was fear, of the ANC, of the UDF, of Cosatu, indeed of the future".[38]

---

[35]Keet, BB. Suid-Afrika Waarheen? p 47.

[36]'n Vroeër predikant van die NG Kerk en redakteur van Die Kerkbode. Later redakteur van die politieke dagblad Hoofstad. Daarna lid van die Kabinet en later leier van die amptelike opposisie in die Parlement.

[37]Paton, Alan. Save the Beloved Country p 46.

[38]Aw p 103.

Miskien is die ergste van vrees dat dit dinamies is. Dit laat 'n volk dinge doen wat vreemd is aan homself en dit skep ook al meer vrese en redes vir vrees. Dit is juis hierdie vrees wat apartheid geskep het, wat mede-oorsaak daarvan is dat daar tans 'n groot groep armes is - 'n groep gegriefdes. Esterhuyse herinner dat "regmatig gegriefde mense ook gevaarlike mense is".[39]

2.2 DIE ROEPSTEM VAN DIE SKRIF TOT APARTHEID

Die verhouding tussen wit en swart in Suid-Afrika is vir die grootste deel van die geskiedenis gereël op grond van praktiese oorwegings. In Junie 1936 egter is daar in Die Gereformeerde Vaandel geskryf dat daar nog geen bevredigende oplossing bestaan vir die "naturellevraagstuk" nie, maar is gesuggereer dat daar sprake is van grenslyne wat deur God neergelê is. "Nou is dit ongetwyfeld waar dat die Afrikanerbeleid wat gegrond is op die geskiedenis en ondervinding van die verlede immer gekant was teen sosiale gelykstelling tussen Blankes en nie-Blankes. Die toeleg was altyd om die Naturelle wel billik en regverdig te behandel volgens christelike beginsels, maar terselfdertyd die deur God self gelegde grenslyne te observeer".[40]

In Mei 1939 het ds JG Strydom die reeds vermelde inleidingsartikel in Die Kerkbode geskryf onder die opskrif "Ons sendingbeleid en Apartheid".[41] Hierin is daar nog geen sweem van die Skriftuurlike fundering van die betrokke beleid nie. In 1942 volg uit ds Strydom se pen 'n publikasie "Die Rassevraagstuk en die toekoms van die Blankes in Suid-Afrika" waarin hy hom nog steeds beroep op apartheid op sosiale gebied as 'n praktiese reëling.[42]

---

[39]Esterhuyse, WP. Afskeid van Apartheid p 65.

[40]Die Gereformeerde Vaandel, Junie 1936, p 162-164.

[41]Die Kerkbode, 3 Mei 1939, p 787-788. Ons Sendingbeleid en Apartheid.

[42]Strydom, JG. "Die Rassevraagstuk en die toekoms van die blankes in Suid-Afrika", Uitgegee deur die NG Kerk in die OVS, 1942, p 12.

Sonder om egter enige Skrifbewys te lewer, verwys die skrywer aan die slot van die geskrif na God se wil in verband met aparte nasies. ".... segregasie en differensiasie of in kort en beter verstaanbaar: Die beleid van Apartheid .... is die beleid van ons Unie-regering. ... Dit is ook die uitdruklike beleid van ons Kerk omdat hierdeur alleen die regte verhouding tussen die rasse teweeggebring kan word en die regte respek vir mekaar gehandhaaf kan word. Hierdie beleid het meegewerk om die Afrikaanse volk nog so 'n suiwere blanke ras vir byna drie eeue in Suid-Afrika te hou en die grondslag van hierdie beleid moet gesoek word in ons Bybelse Protestants-Calvinistiese geloofsbelydenis, waar ons erken dat God in sy Soewereine Almag dit gewil het dat daar aparte nasies sou wees, met hulle eie taal en tradisies. So het God vir elke volk sy woning, taal en kleur aangewys en dit pas die Christen om dit te erken en te eerbiedig".[43]

Die sendingblad, Op die Horison, met dr GBA Gerdener as redakteur, het vanaf 1939 verskyn. Uit verskeie artikels aan die begin, blyk dit dat apartheid steeds gesien is as 'n bloot praktiese reëling. In 1941 het die Raad van Kerke se kommissie vir afwykende rigtings dit ook nog so gesien. In Maart 1942 het daar egter 'n artikel van dr WJ van der Merwe[44] verskyn oor die beleid van segregasie as gegrond op ons ervaring, maar die skrywer het gepleit dat "die volksuitkyk" in die lig van die Skrif ondersoek moet word. Self het hy sekere "beginsels" aangebied nl (1) die Bybel aanvaar en regverdig die handhawing van 'n verskeidenheid van kulture, volke en rasse; (2) die Bybel beklemtoon die waarde van die persoonlikheid, en dus ook die waarde van die volk en ras. Hy noem as gronde vir die eerste beginsel die feit dat aan Israel die opdrag gegee is om hom nie te vermeng met die ander volkere nie (Jos.23:12,13). Op die Pinksterdag word die evangelie aan die menigte elk in sy eie taal gebring; in Handelinge 17:26 meld Paulus van God wat "die bepaalde tye en grense van

---

[43]Aw p 43.

[44]Op die Horison, Maart 1942. "Segregasie en Aparte Woongebiede" p 15-22.

hulle woonplek" vir die nasies vasgestel het; in Openbaring 7:9 sien Johannes 'n skare uit alle nasies en stamme en volke en tale, en in Openbaring 21:26 word gemeld van die heerlikheid en eer van die nasies wat in die hemelse Jerusalem ingebring sal word. AJ Botha[45] is korrek as hy meen dat hierdie die eerste Skrifbewyse vir die "apartheidsparadigma" was. Die brief van Ben J Marais in Die Kerkbode van 10 April 1940 waarin hy gewaarsku het teen pogings om segregasie op die Skrif te fundeer,[46] verwys kennelik nie na 'n algemene gebruik op daardie tydstip nie.

Die eerste gesistematiseerde poging om apartheid op die Skrif te fundeer, het gekom toe Totius tydens die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) se volkskongres in Bloemfontein op 29 en 30 September 1944 'n rede gelewer het. Die tema van die kongres was "Die rassebeleid van die Afrikaner" en Totius het gepraat oor "Die godsdienstige grondslag van die rassebeleid van die Afrikaner". Hy het begin deur sy gehoor mee te deel dat die voorstanders van gelykheid altyd 'n teks vir hulle argumente het nl Kolossense 3:11 - "Waar daar nie Griek en Jood, besnedene en onbesnedene, barbaar, Scyth, slaaf, vryman is nie, maar Christus is alles in almal". Self verklaar hy dan: "'n Teks het ek nie, maar ek het die Bybel, die hele Bybel. My bewysvoering sal gaan van Genesis tot Openbaring. So moet ons bewyse uit die Heilige Skrif aanvaar. ... Ek begin met die eerste bladsy van die Skrif. God sal 'n kosmos skep, 'n skone eenheid. Hoe tree Hy op? As Hammabdil, dit wil sê as Skeidingmaker".[47] Op al die skeppingsdae het God skeiding aangebring. Dit het God ook met die nasies gedoen. God het nie die nasies geskep as 'n hoop mense sonder onderskeid nie, maar vooraf volgens Handelinge 17:26 bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel. Met die byvoeging by hierdie teks nl "om die aarde te bewoon", het Paulus aangesluit by God se bevel: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul

---

[45]Botha, AJ. "Die evolusie van 'n volksteologie" p 191.

[46]Die Kerkbode, 10 April 1940, p 645. Korrespondensie: "'n Oproep".

[47]Inspan Desember 1944 p 7.

die aarde" (Gen.1:28) - 'n bevel wat herhaal is na die Sondvloed (Gen.9:1). "Vul die aarde" beteken vir Totius: trek! En te trek beteken nasiewording. Hierdie trek is met die Groot Trek voltooi. "Deur die bevel: "Vervul die aarde" het God sy goedkeuring aan nasiewording geheg. Vandaar dat Paulus kon sê dat God uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak het".[48]

By die toring van Babel het God weer as Skeidingmaker opgetree toe die mense in die vlakte van Sinear besluit het om nie verder te trek nie omdat hulle een nasie wil bly.[49]

Dit is duidelik dat Totius hier vir Kuyper nagepraat het - veral in lg se siening van die skeppingsordinansies en die beginsel van verskeidenheid. Veral is dit verrassend dat Totius uit De Gemeene Gratie aanhaal van Kuyper se siening van "dat Sinearplannetje"[50] van die mense van Babel om nie verder te trek nie. Kuyper het hierdie geskiedenis in verband gebring met die Suid-Afrikaanse Boere se trek en ook die Groot Trek. "Wel nu, zulk een 'trek' is juist het tegendeel van wat zich in Sinears vlakte openbaarde. Ook toen moesten ze trekken, maar ze wilden niet, en stelde zich nu uit beginsel en met voorbedachten rade tegen het beginsel van het trekken over. Niet 'trekken' maar 'bijeen blijven', was het wachtwoord. En gelijk men nu van achteren wel zal toestemmen, dat de Kaapsche Boeren het bestel Gods zouden weerstaan hebben, indien ze niet waren uitgetogen, evenzoo weerstond het toenmalig geslacht in de vlakte van Sinear den wil des Heeren, door zich niet te willen verspreiden".[51]

Vir Totius was dit duidelik dat wie ook al Kolossense 3:11 aanhaal as "liberalistiese" argument vir gelykmaking, ook herinner moet word aan Galate 3:28 waar Paulus byvoeg dat daar nie meer man of vrou in Christus is nie. Die oplossing lê in die sleutel-

---

[48]Aw p 7.

[49]Aw p 9.

[50]Kuyper, AA. Gemeene Gratie 1 p 303.

[51]Aw p 302.

woord in Christus. Wie in Christus is, is geestelik een, al bly die aardse onderskeidinge bestaan.[52] "Gevolglik wil ons geen gelykstelling en ook geen verbastering nie".[53] Gelykstelling openbaar die Babiloniese plan van gelykmaking wat deur God in die vlakte van Sinear verydel is. Maar ons wil ook nie verbastering of saamvoeg wat God geskei het nie. Hoeseer die Skrif teen alle onnatuurlike vermenging gekant is, blyk uit die wette teen twee soorte saad in die wingerd, die verbod op die ploeg met 'n os en 'n esel tegelyk, en die verbod op gemengde kleding (vgl Deut.22:9-11 en Lev.19:19). Wat betref die gemengde huwelik - alhoewel die mens slegs een soort is, is die blanke en die naturel so ver van mekaar verwyder, dat 'n huwelik tussen dié twee inderdaad 'n mengsel genoem kan word. Hier moet herinner word aan die woord van die Here by die skepping van Eva: "Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas".[54]

Vir nog 'n tydjie het die pragmatiese en beginselstandpunte oor apartheid naasmekaar in die NG Kerk voorgekom, maar gaandeweg het die beginselstandpunt die oorhand begin kry. Nog voor die toespraak van Totius by die FAK-kongres het die eerste amptelike poging van 'n NG Kerkvergadering om apartheid op die Skrif te fundeer, plaasgevind. Dit het naamlik gebeur by die vergadering van die Raad van Kerke in 1943 waar soos volg verklaar is: "Hierdie vergadering het kennis geneem van die toenemende agitasie vir kleur- en rassegelykstelling in ons land, maar wil daarop wys dat volgens die Bybel God in waarheid nasies so in aansyn roep (Gen.11:1-9; Hand.2:6,8,11) met elk sy eie taal, geskiedenis, Bybel en Kerk en dat die heil ook van die naturellestamme in ons land daarom moet gesoek word in geheiligde selfrespek en in Godgegewe nasietrots".[55]

---

[52]Inspan Des. 1944 p 9.

[53]Aw p 13.

[54]Aw p 13.

[55]Handelinge van die Raad van Kerke 1943 p 22 - aangehaal deur AJ Botha aw p 199.

In 1947 het die Raad van Kerke se Kommissie vir Aktuele Vraagstukke aan die Raad verslag gedoen oor "Die apartheid van nasies en hulle roeping teenoor mekaar". Hierdie verslag wat opgestel is deur prof dr EP Groenewald[56] is later deur die Transvaalse Sinode van 1948 behandel en het in uitgebreide vorm verskyn in 'n boek van prof dr G Cronje[57] waarvan Groenewald medewerker was nl "Regverdige Rasse-apartheid". In dié verslag staan Groenewald op "die beginsels van rasse-apartheid en voogdyskap" soos aanvaar is deur die Volkskongres van die FAK in Bloemfontein in September 1944 nl dat dit in die belang is van die bevolking van Suid-Afrika dat 'n beleid van apartheid gevolg word, en dat dit die Christelike plig is van die blanke om as voog oor die nie-blanke op te tree tot tyd en wyl hulle die peil bereik het om self oor hulle sake te beslis. Groenewald het hom ook beroep op die kerklike volkskongres wat in Julie 1947 in Johannesburg dieselfde standpunt ingeneem het.[58] Die Skrifgronde van Groenewald was eintlik maar net 'n herhaling van die vorige Skrifbewyse. Hy het beklemtoon dat (1) die Skrif die eenheid van die menslike geslag leer; (2) die verdeling van die menslike geslag 'n bewuste daad van God was; (3) die Here wil dat aparte volke hulle apartheid moet bly handhaaf; (4) apartheid hom uitstrek oor die hele terrein van die volkslewe nl nasionaal, sosiaal, godsdienstig; (5) "Gods seën rus op die eerbiediging van apartheid"; (6) in Christus 'n hoër geestelike eenheid tot stand kom; (7) die sterkere 'n roeping het teenoor die swakkere. Die skrywer het afgesluit met die opmerking: "Met die oog hierop kan met dankbaarheid gekonstateer word dat die rassebeleid van die Afrikaners 'n bewys lewer van die volk se eerbied vir God en Sy Woord. En die Skrif

---

[56]Hoogleraar in Nuwe Testamentiese vakke aan die Teologiese Fakulteit Afdeling B, Universiteit van Pretoria.

[57]Een van die grondleggers saam met Groenewald van die "beginsel" van apartheid. Op 30 Augustus 1987 was hy die ontvanger van die Staatspresident se toekenning van die orde vir voortreflike diens, Klas 1, Goud. Beeld 29 Augustus 1987.

[58]Regverdige Rasse-apartheid p 41-42.

sê: Welgeluksalig is die nasie wie se God die Here is (Ps. 23:12)".[59]

Op 26 Mei 1948, één maand na die Sinodesitting waarop Groenewald se verslag goedgekeur is, het die Parlementêre verkiesing plaasgevind. Die Nasionale Party met die slagkreet "Apartheid!" het die verkiesing gewen met 'n beleid waarvoor daar, geoordeel aan Sinodale besluite, Skrifgronde aan te dui was.

Dr Malan se Kabinet van 1948 was die eerste sedert Uniewording wat slegs uit Afrikaanssprekendes bestaan het. Generaal Louis Botha se visioen dat demografiese magte op die lange duur die verloorders van die Anglo Boere-oorlog aan bewind sou bring, is bewaarheid.[60] Die rassevraagstuk waarvan Die Kerkbode reeds in 1921 geskryf het dat dit die grootste vraagstuk is - "De meeste onzer beseffen het niet; anderen geloven het niet"[61] - sou nou vir minstens die volgende dertig jaar toegespitste aandag kry. Apartheid wat op die Skrif berus, sou die metode wees vir die oplossing daarvan.

Na 1948 is daar voortgegaan om die beleid van apartheid op die Skrif te fundeer. In Die Kerkbode van 22 September 1948 het die redakteur, dr TN Hanekom, geskryf oor "Apartheid as kerklike Beleid" en verwys na mense wat beweer dat dié beleid strydig met die Bybel is. Sulke mense doen dit "sonder om aan te toon in watter opsig".[62] In 'n opvolgartikel in die volgende uitgawe van die blad skryf hy al is die beginsel van apartheid nuut, dit tog nie 'n "onbekookte gedagte" is nie, "en ook nie die werk van een dag nie. Na langdurige wisselwerking van gedagtes vir byna tweehonderd jaar is dit as beleid aanvaar, as die vrug van baie harde lesse uit die ondervinding, en van kennis en insig in ons lands-

---

[59]Aw p 67.

[60]South Africa - An Appraisal. The sovereign risk criteria. The Nedbank Group, 1977 p 180.

[61]Die Kerkbode 20 Oktober 1921.

[62]Die Kerkbode 22 September 1948 p 665.

vraagstukke".[63] Met klem het hy verklaar dat die pleit vir maatskaplike gelykstelling in Suid-Afrika in die verlede en tans, nog uit Skriftuurlike, nog uit Christelike oorweginge voortspruit. "Dis hierheen oorgebring deur sommige filantropiese, eintlik liberalistiese geeste - mense wat die gesag van die Heilige Skrif op elke terrein van die lewe verwerp het".[64]

Die kerklike kongres van die NG Kerke insake maatskaplike euwels in Johannesburg op 6 tot 8 Julie 1949 was heel uitgesproke oor en seker van God se wil in apartheid. In geen onduidelike taal het die kongres hulle uitgespreek teen die "gelykstellingsleer wat die verskille wat God daargestel het, wil uitwis. Die owerheid is ook gedank vir die wet om gemengde huwelike te verbied. Juis in die lig van laasgenoemde en die gebeure in Botswana is besluit: "Met die oog op die ernstige reperkussies wat die huwelik van Tseretse Khama met 'n blanke vrou op rasseverhoudings in Suid-Afrika kan hê, versoek die Kongres die H E Regering om so spoedig moontlik vertoë tot die Britse Regering te rig om sy erkenning van Tseretse as opperhoof van die Bamagwatostam te weerhou".[65] Wat apartheid betref, het die kongres sy oortuiging uitgespreek "dat die Heilige Skrif in breë trekke die bestaan van aparte rasse en volkere handhaaf...".[66]

In 1951 het die Transvaalse Sinode van die NG Kerk opnuut besluit dat die kerk 'n verantwoordelikheid het om "hierdie probleem aan te pak en in teorie en praktyk aan die wêreld te bewys dat die ware oplossing gevind kan word alleen in die erkenning van God se verdelingswerk en met respektering van die volkseie van elke

---

[63]Die Kerkbode 29 September 1948 p 724.

[64]Aw p 724.

[65]Referate en Besluite van die kerklike kongres van die Gefedereerde NG Kerke insake Maatskaplike Euwels gehou te Johannesburg 6-8 Julie 1948. Uitgegee deur die Federale Raad vir die bestryding van Maatskaplike Euwels p 214.

[66]Aw p 214.

groep".[67] In April 1954 het dié Sinode weer vergader en besluit om die Kommissie vir Aktuele Sake van die Raad van Kerke te versoek om die stellinge van die Sinode van 1951 oor die Skriftuurlike gronde vir apartheid verder uit te bou. Die voorsitter van dié kommissie, prof dr AB du Preez van die Teologiese Fakulteit in Pretoria, het in uitvoering van dié besluit 'n publikasie die lig laat sien onder die titel "Die Skriftuurlike grondslag vir die rasseverhoudinge". Hierin het hy hoofsaaklik dieselfde tekse aangehaal as Totius in 1944. Ook sy bevinding "dat kultuur alleen kan bloei binne die volkskring, maar nie in die kosmopolitiese eenheid van volke nie",[68] herinner aan Totius se uitspraak in 1944 nl "Die volke moet hulleself dus handhaaf en dit teenoor die Babiloniese gees van eenmaking".[69] In 1959 het du Preez 'n verdere boek oor dié onderwerp gepubliseer nl "Eiesoortige Ontwikkeling tot Volksdiens: Die hoop van Suid-Afrika". Die gewone Skriftuurplase is weer voorgehou - op so 'n wyse dat prof dr AS Geyser van die Hervormde Kerk dit nodig gevind het om daarop te antwoord - want "The good name of the church and the scientific standard of theology in South Africa are at stake".[70]

Vir 27 tot 30 Junie 1956 het SABRA[71] 'n volkskongres gereël waar

---

[67]Handelinge van die 22e Sinode van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1951 p 188.

[68]Die Skriftuurlike grondslag vir die Rasseverhoudinge, p 13.

[69]Inspan, Des. 1944 p 9.

[70]Patrick J Hartin het Geyser se opmerking vryelik uit die Afrikaans vertaal in 'n artikel Apartheid and the Scriptures. The contribution of Albert Geyser in this polemic. Journal of Theology for Southern Africa - Special Issue in honour of Albert Geyser, September 1988 p 20. Die oorspronklike artikel van prof Geyser het in 1960 verskyn in Hervormde Teologiese Studies 16 1960 onder die opskrif "Christelike Godsdiens en eiesoortige volksdiens: 'n Beoordeling van die boek van AB du Preez, Eiesoortige Ontwikkeling tot Volksdiens".

[71]Verkorting vir Die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseverhoudinge, die eweknie van die Engelse South African Institute for Racial Relations.

ongeveer 800 afgevaardigdes, grootliks uit die Afrikaanse Kerke, teenwoordig was om die Tomlinsonrapport te bespreek. In hierdie lywige rapport is integrasie verwerp en is voorgestel dat die gebiede vir swartmense gekonsolideer en ontwikkel word vir elke volk. Ook die kongres het integrasie verwerp en selfbeskikking vir die swart volke aanvaar as die enigste aanvaarbare beleid vir Suid-Afrika.[72]

Vanaf 8 tot 11 April 1960 is daar te Kroonstad 'n Uniale Sendingkongres gehou - gereël deur die Federale Sendingraad. Dit was tydens die noodtoestand wat afgekondig is na die skietery by Sharpeville in Maart 1960 waartydens 69 swartmense gedood en 180 beseer is.[73] Dit was die eerste keer dat nie-blankes by so 'n algemene sendingkonferensie teenwoordig was![74] Die konferensie het met blydskap kennis geneem van die mededeling van die minister van Bantoe-administrasie, mnr MC de Wet Nel, dat die swart gebiede vinniger ontwikkel gaan word. "Die hoop is uitgespreek dat die ontwikkeling vir die Bantoe 'n heenkome in sy eie gebiede sal bied, sodat hulle nie in sulke groot getalle van werk in die blanke stede afhanklik sal wees nie".[75]

In 1961 het die boek "Grense" verskyn. Dit was die werk van 'n groep leiers in die NG Kerk. In sy bydrae het ds JS Gericke gewaarsku "Ons mag nie die pad na mense se harte probeer oopmaak of oophou deur vir hulle op nie-kerklike terreine na die mond te praat nie".[76] Tog het leidende kerklike figure soos proff FJM Potgieter en TN Hanekom van die Teologiese Kweekskool te Stellen-

---

[72]Lombard, RTJ. Die Nederduitse Gereformeerde Kerke en die Rassepolitiek met spesiale verwysing na die jare 1948 - 1961 p 154-155.

[73]Sien Hoofstuk 3.3. Die gebeure by Sharpeville was die aanleiding vir die Cottesloe-beraad in Desember 1960.

[74]Lombard, RTJ. aw p 195.

[75]Aw p 195.

[76]Gericke, ds JS. Die taak van die kerk in krisistye. Grense - 'n Simposium oor rasse- en ander verhoudinge, p 21.

bosch, dr JD Vorster en dr AP Treurnicht hulle onomwonde uitgelaat vir dit wat in die harte van die mense geleef het - apartheid.

In 1975 het dr Treurnicht sy omstrede boek "Credo van 'n Afrikaner" gepubliseer waarin hy hom onomwonde ten gunste van apartheid as sogenaamde Skrifgegronde beleid uitlaat. Van "petty" apartheid[77] verklaar hy hom ook 'n ondersteuner: "Een ding is seker: Jy sal nie apartheid groot-maak as jy hom klein-klein doodmaak nie".[78] Ben Engelbrecht herinner aan 'n Sondagaand in 1968 toe dr Treurnicht in 'n praatjie oor die radio gepraat het oor Galate 3:28 - nie meer Jood of Griek, slaaf of vryman, man en vrou; almal een in Christus. Die teks is so verwring ter wille van apartheid, dat Engelbrecht opgemerk het: "Onstellend is dat daar al die jare nog geen sprake daarvan was dat of individuele kerkmanne of 'n amptelike instansie van die kerk aan die hand van hierdie of dergelike vertolkinge van die Skrif leertug oorweeg het nie...".[79]

In 1975 is "Ras, Volk en Nasie" (RVN) gepubliseer nadat dit in 1974 deur die Algemene Sinode goedgekeur is.[80] Dit was die vrug van 'n besluit van die Algemene Sinode in 1970 om 'n ad hoc studiekommissie te benoem "om 'n omvattende en diepgaande studie te maak van die rasse- en ekumeniese vraagstukke veral soos dit Suid-Afrika en die Ned Geref Kerk in besonder raak".[81] Die besinning "vanuit die ewig en onveranderlike norme van die Woord

---

[77]Bv aparte ingange by poskantore, aparte banke in parke, aparte hysbakke.

[78]Treurnicht, AP. Credo van 'n Afrikaner p 24.

[79]Engelbrecht, Ben. Ter wille van hierdie wêreld. Politiek en Christelike heilsbelewing in Suid-Afrika p 24.

[80]Die volledige titel is: Ras, Volk en Nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif.

[81]Handelinge van die Derde vergadering van die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk gehou in Pretoria op Woensdag 14 Oktober 1970 p 785.

van God"[82] het maar net daartoe gelei dat apartheid op die bekende gronde goedgepraat is.

Vir ongeveer dertig jaar was apartheid vir die NG Kerk 'n beleid wat op die Skrif gegrond was. Hulle wat verskil het, is geëtiketteer en druk is op hulle uitgeoefen om wat Walter Künneth noem 'n "kadavergehoorsaamheid" te beoefen eerder as om hulle gewetens te laat spreek.[83] Wie nie saamgeloop het nie, is as liberaliste en vyande van die volk bestempel. So het dit gebeur met prof BB Keet. By 'n konferensie van kerkleiers van 17 tot 19 November 1953, het hy in sy voorsittersrede herinner dat apartheid geen grond in die Skrif het nie. Hierop het die redakteur van die sendingblad, Die Basuin, gereageer deur melding te maak van die "bepaalde wanklank" by die konferensie. "In die plek van atmosfeer te skep, het die openingsrede die Afrikaanssprekende lede, uitgesonderd een,[84] in diepe verleentheid gebring. ... Om van 'n professor van die Hollandse Kerk te verneem dat daar teoreties geen beswaar is dat sy dogter met 'n opgevoede Kristen-naturel kan trou nie, maar dat daar wel praktiese besware is wat dit verhinder, het vreemd geklink in die ore van die Afrikaner Kristen".[85]

2.3 DIE KERKLIKE EIS - APART MAAR REGVERDIG

Op die hoogtepunt van die apartheids-era het prof BB Keet in 1963 verklaar: "I think the Dutch Reformed Church leaders are very

---

[82]RVN p 4.

[83]Künneth, W. Politik zwischen Dämon und Gott, 1961 p 295. "Der Kadavergehorsam verlangt also die Vernichtung aller persönlichen und humanen Gefühle, die Preisgabe des eigenen bewusten Willens, das Opfer der Eigenen Einsicht und Urteilskraft sowie die Ertötung aller Gewissensregungen".

[84]Was dit dalk prof Ben Marais wat prof Keet ondersteun het? Op navraag van die skrywer het prof Marais gesê hy kan nie onthou of hy daar teenwoordig was nie, maar dat dit baie waarskynlik is.

[85]Die Basuin, 29e Jaargang, Januarie 1954, p 1.

honest in their standpoint".[86] Met hierdie oordeel kan ingestem word. Hulle was nie alleen eerlik oor apartheid as oplossing vir die rassevraagstuk van Suid-Afrika nie, maar ook dat dié beleid regverdig toegepas moet word.

Die vermelde prof G Cronje wat saam met drr NJ Diedericks, P Meyer en EP Groenewald genoem word as een van die argitekte van apartheid, het reeds in 1940 as lidmaat in Die Kerkbode geskryf: "Die maatskaplike geregtigheid moet bevorder word. Naas die liefde is die geregtigheid seker een van die belangrikste beginsels in die leer van Christus. Dit is die wil van God dat die geregtigheid moet geskied. ... Die maatskaplike verknegting en verslawing van mense is net so onregverdig en net so strydig met die wil van God as die verknegting en verslawing van 'n volk sou wees".[87]

In die reeds vermelde artikel van ds JG Strydom in Die Kerkbode van 3 Mei 1939 oor "Ons sendingbeleid van Apartheid", is beklemtoon dat dié beleid nie uit selfsugtige motiewe nagestreef word nie, maar dat die gebod van naasteliefde daarin gestalte kry. "Ons beweer dat die beleid van apartheid verreweg die beste is vir die kleurrasse self... Op ekonomiese gebied sal dit vir hulle ontsaglik veel beteken as hulle self hul besigheid kan aan die gang hou, en nie deur mense wat hulle as parasiete uitsuig nie. Op sosiale gebied sal dit 'n groot wins wees, want hulle het dan saamhorigheid en hulle kan hulle eie lewe uitlewe sonder om na die pype van die ander ras te dans. Op godsdienstige gebied sal dit ook baie voordelig wees want dan is hulle as 'n gemeenskap saam. ... Op onderwysgebied ook sal dit 'n verbasende voordeel wees. ... In kort, hy het alles wat die blankes het,

---

[86]"The Church and the Race Problem - A Challenging series of articles published in The Rand Daily Mail, Johannesburg, 1963. Onderhoud van die redakteur Benjamin Pogrund met Keet: Scriptures do not justify apartheid" p 29.

[87]Die Kerkbode, brief op 5 Junie 1940 p 989-990.

net apart. Waar is nou die verdrukking en die onchristelikheid?"[88]

In 1942 het ds Strydom in 'n brosjure herinner: "Ons moet eerste die Koninkryk van God soek en al die ander dinge sal ons toegevoeg word. ... Verder moet ons toesien, en wel in toenemende mate, dat die Bantoes en ander nie-blankes die suiwere Evangelie kry, want ook die naturel wat 'n ware Christen word, is die sout en die lig van sy omgewing. Gee hom die regte godsdiens, die regte onderwys, die regte voorligting sodat hy ook trots sal wees op sy nasie, sy taal, sy helde en sy eiendomlike goedere - gee hom nasietrots en rassetrots en jy red hom en jy red jouself. Moet hom nie verag of minag nie. Hy is 'n mens en as jy hom met respek behandel, sal hy jou ook met respek behandel". Met klem het die skrywer herinner "dat daar hoegenaamd geen plek in Afrika vir 'n witman is wat nie wit lewe nie".[89]

Die titel van prof G Cronje se boek "Regverdige Rasse-apartheid" in 1947 het getuig van die noodsaak van regverdigheid in die toepassing van die beleid van apartheid. In 'n bydrae wat gelewer is deur die gewaardeerde kerkleier van dié tyd, dr Wm Nicol, is gepleit vir die beoefening van geregtigheid teenoor die swartman - "... ons doen hom 'n onreg aan wanneer ons finaal berus in die permanente versperrings wat ons opgerig het om te verhoed dat hy as mens al sy talente en vermoëns sal ontwikkel en aanwend om self 'n volle menswaardige bestaan te geniet".[90] Die blanke moet homself gee deur die liefde, die was van voete en die bring van offers.[91]

---

[88]Die Kerkbode 3 Mei 1939 p 787.

[89]Ds Strydom het op versoek van die Vrystaatse Sinode 'n boekie gepubliseer "Die rassevraagstuk en die toekoms van die blankes in Suid-Afrika" 1942. Vgl p 23.

[90]Dr Wm Nicol "'n Grootse Roeping" in Regverdige Rasse-apartheid p 22-23.

[91]Aw p 23.

Gereeld is oor die jare heen verwys na die NG Kerk se eerlike en goeie bedoelinge met apartheid. Teen die beskuldiginge van kwaadwillige onderdrukking van die gekleurdes, is daar steeds 'n swaar stryd gevoer - "maar nooit het ons Kerk daarvan gemaak 'n stryd teen die gekleurdes nie. Inteendeel, ook dit was 'n stryd vir hulle, 'n poging om hulle belange na die beste van ons vermoë te dien. Trouens, die groot getal geestelike arbeiders wat vandag afgesonder word tot diens van die nie-blanke bevolking, die duisende ponde wat elke jaar bestee word om sendingwerk te doen, vertel 'n ander en baie oortuigende verhaal".[92] Daarby is daar by die NG Kerk ook die oortuiging "dat blanke voogdyskap nie soseer 'n reg is nie, maar 'n hoë roeping .... want ons het nie net 'n beleid nie, maar 'n boodskap: Die Ewige Evangelie".[93]

Ook by die sendingkongres wat vanaf 4-6 April 1950 in Bloemfontein gehou is onder leiding van die Federale Sendingraad, is die eis van regverdigheid beklemtoon. Die vergadering van nagenoeg 600 afgevaardigdes is namens die Wêreldraad van Kerke bygewoon deur dr JC Hoekendijk wat die groete van die Christene in die buiteland saamgevat het met die woorde: "Zeg aan onze broederen dat wij door 't bloed van Jezus Christus zaam verklonterd zijn".[94] In sy openingsrede het prof GBA Gerdener gepleit vir die regte gesindheid teenoor die gekleurdes - 'n gesindheid van verdraagsaamheid, welwillendheid en broederlikheid. Die Kerkbode het verder gerapporteer: "Hiermee het die kongresgangers hulle vereenselwig in die besef dat ons nie net opvattinge omtrent 'n groot vraagstuk daarop nahou nie, maar as Christene 'n dure roeping het om te vervul: om die evangelie van Christus aan die Bantoerasse bekend te maak en hulle op te neem in ons Christelike gemeenskap deur die daadwerklike beoefening van die ware gemeenskap van die heiliges". Hieroor het prof EP Groenewald gewys op

---

[92]Hanekom, TN. Die Kerkbode 29 September 1948, Apartheid as Kerklike Beleid p 724.

[93]Hanekom, TN. Die Kerkbode 19 April 1950. "Eintlik 'n Sendingkongres" p 754.

[94]Die Kerkbode, 19 April 1950 p 762.

die "verkeerde opvattinge hieromtrent asof dit beteken dat ons noodwendig mekaar in dieselfde kerkgebou moet ontmoet". Hy het daarop gewys dat ons eenheid in Christus is.[95] Verder is deur die kongres ook aangedring op verbetering van gesondheidsdienste en hospitale vir nie-blankes, asook beter voedselvoorsiening, meer gesondheidsonderrig, mediese opleiding en doeltreffende bestryding van siektes. Daar was op daardie tydstip sowat 78 sendinghospitale wat deur die NG Kerk beheer is.[96]

Die gesindheid teenoor die gekleurde het onder andere daaruit geblyk dat 'n briefskrywer in Die Kerkbode beswaar gemaak het omdat daar so dikwels in dié blad geskryf word oor die swartman en sy belange. "Dit kom my voor of die naturel nou alles is en die witman niks. Wat jy hoor en sien, en alles wat gedoen word, is net vir die naturelle". Die redakteur het bondig geantwoord: "... ons Kerk is nie 'n <u>blanke</u> Kerk nie, maar 'n Christelike Kerk, en hy tel sy lidmate by honderdduisende ook onder die naturelle en Kleurlinge. ... Hierdie nie-blankes wat Die Kerkbode aan sy lesers voorstel, is dan ook die huisgenote van ons geloof en ons broeders en susters in die Here".[97]

In Oktober 1960 het 69 leiersfigure uit die kulturele, ekonomiese en kerklike lewe 'n verklaring uitgereik - "What we believe in for the Union". Van die NG Kerk se kant het leiers soos ds CB Brink, dr Wm Nicol en ds CFB Naudé dié stuk onderteken. Die ondertekenaars het gepleit dat geen groep in Suid-Afrika gesien mag word as meerderwaardig of minderwaardig teenoor die ander groep nie. Daar is ook aangedring op die verbetering van alle rassegroepe se omstandighede en dat alle moontlike pogings aangewend sal word om 'n vriendelike en konstruktiewe verhouding met die ander lande in Afrika op te bou.[98]

---

[95]Die Kerkbode, 19 April 1950 p 764.

[96]Die Kerkbode, 26 April 1950 p 820.

[97]Die Kerkbode 9 Maart 1955 p 293.

[98]The Star 20 Oktober 1960.

In Ras, Volk en Nasie (RVN) wat in 1974 deur die Algemene Sinode goedgekeur is, is verklaar: "In besonder word die gelowiges opgeroep tot 'n oorvloediger geregtigheid wat daarin bestaan dat hulle aan ander meer sal gee, juis omdat die liefde van Christus in hulle harte uitgestort is en omdat hulle na sy voorbeeld handel".[99] Apartheid moet regverdig toegepas word.

Die begrip regverdigheid is egter nooit uitgespel nie. By die Cottesloe-beraad in Desember 1960 is daar saam met die ander lidkerke van die Wêreldraad van Kerke beraadslaag en besluit oor stemreg vir Kleurlinge, eiendomsreg vir swartes, diskriminasie, trekarbeid, werkreservering, ens..[100] Maar na die skerp reaksie wat teen dié Beraad se besluite bewerk is deur politici en die Afrikaanse media, het die kerk begin swyg. In die openbaar sou die NG Kerk hom nie weer teen die beleid uitspreek nie. Moontlike kritiek op die owerheid of beleid sou voortaan streng agter geslote deure plaasvind. Dié gesprekke is gelei deur die sendingkommissie van die Federale Raad van Kerke, en vanaf 1971 deur 'n subkommissie van die Algemene Sinode se sendingkommissie (ASSK) nl die Kommissie vir Skakeling met die Owerheid (KSO). Deur dié kommissie is met die Regering onderhandel oor loonstrukture van anderskleuriges, werkreservering, ouderdoms- en ongeskiktheidstoelaes van swartmense, trekarbeid en ander aktuele sake. By die Sinode van 1978 is egter besluit dat hierdie werk nie deur die ASSK behartig kan word nie. Die Breë Moderatuur sou toe 'n KSO saamstel. Uit 'n ondersoek van JC Marais in hierdie verband het geblyk dat daar rede is vir die vermoede dat die KSO vanaf 1978 tot 1983 slegs een keer vergader het en nooit enige kontak met die Regering gemaak het nie.[101] Selfs agter geslote deure is nie meer gesê wat met geregtigheid bedoel word nie.

Die vaagheid het maar voortgeduur. En dit het nie onopgemerk

---

[99]RVN Paragraaf 13.9.

[100]Sien Hoofstuk 3.4.

[101]Dr JC Marais, Die NG Kerk en die Regverdiging van Apartheid, 1986 p 64.

verbygegaan nie. Afgesien daarvan dat die voormelde "What we believe in for the Union" van die 69 volgens gerug eers aan dr Verwoerd voorgelê was vir goedkeuring,[102] het die inhoud van die 69 se verklaring tog die redakteur van The Star genoop om op te merk: "It is a sad reflection on the level of thinking to which South Africans have been reduced that men of this calibre ... cannot and dare not express themselves in anything more than the vaguest generalities".[103] Ook oor die SABRA-Kongres van 1956 in Bloemfontein het dié redakteur hom vantevore in dieselfde trant uitgelaat. Dié kongres het die Tomlinson-verslag bespreek. Reeds na afloop van die eerste dag van die kongres het The Star daarop gewys dat niks bereik sou word as daar nie weggekom word van veralgemenings nie.[104] Enkele dae later het dié blad weer verwys na hierdie kongres van SABRA en die NG Kerke as "a demonstration of high-minded idealism, evangelical fervour and good intentions", maar bygevoeg "that it was foredoomed to futility because it never came down to earth".[105]

Maar dit was alleen wanneer daar vaag oor regverdigheid gedink en gepraat is, dat daar sprake kon wees van beide apartheid en regverdigheid. Konkrete spreke oor regverdigheid sou apartheid 'n onmoontlikheid gemaak het, want die apartheid wat vir soveel jare deur die NG Kerk ondersteun is, is wesenlik onregverdig. Daarvolgens is op grond van die 1936 wetgewing ongeveer 87% van die landoppervlakte vir die blankes gereserveer en 13% vir die swartes en dit terwyl die blankes reeds in 1911 ongeveer eenderde was van die swart bevolking, en volgens die 1987 sensus minder as een-kwart was van die swart bevolking - afgesien van die swartes in Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei (die TBVC-lande) en ook die kleurlinge en Indiërs in die Republiek.[106]

---

[102]The Star 25 Oktober 1960.

[103]The Star 21 Oktober 1960.

[104]The Star 29 Junie 1956. Aangehaal deur RTJ Lombard aw p 156.

[105]The Star 2 Julie 1956. Aangehaal deur RTJ Lombard aw p 156.

[106]Bulletin vir Statistieke, Kwartaal geëindig Junie 1988, Sentrale Statistiekdiens, RSA, Vol 22 nr 2.

Verder was die apartheid wat die NG Kerk ondersteun het, die apartheid van die Groepsgebiedewet waardeur tussen 1950 en 1984 126 171 gesinne hervestig is waarvan 98.08% Kleurling- en Indiërgesinne was wat op dié wyse hulle eiendomme verloor het.[107] In Oktober 1979 het die Financial Mail die sluier gelig oor die geldelike implikasies wat die apartheid wat steeds deur die NG Kerk ondersteun is, vir die swartman gehad het. Op daardie tydstip was daar vir die swartman in die tuislande die keuse van daar te bly en geen brood te hê nie of onwettig na die stede te kom en op gevaar van tronkstraf tog brood te hê. Vir 'n werker van die Transkei wat onwettig in Pietermaritzburg sou kom werk, nege maande werk en dan gevang word en drie maande in die gevangenis spandeer, sou dit nogtans 'n verbetering van 702.7% in sy lewensstandaard meebring! Vir 'n werker uit die Ciskei wat onwettig in dieselfde stad sou kom werk vir 3 maande en dan nege maande in die gevangenis deurbring, sou sy lewensstandaard nogtans met 234.2% styg![108] Verder was die apartheid waarvoor die NG Kerk sy steun gegee het dié waarvolgens onder leiding van dr Verwoerd geweier is dat daar enige blanke kapitaal gebruik mog word om die tuislande te help ontwikkel sodat daar meer werkgeleenthede kon kom.[109] Die steun van die NG Kerk was ook vir dié apartheid waardeur duiselingwekkende bedrae bestee is om afgesien van die Republiek van Suid-Afrika self, nog vier bykomstige

---

[107]The Citizen 29 September 1988 oor mev Helen Suzman in Parlement op 28 September.

[108]The Financial Mail 12 Oktober 1979 het 'n tabel gepubliseer wat voorberei is deur Jan Lange van Unisa. Dit is oorgeneem deur Race Relations News van Januarie 1980.

[109]Botha, MC, LV, Minister van Bantoe-administrasie en Ontwikkeling en van Bantoe-onderwys het dié standpunt van Verwoerd onderskryf en verklaar "... dat daar nie bestuurs-, ekonomiese, maatskaplike en administratiewe integrasie tussen Blank en Bantoe in enigeen se tuisland kan wees nie, omdat dit sal lei tot gelykstelling op bepaalde terreine". "Veelvolkige Ontwikkeling en Naasbestaan" p 12. Uitgegee deur die Transvaalse Inligtingsburo van die Nasionale Party, gedruk deur Voortrekkerpers Bpk Des. 1969.

republieke en ses nasionale state te stig. So het daar saam met die drie Parlemente in die blanke deel, dertien Parlemente ontstaan waarvan die swart gebiede (13% van die landoppervlakte) tien het![110] Hierdie uitgawes is aangegaan met die doel om die swartmense apart te kry - wat geen regverdige apartheid geskep het nie.

Daar sou lank voortgegaan kan word om aan te dui dat die apartheid waarvoor die NG Kerk sy steun gegee het, nooit gerym het met die geregtigheid waarvoor die kerk altyd gepleit het nie. Apartheid het vir die swartman juis beteken dat daar geen reg is nie.

Dat die NG Kerk 'n beleid vol onreg ondersteun het en tog vir die reg bly pleit het, was egter nie 'n saak van oneerlikheid nie. Prof Keet was reg in sy oordeel dat die NG Kerk en sy leiers eerlik was. Die anomalie het ontstaan gedeeltelik deur die feit dat die witman in 'n ander wêreld as die swartman geleef het, en ook dat die kerk se oë gesluit was vir die nuwe geslag swartmense wat opgekom het. Maar die eintlike verklaring is dat die NG Kerk nooit werklik nagedink het wat apartheid beteken of wat die begrip geregtigheid inhou nie.

2.4 DIE ROEPSTEM VAN DIE SKRIF TEEN APARTHEID

Anders as vandag, was daar 'n tyd toe daar in die NG Kerk bedroef min stemme opgegaan het teen die fundering van apartheid op die Skrif. En ook anders as vandag, was daar 'n tyd toe bedroef min predikante die moed gehad het om die apartheidsbeleid teen te gaan en te verwerp op grond van die Skrif. In dié tyd het die meeste predikante gekonformeer met 'n houding van "liewer uit die wêreld as uit die mode".[111]

---

[110]Gegewens deur dr Anton Rupert, Rapport 18 September 1988.
[111]Van Wyk Louw, NP. Deurskouende Verband p 65.

Eintlik was daar deur die jare heen - vanaf 1939 tot die middel van die tagtigerjare - slegs vier persone wat vanweë hulle Skrifgebondenheid helder insig en moed uitgestaan het as getuies teen apartheid-uit-beginsel. Gerangskik volgens tyd waarin begin is met hulle getuienis, was dit BJ Marais, prof dr PV Pistorius, prof BB Keet, en dr B Engelbrecht.

2.4.1 BJ Marais

Ds Ben, dr Ben of prof Ben soos hy deur die jare heen, eers as studenteleraar te Pretoria, en heel later as professor in Kerkgeskiedenis aan die NG Kerk se Teologiese Fakulteit in Pretoria genoem is, is in 1938 benoem om die NH of G Kerk van Transvaal te verteenwoordig by die kongres van die wêreldsendingbond in Madras. By die Sinodesitting in 1940 het hy verslag gedoen van sy besoek en daarop gewys dat die NG Kerk met sy apartheidsbeleid heeltemal alleen staan te midde van die wêreldkerke. Hy het ook sy eie oortuiging beklemtoon dat daar geen gronde bestaan vir die betrokke beleid nie. In Die Kerkbode van 10 April 1940 het hy hierdie oortuiging onder die aandag van die breëre kerklike publiek gebring. Sy oordeel was dat die NG Kerk "uit simpatie met die wêreldchristendom" is. "... Om te maak asof Gods Woord in soveel woorde segregasie binne die Christendom steun, (is) eenvoudig nie waar nie". Hy waarsku dat die NG Kerk nie te dogmaties oor apartheid sal wees nie en pleit vir geduld en gewilligheid om te leer.[112]

By Sinode van 1944 het hy die kerk weer gewaarsku - hierdie keer na aanleiding van 'n Sinodale Kommissie-rapport - dat die kerk nie eie oortuigings met die Skrif moes probeer verdedig nie. CJ Botha wat volledig ingegaan het op "Ben Marais se stryd in die Sinodes teen die Bybelse fundering van apartheid" meld hoedat die Sinode toe voor die keuse gestaan het om of die Sinodale Kommissie te repudieer of Marais te ignoreer. Eersgenoemde weg kon hulle nie volg nie en het toe maar 'n sin in dié kommissie se

---

[112]Die Kerkbode 10 April 1940 p 645-646.

rapport ietwat gewysig - 'n skuif wat tog maar steeds beteken het dat die kerk sy standpunt handhaaf dat apartheid en voogdyskap op die Skrif berus.[113]

Op 27 Maart 1947 het Marais die jaarlikse predikantekonferensie by die opening van die Teologiese Fakulteit by Fonteinedal in Pretoria toegespreek. Die hele toespraak is opgeneem in die sendingblad "Op die Horison" van Junie 1947. Hy het begin deur te meld dat hy weet dat hy nie 'n boodskap bring wat hom populêr sal maak nie. Hy het weer verwys na die absolute eensaamheid van die NG Kerk met sy sogenaamde Skriftuurlike beleid van apartheid, en gewaarsku: "Ons lees ... in die Skrif so maklik wat ons graag daarin wil lees".[114] Daarby het hy verwys na die oorspronklike verdeling in nasies wat in die NG Kerk dikwels tot 'n statiese feit gemaak word. "Daar is vandag geen onvermengde volk of ras op aarde nie. God het juis, veral deur vermenging, die ryke verskeidenheid van nuwe volke deur die eeue opgebou".[115] Marais het weer gepleit vir die Christelike beginsel van broederskap - die Christendom "het geen belang by die behoud van sekere voorregte vir een ras bo of ten koste van enige ander ras ..." nie. Profeties het hy gewaarsku: "Ons moet verwag dat baie nie-blankes handuit sal ruk. ... As ek aan die harde en onnatuurlike toestande dink waaronder groot groepe van ons nie-blankes in Suid-Afrika leef, verbaas dit my alleen dat toestande nie baie verder hande uitgeruk het nie".[116] Daarom het hy ook gepleit dat aan die nie-blanke hoop gegee moet word.

Minder as twee maande voor die volksraadsverkiesing van 1948 waardeur die Nasionale Party aan bewind gestel is, het die Transvaalse Sinode gesit. Voor hierdie vergadering het 'n verslag

---

[113]Botha, CJ. "Ben Marais se stryd in die Sinodes teen die Bybelse fundering van apartheid" p 18-20 in Ekumene onder die Suiderkruis, 1979, Unisa.

[114]Op die Horison, Junie 1947 p 67.

[115]Aw p 68.

[116]Aw p 76.

gedien van die Kommissie van Aktuele Sake oor "Die Skriftuurlike grondslag van die beleid van rasse-apartheid en voogdyskap". Volgens dié verslag[117] strek apartheid hom uit oor die hele gebied van die volkslewe as nasionale apartheid, sosiale apartheid en godsdienstige apartheid.[118] Toe Marais dit onder oë kry, het hy vasgestel dat dit opgestel is deur prof EP Groenewald en opgeneem is in die agenda van die Sinode sonder dat dit voor die héle kommissie gedien het en deur hulle goedgekeur is. Prof GM Pellisier het as voorsitter self bedenkinge teen die rapport gehad. Tot groot ontsteltenis van prof Groenewald is die rapport op voorstel van Marais op 13 April 1948 vir verdere studie verwys. 'n Paar aande later egter het die Sinode 'n spesiale sitting gehou waar die saak weer, sonder enige mosie van revisie, aan die orde gestel is. By die besluit om die saak vir verdere studie te verwys, is toe die volgende byvoegings gedoen: (1) Met dank word kennis geneem van die verslag; (2) die Sinode verklaar voorts dat die beleid van apartheid nie bloot uit omstandighede ontstaan het nie, maar dat dit op die Skrif rus; (3) ter wille van laasgenoemde bevinding word die saak vir verdere studie verwys.

Tot op hierdie tydstip het Marais in die NG Kerk absoluut alleen gestaan in sy stryd teen die Skriftuurlike fundering van apartheid. Die eerste hulp vanuit die kerk sou eers op 2 Julie 1948 opdaag in die vorm van 'n skrywe van prof PV Pistorius.[119] Op 14 Julie 1948 het Marais na aanleiding van die rapport van prof Groenewald wat deur die Sinode vir verdere studie verwys is, 'n skrywe aan Die Kerkbode gerig. Om misverstand te voorkom, het hy beklemtoon dat die Skrif volgens sy oordeel geen twyfel laat oor die bestaan en voortbestaan van aparte volke en nasies tot aan die einde van hierdie bedeling nie. "Oor die bestaan en voortbestaan van 'n verskeidenheid van volke en nasies, elk met sy eie

---

[117]Handelinge 21e Sinode van die NH of G Kerk van Suid-Afrika 1948, p 279-284.

[118]Dieselfde as in EP Groenewald se artikel in "Regverdige Rasse-apartheid" deur G Cronje.

[119]Sien verderaan onder Pistorius, PV.

roeping, woonplek, ens., bestaan daar onder ons eenstemmigheid".[120] Hy waarsku egter dat die verdeling van volke en rasse wat aandui dat God die verskeidenheid wil, die kerk nie daartoe moet bring om alle verdere vermenging nou as teen die ordinansies van God te beskou nie. God wil wel die verskeidenheid maar ons moet onsself afvra waarom ons die beleid van apartheid dan net op kleur baseer. Hy "glo dat ons te geneig is om die Skrif op die klank af vir ons saak in te span en dit is ons onwaardig".[121]

In Die Kerkbode het daar 'n lewendige korrespondensie gevolg na aanleiding van Marais se standpunte by die Sinode van 1948. Self het hy getrou op al die briewe geantwoord.[122]

Ook in Die Gereformeerde Vaandel van Februarie 1950 het hy sy getuienis voortgesit met 'n artikel oor "Die Skrif en Rasseapartheid". Hy het die NG Kerk weer herinner dat hy alleen staan in die Christelike wêreld. Hy merk verder op: "As 'n mens sommige van die Skrifverklarings omtrent die sogenaamde Skriftuurlike gronde vir apartheid lees, vra jy onwillekeurig jouself af: Het Christus, het die Nuwe Testament dan hoegenaamd geen verskil in menslike verhoudings gemaak nie?"[123]

In 1952 het Marais 'n boek wat in Suid-Afrika en veral ook in die NG Kerk opspraak verwek het, gepubliseer nl, "Die Kleurkrisis en die Weste". Daarin het hy verklaar: "Die bevrydingswinde waai oor die wêreld. Veral die nie-blankes word na eeue van miskenning daardeur beweeg en tot in hulle diepte geroer. ... Die ou wêreld van die sewentiende, agtiende, negentiende en vroegtwintigste eeu is verby. Wie nog leef asof daardie wêreld van Westerse, blanke oorheersing nog die werklike wêreld is, leef in 'n oumenstehuis. Die wêreld is ten goede of ten kwade lankal om daardie draai".[124] Marais het hom ook weer uitgespreek teen

---

[120]Die Kerkbode 14 Julie 1948 p 1596.

[121]Aw p 1597.

[122]bv sy skrywe in Die Kerkbode van 15 September 1948.

[123]Die Gereformeerde Vaandel, Februarie 1950 p 15.

[124]Die Kleurkrisis en die Weste p 6.

rassisties-georiënteerde aparte kerke en daarop gewys dat in die vroeë Christelike Kerk daar geen skeiding op grond van volk of ras was nie. Hierdie verskynsel het hom eers voorgedoen in die 18e eeu.[125] Die feit dat God die verskeidenheid gewil het, beteken nie op sigself 'n verbod op sosiale kontak of vermenging nie. Veral laasgenoemde uitspraak het bygedra tot die emosie waarmee hierdie werk van Marais begroet is omdat dit gesien kon word as 'n uitspraak vir sosiale integrasie, vir gemengde huwelike en teen die Ontugwet.

In 1960 het die boekie "Vertraagde Aksie" verskyn waarin elf outeurs, onder wie Ben Marais, elk "'n getuienis" gelewer het.[126] Marais het geskryf oor "Die Kerk in die kontemporêre wêreld". In dié artikel noem hy weer dat hy dit nie teen afsonderlike kerke het nie, maar wel teen die eksklusiewe apartheidskerke. Hy herinner dat daar geen soortverskil tussen mense is nie. "Ons is uit één bloed. Maar laat ons daarby onthou dat inheemswording van die Kerk of sogenaamde "eiesoortige ontwikkeling" in die algemeen nie beteken 'n regverdiging van apartheid in die Kerk, van uitsluiting of weiering by ons om met nie-blanke lidmate saam te aanbid of ons regverdig om hulle uit "ons" kerkgeboue te weer nie".[127]

Die beroering wat "Vertraagde Aksie" in Suid-Afrika en in die NG Kerk veroorsaak het, het beteken dat Marais opnuut die druk sou voel. In Die Kerkbode van 22 Februarie 1961 het hy sy standpunt egter weer onverskrokke gestel teenoor sy baie opponente wat so gereed was met die etikette "liberalis" of "kommunis". Hy meld dat hy die lewendige diskussie wat tans aan die gang is, verwelkom en sluit af deur te verklaar: "Wat my betref sal ek steeds in dié dinge eerlik soek na die sin van die Skrif en my daarby neerlê. En of mense my nou al 'n "liberalis" of iets ergers noem, is van geen belang nie. Dis hulle saak".[128]

---

[125] Aw p 289.

[126] Vertraagde Aksie p 4.

[127] Aw p 34.

[128] Die Kerkbode 22 Februarie 1961 p 264.

Dat Ben Marais ooit professor geword het aan die Teologiese Fakulteit van die NG Kerk in Pretoria,[129] kan alleen toegeskryf word aan 'n wonderwerk. Ten spyte daarvan dat daar voor die beroepsvergadering teen hom stemming gemaak is, het hy nogtans met één stem gewen teen dr TN Hanekom. Dié één stem waarna sommige naarstiglik gesoek het, het later self aan Marais vertel dat sy liefde en bewondering vir Marais tydens die stemming die oorhand gekry het oor sy verbondenheid tot die Broederbond.[130]

Juis oor die Broederbond - "hierdie sinistere beweging"[131] - het Marais later in nog erger storms beland. In die dagblad "Beeld" het hy in November 1974 vertel van die kritiek wat hy in die Sinode gelewer het op die Broederbond omdat hy gevoel het dat die Christelike broederskap deur die "elite-broederskap van Afrikaners" in die skadu gestel word. 'n Goeie vriend wat lid was van die Broederbond het hom later meegedeel dat daar dieselfde aand in Pretoria 'n groot vergadering van die Broederbond byeengeroep is. Een predikant na die ander het by dié vergadering verklaar dat dit tyd is dat Ben Marais in die kerk gebreek word. Vir jare daarna is hy geïgnoreer - selfs deur sy eie kerk. Afgesien van die gees wat deur die Afrikaanse pers in die Noorde teen hom geskep is, is op die kampus van die Universiteit van Pretoria pamflette teen Marais en sy standpunte versprei. Die pynlikste van alles was egter dat hy vir jare lank feitlik geen geleentheid gebied is om in gemeentes te preek nie.[132]

Gaandeweg het die politieke klimaat in die land en die NG Kerk begin verander. Van die eerste tekens hiervan was dat Marais as afgevaardigde ouderling gekies is vir die Algemene Sinode van 1970. Weer het hy daar beswaar gemaak teen die Skriftuurlike grondslag van etnies-georganiseerde kerke soos dit voorgestel was

---

[129] In Kerkgeskiedenis.

[130] Persoonlike mededeling van Marais aan skrywer op 3 Maart 1988.

[131] Pistorius, PV. Die Trek is Verby p 20.

[132] Persoonlike mededeling aan skrywer op 3 Maart 1988. Vergelyk ook CJ Botha aw p 20.

aan die Sinode deur die Algemene Kommissie vir Aktuele Sake in hulle rapport "Die verhouding van Moeder- en dogterkerke, Geestelike en kerklike gemeenskap".[133] Hy het gepleit vir die sigbaarmaking van die eenheid van die kerk. 'n Mosie wat hy in hierdie verband ingedien het, is saam met ander voorstelle na 'n ad hoc-kommissie verwys om 'n voorstel te formuleer. Dié kommissie het bestaan uit ds WA Landman, prof JCG Kotze, prof AB du Preez en ds NJ van Loggerenberg. Hulle het met twee voorstelle gekom. Die tweede voorstel is aanvaar en het gelui: "Die Sinode versoek die Moderatuur om staande die vergadering 'n verteenwoordigende ad hoc-studiekommissie te benoem om 'n omvattende en diepgaande studie te maak van die rasse- en ekumeniese vraagstukke veral soos dit Suid-Afrika en die Ned Geref Kerk in die besonder raak".[134] Hoewel hy nie self as lid van hierdie "Landman-kommissie" benoem is nie, was Ben Marais tog gelukkig met hierdie verloop van sake. En al het hy voorbehoude gehad oor die publikasie "Ras, Volk en Nasie" (RVN) wat hieruit voortgevloei het en tydens 1974 se Algemene Sinode goedgekeur is, het hy die tevredenheid gehad dat sy kerk nou Skriftuurlik begin worstel het met die hele rasse-aangeleentheid. Dit was wat hy nog altyd beoog het.

Marais het homself as persoon met besondere geestelike integriteit betoon. Veral het sy eerlike konsekwentheid daarin geblyk dat sy doktorale tesis oor die Christelike Broederskap[135] nie vir hom maar net 'n studie was ter verkryging van 'n doktorsgraad nie, maar 'n saak waaraan hy sy lewe gewy het om dit weer in die NG Kerk gestalte te laat kry.

2.4.2 Prof dr PV Pistorius

Soos reeds vermeld, is Marais ook in Die Kerkbode heftig aangeval oor sy standpunt op die Sinode van 1948. Die eerste persoon wat

---

[133]Agenda Derde Algemene Sinode 1970 p 167-168.

[134]Aw p 785

[135]Die volledige titel is: "Die Christelike Broederskap. Sy agtergrond en toepassing in die vroeë Christelike Kerk".

na vore gekom het om hom te ondersteun, was prof PV Pistorius, klassikus aan die Universiteit van Pretoria en oudpredikant van die NG Kerk. In 'n brief in Die Kerkbode van 2 Junie 1948 het hy begin deur te verklaar dat hy "'n oortuigde voorstander van kleurapartheid" is en dat hy "in hierdie verband die opvatting van byna alle Afrikaners deel". Dit beteken vir hom egter hoegenaamd nie dat hy kan instem met die rapport wat voor die Transvaalse Sinode gedien het nie. Hy sou bladsye kon skryf oor die swakhede van dié rapport, maar hy bepaal hom liefs alleen by die foutiewe eksegese wat daarin voorkom. Hy het afgesluit deur te verklaar: "Ek is daarvan oortuig dat hierdie rapport 'n sterk saak swak gemaak het deur swak eksegese. ... Ek staan pal by rasse-apartheid, maar nie op die gronde in hierdie rapport vervat nie".[136]

Op 20 Oktober het hy briewe beantwoord waarin daar soms besonder skerp op sy eerste skrywe gereageer is. Daarin het hy onder meer gewaarsku dat ons gevaar loop "dat ons die Skrif aan ons eie opvattinge diensbaar wil maak".[137] In die Nuwe Testament en die vroeë Christendom is daar, wat hom betref, geen gronde vir rasse-apartheid nie - slegs vir geloofs-apartheid. In die vroeë Christelike literatuur van Irenaeus, Justinus die Martelaar en Tertullianus word van Christene as die "derde ras" geskryf - die ras wat anders is as die Grieke en Romeine en andere as eerste ras wat mekaar se gode erken het, en die Jode as tweede ras met hulle eie nasionale godsdiens. Plinius het gekla en Tertullianus het geskryf oor die <u>amixia</u> of geloofs-apartheid by die Christene as derde ras. Self is die skrywer 'n voorstander van kleurapartheid en daarvoor kan hy alleen die vyfde en die sesde gebooie aanvoer as "afgeleide gronde" vir die beskerming van die Westerse beskawing in Suid-Afrika. Hoofsaak is egter "... ons mag nie die Skrif aan ons opvattinge diensbaar maak nie".[138]

---

[136]Die Kerkbode 2 Junie 1948 p 1279.

[137]Die Kerkbode 20 Oktober 1948 p 937.

[138]Die Kerkbode 20 Oktober 1948 p 937.

In die Gereformeerde Vaandel van Februarie 1950 skryf Pistorius weer dat hy van die NG Kerk verskil in hulle poging om Skriftuurlike gronde vir die tradisionele beleid te kry. Hy verklaar dat hy die kommissies wat hierdie opdrag probeer uitvoer, eintlik bejammer want dit is 'n geval van: Hier is ons standpunt - Gaan nou na die Bybel en bewys daardie standpunt. "Ek praat met groot eerbied as ek sê dat dit 'n mens laat dink aan Bileam wat tevergeefs probeer het om die wil van God in ooreenstemming te bring met sy eie standpunt. Selfs sy eie esel het naderhand beswaar gemaak, en hy het eers rus gekry toe hy sy eie standpunt in ooreenstemming gebring het met die wil van God, in plaas van andersom".[139] Die Skrif is geen politiek-maatskaplike handboek nie en daarom sal ons daarin geen spesifieke uitsprake oor ons probleme kry nie, maar slegs algemene aanduidings. Die liefdesgebod is egter die maatstaf waaraan apartheid gemeet moet word. Self glo Pistorius ook dat apartheid in belang van blank en nieblank is - selfs 'n "vereiste vir die voortbestaan van die Christelike beskawing in ons land" - maar dit moet getoets word aan die Skrif. "Dit is vir ons 'n uitdaging. Is ons bereid om die Christelike etiek te beoefen? Die nakoming van hierdie roeping is vir ons volk die lewe, en die afwyking daarvan, die dood".[140]

In 1957 het Pistorius 'n boek met die titel "Die Trek is Verby" die lig laat sien. Die titel en inhoud van dié werk is duidelik 'n reaksie op die rede van Totius in 1944 oor die trek as faktor in die vorming van volkere. Hy merk op dat die mens die kultuuropdrag in Genesis 2:28 met veel opoffering aangedurf het en tot 'n groot mate met sukses afgehandel het en nog afhandel. Met die verhouding van mens tot mens het dit egter anders verloop. 'n Tipiese voorbeeld van hoe dit verloop het, vind ons in die botsing tussen Abraham en Lot oor hulle boerderybelange. Wanneer hulle probleme met mekaar ondervind, besluit hulle gewoon om uitmekaar te gaan. Op die oppervlakte lyk dit asof dié twee hulle

---

[139]Die Gereformeerde Vaandel, Februarie 1950, "Ons apartheidbeleid en die Skrif" p 26.

[140]Aw p 33.

probleme opgelos het, maar in werklikheid het hulle optrede 'n patroon geskep. "Die probleem sou in die vervolg opgelos word deur dit te ontwyk".[141] Hierdie "ontwykingspolitiek" het in die geskiedenis gelei tot 'n opsigtelike paradoks nl as die mens van die begin af sy menslike probleme met dieselfde beslistheid aangepak het as wat hy sy benadering tot die natuur aangepak het, sou die beskawing nie so snel oor die aarde versprei het nie en sou die vordering van die wetenskap ook soveel stadiger gewees het. Juis omdat die mens die probleem op die een gebied, nl met mekaar, ontwyk het, het hy die onderwerping van die natuur met soveel meer ywer aangepak. Die gevolg is dat die mens eensydig ontwikkel het. Tegnies het hy beskaaf geword, maar op die sosiale gebied het hy 'n betreklike barbaar gebly.[142] Die mens het in die eeue wat verby is, altyd 'n plek gehad waarheen hy kon ontsnap van die sosiale probleem, en in die proses het hy die natuur met al groter sukses beheers. Vandag egter kan ons nie meer die probleem met die medemens oplos deur te trek nie. Ons het dus nou met 'n situasie te doen waarin die probleem van mens en mens, van volk en volk, nie meer vermy kan word nie.

In Suid-Afrika is daar soveel groepe, maar uiters min Suid-Afrikaners. Die afstand tussen die geïsoleerde groepe word elke dag groter en daar kom elke dag meer groepsnasionalisme na vore. Hierdie groepe, elk met sy eie groepsnasionalisme, haat en wantrou mekaar elke dag meer. En nou kan daar nie meer getrek word om die konflik te vermy nie. Haat, tensy dit gekeer word, moet sy gang gaan. Ons is soos die helde in die een of ander klassieke drama. Ons sien ons ondergang onverbiddelik nader kom, maar ons is magteloos om dit te keer. "En dit is 'n ondergang wat ons self bewerkstellig het. Wie die gode wil vernietig, maak hulle waansinnig. Watter gode is dit wat verskillende groepe in Suid-Afrika blind en waansinnig gemaak het? Dit kon nie God gewees het nie, want Hy het Hom in die wêreld openbaar as 'n God van liefde. Maar die gode wat ons self gemaak het, het daardie

---

[141]Pistorius, PV. Die Trek is Verby, 1957 p 2.

[142]Aw p 2.

mag. Hy wat 'n groepsgod maak, sal deur die groepsgode van ander ten gronde gaan. Hy wat sy een groep aanbid en selfs onreg as goed beskou as hy meen dat dit die belange van sy groep bevorder, sal sterf deur die onregte wat ander groepe teen hom pleeg".[143]

Die rassegroep waartoe ons behoort, het vir ons te belangrik geword. "Dit het die enigste faktor geword en in 'n sekere sin het ons selfs God daaraan onderhorig gemaak. Selfs die wette van God moet wyk voor die belange of die vermeende belange van die politieke of rassegroep waaraan ons behoort".[144] Met die klem in ons beleid op groepsnasionalisme en die verskynsel dat elke groep sy eie as van die hoogste waarde beskou, is botsing absoluut onvermydelik. Ons het swart nasionalisme in die lewe geroep. Groepsnasionalisme kan nie onderdruk word nie - dit floreer juis op onderdrukking en slaan dan maklik om in politieke ekstremisme wat nooit patrioties is nie - dit is altyd seksioneel. Groepsekstremisme floreer nie op beraad en redelikheid nie. Die gevolg is dat hoe laer die intellektuele en opvoedkundige peil van die groep is, hoe makliker dit vir ekstremiste sal wees om hulle op te rui. As die groepsnasionalisme eers wakker gemaak is, is daar baie min nodig om so 'n groep tot uiterstes te voer.

In vroeëre geskrifte het Pistorius die beleid van apartheid met sy klem op groepsnasionalisme ondersteun, maar na verdere besinning het hy nou tot ander insigte gekom. Groepsnasionalisme is juis die groot gevaar in Suid-Afrika. "Groepsnasionalisme is die mees irrasionele en vernietigende politieke rigting wat 'n mens kan bedink".[145] Later merk hy selfs op dat hy groepsnasionalisme in die Suid-Afrikaanse situasie "volkome immoreel" vind.[146] Daarom pleit hy dat die oplossing van die land se probleme nie gesoek sal word in groepe se belange nie, maar die land se belange. Soos NP van Wyk Louw gepleit het vir 'n "Suid-Afrikaanse

---

[143]Aw p 8.

[144]Aw p 47.

[145]Aw p 53-54.

[146]Aw p 55.

volkskarakter"[147] pleit ook Pistorius vir 'n nasionale benadering waarin die belange van Suid-Afrikaners gesoek word. Kleurgroepe sal daar altyd wees, maar ons moet daarvoor sorg dat kleurvooroordeel nie die rigsnoer van ons dade word nie. "Veelrassig is nie 'n woord waarmee jy mense of 'n maatskappy kan slegmaak nie. Dit is 'n uitdaging aan ons etiek, en wat nog belangriker is, aan ons gesonde verstand".[148]

2.4.3 Prof dr BB Keet

Op Maandag 14 November 1949 het die verslag oor rasse-aangeleenthede wat in 1948 voor die Transvaalse Sinode gedien het, ook voor die Kaapse Sinode gedien. Op die verhoog het prof BB Keet van die NG Kerk se Teologiese Kweekskool in Stellenbosch as eregas gesit terwyl die verslag agter geslote deure bespreek is. Omdat die teologiese professore geen reg van sitting op die sinodes gehad het nie, kon Keet nie daar meedoen aan die bespreking nie.[149] Die Sinode het hom na die bespreking uitgespreek ten gunste van die beleid van politieke en territoriale segregasie. Daar is op gewys dat hierdie beleid nie net verwant is aan die opvatting wat die Gefedereerde Kerke in hulle sendingbeleid van 1935 neegelê het nie, maar dat dit op daardie tydstip oor agt jaar presies 100 jaar sou wees dat die Kaapse Sinode in 1857 besluit het dat die gelowiges uit die heidene hulle kerklike voorregte in afsonderlike geboue mag geniet. Die Sinode het opnuut verklaar dat alleen vertikale skeiding elke groep tot sy hoogtepunt kan voer. Ten slotte is ook weer agt "Skriftuurlike" gronde vir die beleid genoem.[150]

Keet kon niks anders doen as om hom tot Die Kerkbode te wend om die saak daar te bespreek nie. In die uitgawes van genoemde blad

---

[147]Louw, NP van Wyk. Deurskouende Verband p 115-116.

[148]Pistorius, PV. p 91.

[149]Verklaring van Keet self - Die Kerkbode 30 November 1949 p 1004.

[150]Kinghorn aw p 110-111 noem die agt gronde.

kom ons dan op 30 November, 7, 14 en 21 Desember 1949 vir die eerste keer in aanraking met hierdie teoloog se standpunt. Hy was volgens hierdie artikels veral besorgd oor die feit dat die verslag die kerklike beleid van afsonderlike kerke verwar met die verklaarde landsbeleid van politieke en territoriale segregasie. Hy pleit dat die twee sake uitmekaar gehou moet word. "Ek glo nie dat daar enige grief onder die lede van ons Sendingkerk bestaan teen die feit dat hulle in 'n eie kerkformasie leef nie. Daardeur het hulle tot 'n kragtige, kerklike ontwikkeling gekom wat nie moontlik sou gewees het as hulle in die blanke gemeentes gebly het nie. Maar hulle grief is dat die Ned Geref Kerk die politieke beleid van apartheid goedkeur, met alles wat daarmee gepaard gaan, en dit selfs met die Skrif wil regverdig".[151]

In sy tweede artikel oor die Sinode se besluit vestig Keet die aandag op die Nuwe Testamentiese "gronde" vir apartheid wat deur die Sinode genoem is. "'n Mens kan maar net jou hande saamslaan en sê: Waar kom die kommissie aan so 'n Skrifbeskouing en Skrifverklaring? Ek merk dat sommige van die Kommissie-lede my oudleerlinge is; maar ek kan maar net hier plegtig verklaar dat hulle beslis nie so 'n Skrifbeskouing op die Kweekskool geleer het nie, en hulle sal dit ook nêrens elders in die Christelike Kerk vind nie".[152] Veral verwys hy na die "Skrifbewys" in Handelinge 17:26 nl dat God uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak het om oor die hele aarde te woon terwyl Hy vooraf bepaalde tye en grense van hulle woonplek vasgestel het.[153] Keet wys daarop dat dit in hierdie teks tog duidelik gaan oor die eenheid van die mensdom - al woon hulle in afgebakende gebiede. Verder verwys Keet ook na Groenewald se artikel in "Regverdige rasse-apartheid" van G Cronje waarin die skrywer in 'n uitbreiding van die Sinodale studiestuk gepleit het vir beperkte sosiale

---

[151]Die Kerkbode 30 November 1949 p 1005.

[152]Die Kerkbode 7 Desember 1949 p 1046.

[153]Kursivering van die Kommissie of Groenewald self - omdat hierdie gedeelte juis belangrik was vir die bewysvoering van apartheid uit die Skrif.

omgang met gekleurdes. "'n Onbeperkte sosiale omgang met mense wat nie tot jou gemeenskap behoort nie, strek tot sedelike en geestelike skade. So 'n verkeer mag daar slegs in belang van die evangelie van Christus wees".[154] Keet verwys hier na Galate 2:11 waar Paulus vir Petrus berispe het omdat hy juis op hierdie punt geveins het.

In die derde afdeling van Keet se antwoord reageer hy op die Sinode se besluit oor die Skriftuurlike gronde van die beleid van apartheid in die Ou Testament. Hy wys veral op die argument van die teenstelling tussen Israel en die nasies, en herinner dat hierdie teenstelling niks met ras of kleur te doen gehad het nie, maar met geloof. Hy waarsku ook dat ons nie op grond van sulke OT-verwysings aflei dat die Skrif gekant is teen gemengde huwelike nie.[155]

In die vierde en laaste aflewering van Keet se kommentaar oor die Sinode se besluit, pleit hy dat kerklike apartheid nie as prinsipe gesien moet word nie, maar as iets wat uit praktiese oorwegings ontstaan het. Die kerk moet geduldig wag en hoop vir die tyd wat God sal laat aanbreek "dat daar onder ons geen skeiding meer sal wees nie".[156]

In 1955 het Keet sy in die NG Kerk omstrede boek "Suid-Afrika, waarheen?" gepubliseer. Daarin het hy hom opnuut uitgespreek teen die beleid van apartheid. "Laat ons dit maar ruiterlik erken: Die Heilige Skrif, in Ou en Nuwe Testament albei, trek geen skeidslyne of mure tussen die volke van die wêreld op nie. Elkeen is volgens die Skrif my naaste, van watter ras, volk of nasie hy ook mag wees, en as hy my naaste is, moet ek met hom kan omgaan. Dit is juis die behoeftige, minderbevoorregte, gesonke mens wat my hulp nodig het, hulp wat nie anders as deur sosiale aanraking verleen kan word nie".[157] Afgesien van die vraag na

---

[154]Regverdige Rasse-apartheid p 53-54.

[155]Die Kerkbode 14 Desember 1949 p 1086.

[156]Die Kerkbode 21 Desember 1949 p 1138.

[157]Suid-Afrika, Waarheen? p 30.

die gevolge van die Suid-Afrikaanse beleid, is daar die belangrike vraag of dit moreel te regverdig is. "Dit is niks anders as 'n confessio paupertatis, 'n erkenning van die armoede van ons soort Christendom wat geen ander uitweg sien as skeiding nie".[158] Die alternatief in Suid-Afrika is nie apartheid of integrasie nie, maar apartheid of samewerking.[159]

In 1957 het Keet die dertiende Hoernlé-Gedenklesing gehou oor "Die Etiek van Apartheid". Hy wys daarop dat daar met hierdie beleid alleen met kleur en kleurvooroordeel gewerk word. Dit is vir hom ook duidelik "dat apartheid die oplossing nie in 'n subjektiewe inkeer soek nie, maar wel in die objektiewe hantering van diegene wat die slagoffers van ons rassevooroordeel is".[160] Oor die argument van die voogdyskap van die blanke oor die swarte, stem Keet saam, maar hy waarsku dat voogdyskap nie iets blywends is nie. Dit duur alleen solank die kind minderjarig is. Buitendien ontstaan die vraag hoe ons die swartmense as voogde kan dien as die beleid is om stap vir stap die aanrakingspunte van wit en gekleurd te verminder - selfs deur die sluiting van kerkdeure. Verder verwys hy ook na die dwaling van groepsdenke met hierdie beleid. Die swakste, die mins gevorderde indiwidu word geneem as norm waarvolgens die geheel geoordeel word. Dit loop noodwendig uit op die verswelging van die enkeling deur die groep. Polities beoordeel, skep die beleid van apartheid 'n erfenis van haat sodat die prys van apartheid veels te hoog is.[161]

Aan die einde van 1960 was Keet een van die medewerkers van die publikasie "Vertraagde Aksie". Soos wat later ook sou gebeur met die Cottesloe-beraad, het talle predikante en kerkrade hulle in

---

[158] Aw p 54.

[159] Aw p 78.

[160] Die Etiek van Apartheid p 3. Prof Hoernlé was president van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge van 1934 tot 1943.

[161] Aw p 9.

die pers en ook in Die Kerkbode van hierdie publikasie gedistansieer. Keet se bydrae tot dié boekie was onder die titel "Die klok het al gelui". Daarin het hy die kerk opgeroep om aan die staat te verklaar dat hy hom distansieer van apartheid, en om aan te dring op samesprekings tussen blank en nie-blank. Dit is die enigste uitweg vir die NG Kerk in 'n situasie waarin die klok reeds gelui het.[162]

In 1959 het Keet as professor afgetree nadat hy vir 39 jaar in dié hoedanigheid gedien het. Op 78-jarige ouderdom het Keet vir oulaas in 'n onderhoud met die redakteur van die Johannesburgse oggendblad "The Rand Daily Mail", Benjamin Pogrund, sy standpunt teen apartheid gestel. Hy verklaar dat hy Suid-Afrika as 'n veelrassige land sien en dat die blankes hulself eenvoudig moet aanpas by die omstandighede.[163] Daarby spreek hy ook sy spyt uit oor die vrees van predikante om standpunt in te neem ten gunste van die Christelike Instituut van Suidelike Afrika "because it provides the opportunities for meeting. If the Churches do not meet on an official level then the representatives of the Churches must come together to talk things over".[164]

2.4.4 Dr B Engelbrecht

In die ry van persone in die NG Kerk wat die profetiese stem teen apartheid steeds moedig laat hoor het, mag die naam van Ben Engelbrecht nie weggelaat word nie. Hy was nie alleen sonder twyfel saam met Marais, Pistorius en Keet, een van die vier persone wat onafgebroke teen die beleid getuig het nie, maar hy was ook van die vier dié een wat die skerpste teologiese analises van die beleid gemaak het en die skerpste kon aandui wat die

---

[162]Vertraagde Aksie p 5-11.

[163]Scriptures do not justify apartheid. "The Church and the Race Problem - A Challenging series of articles published in 'The Rand Daily Mail' Johannesburg". Issued by: South African Associated Newspapers Limited, December 1963, p 28.

[164]Aw p 29.

leerstellige implikasies daarvan is. Daarby is dit ook waar dat hy eindelik van al vier die ergste in die spervuur te staan gekom het omdat hy nie alleen teen apartheid gewaarsku het toe die beleid sy vurigste ondersteuning onder dr Verwoerd geniet het nie, maar omdat hy ook deel was van die mees gehate organisasie van die apartheids-era - die Christelike Instituut van Suidelike Afrika. Hy het swaar te ly gehad onder teenstand wat veelal uitgeoefen is "ter wille van die eer van God, die waarheid van die Woord en die heil van die lidmate ...".[165]

Engelbrecht was nou gemoeid met die stigting van die blad Pro Veritate in 1962 en het reeds vanaf die tweede uitgawe gereeld artikels vir die blad gelewer. Aanduidend van die rigting waarin hy toe reeds gedink het, was die artikel in die uitgawe van Junie 1962 oor "Die swaarste van die Wet" - die reg, die barmhartigheid en die trou.[166] Enkele maande daarna skryf hy in 'n brief in Die Kerkbode dat hy in sy gemoed "die verset voel groei ... dat daar in ons kerk ... reeds gevaarlik ver heen gestuur is in die rigting om aan die apartheidsideologie 'n Skriftuurlike onderbou te gee wat ... in die Skrif nie ... gevind kan word nie. Dit dreig om 'n soort dogma te word wat vir ons bepaal wat in die kerk mag geld as 'n ware uitleg van Gods Woord". Oor die beroep wat in die NG Kerk gemaak word op Babel as "genadestraf" waardeur die verskeidenheid geskep is en Pinkster wat dan die verskeidenheid sou bevestig, skryf Engelbrecht dat "ons die wekroep van die evangelie tog ter harte moet neem: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom".[167]

Terwyl hy redakteur van Pro Veritate was nl 1965 tot einde 1969, het hy in artikels gereeld gewys op apartheid as "anti-evangelie" omdat die evangelie, anders as dié beleid, die gelykheid van alle mense voor God leer. Daarom is daar op die altyd terugkerende

---

[165]Brief van ds N van Loggerenberg, Die Kerkbode 10 April 1963 p 507.

[166]Pro Veritate 15 Junie 1962 nav Matteus 23:23.

[167]Die Kerkbode 22 Mei 1963 p 722.

vraag na die alternatief vir apartheid slegs een antwoord - "'n omvattende volksbekering".[168]

Kort na sy ampsaanvaarding by Pro Veritate in 1965 het hy 'n ope brief opgestel vir aandag van alle predikante van die NG Kerk - "Stel die Geeste op die proef".[169] Hierin is predikante se aandag daarop gevestig dat die ideologie van apartheid selfs verhef word tot maatstaf oor Christus en sy Kerk - 'n maatstaf waardeur normale uitinge van die geloofslewe as skadelik en verwerplik veroordeel word. Apartheid het "reeds ver heen ontaard in 'n verdemoniseerde ideologie waardeur die Christelike gewete ... die swye opgelê word".[170] Die beleid is besig om God en sy Woord op te eis en dit blyk al meer "dat hy vir Christus slegs 'n plek wil gee vir sover hy Christus aan hom kan diensbaar maak, dat hy die kerk slegs wil verdra vir sover die kerk bereid is om sy kerk ('kerk van die Afrikaner') te wees, dat hy hom ten doel stel om die aanvaarbaarheid van bedienaars van die Woord vir die kerk en die volk afhanklik te maak van die vraag of hulle ook bereid is om bedienaars van sy woord te wees"[171] Die predikante word gevra om hulle oë te open vir die feit "dat die politieke ideologie ook die Heilige Gees aan bande wil lê, oor die lewende God en sy Woord wil troon, die vryheid van die kerk om die Woord van sy Heer te spreek, bedreig".[172]

Met die oog op die sitting van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (GES) van 12 tot 23 Augustus 1968 waar die rasse-situasie van Suid-Afrika ter sprake gekom het, het Engelbrecht 'n dokument ter oorweging vir die Sinode opgestel - onderteken deur homself en sewe ander. Omdat dit te laat deur die Sinode ontvang is, is

---

[168]Pro Veritate 15 Augustus 1966.

[169]Stel die Geeste op die Proef (1 Joh 4.1) - Ope brief aan alle Evangeliedienaars van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1965. Dit is ook deur CFB Naudé, JD Smith en FJ van Wyk onderteken, en volledig opgeneem in die Schlebusch-rapport.

[170]Schlebusch-rapport p 176. Stel Geeste op die Proef p 1.

[171]Schlebusch-rapport p 177, Stel Geeste op die Proef p 2.

[172]Schlebusch-rapport p 180, Stel Geeste op die Proef p 6.

daarvan wel kennis geneem, maar is besluit om dit buite rekening te laat. Engelbrecht het gewaarsku dat die verwerping van apartheid altyd beantwoord word met die vraag na die alternatief. So iets kan die GES in 'n skynbare verleentheid bring. "Die kerk mag hom in sy getuienis egter nie laat mislei of van stryk laat bring deur die pretensie dat in die beleid van apartheid 'n oplossing gevind is vir die probleem van rasseverhoudinge in Suid-Afrika nie. Dit is nog steeds niks meer nie as 'n teorie waarvan die geldigheid nog bewys moet word. Uit die oogpunt van die politieke redelikheid moet dit egter grondig betwyfel word of dit op die duur enige kans op sukses het, en uit die oogpunt van die Christelike geloof moet dit grondig ontken word".[173]

In die dokument "'n Boodskap aan die volk van Suid-Afrika"[174] is die groot aandeel van Engelbrecht duidelik sigbaar. Die latere Schlebusch-kommissie wat ondersoek na die CI moes instel, het dié dokument volledig by sy rapport aangeheg en tereg gekonkludeer dat die bedoeling daarvan was om "te bewys dat die beleid van apartheid nie slegs onchristelik is nie, maar inderdaad antichristelik is".[175]

In 1982 het Engelbrecht sy "Ter wille van hierdie wêreld"[176] die lig laat sien. In 'n bepaalde sin het hy hier begin terugkyk op apartheid want daar was tekens dat dié beleid besig was om te verdwyn. "Uit onloënbare feite bly dit ... dat ons op die drumpel staan van 'n ander Suid-Afrika".[177] Daarom moet die "apartheidsboek" waarin so 'n belangrike en ongelukkige deel van Suid-Afrika se geskiedenis geskryf is, nou finaal afgesluit, toegemaak en verseël word. "Dit het nou genoeg skade aangerig, en as daar nog verder op hierdie ou trant geskryf gaan word, is 'n voorsmaak

---

[173]De Villiers, dr WB. Lunteren en die Rassekwessie, 1969, p 47.

[174]'n Boodskap aan die Volk van Suid-Afrika, Junie 1968 - Uitgegee deur die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke.

[175]Schlebusch-rapport p 121.

[176]Ter wille van hierdie wêreld. Politiek en Christelike heilsbelewing in Suid-Afrika.

[177]Aw p 16.

van die hel ... ons voorland".[178] Tog was apartheid nog daar en daarom pleit Engelbrecht dat dié beleid tot 'n Bybelse en politieke kettery verklaar moet word. Immers, wie nog met die Skrif sou probeer om dit te regverdig, "lei sekerlik nie, maar verlei"[179] en so 'n poging moet beoordeel word "as 'n Bybelse en teologiese liberalisme van die ergste graad".[180] Met begrip verwys hy na hulle wat dié beleid aangehang het. "Nie omdat ons so on-Christelik was nie, maar juis omdat ons werklik Christelik wou wees, het ons alle kritiek teen die beleid onmiddellik diep gewantrou, en heel gou verfoei".[181] Byna profeties egter, asof hy die latere rol van die teologie van die rewolusie in Suid-Afrika voorsien het, verklaar hy: "Die onontkombare uiteinde van apartheid-uit-beginsel is rewolusie-uit-beginsel".[182]

Soos wat dit altyd die geval was met Engelbrecht, so was dit ook in hierdie werk dat die NG Kerk 'n sentrale rol in sy gedagtegang speel - nié slegs omdat die kerk so sentraal in die apartheidspolitiek staan nie, maar veral omdat dié kerk so 'n groot plek in sy hart het. Oor dié kerk was hy oor die jare heen steeds besorgd. "... die prys wat die Ned Geref Kerk sal moet betaal vir die naam dat hy die bolwerk van die ideale van die blanke Afrikaner is, is te hoog. In die huidige politieke situasie in Suid-Afrika het dit net een betekenis: hy is die bolwerk van 'n onbybelse rasse-ideologie. Hy is dienaar van 'n vreemde Heer". Op die wyse is dié kerk se wese, boodskap en waarheid op die spel.[183]

In die lig van die aftakeling van apartheid sedert die tagtigerjare, is hierdie getuienis van Engelbrecht seker die laaste van sy soort. Die owerheid en die NG Kerk (ten laaste) het gekies vir die alternatief vir apartheid - 'n omvattende bekering!

178Aw p 3.

179Aw p 10.

180Aw p 14.

181Aw p 18.

182Aw p 38.

183Aw p 44.

HOOFSTUK 3

DIE WERKING VAN APARTHEID

3.1 DIE HOOGTEPUNT VAN DIE IDEOLOGIESE FASE

Die Afrikaner se aandag vir die rassesituasie het, soos reeds aangedui, eers in die twintigerjare van die twintigste eeu begin. In 1910 was daar twee duidelik onderskeibare soorte Afrikaners. Aan die een kant was dit die groep wat verteenwoordig is deur generaals Botha en Smuts wat versoening tussen Afrikaner en Engelsman nagestreef het. Aan die ander kant was hulle wat verteenwoordig is deur genl JBM Hertzog wat in 1914 die Nasionale Party gestig het - 'n party wat homself van die begin af gewy het aan die teenwerking van die Britse politieke en kulterele invloed en aan die bevordering van die politieke en ekonomiese oorlewing van die Afrikaner. Dit het volkome gestrook met hierdie taakstelling van genl Hertzog en die Nasionale Party dat die Afrikaner Broederbond op 5 Junie 1918 gestig is om onder andere die Afrikaner te verenig en op te hef.[1]

Dit was ook genl Hertzog wat in 1912 by Pietersburg en De Wildt begin pleit het dat Suid-Afrika moet kennis neem van en 'n beleid moet vaslê ten opsigte van die rassesituasie wat by die dag belangriker word. Reeds in 1911 het hy geskryf oor hoe hy die oplossing van hierdie vraagstuk gesien het: "Ever since 1903 I have advocated segregation as the only permanent solution of the question".[2] As lid van genl Botha se eerste kabinet het hy in sy hoedanigheid as minister van Justisie in 1911 'n wetsontwerp laat publiseer wat beoog het om die verblyf van swartmense in sekere

---

[1]Munger, Edwin S. The Afrikaners. Tafelberg 1979 p 168.

[2]Generaal Hertzog aan FW Bell 9 Mei 1911 in GD Scholtz se "Die Naturellebeleid van die Nasionale Party" p 5 aangehaal deur prof AN Pelzer, Verwoerd aan die Woord 1948-1966, Afrikaanse Persboekhandel 1966 p XXVIII.

dele van die land te reguleer. Omdat dié wetsontwerp die verskuiwing van blankes uit bepaalde omgewings sou meebring, het dit so 'n storm van verset ontketen dat dit tot 1913 teruggehou is. Op daardie tydstip was Hertzog nie meer lid van die kabinet nie. JW Sauer het die portefeulje van naturellesake oorgeneem en in 1913 die bekende wet op Naturellegrond (Wet nr 27 van 1913) ingedien waarin hy voorgestel het "that the bulk of the two races, the Europeans and the natives, should live in the main in separate areas". Hierdie wet kan gesien word as die eerste maatreël in die Uniale periode waarin die beginsel van territoriale segregasie vasgelê is en dit het in baie ruim mate berus op die beginsels wat beliggaam was in genl Hertzog se wetsontwerp van 1911.[3] Die saak van 'n gesegregeerde land is egter eers in 1936 in praktyk gebring met die Naturelle Trust- in Landwet waardeur 7.5 miljoen morg grond as naturellegebied bewillig is. In die Senaat het dr Verwoerd in 'n toespraak op 7 Junie 1954 na hierdie wet verwys as "Toe in 1936 'n wetlike grondslag vir die segregasiebeleid geskep is ....".[4]

Dit was egter eers in die veertigerjare dat die rassevraagstuk werklik deel geword het van die politieke denke van die Afrikaner. Dit blyk byvoorbeeld uit die feit dat daar in die nege jaar vanaf 1924 tot 1933 deur die Nasionale regering slegs sewe wette in verband met rasseverhoudinge op die wetboek geplaas is. In die periode 1934 tot 1939, toe die twee Boeregeneraals Smuts en Hertzog regeer het, is daar maar twee wette oor rassesake aangeneem nl die wet op naturelleverteenwoordiging van genl Hertzog in 1936 waarvolgens swartmense op 'n aparte kieserslys geplaas is om 'n beperkte getal blankes te kies om hulle in die Parlement te verteenwoordig, en die gemelde naturellegrond-wet van 1936. In die periode 1948 tot 1971 is daar egter meer as twee honderd maatreëls en wette afgekondig om rasse-aangeleenthede te reël.[5] Die wette het skielik geweldig toegeneem onder Nasionale bewind

---

[3]Aw p XVIII.

[4]Aw p 60.

[5]De Klerk, WA. The Puritans p 200-201.

omdat die oplossing van die rasseprobleme 'n saak van dringendheid geword het.

Dit was nie alleen NG teoloë wat hard gewerk het aan die ideologie van apartheid nie. Daar was ook drie prominente akademici wat lidmate was van die NG Kerk nl dr NJ Diedericks, dr PJ Meyer en prof Geoff Cronje wat hulle volle gewig ingewerp het om dié beleid te laat ingang vind.

Dr NJ Diedericks het aan verskeie Europese universiteite gestudeer en later 'n leerstoel in politieke filosofie aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat beklee. In 'n geskrif in 1936 met die titel "Nasionalisme as lewensbeskouing en sy verhouding tot Internasionalisme" verklaar hy dat die individu op sigself niks is nie en slegs homself word in die volk as die hoogste mensegemeenskap. Egte nasionalisme pas hom nie by die individu aan nie, maar lei en beheer die individu as 'n dwingende en vormgewende krag.[6]

Soos by Diedericks het die begrip "volk" ook in die gedagtes van dr PJ Meyer 'n sterk rol gespeel. In die jare veertig was hy 'n besonder gewilde spreker en het oral sy siening van die Afrikaner as 'n geroepe volk verkondig. Die ordinansies van God en die boodskap van die evangelie is nie alleen op individue gerig nie maar op die hele volk. Die individuele taak van die Afrikaner is opgeneem in 'n wyer organiese verband nl die volk. Die boodskap van Meyer het die Afrikaner aangespreek. "It was the language of political messianism, radical politics, an emerging socio-political ideal and the developing Afrikaner revolution. It was also the language of self-motivated man".[7]

Die derde akademiese grondlegger van apartheid, prof Geoff Cronje, het in 1945 die boek "Tuiste vir die Nageslag" die lig

---

[6]Aw p 204-206.

[7]Aw p 214.

laat sien. Die subtitel was beskrywend vir wat die boek wou wees nl "Die blywende oplossing van die Suid-Afrikaanse rassevraagstukke". Die werk is onder andere opgedra "aan alle volksmoeders omdat hulle die beskermers van die bloedsuiwerheid van die Boerenasie is". Die skrywer vra: "Sal ons bloedvermenging kan uitskakel solank daardie tallose aanrakingspunte tussen die verskillende rasse bly bestaan?"[8] Die antwoord is negatief want "daar is gesaghebbend en oortuigend bewys dat bloedvermenging tussen die wit en die swart rasse in Suid-Afrika in biologiese sin nadelig is en mensemateriaal oplewer wat liggaamlik en geestelik minderwaardig is vergeleke met die gehalte van die Europese ras".[9] Om bloedvermenging te voorkom, is wetgewing nodig wat enersyds gemengde huwelike verbied en andersyds geslagsomgang tussen wit en swart strafbaar maak. Maar dit is slegs oppervlakkige oplossings. Daar moet dieper ingegryp word. Daar moet radikale segregasie toegepas word - "... hoe radikaler die segregasie deurgevoer word, des te beter sal dit wees; en hoe konsekwenter die apartheidsbeleid toegepas kan word, des te doeltreffender sal ons bloedsuiwerheid en ons onvervalste Europese rassevoortbestaan verseker word".[10]

Ongetwyfeld het hierdie publikasie van Cronje 'n belangrike rol gespeel in die toekomstige politieke lewe van Suid-Afrika. Juis oor die saak van rasvermenging en die moontlike genetiese gevolge daarvan, is daar in dié tyd wêreldwyd baie gepubliseer. En in Suid-Afrika is sulke publikasies wat integrasie en rasvermenging "wetenskaplik" veroordeel het as iets negatiefs, telkens deur die voorstanders van apartheid aangegryp. So is daar by 'n simposium van die Pretoriase tak van die Afrikaanse Studentebond in Augustus 1961 verwys na "die klassieke werk van Tanser (1939) en Shuey (1942) ondersteun deur McGurk (1961) en baie ander ..." waarvol-

---

[8]Cronje, prof G. "Tuiste vir die nageslag - Die blywende oplossing van Suid-Afrika se Rassevraagstukke". Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch 1945 p 66.

[9]Aw p 71.

[10]Aw p 79.

gens "vasgestel is dat negerkinders swakker presteer ... as blanke kinders". Uit sulke publikasies in Europa en die VSA is dan gekonkludeer: "Integrasie is die eerste stap tot rassevermenging en die vernietiging van die uitstaande kenmerke wat die blanke ras die leiers van die wêreld gemaak het op tegnologiese, staatkundige en ander gebiede". "Groot beskawings het in die verlede ten gronde gegaan nadat verbastering met 'n minderwaardige ras plaasgevind het".[11] "Rasse-integriteit kan ... slegs behoue bly deur biologiese isolasie".[12] In hierdie klimaat is oor en oor verwys na ... "die ontsettende gevaar waaraan ons onsself blootstel deur ons kinders in die sorg van Bantoe-bediendes te laat. Hulle word die vormers van die persoonlikhede van ons kinders. Hulle kan daarvoor verantwoordelik wees dat ons kinders langsamerhand geestelik omgebuig raak en geestelik verbantoe".[13]

In Cronje se tweede boek nl "Regverdige Rasse-apartheid" het hy klem gelê op die Afrikaner se voogdyskap oor die swartman. "In die beginsel het ons die dag toe ons ingestem het dat die naturel ook 'n siel het en deur God na sy beeld en gelykenis geskape is, ook die konsekwensie aanvaar dat daar geen perk aan sy ontwikkeling as mens gestel mag word nie".[14] By dit alles moet egter in gedagte gehou word dat ... "die Skrif eis dat daar nasionale,

---

[11]Hofmeyr, prof JDJ, Hoof Dept Genetika Univ van Stellenbosch, "'n Genetiese Standpunt" p 11 en 13 in "Gedifferensieerde Ontwikkeling" - - 'n Teologiese, 'n Genetiese en 'n Volkekundige Standpunt deur prof ES Mulder, prof JDJ Hofmeyr, prof PJ Coertze. Uitgegee deur die Univ van Pretoria se tak van die Afrikaanse Studentebond, Pretoria, Augustus 1961. Vergelyk ook die publikasie van prof W George "Race, Heredity and Civilisation - Human progress and the Race Problem", London 1961.

[12]Aw p 14.

[13]Aw prof PJ Coertze "Gedifferensieerde Ontwikkeling gesien vanuit 'n Volkekundige oogpunt" p 24.

[14]Cronje, prof G, Regverdige Rasse-Apartheid Stellenbosch 1947 p 22.

sosiale en godsdienstige apartheid sal bestaan".[15] In die voorwoord verklaar die skrywer dat apartheid na sy oordeel alleen die swartmense en die kleurlinge raak omdat die Asiate niks anders is as "'n uitlandse rassegroep" nie.[16] Hierdie laasgenoemde siening was deel van die politieke siening van dié tyd wat bygedra het tot die sogenaamde Indiërboikot wat in die laat-veertigerjare en vroeë vyftigerjare deur die blankes teen Indiërhandelaars gevoer is. Die oortuiging was dat die Indiërs gerepatrieër moes word. Apartheid tussen wit, swart en bruin is egter 'n moét "want 'n ryk land met 'n basterbevolking is geen aanloklike vooruitsig nie".[17]

Die eerste premier van die Nasionale Regering, dr DF Malan, was nie in die eerste plek 'n ideoloog nie. Vir hom was die gedagte van die eenheid van die Afrikanervolk steeds van die grootste belang. Hoewel apartheid deel was van sy regering se beleid, het hy in 1952 in die Parlement sy twyfel uitgespreek oor die moontlikheid van totale apartheid soos die NG Kerk se Sendingkongres in Bloemfontein in 1950 dit gevra het.

Adv JG Strydom het die tagtigjarige dr Malan in 1954 opgevolg. Hy was ook nie in die eerste instansie 'n ideoloog nie en het glad nie gelet op die fynere besonderhede van die beleid nie. Sy groot ideaal was dié vir 'n republiek en origens het dit vir hom gegaan om die heerskappy van die blanke. In verband met die siening van Strydom vertel die bekende Amerikaanse vriend van Suid-Afrika, Edwin Munger, na talle besoeke aan Suid-Afrika van "my worst moment ever in South Africa". Munger het in die Parlementsgebou in die openbare galery gesit en luister na Strydom aan die woord. Tydens sy toespraak het Strydom op sy lessenaar geslaan "shouting that his policy was Baasskap, baasskap - die kaffer op sy plek".[18]

---

[15]Aw p 105.

[16]Aw p 11.

[17]Aw p 170.

[18]Munger, Edwin S. Aw p 5-6.

Strydom se premierskap was van korte duur. Op 24 Augustus 1958 het hy in die amp gesterf en het die mantel van premierskap geval op dr HF Verwoerd.

Verwoerd was die vierde lid van die groep akademici wat as die grondleggers van die ideologie van apartheid hulle merk in die politieke geskiedenis van Suid-Afrika gemaak het. In die twintigerjare het ook hy soos dr NJ Diedericks, dr PJ Meyer en prof Geoff Cronje in Duitsland gestudeer. Nadat hy gedien het as hoogleraar in sosiale sielkunde aan die Universiteit van Stellenbosch, het hy gedurende die jare van die Tweede Wêreldoorlog opgetree as redakteur van die Transvaalse dagblad, "Die Transvaler". Vanaf 18 Oktober 1950 is hy in die kabinet aangestel as Minister van Naturellesake. Van daardie oomblik af het die rassepolitiek en die pas in die Departement van Naturellesake vinnig versnel.

Hoewel Verwoerd teenwoordig was toe dr Malan in 1952 in die Parlement aan die NG Kerk gesê het dat totale apartheid onmoontlik is, het hy in Mei 1956 verklaar dat die totale skeiding van wit en swart "'n ideaal is om na te streef" en in dieselfde jaar het hy verklaar dat dit ongeveer twintig jaar sou neem voordat die gety van integrasie sou omswaai en die swartmense uit eie wil na hulle eie tuislande sou terugkeer.[19] Reeds op 3 September 1948 het Verwoerd in die Senaat sy oortuiging uitgespel: "ondubbelsinnig wil ek dit hier stel ... dat Suid-Afrika 'n witmansland is en daar moet hy baas wees. ... binne die blanke gebiede is en sal die witman baas bly in Suid-Afrika".[20] Toe die Britse premier Harold MacMillan sy beroemde toespraak op 3 Februarie 1960 voor die gesamentlike sitting van die twee huise in die Parlement gehou het oor die winde van verandering wat oor Afrika waai, het Verwoerd onder andere gereageer deur te verklaar: "Ons beskou onsself as deel van die Westerse wêreld, 'n ware blanke staat in Afrika...".[21]

---

[19]Davenport, TRH. South Africa a Modern History p 375.

[20]Pelzer, AN. Verwoerd aan die Woord p 13.

[21]Aw p 319.

In 1968 het die sosioloog NJ Rhoodie, apartheid beskryf op grond van die tipies Verwoerdiaanse konsep daarvan as "'n etnies gestratifiseerde bedeling met maksimale skeiding tussen Wit en Swart in alle kontaksfere, 'n bevolkingstruktuur waarin Blankes en Bantoevolksgroepe effektief in hulle eie geopolitieke vaderlande gesetel is en as volwaardige volks- en nasionaal outonome gemeenskappe onderling op 'n statebondsgrondslag assosieer".[22] Verwoerd het hierdie konsekwente apartheid in die fynste besonderhede in wetgewing vasgelê. Hy was nie alleen geïnteresseerd in die ideologie en teorie van apartheid nie, maar het ook 'n besondere oog gehad vir die praktiese toepassing daarvan wat hy in die grootste detail kon voorsien. Voorbeeld hiervan is die Wysigingswetsontwerp op naturellewette van 1952 waarvolgens alleen swartmense wat in wit stedelike gebiede gebore is, wat ononderbroke vir vyftien jaar in sulke gebiede gewoon of gewerk het of wat ononderbroke vir tien jaar in dieselfde werkgewer se diens was, toegelaat is om permanent in sulke gebiede te bly. Die swartmense het met hierdie wet ervaar dat hulle vryheid op 'n waterdigte wyse aan bande gelê is. 'n Ander voorbeeld is die Naturellewet 57 van 1952 (Afskaffing van passe en koördinasie van dokumente). Volgens hierdie wet is dit van alle swartmense, insluitende hulle wat vroeër vrygestel was, vereis om identiteitsboeke te dra waarin hulle fotos, en informasie oor plek van oorsprong, arbeidrekord, belastingbetaling en rekord met betrekking tot die Polisie, vervat was.

Vandat hy in 1950 Minister van Naturellesake geword het, het Verwoerd stelselmatig tot en met sy dood, gebou aan sy idee van apartheid. Wat hy in 1952 onderneem het om aan die Senaat te toon, sou hy ook in 1966 kon toon nl "... how the various acts, bills and also public statements which I have made all fit into a

---

[22]Rhoodie, NJ. "Apartheid en Partnership" - 'n Rasse-sosiologiese ontleding van Afsonderlike volksontwikkeling in vennootskap, met besondere verwysing na die motiewe vir hierdie beleidsisteme, Academica, Pretoria, 1969 p 276.

pattern, and together form a single constructive plan".[23]

3.2 JURIDIESE PILARE VIR DIE IDEOLOGIE

Waar die klem in die Nasionale Party se beleid aanvanklik geval het op die opheffing en eenheid van die Afrikaner, en later verskuif het na die eenheid van die blanke bevolking, het dit mettertyd volledig geval op ras en kleur wat skeiding bring - "... the bottom line of South African society is that a man's colour establishes his identity".[24]

Die eerste apartheidsmaatreël was die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike - Wet 55 van 1949. In 1939 reeds het die kerkman Vader Kestell 'n petisie by die Parlement ingehandig waaraan byna 'n kwart-miljoen handtekeninge geheg was. Die versoek was dat daar skeiding tussen blank en nie-blank moes wees en ook dat daar 'n verbod geplaas sal word op gemengde huwelike.[25] Bloedsuiwerheid was 'n belangrike saak vir die Afrikaners. Prof G Cronje het hierdie gevoel weergegee in die woorde: "Elke gemengde huwelik beteken vir die blanke ras 'n verlies en lewer sy bydrae tot die aanwas van die basterbevolking".[26] Die Wysigingswetsontwerp van die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike van 1968 het die bestaande wetgewing sodanig uitgebrei dat dit ook Suid-Afrikaanse burgers wat oorsee woonagtig is en 'n gemengde huwelik aangegaan het, ingesluit het. Sulke persone se huwelike is voortaan beskou as nie geldig nie en hulle sou, indien hulle Suid-Afrika sou besoek kragtens die Ontugwet vervolg kon word. Dit het aanleiding gegee tot 'n gebeurtenis wat internasionale opspraak en woede verwek het toe die owerheid die Suid-Afrikaanse

---

[23]Nedbank. "South Africa: An Appraisal. The Sovereign Risk Criteria", 1977, p 183.

[24]Lamb, David. "The Africans - Encounters from the Sudan to the Cape". The Bodley Head London Sydney Toronto 1982 p 320.

[25]Treurnicht, AP. Credo van 'n Afrikaner, 1975 p 78.

[26]Cronje, prof G. Regverdige Rasse-apartheid p 73.

digter Breyten Breytenbach wat met sy Viëtnamese vrou Yolande in Parys gewoon het, in 1965 verbied het om na Suid-Afrika te kom om sy ouers te besoek.[27]

Vir alle denkende Christene was die skrapping van hierdie wet in 1985 'n rede tot vreugde want hulle het die oortuiging gedeel dat "elke denkbare basis daarvoor ontbreek. Daarmee staan ons op die grond van 'n neo-heidendom waarin die God van die Bybel sy prioriteit as hoogste Wetgewer moet inboet ten gunste van die afgod van bloed en ras".[28]

Die gewysigde Ontugwet van 1950 en Art 16 van die Ontugwet van 1957 (Wet 23 van 1957) was die tweede belangrike apartheidswet. Met die hoë premie wat daar op bloedsuiwerheid geplaas is, het hierdie wet die definisie van immoraliteit verbreed sodat nie alleen alle seksuele gemeenskap tussen wit en gekleurd verbied is nie, maar ook alle seksuele aktiwiteit oor die kleurgrens heen teen die wet was en strafbaar gemaak is met tot sewe jaar gevangenisstraf.

Hierdie wet het 'n reaksie van vrees by blanke mans veroorsaak. Dit was immers meesal blanke mans wat vir misdaad onder hierdie wet aangekla is. Die vervoer van 'n vroulike huisbediende na die bushalte was vir die blanke werkgewer 'n uiters riskante saak. Indien hulle deur die polisie voorgekeer sou word, sou dit rampspoedige gevolge kon hê. 'n Amptelike ondersoek en verhoor oor die aanklag van immoraliteit het vir 'n blanke man die doodsklok gelui want in die Suid-Afrika van die vyftiger- en sestigerjare was dit nie soseer ontug wat 'n sonde was nie. Die eintlike sonde was ontug oor die kleurgrens heen. Vir talle was die sonde teen die Heilige Gees nie so erg as die sonde teen bloedsuiwerheid nie. Selfs 'n gerug was genoeg om 'n blanke man in die

---

[27]Vir meer inligting hieroor sien WA de Klerk, The Puritans p 272-275.

[28]Engelbrecht, Ben. Ter wille van hierdie Wêreld - Politiek en Christelike Heilsbelewing in Suid-Afrika. Tafelberg 1982 p 33.

buitenste duisternis van Suid-Afrika te werp. Vanaf die vyftigerjare tot die middel van die sestigerjare was daar dan ook 'n sorgwekkende aantal selfmoorde, gepoogde selfmoorde, gevalle van manslag en ander gevaarlike gedragsvorme asook gevalle waar daar uit die land gevlug is.[29] Maar die wet het nie net na die blanke oortreder die vinger gewys nie. Vir die blanke was die verbreking van dié wet die onteenseglike bewys van sy veragtelikheid, en vir die gekleurde van Suid-Afrika of desnoods Vietnam was hierdie wet die finale bewys van die minderwaardigheid van sy kleur en bloed. In 'n brief aan die Rand Daily Mail het 'n briefskrywer in 1926 die vraag gestel: "Can any man commit a greater crime that be born coloured in South Africa?"[30]

Die hoeksteen waarop die hele apartheidsbeleid gebou moes word, was die Bevolkingsregistrasiewet - Wet nommer 30 van 1950 soos gewysig. Hiervolgens is die hele bevolking van Suid-Afrika geklassifiseer in die kategorieë blank, gekleurd en swart. Sedert 1911 was daar 'n hele aantal wette waarin definisies van die verskillende rassegroepe gegee is. Die stelsel was egter buigsaam - mense kon van die een groep na die ander gaan indien hulle fisiese trekke dit toegelaat het. Maar die bevolkingsregistrasiewet van 1950 was bedoel om 'n einde te maak aan hierdie oorsteek van die grens. Die wet het voorsiening gemaak vir 'n rigiede sisteem van rasseklasifikasie op grond van voorkoms, algemene aanvaarding en ook bekendheid, en het daarby voorsiening gemaak vir die samestelling van 'n bevolkingsregister en die dra van identiteitsdokumente.

By ongeveer 99 persent van die bevolking het hierdie rasseklasifikasie geen probleem geskep nie. Maar daar was die sogenaamde

---

[29]De Klerk, WA. The Puritans, p 271 verwys na 'n PhD Dissertasie van JJCF Heydenrych "Die Maatskaplike Implikasies by die toepassing van Artikel 16 van Wet 23 van 1957" - Dissertasie vir die graad PhD, Universiteit van Stellenbosch 1968.

[30]Venter, Al J. Coloured - A Profile of Two Million South Africans. Human en Rousseau, Kaapstad 1974 p 1.

grensgevalle wat nie in een van die kategorieë gepas het nie en dit was veral in sulke gevalle waar hierdie wet 'n spoor van vrees, vernedering en haat nagelaat het. Veral die bruinmense is swaar getref. Oral was daar gevalle waar daar twyfel was oor die suiwerheid van die blanke bloed. Sulke mense moes bewys lewer van hulle blanke afkoms. "Those who could not were scrutinised by an army of Government appointed officials who attempted to classify human beings in terms of race by looking at fingernails, hair, the shape of noses, other members of the family and, more ominous still, accepting the word of anonymous informers that a person or a family was or was not White. The whole affair was conducted with secrecy".[31] In sommige gevalle het gesinsbande verbrokkel omdat sommige lede van die gesin as blank en ander as kleurling geklassifiseer is. Op grond van die baie smart en vernedering wat veral die kleurling onder hierdie wet ervaar het, kan saamgestem word dat "No war or clash of ideals has played a more significant role in breaking down relations between the Coloureds and the Whites than the ... Population Registration Act of 1950".[32]

Die wet het onderskei tussen wit, gekleurde en swart mense, en aan die Goewerneur-Generaal volmag gegee om verdere onderskeidinge te maak. Dit is gedoen in 1959 toe die kleurlinge deur Proklamasie 46 van 1959 verder ingedeel is in Kaapse Kleurling, Kaapse Maleier, Griekwa, Chinees, Indiër, "ander Asiaties" en "ander Kleurling".[33]

Hierdie rasseklassifikasie het die grondslag geword van die hele sosiale, politieke en kulturele strukturering van die Suid-Afrikaanse samelewing. "Volgens 'n mens se klassifikasie is sy regte bepaal: of hy stemreg het of nie, waar hy mag woon, hoe hy

---

[31]Aw p 118.

[32]Aw p 118.

[33]Horrel, Muriel. Legislation and Race relations - A summary of the main South African laws which affect Race Relationships. South African Institute of Race Relations Johannesburg 1963 p 11.

mag woon, hoe hy mag beweeg, waar hy mag werk, met wie hy mag trou, watter openbare geriewe hy mag gebruik, watter openbare plekke van vermaak hy mag bywoon, en baie ander".[34]

Soos wat die geval was by die argitekte van apartheid, is daar in die toepassing van die beleid steeds gedink in terme van die groep - sonder enige oog vir die individu. 'n Tipiese voorbeeld van hoedat die enkeling nie gereken is nie, was dié van Sandra Laing in 1967. Sy is elf jaar tevore gebore in Amersfoort in Oos-Transvaal in 'n hospitaal vir blankes. Haar ouers was bekende mense aan wie se suiwer wit bloed nie getwyfel is nie en die kind is dan ook as 'n blanke geregistreer en in die blanke NG Kerk gedoop. Sandra het 'n blas vel en kroes hare gehad maar het tot 1964 sonder enige probleme tussen haar vriende in die blanke skool verkeer. In 1964 het die duisternis egter oor hierdie gesin en kind neergesak toe hulle deur die Administrateur van Transvaal, mnr Sybrand van Niekerk, en die Lid van die Provinsiale Raad genader is omdat van die ander ouers beswaar gemaak het teen Sandra se teenwoordigheid in die primêre skool van Piet Retief. Die aaklige stuk geskiedenis is afgesluit toe die Sekretaris van Binnelandse Sake in Februarie 1966 kragtens wet aansoek gedoen het vir die herklassifikasie van Sandra tot "Kleurling". Die kind is, nadat die ouers geweier het om haar uit die skool vir blankes te haal, eindelik deur die polisie huistoe geneem. Die vader het wel 'n hofsaak oor haar herklassifikasie gewen en Sandra in 'n privaatskool in Johannesburg geplaas. Maar die skade was klaar gedoen en sy het in die vroeë sewentigerjare met 'n swartman in die huwelik getree.[35]

Die Groepsgebiedewette nrs 41 van 1950 en 77 van 1957 het net soos die Wet op Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet

---

[34]Van Wyk, Dr JA. "Die Rassesituasie" in Stormkompas - Opstelle op soek na 'n suiwer koers in die Suid-Afrikaanse konteks van die jare Tagtig". Byeengebring deur prof Nico Smith, dr FE O'Brien Geldenhuys, dr Piet Meiring, Tafelberg 1981 p 66.

[35]De Klerk, WA. The Puritans p 268-269.

berus op die Bevolkingsregistrasiewet. Kragtens hierdie Wet is aan die owerheid die mag gegee om woon- en sakegebiede vir elke besondere bevolkingsgroep aan te wys. Op hierdie wyse is daar begin met 'n ongekende sosiale en geografiese herstrukturering van Suid-Afrika deur die verskuiwing van groot getalle mense na gebiede wat die owerheid vir hulle as woonplek bepaal het. "It began the process of shoving human beings around like loads of earth and concrete, and flattening their homes and shops with bulldozers".[36] In 1974 is daar bereken dat tot op daardie tydstip daar reeds ongeveer een miljoen mense op grond van hierdie wet uit hulle huise verskuif is. Van hierdie getal was slegs 'n paar duisend blankes.[37]

Voordat die Nasionale Party in 1948 aan die bewind gekom het, het daar verkillende maatreëls gegeld vir die segregasie van swartmense en Indiërs, maar die Groepsgebiedewet van 1950 wat in 1957 gewysig is, het veel dieper ingegryp as enige vorige wetgewing. Dit het beheer ingestel oor alle interrassige saketransaksies en alle interrassige veranderinge in bewoning. Vir die eerste keer is die bruinmense van die Kaap aan sodanige kontrole onderwerp. In Kaapstad het die stadsraad in 1956 'n openbare ondersoek deur die Groepsgebiedekomitee geboikot omdat soveel kleurlinghuise en gebiede geraak sou word deur 'n voorstel dat die hele Tafelberg-area tot by die Weste van die voorstedelike treinspoor van Kaapstad na Muisenberg vir blankes gesoneer word.[38] Dit het daartoe gelei dat die kleurlinge van Kaapstad Distrik Ses as hulle woongebied verloor het. In 1964 het die owerheid die eienaars van Distrik Ses in kennis gestel dat die gebied as 'n blanke gebied gesoneer is en dat die kleurlinge stelselmatig op die Kaapse

---

[36]Johnson, Paul. A History of the Modern World from 1917 to the 1980's p 523.

[37]Venter, Al J. Aw p 7.

[38]Davenport, TRH. Aw p 379.

Vlakte hervestig sou word.[39] Die arbitrêre wyse waarop hierdie besluit geneem en uitgevoer is en die groot geldelike verliese wat deur kleurling-eienaars gely is, het diep wonde veroorsaak.

Hierdie wet het die kleurlinge van die Boland verneder en, asof dit nie genoeg was nie, hulle nog boonop van hulle huise en gebiede beroof. In die Parlement het die betrokke Minister op 4 Februarie 1972 verklaar dat daar tot op daardie tydstip 70 889 kleurlinggesinne met betrekking tot woonplek gediskwalifiseer is en dat 37 616 hervestig is. Wat Indiërs betref, is 38 180 gesinne gediskwalifiseer en 24 388 hervestig. Daarteenoor is slegs 1 578 blanke gesinne gediskwalifiseer en 1 246 hervestig.[40] "The Group Areas Act does much more than simply move people out of one area to another. It affects every aspect of the individual's life. The act regulates a man's leisure, his culture, working conditions, habits, education, health, welfare; in fact, the basics of his existence, including such fundamentals as where he can have a bite to eat during the lunch hour. One Group Areas measure - the Seashore Amendment Act, published early in February 1972, provides for a year's imprisonment or a fine up to R200 for any coloured person found using a 'White' beach".[41]

Die joernalis en oud-koerantredakteur, Dirk Richard, vra die aandag van die Afrikaanse leser vir Dr Allan Boesak. "Afrikaners het 'n diep afkeer van dr Allan Boesak - en tereg ook. Vir hulle lyk sy optredes en beskouinge meer na dié van 'n politieke aktivis as 'n geestelike. Maar kom ons kyk na die ander kant van

---

[39]Venter, Al J. Aw p 58. Sien ook die Erika Theron-Kommissie se rapport van 18 Junie 1976 waarvolgens 8 000 Kleurlinggesinne op die Kaapse vlakte hervestig moes word as gevolg van die Regering se besluit oor Distrik Ses. Beroepe deur blanke en kleurlinggroepe op die Owerheid om sy besluit in heroorweging te neem, is van die hand gewys met die verklaring dat herontwikkeling van die gebied as kleurlingwoonbuurt te duur sou wees.

[40]Aw p 109.

[41]Aw p 109.

die munt, na die ervaringe van die jong Boesak". Richard meld dan dat Boesak as 'n kind gesien het hoe "Groepsgebiede se stootskrapers" sy ouerhuis op Kakamas platgestoot het. Daarna het die gesin hulle in die Kaapse Skiereiland gevestig en weer word die gebied tot blanke gebied verklaar, die woning gesloop en moet die gesin trek. Boonop word hy as student deur die Universiteit van Stellenbosch geweier - omdat hy gekleurd is! Sou Boesak se radikale optredes in die later jare dalk na hierdie gebeure herlei kan word?[42]

Dit was ook veral kleurlinggemeentes wat swaar getref is deur die Groepsgebiedewet. Duisende kerkgangers is geraak deur dosyne kerkgeboue wat onteien is omdat dit skielik in wit areas gestaan het. Talle van dié kerkgeboue het historiese waarde gehad en talle van die gemeentelede is gebore en het oud geword in die gemeente met die bepaalde kerkgebou. Vanweë die wet het daar 'n situasie ontstaan waar baie duisende mense sonder kerkgeboue gelaat is, en daar ook dosyne kerkgeboue sonder mense gelaat is. In die proses het gemeentes miljoene rande skade gely. En die NG Kerk het nie een keer kritiek op die wet gelewer nie![43] Kleurlinge is aan hulself oorgelaat met hierdie wet waarna hulle terég verwys het as "die wrede wet".[44]

Dieselfde wet het ook hard geslaan na die kant van die Indiërbevolking van die land. In die naam van groepsgebiede moes talle Indiërs hulle huise en winkels ontruim en na ander gebiede vertrek. In menige dorp in Transvaal moes die Indiërs uit die sentrale sakegebied padgee soos bv in Lydenburg in 1952, Balfour en Carolina in 1953, Nelspruit en Witrivier in 1954, en ook

---

[42]Richard, Dirk. Tussen Bid en Droom, 'n Koerantman het albei nodig. Constantia Uitgewers Pretoria 1986 p 127.

[43]Venter, Al J. Aw p 111.

[44]The Theron Commission - A Summary of the findings and Recommendations of the Commission of enquiry into matters relating to the Coloured Population Group - edited by ST van der Horst, South African Institute of Race Relations December 1976 p 62.

Ermelo, Wolmaransstad en Klerksdorp in 1955. Die hele Indiërsakegebied in die middestad van Pretoria moes in 1956 ontruim word met groot ontbering en finansiële skade vir die betrokkenes.[45]

Ook die swartmense het swaar onder hierdie wet gely. Hele gemeenskappe is eenvoudig uit gebiede weggeneem en elders gevestig. Skynbaar het dit soms ook met die grootste willekeur en sonder raadpleging van die betrokkenes gepaard gegaan. So het dr WWM Eiselen, Sekretaris van Naturellesake, in Januarie 1955 verklaar dat dit die Regering se plan is om mettertyd al die swartmense uit die Kaap se Westelike Provinsie te verwyder, aangesien dit die natuurlike tuiste van die kleurlinge is wat beskerm moet word op die arbeidsmark. As 'n eerste stap is beplan om alle vreemde swartmense uit die gebied te verskuif, om die heersende situasie met betrekking tot gesinne te bevries, om alle vroue en kinders wat nie kwalifiseer om in die gebied te wees nie na die reserwes terug te stuur, en om slegs trekarbeid op 'n gekontroleerde wyse toe te pas. Sedertdien is toestromingsbeheer streng toegepas.[46]

Dit word geskat dat in die 23 jaar vanaf 1960 tot 1983 'n totaal van 3,5 miljoen mense, byna almal swart, in terme van die Regering se beleid onderworpe was aan gedwonge verskuiwing van een plek na 'n ander waarheen hulle nie gekies het om te gaan nie.[47] Nie al hierdie verskuiwings het kragtens die groepsgebiedewet plaasgevind nie want talle mense is byvoorbeeld kragtens die beleid van toestromingsbeheer en met behulp van die Paswette uit bepaalde gebiede verwyder. Nog ander is verskuif ter wille van die verbetering van hulle lewensomstandighede en 'n geskatte 1,4

---

[45]Davenport, TRH. Aw p 379-380.

[46]Horrell, Muriel. Aw p 18-19.

[47]Wilson, Francis en Ramphela, Mamphela. Uprooting Poverty - The South African challenge. Report for the Second Carnegie Inquiry into Poverty and Development in South Africa, David Philip 1989 p 216.

miljoen swart plaaswerkers is in die periode 1950 tot 1980 in sogenaamde reserwes geplaas omdat hulle arbeid op die plase oortollig geraak het.[48] Maar die Groepsgebiedewet as sodanig het 'n hoë tol geëis en in die meeste gevalle waar dié Wet van toepassing gemaak is, was dit vanweë die gekleurde wat in die pad van die witman gekom het.

Die Rooms-Katolieke vader Cosmas Desmond was eintlik die eerste persoon in Suid-Afrika wat 'n omvattende studie gemaak het van die rampgevolge van die hervestiging van swartmense. Hy het die resultaat van sy ondersoek in 1969 as 'n publikasie van die Christelike Instituut die lig laat sien onder die titel "The Discarded People".[49] In Suid-Afrika het hierdie werk wat die sluier gelig het oor die ellende wat hervestiging by swartmense veroorsaak, veel woede ontlok. Desmond self is in 1971 verban en daarmee kon sy boek nie bespreek of aangehaal word nie. In die werk word onder andere die woorde van Minister MC Botha in The Star van 21 November 1969 aangehaal nl "The Bantu people like being moved ... The Bantu people like the places where they are being resettled."[50] - woorde wat dikwels aanvaar is deur 'n blanke publiek wat nie van beter geweet het nie. In die voorwoord van 'n latere publikasie oor die gedwonge verskuiwing van mense in Suid-Afrika laat Desmond hom die raak opmerking ontval - "It would be difficult to find anybody anywhere with less to lose than the inhabitants of the resettlement camps".[51] Met sy ondersoek het Desmond egter hoofsaaklik gelet op die gevolge van owerheidsoptrede wat gelei het tot die massiewe hervestigingspro-

---

[48]Aw p 218-223. Sien ook "The Surplus People - Forced Removals in South Africa". Laurine Platsky and Cherryl Walker Ravan Press, Johannesburg 1985 p 30.

[49]Desmond, OFM Cosmas. The Discarded People - An Account of African Resettlement. Publikasie van die Christelike Instituut van Suid-Afrika Braamfontein Transvaal. ongedateerd ± 1970.

[50]Aw p 23.

[51]Platzky, Laurine en Walker, Cherryl. The Surplus People - Forced removals in South Africa. 1985 p XIX.

gramme op die platteland. Die Groepsgebiedewet het eintlik hoofsaaklik in stedelike gebiede gegeld en het naas die hervestigingsprogramme op die platteland, die grootste getal verskuiwings meegebring.

Met betrekking tot stedelike hervestiging was daar ook die Naturelle-hervestigingswet nr 19 van 1954 op grond waarvan die Regering die swart inwoners van die Westelike Gebiede in Johannesburg verskuif het na 'n nuwe area genaamd Meadowlands wat 16 kilometer van Johannesburg geleë is. Meer as 10 000 swart gesinne was in hierdie hervestiging betrokke.[52]

Saam met ander wette oor hervestiging, het die Groepsgebiedewet geweldige leed meegebring. In terme hiervan is dit eintlik ondenkbaar dat prof GBA Gerdener in 1952 met dankbaarheid verwys het na 'n opmerking van die Suid-Afrikaanse korrespondent van die British Weekly wat na aanleiding van die ontwikkeling van die swart dorp Zwelitsha naby King William's Town geskryf het dat die Groepsgebiedewet, op hierdie wyse toegepas, "might become a commendable act".[53]

Die verskillende wette oor afsonderlike geriewe het daarvoor gesorg dat die kontak tussen wit en gekleurd tot 'n minimum beperk is. Die Wet op Afsonderlike Geriewe Nr 49 van 1953 was die gevolg van verskeie suksesvolle appèlle van swartmense teen vonnisse wat hulle opgelê is omdat hulle geriewe vir blankes gebruik het. Hierdie Wet is toe aangeneem waarvolgens geriewe, sy dit geboue of voertuie, gereserveer kan word vir 'n bepaalde ras. Dit het ook bepaal dat so 'n reservering nie onwettig verklaar kan word nie selfs al is daar geen of geen gelyke geriewe vir die ander rassegroep nie.[54]

Die Wysigingswetsontwerp op Naturellewette, Nr 36 van 1957, het

---

[52]Horrel, Muriel. Aw p 22.

[53]SABRA - Groepsgebiede en Woonbuurtskeiding SABRA 1952 p 7.

[54]Horrel, Muriel. Aw p 30.

berus op 'n Amendement wat in 1937 aangebring is aan die Naturellewet (Stedelike Gebiede) nl dat enige instelling wat na 1938 in die sogenaamde blanke deel van 'n stad of dorp (dws buite nieblanke gebiede) hoofsaaklik vir swartmense diens doen, die toestemming van die Minister en plaaslike owerheid nodig het. Die woord "instelling" of "institusie" het ingesluit kerke, skole, plekke van vermaak, hospitale en klubs. Na heftige debat en twee herformulerings is die "kerkklousule" in 1957 gewysig sodat dit bepaal dat indien die plaaslike owerheid instem, en indien die betrokke kerk 'n redelike tyd gehad het om voorleggings te doen, en indien die Minister die beskikbaarheid van alternatiewe geriewe oorweeg het, die Minister opdrag kan gee dat die bywoning van kerkdienste in die wit gedeelte van die dorp of stad beëindig moet word. Hy mag dit doen indien die swartmense volgens sy oordeel 'n las is of as hulle getalle onaanvaarbaar is. Met betrekking tot skole, hospitale, klubs ens., en spesifiek ook plekke van vermaak het die Minister ook finale seggenskap gekry oor die moontlike bywoning deur swartmense.[55]

Ook met betrekking tot vervoer is die kontak tussen wit en swart so ver as moontlik uitgeskakel. Die Wysigingswetsontwerp Nr 44 van 1955 het bepaal dat die Nasionale Vervoerraad van plaaslike owerhede en ander instansies wat vervoerdienste behartig, kan eis dat vervoermiddele of dele daarvan vir bepaalde rassegroepe gereserveer word.[56]

Die Wysigingswetsontwerp op Staatsondersteunde Instellinge, Nr 46 van 1957, het aan die rade van kultuurinstellings soos kunsgalerye, museums, openbare tuine, dieretuine en biblioteke, magtiging verleen om, onderworpe aan die goedkeuring van die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, te bepaal wanneer en onder welke voorwaardes die publiek of persone van spesifieke ras die betrokke instelling mag besoek.[57]

---

[55]Aw p 30-31.

[56]Aw p 31.

[57]Aw p 31.

Gedurende April 1957 het die Departement van Naturellesake aan plaaslike owerhede en welsynsorganisasies 'n omsendbrief uitgestuur waarin die Departement se beleid uiteengesit is nl dat swartmense hulle eie welsynsdienste moet behartig. Die Departement sou nie die beheer van sulke dienste deur gemengde komitees goedkeur nie.[58]

Toe die Minister van Onderwys, Kuns en wetenskap in November 1962 die konferensie van die SA Biblioteekvereniging geopen het, het hy bekend gemaak dat die Owerheid van wetenskaplike en professionele organisasies verwag om met die regering se beleid van afsonderlikheid tussen die verskillende rassegroepe akkoord te gaan. Die Biblioteekvereniging het onmiddellik daarby aangepas. Enkele weke later het die Minister briewe aan elf wetenskaplike en professionele verenigings en organisasies gestuur waarin hy daarop gewys het dat die Owerheid verwag dat daar aparte verenigings vir die nie-blankes sal wees. Indien die betrokke verenigings nie aan hierdie beleid voldoen nie, sal hulle nie kwalifiseer vir verdere finansiële steun van die Owerheid nie.[59] Volgens persberigte het die betrokke verenigings op daardie tydstip 12 000 lede gehad waarvan slegs 8 gekleurd was.[60]

Die wering of verbanning van Suid-Afrika uit internasionale sportliggame het as agtergrond die verklaring van die Minister van Binnelandse Sake wat op 9 Februarie 1962 in die Parlement verklaar het dat sy voorganger reeds in 1956 daarop gewys het dat blank en nie-blank hulle sport afsonderlik moet reël en dat daar

---

[58]Aw p 32.

[59]Aw p 32. Na aanleiding hiervan vertel Dawie, die rubriekskrywer van Die Burger, op Januarie 1960 dat die musiekvereniging van Pietermaritzburg in Desember 1959 reeds 'n brief ontvang het waarin dit gestel is dat hulle nie-blankes (30 gereserveerde sitplekke) van die uitvoering van Die Messias moet uitsluit anders verloor hulle die toelae van R500 van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Dawie p 167.

[60]Aw p 33.

geen interrassige kompetisies binne Suid-Afrika se grense moet wees nie.[61]

Dit was op grond van hierdie wette dat kulturele apartheid tot die absurde punt gevoer is dat konsertgangers uit die kleurling-bevolking vir die eerste keer op 7 Oktober 1965 in Kaapstad moes ervaar dat 'n hoekie in die regter-agterkant van die stadsaal vir hulle gereserveer is. Vir die geleentheid is skerms opgerig langs die ingangsgange sodat die wit en gekleurde groepe mekaar nie kon sien nie. Ook is voorsiening gemaak vir aparte toiletgeriewe vir die kleurling-musiekliefhebbers.[62]

Voortspruitend uit hierdie wette is daar van owerheidsweë in Augustus 1966 toestemming geweier vir die kleurling-konsertpianis Jan Volkwyn om saam met die Johannesburgse Simfonie-orkes voor 'n kleurling-gehoor in die kleurlingbuurt Coronationville op te tree. Volkwyn, met 'n FRCM agter sy naam, het op daardie tydstip pas uit Londen teruggekeer. Die koerantredakteur Dirk Richard het beswaar aangeteken teen hierdie weiering en Minister Willie Maree het geantwoord: "... ek laat nie toe dat 'n Kleurling op so 'n wyse in 'n Blanke orkes optree dat hy as lid daarvan geïdentifiseer kan word en dit dus 'n gemengde orkes word nie". Tog het die Minister 'n toegewing gemaak en geskryf: "Ek het nou na die bestudering van die feite van die saak, aangedui dat, indien verlang word dat Volkwyn as Kleurling-kunstenaar 'n item of twee op 'n klavier voor die gehoor te Coronationville onder orkesbegeleiding moet lewer, 'n permit daarvoor op aansoek toegestaan kan word, op die uitdruklike voorwaarde dat hy nie as lid van die orkes mag optree nie, maar slegs deur die orkes begelei moet word en met dien verstande verder dat hy nie toegelaat word om met die orkeslede te meng nie en ook nie van dieselfde kleedkamers en ander geriewe gebruik maak nie".[63]

---

[61]Aw p 33.

[62]Inleidingsartikel Cape Times, Vrydag 8 Oktober 1965. Sien ook berig in The Sunday Times 30 Oktober 1966 oor aparte ingange en toilette vir kleurlinge.

[63]Richard, Dirk. Aw p 119.

Hierdie soort gebeure was op die hoogtepunt van die apartheids-era heeltemal algemeen en doodgewoon. In die tyd van Verwoerd kon die Amerikaanse vliegdekskip, Independence, slegs brandstof in Kaapstad inneem indien sy swart matrose nie in die lugbemannings wat op die militêre lugbasis kon land, ingesluit word nie. Verder het Verwoerd enkele weke voor sy dood verbied dat Othello in Suid-Afrika vertoon word omdat 'n swartgesmeerde Laurence Olivier 'n skadelike integrasievoorbeeld sou stel.[64]

Die berugte kerkklousule wat 'n storm van protes veroorsaak het - selfs van die kant van die NG Kerk - het die owerheid gemagtig om die hou van klasse en selfs van kerkdienste te verbied indien sulke geleenthede in wit gebiede deur swartmense bygewoon word. Na aanleiding van die protes is die wet gewysig maar alleen in dié sin dat die gesag in die hande van die plaaslike owerhede geplaas is, en dat die swart oortreder aan vervolging blootgestel is en nie die kerk nie.[65] Die gevolg van hierdie "toegewing" was dat die aandskool vir swartmense wat in die kerksaal van die Presbiteriaanse gemeente van St Columba in Johannesburg gehou is, voortdurend besoek is deur inspekteurs van die Bantoe-Administrasieraad wat die personeel en leerlinge gedreig het met sluiting van die skool. In die NG gemeente Parkhurst is die aandskool wat later selfs 200 leerlinge gehad het, met rus gelaat, maar het die predikant van die gemeente, ter wille ook van sekerheid vir St Columba, 'n brief aan die Bantoekommissaris geskryf om toestemming vir die hou van sulke swart skole te vra. Op die aansoek is nooit enige antwoord verkry nie. Selfs korrespondensie met 'n Adjunk-minister het niks opgelewer nie. Die skole is toe maar "onwettig" voortgesit.[66] In die NG Kerk was die gemeente van Parkhurst tot in die sewentigerjare ook die enigste wat sy kerksaal vir swartmense oopgestel het vir eredienste op Sondae.[67]

---

[64]Aw p 118.

[65]Davenport, TRH. Aw p 380.

[66]Korrespondensie JHP van Rooyen/Kommissaris, JHP van Rooyen en Adjunk-minister Pierre Cronje.

[67]Vanaf 1960 toe dit nog teen die kerkwet was. Vgl ook Dirk Richard aw p 112.

Met al die wette om die rasse apart te hou, sou 'n mens nie kon dink dat nog wette moontlik sou wees nie. Tog was daar ook nog Proklamasie R26 van 1965 wat bepaal het dat geen "gediskwalifiseerde" persoon in gekontroleerde of groepsgebiede (in die praktyk dus die hele land) enige plek van openbare vermaak mag bywoon, of verversings mag geniet in 'n gelisensiëerde restaurant of teekamer nie. Etes, partytjies en sosiale byeenkomste waar persone van verskillende rassegroepe teenwoordig is, is wettig solank dit op private perseel gehou word, of selfs in 'n publieke restaurant of saal solank so 'n restaurant of saal gesluit is vir die publiek. Alkoholiese drank mag deur blanke, kleurling- of Asiërgashere bedien word aan enige van hierdie drie groepe maar nie aan swart gaste nie. Koeldranke mag aan swart gaste bedien word.[68]

In 1986 het Dirk Richard 'n opsomming gemaak van die rassesituasie by die dood van Verwoerd in 1966. Hy het dit "Verwoerd se kleurtestament" genoem en dit het soos volg daar uitgesien:

* Geen Maori is toegelaat as deel van 'n Nieu-Seelandse rugbyspan nie en geen gekleurde in enige sportspan nie. As ons ooit by 'n Olimpiade sou uitkom, moes Wit en Swart in aparte vliegtuie as aparte kontingente vertrek.

* Verbod van blanke kapitaal en inisiatief vir die ontwikkeling van die tuislande.

* Die kerkklousule het verbied dat swartes eredienste in wit gebiede bywoon sonder ministeriële toestemming.

* Die Soweto's moes as tydelike arbeid-reservoirs gesien word met so min maatskaplike geriewe as moontlik. Hierdie swartes is niks meer as besoekers nie.

---

[68]Venter Al J. Aw p 8.

* Opgevoede swartes kon slegs onder hul eie mense in die tuislande gaan werk.[69]

Dit vra eintlik geen verduideliking nie dat iemand by geleentheid opgemerk het dat Suid-Afrika nog net twee "werklik gevaarlike manne" gehad het: die een Duits-gebore en die ander Nederlandsgebore - Alfred Lord Milner en dr Hendrik Verwoerd.[70] Op die duur sou blyk hoedat Verwoerd die grootste denkbare gevaar geskep het vir Suid-Afrika as deel van Afrika, die Weste en die wêreld, en ook vir die interne vrede van die land self.

Aan Eerste Minister John Vorster wat in September 1966 die teuels oorgeneem het, kom die eer toe dat hy die rasseverhoudinge begin versag het. Dit het klein begin nl toe daar in 1970 'n All Black-span na Suid-Afrika gekom het met drie Maori's en een Samoaan as lede van die toerspan. In sy tyd het Errol Tobias die eerste gekleurde geword wat die Springboktrui gedra het en is die swart Fransman, Roger Bougarel, in 1971 in die Franse toerspan ingesluit. Op 'n stadium het Bougarel se insluiting in die span taamlik spanning veroorsaak omdat van die toeskouers hulself nie kon beteuel nie. Die eerste gemengde boksgeveg op Suid-Afrikaanse bodem het op 1 Desember 1973 tussen Pierre Fourie en die neger Bob Foster plaasgevind.[71]

Dit was egter maar 'n klein begin vir meer natuurlike en ontspanne rasseverhoudinge. Die hervormingsmaatreëls het eers werklik begin met mnr PW Botha as Eerste Minister in 1978. Die nalewing van die Verwoerdgees sou egter nog lank in die NG Kerk voortduur.

Op dié wyse is bewaarheid wat dikwels deur 'n groepie predikante van die NG Kerk opgemerk is, nl dat die NG Kerk eers sal verander as die Owerheid verander het. In 1982 nog het die Actuarius van die Algemene Sinode, dr Dirk Fourie, na die sitting van die

---

[69]Richard, Dirk. Aw p 129.

[70]Pienaar, Schalk. Getuie van Groot Tye, Tafelberg 1979 p 50.

[71]Richard, Dirk. Aw p 139-141.

Sinode, met trots in 'n artikel in die Sondagblad Rapport opgemerk dat slegs 22 uit die 500 afgevaardigdes vir die afskaffing van die Ontugwet en die Wet op Gemengde Huwelike gestem het.[72]

Tog was die kerklike stem in die periode van die ideologiese hooggety nie heeltemal stil nie. Wetende dat hul hulself daarmee geweldig blootstel, het agt teoloë op 22 Oktober 1965 'n ope brief aan al die predikante van die NG Kerk uitgestuur onder die titel: "Verwarring: Opheldering noodsaaklik!"[73] Dit was 'n oproep tot die handhawing van die eie aard van die kerk in 'n tyd van verwarring oor die verhouding kerk en volk of kerk en politiek. In hierdie geskrif is gewaarsku teen die algemene siening van die tyd nl die kerk as "bolwerk van die Afrikaner" en teen die tipering van predikante wat die gemeenskap van die heiliges oor die kleurgrense bepleit as "liberaliste".

Die profetiese stem in die NG Kerk in hierdie tyd was egter maar yl. Deur die kerk is in duisend tale geswyg en die owerheid moes die hervormingsaksie begin te midde van die swye en selfs weerstand van die NG Kerk.

3.3 SWART REAKSIE

Die siening as sou die hele rasseproblematiek van Suid-Afrika herlei moet word na die koloniale tydperk en dat die sosiale en politieke strukture geanaliseer moet word in terme van verdrukker en verdrukte, is iets wat al meer populêr word by 'n bepaalde deel van die Christendom in Suid-Afrika. In die Swart Teologie is dit die basis vir die stelling "dat ons alles wat wit is, verwerp en alles wat swart is, aanvaar!"[74] In die Kairos-dokument

---

[72]Aw p 113.

[73]Verwarring: Opheldering Noodsaaklik! 22 Oktober 1965. Die ondertekenaars was: ds WJC Cilliers, dr HW de Jager, prof dr IH Eybers, prof dr WD Jonker, prof dr JA Lombard, dr JHP van Rooyen, dr AJ Venter en mnr AC Viljoen.

[74]Ngabane, ds Maurice. Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke in Stemme uit die Swart Kerk - Dr Piet Meiring, Tefelberg 1975.

van 1986 speel hierdie gedagte 'n oorheersende rol en word ook beklemtoon dat daar geen sprake is van reg by die onderdrukker of onreg deur die onderdrukte nie. Slegs die onderdrukte het die reg aan sy kant en slegs die onderdrukker is onregverdig.[75] Ook die Rooms-Katolieke priester van die Instituut vir Kontekstuele Teologie, Albert Nolan, het dieselfde oortuiging oor die koloniale periode as die begin van die strukture van onderdrukker versus onderdrukte. "The gospel that first came to our shores with Dutch and then British colonialism was a gospel that justified and legitimised colonialism, imperialism and European superiority". Nolan sien die koloniale owerhede alleen in terme van "barbaric methods and attitudes".[76]

Hierdie pogings om die geskiedenis te interpreteer, moet afgewys word as nie alleen te simplistiese sieninge van die rassepolitiek nie, maar veral ook as onware oordele oor die koloniale periode en ganse geskiedenis van Suid-Afrika. Dit is daarby ook nie alleen eensydig nie, maar ook totaal onwetenskaplik indien die gegewene van die geskiedenis enersyds miskén word en andersyds beoordeel word vanuit bepaalde norme, beskouinge, omstandighede, ekonomiese vermoeëns, onderwysstandaarde, beskawingspeile, ens van ons dag. Die rasseprobleem van die einde van die twintigste eeu in Suid-Afrika spruit nie uit die koloniale periode met sy toegedigte skema van verdrukker en verdrukte nie, maar uit bepaalde historiese gegewene. Dit is iets wat deur die loop van die geskiedenis stelselmatig gegroei het vanweë bepaalde praktiese omstandighede van beide blank en nie-blank.

Tot teen die einde van die negentiende eeu was daar eintlik nie sprake van politieke besef of aspirasies by die swartmense nie.

---

[75]Kairos Document, The Challenge to the Church. A Theological comment on the political crisis in South Africa. Published by the Kairos Theologians, Box 32047, Braamfontein 2017. Hoofstuk 4:1 p 15.

[76]Nolan, Albert. God in South Africa - The Challenge of the Gospel, David Philip, Cape Town/Johannesburg. 1988 p 1.

En vanaf 1875, wat beskou word as ongeveer die geboortejaar van die swart politieke bewussyn, was die groei gedurende die periode tot en met die Tweede Wêreldoorlog eintlik betreklik stadig.

Die politieke bewussyn van die swartmense in Suid-Afrika het eintlik in die Kaapkolonie begin waar die swartmense ingesluit is in die koloniale politieke struktuur. Die grondwet van die Kaap in 1872 het volle politieke regte aan hulle toegeken en 'n regeringskommissie van 1903-1905 het selfs aan die lig gebring dat van die 135 168 stemgeregtigdes in die Kaapkolonie in 1903, 18 279 swart was.[77] Die eerste protes van die kant van die swartmense oor politieke regte, het gekom toe die wet op Registrasie van Parlementêre kiesers, waarvolgens stemreg beperk is volgens besit van eiendom met 'n bepaalde geldelike waarde, in 1887 voorgelê is. Talle protesvergaderings is gehou in verband met die voorgestelde wetgewing en nie alleen is 'n beroep op die Britse goewerneur gedoen om sy handtekening van die wet te weerhou nie, maar ook die koningin is versoek om die wet te veto. Dit was egter vergeefs en die swartmense is gelaat met 'n gevoel van verontregting.[78]

Terwyl ekonomiese faktore wat meegebring het dat hulle hul grond verloor het en as trekarbeiders op die goudmyne moes gaan werk, al meer politieke ongelukkigheid by die swartmense veroorsaak het, was daar ook die poging in 1889 om die paswet uit te brei wat protes ontlok het. 'n Deputasie van swart leiers, onder wie John Tengo Jabavu wat 'n baie prominente rol gespeel het in die politieke bewuswording van die swartmense, het met parlementariërs gaan onderhandel en het gedeeltelik geslaag.[79]

Afgesien van die besit van politieke regte in die Kaapkolonie, die gevoel van ekonomiese verontregting en die paswet, het twee

---

[77]Grobler, Jackie. A decisive Clash? A Short History of Black Protest Politics in South Africa. 1875-1976, Acacia 1988 p 7.
[78]Aw p 9.
[79]Aw p 9.

ander faktore sterk bygedra tot die politieke ontwaking van die swartman in Suid-Afrika. Eerstens was daar die invloed van die onderwys wat tot aan die einde van die agtiende eeu uitsluitlik die taak van die verskillende kerke en sendinggenootskappe was. Geen beter aanduiding van die invloed van onderwys in die ontwikkeling van die swartman kan gegee word as om daarop te wys dat genoemde John Tengu Jabavu in 1883 die tweede swart persoon in Suid-Afrika was wat sy Matrieksertifikaat verwerf het[80] en dat daar in 1984 86 371[81] en in 1986 82 680 swart leerlinge in Suid-Afrika in Matriek was. Ook tekenend van die invloed van die onderwys in die ontwikkeling en ontwaking van die swartman is die duisende swart predikante in die Suid-Afrika van 1990 teenoor die feit dat Tiyo Soga aan die einde van die negentiende eeu die enigste geordende swart predikant was.[83] Die swart politieke pioniers was almal vrugte van die Sending en die Sendingskole.

Tweedens was die swart pers 'n baie belangrike faktor in die ontwaking van die politieke bewussyn van die swartman. Ook die swart pers het sy ontstaan te danke gehad aan die werk van sendelinge - veral by Lovedale in die Oos-Kaap. Persone wat hier 'n baie belangrike rol gespeel het, was genoemde John Jabavu, vader van die eerste dosent van die Universiteit van Fort Hare, dr DDT Jabavu en Solomon Plaatje wat onder meer bekendheid verwerf het met sy vertaling van 'n aantal Shakespeare-dramas in Tswana.

Die eerste tekens van swart weerstand teen wetgewing was met die publikasie van die konsepgrondwet van die Unie van Suid-Afrika in 1909. Dit was opvallend dat behalwe vir die Kaapkolonie waar verkose blankes die swartmense sou verteenwoordig, daar geen

---

[80]Aw p 177.

[81]Race Relations Survey 1985 South African Institute of Race Relations Johannesburg. 1986 p 379.

[82]Sentrale Statistiekdiens "Suid-Afrikaanse Arbeidstatistiek: 1987" p 230-234. Dit sluit nie die kleurling- en Indiërgetalle in nie. Die blanke matrikulante in 1986 was 67 201.

[83]Grobler, Jackie. Aw p 180.

stemreg vir die swart bevolking sou wees nie. 'n Storm van protes het ontstaan - selfs in die Kaapkolonie waar die regte van die swartmense sou bly soos dit voorheen was. Al die protes het egter niks gehelp nie - die grondwet is goedgekeur. Maar in reaksie het swart nasionalisme vinnig gegroei as weerstand teen diskriminasie in die vorm van "White political manoeuvering and ... a White stratagem aimed at the retention of White political supremacy in South Africa".[84]

Met Uniewording het segregasie die meeste blankes se steun geniet. Die historikus Davenport beweer selfs dat segregasie veel meer bevorder is in die periode van generaals Botha en Smuts nl 1910 tot 1924 as wat gebeur het in die periode waarmee dit gewoonlik verbind word nl die jare onder die premierskap van generaal Hertzog tw 1924 tot 1939. Hy beskou die Botha-Smuts-periode "as the most formative until the era of Verwoerd...".[85]

Die vorming van organisasies was histories seker die belangrikste gevolg van politieke frustrasies van die swartman. Reeds voor Uniewording het die Kaapse swart koerante Imvo en Izwi die voorgestelde grondwet vir die Unie van Suid-Afrika sterk gekritiseer op grond van die uitskakeling van die swart stem. Op 24 tot 26 Maart 1909 het 38 afgevaardigdes die sogenaamde Native Convention in die skoolkamer van die Waaihoek-lokasie in Bloemfontein bygewoon waar skerp gereageer is op die uitsluiting van swartmense in die voorgestelde grondwet en teen die klousules wat oor kleurgrense gehandel het. Die protes het egter nie gehelp nie. Selfs die deputasie van die voorsitter van hierdie vergadering, dr W Rubusana, saam met WP Schreiner[86] en onder andere JT Jabavu na Engeland om die Britse parlement te probeer oorreed om die kleurgrenslyn te skrap, het niks opgelewer nie en slegs bygedra tot groter swart frustrasie.[87]

---

[84]Aw p 28.

[85]Davenport, TRH. Aw p 258-259.

[86]Broer van die skryfster Olive Schreiner.

[87]Vir meer informasie hieroor sien TRH Davenport p 243-252.

Terwyl die deputasie in Londen was in verband met die poging om te verseker dat die swartmense in die nuwe Unie van Suid-Afrika stemreg sal hê, het hulle daar 'n swart student ontmoet wat byna sy wetstudies aan Oxford voltooi het - Pixley Seme. In 1911 het Seme by die Johannesburgse tak van die South African Native Convention aangesluit en was dit blykbaar hy wat die moontlike stigting van 'n landwye "Native Congress" teenoor ander lede soos Sol Plaatje genoem het. Die gedagte het dadelik sterk steun ontvang en 'n konferensie is belê vir 8 tot 12 Januarie 1912 te Bloemfontein. By daardie geleentheid het ongeveer 60 afgevaardigdes opgedaag en is die South African Native National Congress (SANNC) gestig. Dit was 'n vergadering van hoofmanne, juriste, predikante, onderwysers, klerke en joernaliste uit al vier provinsies van die Unie van Suid-Afrika. Seme was die sameroeper en vir die nuwe swart organisasie wat 'n ingrypende rol sou speel in die toekomstige Suid-Afrika is dr JL Dube verkies tot president, Seme tot tesourier en Plaatje tot sekretaris.[88] Hoe verteenwoordigend hierdie nuwe swart organisasie was, blyk daaruit dat die sewe hoofmanne in Suid-Afrika saam met die ongekroonde Zoeloe-koning Dinizulu gekies is tot erepresidente.[89] Vir die eerste keer was daar in Suid-Afrika 'n verenigde swart front.

Die aard van die SANNC en sy politieke stellinginname blyk uit die besluite wat daar by die eerste vergadering geneem is. Eerstens is die owerheid versoek om die voorgestelde Wet op Naturellegrond, wat in 1913 wet sou word, terug te trek. Verder is voorgestel dat daar in die lig van gerugte oor swart opstande, 'n kommissie van twee blanke en twee swart lede benoem word om die saak te ondersoek "with a view to reassuring the public of the loyalty of the Natives".[90] Derdens is beswaar geopper teen die ontslag van swart spoorwegwerkers en die aanstelling van blankes in hulle plek. Verder is versoek dat in die lig van die karige kompensasie wat toegestaan word wanneer swart mynwerkers

---

[88]Sien verder Davenport p 261.

[89]Grobler, Jackie. Aw p 37.

[90]Aangehaal deur Jackie Grobler. Aw p 38.

beseer word of sterf in hulle werk, die wet op kompensasie van werkers uitgebrei word sodat dit ook swart werkers kan insluit. Laastens is besluit op die noodsaaklikheid van kolleges vir hoër onderwys vir swartmense sodat dit vir hulle nie meer nodig sal wees om na die buiteland te gaan vir sulke onderwys nie.[91]

Soos wat hierdie historiese vergadering allereers aandag gegee het aan die voorgestelde Wet op Naturellegrond, so het die African National Congress, soos die SANNC vanaf 1920 sou bekend staan, steeds aandag gegee aan die gebiedskeiding tussen wit en swart in Suid-Afrika en die saak van apartheid tussen die rassegroepe. In 1936 het daar ook sterk beswaar gekom van die ANC oor die Naturelle-trust en -grond-Wet van generaal Hertzog. Hierdie wet was daarop gemik om die swart reservate te vergroot en verdere beperkinge te plaas op die swartmense se besetting van bepaalde gebiede. Ten spyte van die beswaar, is die wet deur albei huise van die Parlement goedgekeur.

Mettertyd, veral na die Tweede Wêreldoorlog, het die gematigde karakter van die ANC al meer begin plek maak vir 'n uitgesproke militante houding. In 1942 het die ANC besluit om 'n afdeling vir die jeug in die lewe te roep en in Maart 1944 is die "Congress Youth League Manifesto" gepubliseer waarin verklaar is dat die harteloosheid van blanke oorheersing by die swartmens gevoelens van haat opwek teen alles wat sy weg na volle en vrye burgerskap versper "and these feelings can no longer be suppressed".[92] 'n Massa-jeugkonferensie is in September 1944 in Johannesburg gehou en die Congress Youth League (CYL) is gestig met Anton Lambede as eerste president, Oliver Tambo as sekretaris, Walter Sisulu as tesourier en onder andere Nelson Mandela as lid van die bestuur.[93] In die "Basic Policy of the CYL" wat in 1948 bekend gestel is, word as doel gestel dat daar in Suid-Afrika nie

---

[91]Grobler, Jackie. Aw p 37-38.

[92]Aangehaal deur Jackie Grobler. Aw p 88.

[93]Laasgenoemde twee is in 1963 tot lewenslange gevangenisstraf gevonnis vir hulle aandeel in die Rivonia-sameswering.

alleen politieke demokrasie moet kom nie, maar ook ekonomiese demokrasie - 'n herverdeling van eiendom - en opvoedkundige demokrasie waarin daar 'n honderd persent geletterdheid in die land moet kom. "If it is considered that the CYL policy manifesto was issued in the same year that the National Party took over the reins of government, with a policy of entrenching the dominant position of Whites in South Africa, it is clear that reconciliation between White and Black policy demands would have been virtually impossible. The ways had truly parted".[94]

In November 1958 het daar 'n skeuring in die ANC plaasgevind. Dit was eintlik die resultaat van die feit dat die CYL al meer 'n pressiegroep binne die ANC geword het. "They saw themselves very much as an elitist pressure group within the ANC analogous to the Afrikaner-Broederbond".[95] Hulle was teen enige samewerking met wit organisasies, maar wel sterk anti-kommunisties en by implikasie Christelik. Toe lede van die groep in 1958 by die Transvaalse kongres van die ANC opdaag, is hulle op grond van geloofsbriewe wat nie in orde was nie, deelname geweier. Hierdie groep het toe besluit om weg te breek en op 'n vergadering van 4 tot 6 April 1959 te Orlando naby Johannesburg, het hulle die Pan Africanist Congress gestig met Robert Sobukwe as leier. Van die naam van die organisasie is af te lei dat Sobukwe in die vooruitsig gestel het nie alleen 'n regering wat geen erkenning gee aan minderhede nie, maar ook 'n eenheid van Afrika-state.

Bewus van die kompetisie van die PAC, het die ANC by sy kongres in Durban in Desember 1959 besluit om op 31 Maart 1960 landwye betogings te hou teen die paswette. Terselfdertyd sou ook geagiteer word vir 'n minimumloon van 'n pond per dag. Maar op 18 Maart 1960 het die PAC bekend gemaak dat daar op 21 Maart 1960 teen die paswette betoog sal word en geagiteer sal word vir 'n minimumloon - iewat hoër as die van die ANC. Oor die hele land is daar op 21 Maart 1960 betoog. Die slagspreuk van die betoging

---

[94]Grobler, Jackie. Aw p 90.

[95]Davenport, TRH. Aw p 348.

was "No bail! No defence!! No fine!!!" Alle swartmans moes tronk toe gaan en die vroue moes toesien dat dit gebeur. Dit was 'n tyd vir "Service, Sacrifice and Suffering"[96], en dit sou duur totdat Sobukwe dit afgelas het. Die swartmense is aangesê om te weier om passe te dra en om na die verskillende polisiekantore te gaan en hulself aan te bied vir inhegtenisneming.

Die betogings het landwyd vreedsaam verloop. In die swart woonbuurt Sharpeville, het volgens regter Wessels wat later die saak ondersoek het, "oënskynlik nie minder nie as 10 000 betogers" by die polisiekantoor vergader.[97] Toe die omheining om die kantoor gelyk het asof dit meegee onder die druk van die skare,was dit vir sommige lede van die polisie te veel. Teen ongeveer 13h40 was daar by die polisie "a panic reaction"[98] en het die eerste skote geklap. Ander polisie het gevolg en binne 10 tot 30 sekondes is meer as 700 skote op die skare gevuur. By die geregtelike ondersoek het dit geblyk dat nie alleen 69 swartmense gedood en 180 gewond is nie, maar ook dat slegs ongeveer 30% van die ongevalle van voor getref was. Die ander was kennelik reeds op die vlug en is skuins en reg van agter getref.[99]

Die skietery is onmiddellik wêreldwyd veroordeel - veral omdat die onmenslikheid van die Suid-Afrikaanse stelsel hierdeur beklemtoon is. Dit was immers reeds die séwende protesaksie teen die Paswette sedert Unie-wording.[100] Landwyd is meer as 18 000 mense aangehou kragtens die noodtoestand wat afgekondig is. Albert Luthuli, president van die ANC het self ook sy pas in die openbaar verbrand.

Op 28 Maart 1960 het die owerheid wetgewing ingedien om die ANC en die PAC tot onwettige organisasies te verklaar - wetgewing wat

---

[96]Grobler, Jackie. Aw p 123.

[97]Lückoff, AH. Cottesloe Tafelberg 1978 p 1.

[98]Davenport, TRH. Aw p 395.

[99]Lückoff, Dr AH. Aw p 2.

[100]Davenport, TRH. Aw p 396.

op 8 April 1960 van krag geword het. Die land was in woeling en gisting. Eers teen Augustus het sake weer normaal begin verloop en kon die referendum oor Suid-Afrika as 'n Republiek op 5 Oktober 1960 vreedsaam verloop. Sharpeville se gebeure was aanvanklik die grootste enkele oorsaak vir die fokus van die wêreld se aandag op Suid-Afrika en sy rassebeleid. Vir die eerste keer het Suid-Afrika werklik ervaar dat "Since Hiroshima the history of each country is world history".[101]

3.4 DIE COTTESLOE-BERAAD EN DIE NG KERK SE REAKSIE

In Suid-Afrika self het die gebeure by Sharpeville 'n gees van skok en neerslagtigheid meegebring. Talle blankes het gedeel in die oortuiging van "... very little hope that the South African problem can be solved without appalling bloodshed".[102] Soos wat later meermale sou gebeur, het daar skielik 'n stroom blankes na die buiteland verhuis omdat hulle vir die blanke geen toekoms in Suid-Afrika kon voorsien nie. In September 1960 is berig dat die emigrasie van Suid-Afrika na Australië steeds toeneem - veral uit die geskoolde en professionele groepe. Onder andere is verwys na 20 medici wat pas weer emigrasie-vorms voltooi het. "All are highly trained practitioners, and are leaving South Africa because of the political conditions here".[103]

Dit was egter nie alleen blankes wat gevlug het nie. Met die verbanning van die ANC en die PAC het talle swart leiers oorsee gevlug om vandaar die val van die Suid-Afrikaanse Regering te beplan. Met die hoofkwartier in Londen, is ook kantore in New York, Accra en Kairo geopen vanwaar die organisasie genaamd "United Front" die apartheidregering sou teenstaan. Oliver

---

[101]Rupert, Dr Anton. Aangehaal in "Bantustans - a Trek towards the Future" - Paul Giniewski - in gesprek met die skrywer, p 9.

[102]Die bevinding van die Britse Parlementslid Vernon Bartlett in 'n boek "And now Tomorrow" 1960 na Sharpeville. Aangehaal in The Star 5 September 1960.

[103]The Star 6 September 1960.

Tambo, as vise-president, was een van die hooffigure van die ANC wie se leiers, in teenstelling met ander leiers uit Afrika, opvallend was vanweë hulle gematigdheid. "Indeed a characteristic of the non-White South African is modesty and moderation".[104]

Deur die hele Westerse wêreld heen en veral ook in Afrika is daar met afkeer teenoor Suid-Afrika gereageer. In Ghana het die 300 afgevaardigdes wat vir die Wêreldorganisasie vir Jeug vergader het, 'n beroep op hulle onderskeie nasionale takke gedoen om Suid-Afrika deur middel van internasionale boikotte te dwing om sy rassebeleid te verander. Lande op al vier die kontinente is versoek om hulle hawens en lughawens vir Suid-Afrika te sluit, en om 'n olieboikot teen Suid-Afrika in werking te stel. Ook sportliggame is versoek om Suid-Afrikaanse spanne wat op grond van ras gekies is, te weer uit alle internasionale byeenkomste.[105]

Die gebeure by Sharpeville en die noodtoestand wat direk daarna afgekondig is, was ook die beweegrede vir die Sekretaris-generaal van die Wêreldraad van Kerke, dr WA Visser 't Hooft, om met die agt lidkerke in Suid-Afrika in verbinding te tree en te vra of hulle gewillig sou wees om 'n verteenwoordiger van die WRK te ontvang. Al die kerke het ingestem en op 19 April 1960 het dr Robert S Bilheimer op die eerste van 'n reeks besoeke in Suid-Afrika aangekom om ondersoek in te stel na die moontlikheid van kerklike samesprekings. Nadat allerlei probleme tussen die kerke uit die weg geruim is, is aan die einde van Oktober ooreengekom dat die betrokke kerke vanaf 7 tot 14 Desember sou vergader te Cottesloe - 'n voorstad van Johannesburg.[106] Van die NG Kerk in die Kaapprovinsie het ter vergadering verskyn dr AJ van der Merwe, ds WA Landmand, ds PES Smith, ds AP Smit, ds AJ van Wyk en proff FJM Potgieter, WJ van der Merwe, PA Verhoef, TN Hanekom en CH Badenhorst. Uit die geledere van die NG Kerk van Transvaal het die volgende persone verskyn: di AM Meiring, CFB Naudé, dr

---

[104]Londense korrespondent The Star 12 Oktober 1960.

[105]The Star 3 September 1960.

[106]The Star 28 Oktober 1960.

FEO'B Geldenhuys, proff EP Groenewald en AB du Preez, ds CB Brink, dr JA van Wyk, di SS Tema en J Selamolela asook 'n lidmaat van die Sendingkerk, mnr B le Battie.

Aan die einde van die sewende sittingsdag het die beraad 'n verklaring uitgereik. Deel I van die verklaring was inleidend en deel III meer algemeen, maar deel II het oor spesifieke verskynsels in die rasseprobleem gehandel en dit was juis dié deel wat die geweldige politieke storm in die land ontketen het. Van die stellings wat die grootste weerstand ontlok het, was die volgende:

* "No-one who believes in Jesus Christ may be excluded from any church on the grounds of his colour or race. The spiritual unity among all men who are in Christ must find visible expression in acts of common worship and witness ...".[107]

* "Segregation of racial groups carried through without effective consultation and involving discrimination leads to hardship for the members of the group affected".[108]

* "There are no Scriptural grounds for the prohibition of mixed marriages".[109]

* "We call attention to the disintegrating effects of migrant labour on African life. ... from the Christian standpoint, it is imperative that the integrity of the family be safeguarded".[110]

---

[107]Cottesloe Consultation - Report of the consultation among the South African member churches of the World Council of Churches, 11.6 - p 74.

[108]Aw 11.9 p 75.

[109]Aw 11.10 p 75.

[110]Aw 11.11 p 75.

* It is now widely recognised that the wages received by the vast majority of the non-White people, oblige them to exist well below the generally accepted minimum standard for healthy living. Concerted action is required to remedy this grave situation".[111]

* "The present system of job reservation must give way to a more equitable system of labour which safeguards the interest of all concerned".[112]

* "It is our conviction that the right to own land wherever he is domiciled, and to participate in the government of his country, is part of the dignity of the adult man, and for this reason a policy which permanently denies to non-White people the right of collaboration in the government of the country of which they are citizens cannot be justified".[113]

* "It is our conviction that there can be no objection in principle to the direct representation of Coloured people in Parliament. We express the hope that consideration will be given to the application of this principle in the foreseeable future".[114]

In die derde deel van die verklaring word ter wille van die verkondiging van die evangelie onder die swartmense, 'n versoek aan die owerheid gerig om toe te laat dat fasiliteite vir aanbidding in die stedelike gebiede aan hierdie mense voorsien word. "The Consultation also urges European congregations to co-operate by making their own buildings available for this purpose whenever practicable".[115] Ook word 'n versoek gerig dat aandag gegee sal word aan die onderwys van die swartmense en "the training of

---

[111] Aw 11.12 p 75.

[112] Aw 11.13 p 75.

[113] Aw 11.15 p 75.

[114] Aw 11.16a en b p 75-76.

[115] Aw 111.4 p 76-77.

non-White leaders for positions of responsibility in all spheres of life".[116]

Alle ander aspekte van die Beraad is verswelg deur die vloedgolf van protes wat in die NG Kerk en in die politieke pers ontstaan het. In die pers en kerklike geskrifte is onmiddellik begin om stemming te maak teen die besluite van die Beraad en om persoonlike aanvalle te rig teen die afgevaardigdes. In dié tyd was dr AP Treurnicht die redakteur van Die Kerkbode. In 'n reeks inleidingsartikels tussen 1961 en 1964 het hy gepleit vir 'n kerklike beleid waarin die volk duidelik figureer. Skrifgedeeltes soos Gen 11 oor die toring van Babel, Deut 32:8 oor God wat die mense in volke opgedeel het en hulle grense bepaal het, en Hand 17:26 oor God wat bepaal het waar die nasies sal woon, het weer sterk klem ontvang.

Die sterkste poging om die volk te mobiliseer teen die besluite van Cottesloe, het gekom van dr Verwoerd in sy Nuwejaarsboodskap op 1 Januarie 1961 oor die radio. Hy het verklaar dat hy Cottesloe bloot sien as 'n saak van buitelandse inmenging in die probleme van Suid-Afrika. Daarby het hy verklaar dat hy die betrokke besluite beskou as niks meer as die persoonlike opinies van die enkele afgevaardigdes nie. Die kerk se stem sal eers gehoor word wanneer die Sinodes oor hierdie sake vergader en daaroor uitspraak gee. "Met hierdie uitspraak het Verwoerd 'n rooi streep deur Cottesloe getrek. Hy het die Regering en by name die Nasionale Party teen die kerkleiding gepolariseer. Dit het die lidmate van die NG Kerk, waarvan die oorgrote meerderheid tot die Nasionale Party behoort, voor 'n dilemma geplaas: hulle moes kies tussen Kerk en Party".[117] Lückoff maak melding van die rol van ds JS Gericke, wat onmiddellik na die bekendmaking van die Cottesloe-verklaring in voortdurende kontak was met dr Verwoerd by sy vakansiehuis op Bettysbaai, om hom in te lig en te adviseer. "Gericke het later 'n doktorsgraad honoris causa van

---

[116]Aw 111.8 p 77.

[117]Lückoff, Dr AH. Aw p 116.

die Universiteit van Stellenbosch ontvang, en het in die vakuum wat ontstaan het met die veroordeling van die NG leiers na Cottesloe, vinnig opgang gemaak in kerklike kringe. Hy is sedertdien tot Moderator van sowel die Kaaplandse as die Algemene Sinode van die NG Kerk verkies".[118]

Die gevolg van die stroom van kritiek teen die afgevaardigdes, was dat al meer lidmate, kerkrade en Ringsvergaderings hulle van die verklaring van Cottesloe gedistansieër het. Op 24 Januarie 1961 het 'n NG predikant, dr P Rossouw, by 'n protesvergadering wat deur 1 500 persone bygewoon is in die stadsaal van Silverton, verklaar dat daar nie toegelaat mag word dat die Wêreldraad van Kerke "... 'n skeuring in ons kerke veroorsaak nie. As ek dan in Suid-Afrika moet sterf, verkies ek om te sterf met 'n koeël in die voorkop eerder as om te lewe deur die grasie van my vyande".[119]

'n Tipiese "verweer" teen Cottesloe in dié tyd, was dié van ds JA Greyling van Pretoria in Die Kerkbode. Oor die beraad se stelling oor stemreg vir swartmense het hy geskryf dat dit die taak van die kerk is "om die ware en permanente basis vir ons lewensverhoudinge aan te toon, maar om die besonderhede van die politieke, ekonomiese en sosiale probleme vir elke dag te vind, is die taak van die Christen-politici, Christen-ekonome en -sosioloë. ... Die Johannesburgse konferensie het m.i. nie die bose geeste besweer nie, maar eerder opgeroep, omdat dit die kerklike terrein verlaat het, nie-Bybelse gronde vir hulle beraadslagings gebruik het en gevolglik verklaringe gemaak het wat nie die getuienis van die evangelie is nie".[120]

Die Raad van Kerke wat op 22-24 Maart 1961 in Kaapstad vergader het, het die verklaring van Cottesloe "deeglik bespreek" en "met groot meerderheid" 'n voorstel aangeneem waarin onder andere

---

[118]Aw p 116.

[119]Aw p 120.

[120]Die Kerkbode 1 Maart 1961 p 297.

nadruklik verklaar is "dat die beleid van differensiasie Skriftuurlik gegrond is". Die vergadering kon hom ook nie met van die resolusies vereenselwig nie omdat "dit die beleid van afsonderlike ontwikkeling aantas en ondermyn". In hulle beoordeling het die vergadering ook verwys na besluite 15 en 16 van die Beraad "waar politieke integrasie voorgestaan word" en besluite 6 en 10 waar met 'n ontoelaatbare aanwending van die Skrif "sosiale en kerklike integrasie bepleit word".[121]

In Die Kerkbode van 5 April 1961 was daar nie alleen die voormelde besluite van die Raad van Kerke waarvan uitvoerig verslag gedoen is nie, maar ook die kennisgewing van die besluite van vyf kerkraadsvergaderings waarin die Cottesloe-beraad verwerp is. Telkens is verwyt dat die Beraad sy grense oorskry het deur politieke besluite te neem, en word ook daarop aangedring dat die Transvaalse en Kaapse Sinodes hulle aan die Wêreldraad van Kerke moet onttrek.[122] In 'n vorige uitgawe van Die Kerkbode het nie minder as sewe briewe oor die Beraad verskyn nie - ses veroordelend en één positief.[123]

Onder die weinige positiewe reaksies in verband met Cottesloe was dié van prof dr BJ Marais en dr B Engelbrecht van die NG Gemeente Johannesburg-Oos. Prof Marais het vir die soveelste keer daarop gewys dat die verbiedinge van Israel om met die omwonende volke te meng, niks met ras of kleur te doen gehad het nie, dat die term "baster" in die Ou Testament niks met bloedvermenging te doen gehad het nie, dat daar nie sprake van is dat God die verskillende rasse "geskape" het nie, en dat daar geen verbod op gemengde huwelike uit die Skrif te bewys is nie. Ten slotte het hy daaraan herinner dat die Skrif die norm is en nie die "tradisionele beleid" nie.[124]

---

[121]Die Kerkbode 5 April 1961 p 453.

[122]Die Kerkbode 5 April 1961 p 470-471.

[123]Die Kerkbode 8 Maart 1961 p 334-340.

[124]Die Kerkbode 22 Februarie 1961 p 263-4.

Dr B Engelbrecht het die mening uitgespreek dat slegs 'n wonderbaarlike ingrype van God na al die stemmingmakery teen Cottesloe, sal kan bewerk dat daar 'n ander gees by die aanstaande Sinodesittings sal heers. Hy het daarop gewys dat dit juis predikante is wat die felste teenstand teen Cottesloe in die pers openbaar.[125]

Sommige van die afgevaardigdes na die Beraad het, toe hulle merk wat die NG Kerk se reaksie was, uit pure vrees omgedraai. By die Teologiese Kweekskool van Stellenbosch het dr Kosie Gericke die professore meegedeel dat die Vrystaatse predikante so ontevrede is met die professore se optrede dat hulle dit oorweeg om in die toekoms liewer hulle studente na die Teologiese Fakulteit in Pretoria te stuur. Hy het aangeraai dat die professore in 'n verklaring hulself van Cottesloe distansieër. Professore Muller en Kotze het geweier aangesien dit by Cottesloe nie gegaan het oor leerstellige aangeleenthede nie en hulle buitendien ook nie daar was nie.[126] Proff FJM Potgieter, WJ van der Merwe, PA Verhoef en TN Hanekom het 'n verklaring in Die Kerkbode gedoen "ten einde enige misverstand te verwyder wat daar mag bestaan ten opsigte van die standpunt van die hoogleraars van die Stellenbosse Kweekskool wat lede van die afvaardiging na Cottesloe was". Hulle het verklaar dat hulle steeds glo in die verskeidenheid in die skepping, dat hulle die erkende beleid van die NG Kerk van eiesoortige ontwikkeling onderskryf, en dat hulle teen integrasie gekant is.[127] Van die Teologiese Fakulteit in Pretoria het prof AB du Preez wat op die Beraad nie teen een van die besluite gestem het nie, op die Sinode van Transvaal in 1961 verklaar: "Ek sien nie kans dat die Sinode enige van die Cottesloebesluite moet aanneem nie".[128]

---

[125]Lückoff, Dr AH. Aw p 119.

[126]Aw p 125.

[127]Die Kerkbode 12 April 1961 p 563.

[128]Lückoff, Dr AH. p 141 - aangehaal uit Die Burger van 8 April 1961.

Die effek van die stemmingmakery blyk daaruit dat 54 kerkrade hulle reeds voor die aanvang van die sitting van die Transvaalse Sinode, teen Cottesloe en voortgesette lidmaatskap van die Wêreldraad van Kerke uitgespreek het.[129] Saam met die Sinodes van Kaapland en Transvaal het sewe Sinodes die besluite van Cottesloe verwerp. Soos in die Transvaal is die besluite van Cottesloe ook in die Kaapse Sinode nie bespreek of geweeg nie, maar slegs van kennis geneem.

Dit was veral die twee Transvaalse dagblaaie, Die Transvaler en Die Vaderland, wat die leiding geneem het in die politieke verwerping van die besluite van Cottesloe. Die gees waarin teen Cottesloe gestry is, was nie 'n gees van oorweging en beredenering nie, maar 'n gees van politieke woede. Veral die besluit oor gemengde huwelike het die emosies hoog laat loop en die tipiese reaksie teen daardie besluit het 'n joernalis in The Star laat opmerk dat die politiek in Suid-Afrika nog nie verder gekom het nie as die "argument" van "Wil jy hê jou dogter moet met 'n Swartman trou?"[130] In Die Burger in die Kaap is egter 'n heel ander gesindheid geopenbaar. Die rubriekskrywer Dawie het tot nugterheid geroep deur te vra: "Maar is die NG Kerke ons kerke? Is hulle die Nasionaliste se kerke? Is hulle selfs die Afrikaner se kerke? Of is hulle God se kerke?" Hy het gepleit vir 'n oorweging van die besluite en gewaarsku teen agitasie teen die kerkleiers.[131] En op 31 Desember 1960 het Dawie afkeurend verwys na "die gemak waarmee sommige Afrikaners deesdae beweeg kan word om te glo dat ander Afrikaners skielik gelykstellers en hensoppers en selfs bloedvermengers geword het; die neiging om enige sprake van 'n toegewing te vermorsel as verraad ...".[132]

By die Algemene Sinode van 1962 was die reaksie op Cottesloe om 'n kommissie te benoem om onder andere die Skriftuurlike gronde

---

[129]Aw p 138.

[130]Junius in "Political Forum" The Star 9 September 1960.

[131]Dawie in Die Burger 17 Desember 1960.

[132]Dawie in Die Burger 31 Desember 1960.

van die beleid van apartheid te bestudeer. In 1966 het die Algemene Sinode besluit om van drie beskrywingspunte wat uit die beraad voortgevloei het, af te stap nl 1) Grondbesit en politieke regte vir swartmense; 2) Politieke regte vir Kleurlinge; en 3) Werkreservering. Die probleem van trekarbeid is verwys vir verdere studie. "Hiermee word alle diskussie oor die sake beëindig terwyl die NG Kerk se standpunt oor afsonderlike ontwikkeling en die praktiese toepassing daarvan nie verander het nie".[133]

Nie alleen Cottesloe se besluite is verwerp nie, maar ook die Wêreldraad van Kerke is verwerp. In 1961 het beide die Transvaalse en Kaapse Sinodes besluit dat hulle lidmaatskap van dié ekumeniese organisasie beëindig word. Die skrywer Alan Paton het in hierdie verband opgemerk: "So Cottesloe came and went. There had been nothing like it before, there has been nothing like it since. Afrikaners and English-speaking mix freely in certain worlds, notably that of business. They mix more and more in the world of the press, and they work more and more easily together on projects like conservation, cripple care, help for the blind. But in the world of the churches they are apart. The Afrikaner is never more unapproachable and inaccessible than in his church".[134] Die reaksie van die NG Kerk op die besluite van Cottesloe het aan die lig gebring dat dié kerk ten diepste nog niks verder gestaan het as toe adv JG Strydom op 26 Januarie 1947 in die Parlement verklaar het: "I say that in a bus I will not sit alongside a Native. That is apartheid".[135]

Die ironie is dat terwyl die kerke in Suid-Afrika by Cottesloe sterk nader na mekaar beweeg het, en daar veral 'n historiese

---

[133]Marais, JC. Die NG Kerk en die regverdiging van Apartheid. - Kerk en Wêreld Nr 8, 1986 p 28.

[134]Paton, Alan. Journey Continued - An Autobiography. David Philip, Cape Town 1988 p 217.

[135]Paton, Alan. South African Tragedy - The life and times of Jan Hofmeyr. Abridgement by Dudley C Lunt, Charles Schribner's Sons New York 1965.

versoening tussen die Anglikaanse en NG Kerke plaasgevind het, die reaksie van die NG Kerk op die uitsprake van Cottesloe 'n diep kloof tussen die NG Kerk en die erkende Protestantse Kerke in die land teweeg gebring het. Terwyl die ander kerke hulle verenig het in die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, het die NG Kerk die pad van eensaamheid bewandel. Die breuk was suiwer ideologies. In hoofsaak het dit daarom gegaan dat die NG Kerk die "tradisionele beleid" ondersteun het terwyl die Engelse Kerke dit verwerp het. In dié verband het Ben Engelbrecht terég opgemerk: "Dit sal altyd 'n verbysterende raaisel bly dat politieke magte daarin kon slaag om na Cottesloe die wig so diep tussen kerke en Christene in ons land in te drywe".[136]

Die reaksie van die NG Kerk op Cottesloe was nie "dalk te versigtig"[137] nie, maar onbetwisbare bewys van hoedat die NG Kerk hom deur die ideologie van apartheid laat lei het en as kerk nie te vinde was vir enige ander oortuiging nie. Die evangeliese stem in verband met die rasseprobleem is in die kerk grootliks onderdruk. Hierdie stem sou voortaan helder na vore kom uit die monde en penne van manne wat die NG Kerk met wrewel uit sy midde sou probeer verwyder.

---

[136]Engelbrecht, Ben. Ter wille van hierdie Wêreld - Politiek en Christelike Heilsbelewing in Suid-Afrika. Tafelberg 1982 p 25.

[137]Potgieter, prof Pieter, hoogleraar in Dogmatiek aan die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat, het volgens die dagblad Beeld van 2 Desember 1986 in die gemeente Berg en Dal in Bloemfontein gesê dat die NG Kerk "dalk te versigtig" was oor die besluite van Cottesloe en dat die NG Kerk "baie pyn" gespaar kon gewees het indien die besluite by die kerk ingang kon vind.

HOOFSTUK 4

PRO VERITATE

4.1 ONTSTAAN, DOEL EN KARAKTER

Die tyd na afloop van die Cottesloe-beraad is aan die een kant gekenmerk deur pogings om die bevindinge van die beraad te neutraliseer, en aan die ander kant die ywer van 'n oortuigde minderheidsgroep om die gees van Cottesloe te laat voortgaan. Gesprekke het gedraai om die vraag na die wyse waarop die Afrikaanse Kerke en veral die NG Kerk in hierdie saak relevant kan wees. Vergaderings is onder andere gereeld gehou in die konsistorie van die NG Kerk Aasvoëlkop waar ds CFB Naudé die leraar was.

Agtien maande van besinning en bespreking het uitgeloop op die stigting van die maandblad Pro Veritate op 15 Mei 1962. Soos by Cottesloe in Desember 1960, het daar ook hier 'n groep sterk figure aan die voorpunt gestaan en het hulle Naudé versoek om die pos van eindredakteur op hom te neem. Op die redaksie het gedien prof JCG Kotze van die NG Kerk, dr PG Geertsema van die Gereformeerde Kerk en prof A van Selms van die Nederduitse Hervormde Kerk in Afrika; terwyl die teenwoordigheid van di R Orr, JW Wessels en EE Mahabane aangedui het dat die ekumeniese grense wyer gestel is as slegs die drie Afrikaanse kerke.

Die doel van die blad is in die eerste uitgawe aangekondig naamlik om Bybelse antwoorde op die probleme van die dag te vind. In Suid-Afrikaanse konteks het dit beteken dat die rasse- en kleurprobleme in die lig van Gods Woord bestudeer moet word. Daar was egter ook 'n tweede doelwit nl die bou van 'n sterk Christelike gemeenskap. Geen kerkgenootskap mag op sy eie funksioneer nie en daarom juis is die redaksielede gekies uit verteenwoordigers van verskillende kerke. As ekumeniese blad wou Pro Veritate nie 'n amptelike kerkblad wees nie, maar wou dit

slegs naas die bestaande kerkblaaie 'n bydrae tot onderlinge gesprek lewer.

Tipies van die voorlopige siening dat die gesprek tussen die drie Afrikaanse kerke prioriteit moes geniet, was die taalmedium van die eerste uitgawe. Ongeveer een bladsy was in Engels terwyl die ander sewe bladsye artikels vir die Afrikaanse leser bevat het nl oor die Skrif, die belydenisskrifte en apartheid, deur dr PG Geertsema; ds SO Skeen oor die plig en taak van die kerk in 'n veelrassige gemeenskap, en dr JH Schutte wat geskryf het oor die noodsaak van gesprek. Verder is aangekondig dat die bekende NG Kerk-teoloog, dr WD Jonker, deur die loop van die jaar in vier aflewerings sou ingaan op die probleem van drie Afrikaanse kerke en die vraag of daar genoegsame gronde bestaan vir hulle afsonderlikheid.

Aanduidend van wie die bepaalde groep was wat rondom die eindredakteur gestaan het met die stigting van die blad, is daar in die tweede en derde uitgawes bydraes deur onder andere prof WJ van der Merwe van die Kweekskool te Stellenbosch, dr B Engelbrecht van die NG gemeente Johannesburg-Oos, dr FE O'Brien Geldenhuys, aktuarius van die NG Kerk van Transvaal en ook prof AS Geyser van die Teologiese Fakulteit van die Ned Herv Kerk in Pretoria. Ook was daar 'n brief van waardering van die Afrikaanse skrywer/filosoof WA de Klerk.[1] In die vierde en vyfde uitgawes blyk die uitgelesenheid van die groep nog meer wanneer die name van die bydraers aangevul word met dié van prof Ben Marais van die Teologiese Fakulteit van die NG Kerk in Pretoria wat reeds vanaf 1939 teen apartheid begin waarsku het, prof dr Lex van Wyk van die Teologiese Skool van die N G Kerk en afgevaardigde na Cottesloe, en dr André Hugo, klassikus van die Universiteit van Stellenbosch.[2]

---

[1]Pro Veritate 15 Junie 1962 en 15 Julie 1962.

[2]Pro Veritate 15 Augustus 1962 en 15 September 1962.

Van die eerste reaksies teen Pro Veritate het juis gekom op grond van die artikel van prof Ben Marais oor die rassekerkteologie en die Skriftuurlike beoordeling daarvan. Hierop het ds NJ van Loggerenberg van die NG Gemeente Farrarmere sterk gereageer in die dagblad Die Transvaler met 'n ontkenning dat daar so iets is as 'n eksklusiewe rassekerk.[3] Die naam van hierdie dominee sou nog die mees bekende naam word in die onverkwiklike stuk kerkgeskiedenis rondom Pro Veritate en die Christelik Instituut van Suidelike Afrika.

Voor die einde van 1962 is tot die ry van gerekende teoloë rondom Naudé en die Pro Veritate-aksie, ook die naam gevoeg van prof BB Keet van die teologiese Kweekskool van Stellenbosch. Met sy rubriek oor die Kerk in die buiteland het hy van almal die bydraer gebly wat die langste diens aan Pro Veritate gelewer het.

4.2 KERKLIKE REAKSIE

Die eerste kritiek op Pro Veritate het gekom uit die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se amptelike orgaan, Die Kerkblad. Die redakteur het in 'n hoofartikel van die uitgawe van 13 Junie 1962 na Pro Veritate verwys as 'n "blad sonder standpunt" - 'n "Areopagus" en 'n "Hyde Park".[4] Hierop het die redakteur van Pro Veritate gereageer deur daaraan te herinner dat die bedoeling van die blad juis was om 'n gespreksforum te skep.[5]

Die tweede blyke van kritiek was op 12 Junie 1962 in die Kaapse mondstuk van die Nasionale Party, Die Burger. In 'n brief het ene CM de Villiers geïnsinueer dat Pro Veritate sy fondse uit die buiteland kry en meer spesifiek van die Wêreldraad van Kerke.[6] Sedert die Cottesloe-beraad het hierdie soort insinuasie oor buitelandse fondse en 'n moontlike verband met die Wêreldraad van

---

[3]Pro Veritate 15 Augustus 1962 en 15 September 1962.

[4]Die Kerkblad 13 Junie 1962 p 2-3.

[5]Pro Veritate 15 Julie 1962.

[6]Pro Veritate 15 Julie 1962.

Kerke baie effektief geword in die wek van stemming teen 'n saak of 'n persoon. So het prof BJ Engelbrecht van die teologiese Fakulteit van die Hervormde Kerk in 1964 in 'n lesing oor "Die Kommunistiese aanslag op die kerk" gewaarsku teen die WRK met sy social gospel wat "die pad oopmaak vir die radikale Sosialisme en Kommunisme. Dit het veral pynlik geword in 1960 by Cottesloe".[7] Saam met die skelnaam WRK, was daar ook die uiters gewilde etikette "...humanisme, aangestook deur internasionaliste en liberaliste - die politieke klophingste van die Weste...".[8] By dit alles het die briefskrywer ook nog "die integrasie-monster" van Cottesloe opgemerk. Met hierdie kragtige "argumente" van die sestigerjare moes die redakteur van Pro Veritate hom haas om te ontken dat daar enige geldelike verband tussen Pro Veritate en die WRK of die buiteland bestaan het. In die volgende uitgawe is selfs die hoofartikel gewy aan 'n ontkenning van die suggestie.[9] Die redakteur het daarop gewys dat lidmate van die drie Afrikaanse kerke die grootste deel van die koste dra.

Die eerste beswaar teen Pro Veritate van die kant van die N G Kerk het gekom van die Transvaalse kerklike maandblad Die Voorligter wat die mening gelug het dat daar al genoeg kerklike blaaie is.[10]

Tydens die sitting van die Suid-Transvaalse Sinode in Pretoria in 1963 is daar egter op Dinsdag 9 April 'n besluit geneem wat spesifiek daarop gemik was om die voortgang van Pro Veritate te stuit. Dié besluit is geneem na aanleiding van 'n voorstel van ds NJ van Loggerenberg van Farrarmere wat onder meer gelui het

---

[7]Engelbrecht, prof BJ. "Die kommunistiese aanslag op die Kerk" p 42-43; in "Volkskongres oor Kommunisme", 31 Maart tot 2 April 1964, Stadsaal, Pretoria. Tweede Druk, Uitgegee deur Volkskongres oor Kommunisme, Posbus 637, Pretoria, 1964.

[8]Aw. Van Schoor, AM, redakteur van Die Vaderland "Breinspoeling en sielkundige oorlogvoering" p 216.

[9]Pro Veritate 15 Augustus 1962.

[10]Pro Veritate 15 Augustus 1962.

dat die Sinode die voortbestaan van Pro Veritate "ontmoedig" en "die broeders leraars (versoek) om nie met hierdie gevaarlike metode voort te gaan nie...".[11] Die voorstel het lewendige bespreking ontlok en die assessor van die vergadering het die stoel ingeneem om aan ds CFB Naudé wat voorsitter was, die geleentheid te gee om die vergadering toe te spreek. Die volgende voorstel van ds SJ Eloff en dr P Rossouw het besluit van die vergadering geword:

> "Die Sinode neem kennis van die bestaan, doel en werkmetode van die onafhanklike blad Pro Veritate.
> Vanweë die spanning en groepering wat ook deur hierdie blad bevorder word en die gevolglike gevaar daarvan vir die eenheid van die Kerk, raai die Sinode die lidmate en ampsdraers af om deel te neem aan die Pro Veritate-poging en versoek hulle om ons eie kerkblaaie te ondersteun."

Die predikant van Lichtenburg, ds Lieb J Loots, het versoek dat in die notule aangeteken word dat hy in die minderheid gestem het - onder andere omdat die besluit die vryheid van lidmate aantas en ook kontak met ander kerke in die weg staan.
'n Losstaande voorstel van di AJV Burger en JG Griesel is ook aangeneem nl.

> "Die sinode bepaal dat die besluit wat geneem is ten opsigte van Aanspreeklikheid van Kerklike Dienaars (bl 300 van Agenda) ook van toepassing is op predikante en lede van die Ned Geref Kerk van Suid-Transvaal wat in Pro Veritate skrywe."

Nadat ook die predikant van Johannesburg-Oos versoek het dat aangeteken word dat hy in die minderheid gestem het, het die moderator weer die stoel ingeneem.[12]

---

[11]Acta van Vierde Vergadering van die Suid-Transvaalse Sinode van die NG Kerk gehou te Pretoria op 26 Maart 1963 e.v.d. p 550.
[12]Aw p 550/1.

Die vermelde besluit oor die aanspreeklikheid van kerklike dienaars, verwys na 'n besluit wat die Sinode die vorige dag geneem het nl.

> "Die Sinode besluit dat alle ampsdraers en lede van die kerk gebonde is en gehoorsaamheid verskuldig is aan Sinodale besluite, wat wettiglik geneem is, en sulke besluite steeds behoort te verdedig.
>
> "Indien 'n ampsdraer of lidmaat in gemoede beswaard voel oor 'n Sinodale besluit wat in stryd met die Heilige Skrif sou wees of in stryd met die belange van Gods Koninkryk, staan dit hom vry om te bewys dat sodanige besluit in stryd met die Skrif of die belange van die Koninkryk is en aan te dring op sy herroeping of wysiging.
>
> "Sodanige kritiek op Sinodale besluite egter moet altoos geskied met Christelike waardigheid en selfbeheersing en langs die koninklike weg van debat in kerklike vergaderings en kerklike organe. Dit mag nooit die karakter van openbare agitasie of skeurmaking aanneem nie en aanleiding gee dat die wêreld die liggaam van Christus laster nie".[13]

In die redaksionele kolom van Pro Veritate het ds CFB Naudé op hierdie besluite gereageer deur te meld dat dit nooit die bedoeling van die blad was om die kerk te kritiseer nie. Aangesien hy lid van die NG Kerk is, voel hy om as eindredakteur te bedank, maar dit sou 'n soort erkenning van skuld wees. Self het hy onderneem om toe te sien dat die NG Kerk nié in die blad gekritiseer word nie. Hy vra ook of die oprigting van 'n volledigekumeniese blad deur die N G Kerk nie die eintlike probleem sal oplos nie.[14]

Die genoemde besluite van die Suid-Transvaalse Sinode het heftige kritiek in kerklike kringe ontlok. Die eerste reaksie het gekom van prof Ben Marais in 'n onderhoud met Dagbreek en Sondagnuus op 14 April. Hy het verklaar dat hy om sy standpunt te stel,

---

[13]Aw p 300.

[14]Pro Veritate 15 Mei 1963.

gebruik gemaak het van hierdie blad "omdat die saak dringend is en die ander kanale te veel tyd sal neem." Kennelik het prof Marais probeer keer dat die Sinode van Noord-Transvaal wat kort daarna sou byeenkom, dieselfde besluit sou neem. Hierop het ds NJ van Loggerenberg in Die Kerkbode geantwoord met 'n brief waarvan die slotsinne deur die redakteur weggelaat is.[15]

'n Groep van 26 predikante het onmiddellik hulle besware teen die Sinode se besluit van Maandag 8 April 1963 in 'n brief aan Die Kerkbode gelug. Onder die ondertekenaars was daar die name van B Engelbrecht, WD Jonker, JHP van Rooyen, RA Meyer en CFB Naudé.

Hulle besware was onder andere dat alle bespreking van sinodale besluite tussen persone of in die pers volgens dié besluit verbode is; dat alle kritiek op sinodale besluite verbied word; dat enige publikasie oor sinodale besluite uitgeskakel word; dat geen Skriftuurlike implikasies wat 'n sinodale besluit mag hê, in die prediking genoem mag word nie. Hulle erken dat die rassevraagstuk "'n uiters delikate saak vir die kerk is", maar vind die besluit "'n kerkregtelike mistasting" gebore uit vrees dat 'n bespreking van die rassebeleid dalk vir die kerk 'n verleentheid mag veroorsaak. "Die hoogste belange van kerk en volk kan egter alleen dan gedien word wanneer die waarheid van Gods Woord en die praktiese implikasies daarvan vir elke terrein van ons lewe vreesloos bely, verkondig en uitgelewe word".[16]

Weer was dit ds NJ van Loggerenberg wat geantwoord het. In sy skrywe het hy verwys na die 26 se "buitensporige kritiek onder dekmantel van teologie" en hulle poging om die kerk se beleid "met behulp van 'n interkerklike en politiekgetinte wêreldmening" te wysig; en hy spreek die mening uit dat die kerk deur "vooraanstaande ampsdraers gedwing is om so 'n dissiplinêre besluit te neem". "Die kerklike weg van kritiek ontsê aan hierdie broeders die interkerklike en internasionale wêreldmening wat vir die

---

[15]Die Kerkbode 12 Junie 1963 p 821.

[16]Die Kerkbode 15 Mei 1963 p 677-678.

kritici 'n magtige propagandafaktor is om die sogenaamde Skriftuurlike integrasiestandpunt op die Ned Geref Kerk te help afdwing". Aan die einde van die brief het die redakteur bygevoeg dat "'n paar sinne weggelaat" is.[17]

Die redakteur van Die Kerkbode, dr AP Treurnicht, het self ook bygedra tot die diskussie. In die redaksionele kolom het hy onder die opskrif "Kritiek op Sinodale Besluite" geskryf: "Dit wil voorkom asof sommige broeders allergies is vir die eis tot lojaliteit". Hy verwys dié broeders dan na die voorbeeld van Christus en die hervormers. Maar - "Die geskiedenis het egter ook dikwels bewys dat nie alle kritici in die skoene van Christus of 'n kerkhervormer durf of kan staan nie ... Ons weet daar is kerkmanne wat ook vir volksliefde allergies is. By hulle praat ons verby. Hulle is nie ons maatstaf vir Christelikheid nie ...".[18]

Ook die moderator van die Algemene Sinode, dr JD Vorster, het tot die debat toegetree. Hy vind dit "verontrustend dat die rewolusiegees ook al die kerk in so 'n mate beïnvloed het dat sinodale optrede nodig geword het". Dit is vir hom ook verontrustend dat die broeders nie kerklike sake in die kerklike pers en kring wil bespreek nie. "Moet die kerk nou verkla en aangeval word in blaaie wat integrasie propageer?". Hy skryf verder: "Wat my veral uit my tent gelok het, is die verklaring van die 26 dat hulle op die Gereformeerde weg is". Hy vind dat Bouwman, die gesaghebbende oor kerkreg, die teenoorgestelde sê as die 26. "Bowendien, die standpunt wat die broeders voorstaan, is 'n treurige vruggie wat van die independentiese boom afgepluk is ... Nou wil ek toegee dat hierdie independentiese standpunt volmaak in die smaak val van die tydgees met sy individualistiese liberalisme, en dis verstaanbaar dat sommige daarvoor val, maar dis onvergeeflik om hierdie koers as die Gereformeerde te wil

---

[17]Die Kerkbode 19 Junie 1963 p 863-864.

[18]Die Kerkbode, 12 Junie 1963 p 800-801.

aanprys".[19]

Nadat die redakteur hom weer teen Pro Veritate uitgespreek het,[20] het elf predikante uit Wes-Transvaal in 'n skrywe in Die Kerkbode die sinodale besluit probeer regverdig. Hulle het die mening uitgespreek dat die 26 slegs geprobeer het "om oor die rassekwessie hulle bekende standpunt wat nie alleen van die standpunt van die NG Kerk nie, maar ook van dié van die ander twee Afrikaanse Kerke verskil, te propageer".[21]

Ter ondersteuning van die "Broeders 26"[22] het ds Murray Jansōn van die Sinode van Noord-Transvaal daarop gewys dat die gewraakte besluit deur laasgenoemde sinode onder leiding van dr Wm Nicol en prof EP Groenewald verwerp is. Prof Groenewald het in Die Transvaler van 1 Mei 1963 verklaar: "Die vryheid van gedagtewisseling is deur ons gereformeerde vaders erken en hulle het dit nooit nodig geag om so 'n besluit te neem nie".[23]

Die korrespondensie oor die besluit van die Sinode van Suid-Transvaal is eindelik in Oktober 1963 afgesluit met repliek van die 26 wat verdere argumente vir hulle standpunt aangevoer het en hulle spyt uitgespreek het oor die "verdagmakery en onbillike insinuasies" in sommige briewe.[24]

In 1964 het ook die Vrystaatse Sinode van die NG Kerk hom sterk uitgespreek teen Pro Veritate: "Ten eerste, omdat dit die rasse- en kerklike eenheid eensydig oorbeklemtoon... ten tweede, omdat dit die tekens toon van indifferentisme ten opsigte van kerklike beleid en belydenis... ten derde, omdat dit op hierdie wyse

---

[19]Die Kerkbode 12 Junie 1963 p 819.

[20]Die Kerkbode 3 Julie 1963 p 4.

[21]Die Kerkbode 17 Julie 1963, p 99-100.

[22]Die term is gebruik in Die Kerkbode in 'n brief op 24 Julie 1963 p 131.

[23]Die Kerkbode 24 Julie 1963 p 132.

[24]Die Kerkbode 30 Oktober 1963 p 614-615.

besluite van ons kerk ten opsigte van sending- en rasseverhoudinge onder verdenking plaas en gevolglik verwarring en onenigheid in die kerk verwek. Vanweë hierdie spanninge wat deur Pro Veritate veroorsaak word, versoek die sinode sy ampsdraers en lidmate om hulle van die blad te distansieer deur nie daarin te skrywe of die standpunt van die blad te help bevorder nie." Dit is verder aan die betrokke verteenwoordigers opgedra om hierdie besluit aan die teologiese fakulteite van die Kerk oor te dra.[25] Die studente moes dus gewaarsku word!

Reeds in die uitgawe van Pro Veritate van Junie 1963 was dit duidelik dat die NG Kerk grootliks geslaag het met sy poging om lidmate en predikante te verbied om in dié blad te skryf. Daar was slegs een artikel uit NG-geledere nl. uit die pen van prof JCG Kotze van die Kweekskool in Stellenbosch oor volwasse verwerking van die rasse-realiteite. Prof Kotze het nog 'n geruime tyd lid van die redaksie gebly.[26] Die uitgawe van Augustus het vir die eerste maal sedert die begin van die blad geen enkele bydrae van die kant van die NG Kerk bevat nie.[27] Eers in die uitgawe van 15 November 1963 het daar weer 'n artikel uit die pen van 'n NG-predikant verskyn. Dit was dr B Engelbrecht van die gemeente Johannesburg-Oos.

4.3 DR B ENGELBRECHT - MEDEWERKER EN REDAKTEUR

Na die vermelde besluit van die Sinode van Suid-Transvaal om alle deure na Pro Veritate vir predikante dig te sluit, het daar tog nog enkele bydraes uit N G geledere in die blad verskyn, maar alleen van persone wat nie in die aktiewe bediening gestaan het nie. Dit was nie vanweë onwil of veranderde oortuigings nie, maar vanweë die ondraaglike druk wat daar van kerklike en politieke kant uitgeoefen is. Openlike medewerking met dié blad het nie alleen veel moed en oortuiging geverg nie, maar het ook

---

[25]Die Kerkbode 27 Mei 1964 p 691.

[26]Pro Veritate 15 Junie 1963.

[27]Pro Veritate 15 Augustus 1963.

beteken dat 'n ampsdraer sy en sy gesin se brood en botter en ook gesondheid op die spel geplaas het. Pro Veritate, so het die Hervormde Kerk se sinode besluit, is 'n blad wat nie eers gelees mag word nie.[28] In die kerk het die ideoloë alles gedoen om druk uit te oefen op hulle wat nie gekonformeer het nie.

Die storm wat om die kop van dr B Engelbrecht van die gemeente Johannesburg-Oos losgebars het, het onverwags en uit onverwagte oord gekom. In Die Transvaler van 21 November 1962 het daar 'n brief van hom verskyn waarin die gedagte uitgespreek is dat die gelowige nooit die onderskeid tussen volke as iets bestendig en onveranderlik mag sien nie. Hy het onder andere verwys na die Pinkstergebeure en die betekenis daarvan. Dieselfde dag nog het ds NJ van Loggerenberg van Farrarmere 'n klag van dwaalleer by die Ring van Johannesburg teen Engelbrecht ingedien. Die Ringskommissie het die klag as onontvanklik van die hand gewys.[29] Van Loggerenberg het hom ook met 'n skrywe tot Die Kerkbode gerig wat sy brief voorsien het van die opskrif: "Reaksie op verwarrende Skrifuitleg". Daarin word volop gebruik gemaak van die "argumente" van dié tyd waarvoor Van Loggerenberg later bekend geword het nl "wetenskaplike dwaling", "Humanisties-liberalistiese teologie" en "humanistiese-kleurdrywery".[30] Engelbrecht het op hierdie aanval geantwoord deur onder andere te waarsku dat Van Loggerenberg se siening van Pinkster van so 'n aard is dat dit grond kan wees vir 'n Afrikanersaamtrek op Monumentkoppie.[31] Weer het Van Loggerenberg teruggekom en verwys na Engelbrecht se "napratersteologie" en sy "onwetenskaplike dwaling". "As dr Engelbrecht praat van 'n neiging in ons kerk om aan 'n politieke ideologie 'n belydenisgehalte te verleen, dan verraai hy 'n sprekende vooroordeel en 'n akademiese onvolwassenheid... Dr Engelbrecht is blykbaar vir die woord "nasionaal" en "nasiona-

---

[28]Die Beeld 7 Mei 1967.

[29]Notule van Buitengewone vergadering van die Ring van Johannesburg op 6 Februarie 1963.

[30]Die Kerkbode 10 April 1963.

[31]Die Kerkbode 22 Mei 1963 p 721.

lisme" net so allergies soos wat ek vir die holle kreet van "Skrif en Belydenis" deur die Pro Veritate-geeste is".[32]

Engelbrecht het veel gewaag toe hy nie alleen die besluit van die Suid-Transvaalse Sinode geïgnoreer het deur weer 'n bydrae tot Pro Veritate te lewer nie, maar nog boonop geskryf het oor "Die grense van Nasionalisme". In dié artikel het hy gewaarsku dat "nasionalisme as sodanig 'n normatiewe denkbeeld" met 'n religieuse gehalte geword het. 'n Bondgenootskap tussen die kerk en die owerheid is nie verkeerd nie ... "Maar in hierdie spesifieke bondgenootskap het die verhouding ongesonde, sieklike trekke begin vertoon".[33]

Hierdie optrede en gedagtes van Engelbrecht het 'n beroering in die N G Kerk en in die Afrikaanse pers veroorsaak. Op veel kalmer wyse as wat met die Noordelike Afrikaanse koerante die geval was, het Die Burger in Kaapstad oor die artikel berig met 'n opskrif uit die artikel self geneem nl "Afrikaanse Kerke Moet Hulle Losruk van Absolute Nasionalisme".[34] Enkele dae daarna het prof dr JP Bruwer van Stellenbosch in die korrespondensiekolomme van dié blad gekla oor hierdie "regter-predikant" volgens wie "die volksmens nie meer in die kerk welkom is" nie.[35] Dié brief het Engelbrecht eers weke na publikasie bereik. Aan Die Burger het hy toe 'n lang verduideliking gestuur van sy standpunt en versoek dat 'n afskrif van dié verduideliking aan prof Bruwer gestuur word. Daarin het hy getuig van sy eie nasionale gevoelens, maar bygevoeg: "Maar dié nasionalisme kan handuit ruk, verabsoluteer word as die hoogste goed, hom vloekend rig teen die waarheid en die belange van Gods koninkryk. Bv, daar is aspekte in die apartheidspolitiek wat deur duidelike Bybeluitsprake grondig versteur word. Daarop het sekere kerkleiers gewys, en

---

[32]Die Kerkbode 31 Julie 1963 p 162.

[33]Brief van Engelbrecht aan Die Burger 30 Januarie 1964. Pro Veritate 15 November 1963.

[34]Die Burger 9 Desember 1963.

[35]Die Burger 12 Desember 1963.

dit is nie nodig om te vra: Wie is hulle en wat het hulle gesê nie. Prof Bruwer behoort te weet. Hulle is duidelik "gemerk". Hulle het nie aan die voete van Engels, Marx, Lenin of Stalin gesit nie, maar aan die voete van Jesus".[36]

Dit was byna vanselfsprekend dat die reaksie teen Engelbrecht in die pers ook in die kerkraad van Johannesburg-Oos weerklank sou vind. Immers, nadat daar in Julie 1964 'n klagskrif deur nege lidmate teen dr Engelbrecht by die Ring ingedien is,[37] het die klaers twee briewe ter stawing van hulle klag ingedien nl 'n afskrif van die brief van prof Bruwer wat op 12 Desember 1963 in Die Burger verskyn het, en 'n afskrif van 'n brief van ds NJ van Loggerenberg wat op 9 Februarie 1965 in Die Transvaler verskyn het.[38] Die klag het eintlik gegaan oor "Ongehoorsaamheid, en/of minagting, en/of verset teen die besluite van meerdere Kerklike Vergaderings" soos dit veral na vore gekom het met die skrywe in Pro Veritate van November 1963 oor "Die grense van Nasionalisme". Die klag se inhoud is deur "'n verantwoordelike kerkbron" aan Die Transvaler deurgegee wat langs die hoofberig op die voorblad uitvoerig daaroor gerapporteer het.[39] Die klaers het versoek dat indien "die Weleerwaarde Benjamin Engelbrecht" skuldig bevind word, "met hom sal gehandel word as wat deur die Woord van God en die Kerklike bepalinge betreffende die tug van die Kerk in sulke gevalle voorgeskryf word". Die Ringskommissie het besluit om soos volg by die Ring aan te beveel: "Om die klag ... wat teen dr B Engelbrecht ingebring is, as ongegrond van die hand te wys".[40]

Die sogenaamde Engelbrecht/Finlay-saak het op 'n skokkende wyse aan die lig gebring hoedat daar gepoog is om Engelbrecht in

---

[36]Brief van Engelbrecht aan Die Burger 30 Januarie 1964.

[37]Klag van Nege Lidmate van Johannesburg-Oos teen dr B Engelbrecht 9 Julie 1964.

[38]Notule van Ringskommissie 12 Februarie 1965.

[39]Die Transvaler 15 Augustus 1964.

[40]Notule van Ringskommissie 17 Februarie 1965 p 6.

diskrediet te bring. Ouderling FA Finlay was 'n oud-sendeling van die NG Kerk wat die bediening verlaat het en beland het in die Adventiste-Kerk.[41] In 1964 het hy na Johannesburg-Oos verhuis waar by feitlik onmiddellik as ouderling en saakgelastigde gekies is. Vroeg in 1965 reeds het die Ringskommissie kennis geneem dat Finlay preekbeurte waarneem en hom gewaarsku dat hy dit nie mag doen nie.[42] Later is hy onder sensuur geplaas vanweë 'n uiters kwaadwillige leuen wat hy teen Engelbrecht versprei het.[43] By dieselfde ringsvergadering waar hy vir 'n onbepaalde tyd uit sy amp as ouderling geskors is, het hy mondeling aan die Ring kennis gegee dat hy appelleer teen die Ring se beslissing. Amptelike kennis van die appél het die Ringskommissie eers gekry op sy vergadering van 6 November 1964 toe die scriba gerapporteer het "dat ds NJ van Loggerenberg en daarna ook dr Kriel (scriba van die Sinodale Kommissie) versoek het dat afskrifte van alle Ringstukke wat op die Finlay-saak betrekking het, aan die permanente Regskommissie beskikbaar gestel sal word".[44] Op 10 November 1964 het die Sinodale Kommissie op grond van die permanente Regskommissie se verslag geoordeel dat die appél van Finlay teen die Ring se besluit, slaag.[45] Daar moes 'n herverhoor plaasvind. Nie alleen was daar sterk suspisie dat Finlay se appél deur Van Loggerenberg opgestel was nie, maar Van Loggerenberg was ook self lid van die permanente Regskommissie en die Sinodale Kommissie wat oor die appél moes oordeel. In 'n latere Rings-

---

[41]So het Finlay aan skrywer verklaar toe hy in 1963 in die geografiese gebied van die NG-gemeente Parkhurst, ingetrek het. Dit was sy rede vir die feit dat hy nie belang gestel het in die NG Kerk nie.

[42]Notule van Ringskommissie 12 Februarie 1965 p 1.

[43]Addendumverslag van Ringskommissie aan Ring van Johannesburg in sitting te Jeppestown op 19 September 1964 evd. Ook notule van die Ring van Johannesburg, 21 September 1964.

[44]Notule van Ringskommissie 6 November 1964.

[45]Brief van F Kriel, Scriba Synodi, 10 November 1964 in Agenda van buitengewone vergadering van die Ring van Johannesburg op 11 Februarie 1965, p XXXVI.

dokument word in verband met die Engelbrecht/Finlay-saak opgemerk "Uit allerlei blyk dat .. ds Van Loggerenberg steeds op hoogte was van alles, so op hoogte dat hy dan later met die lê van klagtes ingryp".[46] Op 15 Junie 1965 het Van Loggerenberg openlik ingegryp met 'n klag teen Engelbrecht oor sy sg gesindheid van vyandigheid teen ouderling Finlay en sy ongehoorsaamheid ivm Pro Veritate en die Christelike Instituut, en op 23 Julie 1965 het hy beswaar gemaak teen die "demittering" van Engelbrecht op grond van lg se sg vyandskap teen Finlay.[47]

'n Naam wat gedurig sou voorkom in verband met Engelbrecht, was dié van ouderling P J Potgieter van die gemeente Parkhurst waar Engelbrecht tydens die afwesigheid van die leraar in 1964 die kerkraadsvergadering gelei het waartydens ds CFB Naudé tot die amp van ouderling gekies is. Potgieter het 'n sleutelrol gespeel in 'n poging om Engelbrecht se bekwaamheid as voorsitter van daardie betrokke vergadering onder verdenking te bring. Self was Potgieter 'n eenvoudige mens wat die woord "ekumenies" wat so dikwels in sy beswaarskrifte voorgekom het, deurgaans as "ekonomies" uitgespreek het en wat die woord "motifering" presies dieselfde gespel het as ds Van Loggerenberg. Vroeg in 1965 nl op 25 Februarie het Van Loggerenberg 'n afspraak gehad met 'n lid van die Ringskommissie. As rede vir die feit dat hy laat gekom het, het hy ongevraagd vermeld dat hy verdwaal het en toe by die huis van Potgieter uitgekom het. Vir die Ring was hierdie "verdwaal" 'n aanduiding dat met reg afgelei kon word: "Op hierdie tydstip was ds Van Loggerenberg ... bekend met die weg na die huis van br Potgieter...".[48] Die eerste klagskrif in die lang kerklike stryd teen Pro Veritate en die Christelike Instituut, was dié wat deur Potgieter teen dr B Engelbrecht as voorsitter

---

[46]Aanbeveling van die Ringskommissie op 25 Maart 1966 aan die Ring van Johannesburg mbt die besluit van die Sinodale Kommissie geneem op sy vergadering van 16 November 1965 na aanleiding van die besluit van die Ring op 17 Junie 1965, 11 d, p 70.

[47]Aw p 65.

[48]Aw p 69.

van die kerkraadsvergadering van 20 April 1964 aanhangig gemaak is.[49]

Toe Engelbrecht in Julie 1965 die aanbod om assistent-redakteur van Pro Veritate te word, aanvaar, het hy dadelik aansoek gedoen vir demissie. Op 23 Julie het ds Van Loggerenberg egter beswaar gemaak teen die demittering. Daarby was ook 'n klag aangeheg teen Engelbrecht oor sy skrywe in Pro Veritate en ook sy sogenaamde vyandskap teen Finlay. Toe die Ringskommissie op 26 Julie vergader het om die klagte te ondersoek, het Van Loggerenberg beswaar gemaak teen AC Barnard as waarnemende scriba omdat hy reeds 'n klag teen dr Barnard ingedien het. Nadat lg die vergadering verlaat het, het die Ringskommissie wat toe uit net twee lede bestaan het nl ds HJC Snijders en dr FG Badenhorst, besluit dat daar eers ondersoek gedoen sou word na Engelbrecht se vyandskap teen Finlay. Van Loggerenberg het onderneem dat die klag sal verval indien Engelbrecht Finlay se hand in vrede sou vat. In begryplike wanhoop het Engelbrecht op hierdie tydstip uitgeroep: "Mag die Heer sy hart bekeer!". Die Ringskommissie het tot genoegdoening van Van Loggerenberg besluit dat die vrede dadelik bewerkstellig moet word en dat die eerste deel van die klag dan sal verval. 'n Vernederde Engelbrecht het geen keuse gehad nie as om in te stem dat hy weer sal probeer saamwerk.[50]

Die tweede deel van die klag van Van Loggerenberg teen Engelbrecht sou op 3 Augustus deur die Ringskommissie verhoor word. In die notule van die Ringskommissievergadering van 3 Augustus lees 'n mens egter: "Die vergadering word gehou voor die aanvang van 'n ander Ringskommissie se vergadering".[51] Hierdie eerste Ringskommissie het bestaan uit ds H J C Snijders, dr FG

---

[49]Agenda van die Buitengewone vergadering van die Ring van Johannesburg 11 Februarie 1965 - Beswaar oor voorsitter van die kerkraad 5 April 1964 p V, en appél i.s. kerkraadsbesluit van 5 Mei 1964 p I, II, III.

[50]Notule van Ringskommissievergadering 26 Julie 1965 p 2.

[51]Notule van eerste Ringskommissievergadering 3 Augustus 1965.

Badenhorst en die scriba dr JHP van Rooyen, en hulle het kennis geneem van hoe mnr P J Potgieter van Parkhurst-gemeente kennelik namens ds Van Loggerenberg vra vir afskrifte van die notules van die Ringsvergadering van 28 Februarie 1965 waarsonder hy dan sou weier om die Ringsvergadering van 10 en 12 Augustus 1965 by te woon. Hoewel later geblyk het dat hy eintlik bedoel het die notules van die vergadering van 28 Junie, het die vergadering geweier om dit aan hom te gee.[52]

In die vergadering van die tweede Ringskommissie op 3 Augustus is ds HJC Snijders, dr FG Badenhorst en ds AJ Pienaar as scriba teenwoordig, want dit blyk dat Van Loggerenberg intussen 'n tweede klag teen die predikant van Parkhurst ingedien het na die herroeping van die eerste klag oor die bevestiging van ds CFB Naudé as ouderling van daardie gemeente. Dié Ringskommissie het in feite die leraar van Parkhurst skuldig verklaar op die tweede klag van Van Loggerenberg. Hoewel 'n Ringskommissie die leraar van Parkhurst opdrag gegee het om voort te gaan met die bevestiging van br Naudé,[53] verklaar hierdie Ringskommissie nou dat daar met die bevestiging van br Naudé "nie ag geslaan is op die kerkregtelike prosedure nie".[54]

---

[52]Notule van Ringskommissie 3 Augustus 1965 en 9 Augustus 1965.

[53]Brief van Ringskommissie aan die Kerkraad van Parkhurst 22 Februarie 1965. Hierdie Ringskommissie wat bestaan het uit ds H J C Snijders, dr W D Jonker en dr JHP van Rooyen is daarop deur ds Van Loggerenberg aangekla en in die toeligting van sy klag het hy verklaar: "Beyers Naudé is vir die skyn bevestig". Notule van tydelik-agerende Ringskommissie van 30 Maart 1965.

[54]Notule van Ringskommissie 3 Augustus 1965 p 3. By die Ringskommissievergadering van 13 Augustus 1965 het dr Van Rooyen geëis dat die voorsitter in sy eie handskrif die volgende betekenisvolle ontbrekende deel byvoeg tot die notule van die Ringskomissievergadering van 3 Augustus: "Tydens die ondersoek het dr JHP van Rooyen viermaal aan ds NJH van Loggerenberg die vraag gestel of hy vir mnr PJ Potgieter stukke opstel waarop hy telkens geantwoord het dat hy dit nie sal doen nie. Op die vraag: Het u dit

Die Babelse verwarring wat in die weerlose Ring van Johannesburg geskep is, is verder verdiep toe die Ringskommissie op sy vergadering van 9 Augustus 1965 kennis geneem het van nog vier klagtes wat ds Van Loggerenberg aanhangig gemaak het teen persone wat hy gemeen het in die weg gestaan het van die doel wat hy wou bereik nl dr WD Jonker, dr B Engelbrecht, dr AC Barnard en dr JHP van Rooyen.[55]

In hierdie chaotiese toestand wat in die Ring van Johannesburg geskep is, het Engelbrecht op een of ander wyse tog demissie ontvang en kon hy vanaf Augustus 1965 diens aanvaar as assistent-redakteur van Pro Veritate. In sy plek as predikant van Johannesburg-Oos is op 8 Augustus niemand minder as Van Loggerenberg beroep nie! Op Vrydag 13 Augustus is hierdie beroep nietig verklaar op grond van die onwettige samestelling van die kerkraadsvergadering.[56]

Vir Engelbrecht het daar 'n gelukkiger periode aangebreek. "Buite" die NG Kerk kon hy sy getuienis onbelemmerd voortsit en die gereformeerde teologie as vrye mens beoefen. Die artikels wat uit sy pen gevloei het, was steeds in die Skrif veranker - al was dit verwerplik vir die kerkleiding en talle mense van die NG Kerk van dié tyd. Onvermoeid het hy bly getuig teen apartheid as "anti-evangelie"[57] en die kerk in Suid-Afrika gekonfronteer met die vraag of hulle nie die skuld daarvoor dra dat die owerheid

---

[54](vervolg) al gedoen? was sy antwoord ontkennend. Later het hy homself korriseer (sic) dat hy wel 'n brief waarna in die notule van 3 Aug. verwys word opgestel het, maar dit was die enigste". Dié byvoeging is op versoek van dr Van Rooyen deur beide ds Snijders en dr Badenhorst onderteken. Vgl RK-Notule 3 en 13 Aug. 1965.

[55]Klagtes ingedien op 15 Junie. Notule van Ringskommissie 9 Augustus 1965.

[56]Notule van Ringskommissie 13 Augustus 1965.

[57]Pro Veritate 15 Augustus 1966.

hom telkens vir sy beleid op die Skrif beroep nie.[58] Self was hy besorgd oor die skewe beeld wat daar van ons land in die buiteland bestaan, maar apartheid het tot hierdie beeld bygedra, en die verdediging van apartheid op Skrifgronde laat die kerk in die buiteland wanhoop aan Suid-Afrika.[59] Die verdedigers van apartheid het dit voortdurend teen die liberalisme van die teenstanders van dié beleid, maar hulle vergeet dat die belangrikste kritiek op dié beleid uit die Skrif kom[60]. Die kerk het 'n groot taak met betrekking tot die toekoms van Suid-Afrika, want die kerk ken die sin en bestemming van al die dinge. Sodra iets nie beantwoord aan sy bestemming nie, moet die kerk dit uitspreek en die regte koers aandui. Suid-Afrika het behoefte aan so 'n kerk.[61] Ook die gesindhede van mense moet aandag geniet en mag nie gesien word as 'n kleinigheid omdat dit so elementêr is nie. Vir die Christen en vir Suid-Afrika is dit van fundamentele belang.[62] Daar moet ook geestelike voorsorg getref word. Die tye verander vinnig en die samelewingspatroon in Suid-Afrika sal straks iets van die verlede wees. Die kerk moet die leiding gee oor hoe die Christen die nuwe toekoms tegemoet moet gaan. Voorbereid kan alleen hulle wees wat met realisme na die wêreld van ons dag kyk en luister na die Woord van God.[63]

Die hofsaak van prof AS Geyser en ds CFB Naudé teen prof AD Pont oor beweerde laster, het op 9 Junie 1967 tot 'n einde gekom toe regter WG Trollip uitspraak teen Pont gelewer het. In 'n artikel "Verstandiger as die kinders van die lig" het Engelbrecht talle van sy tydgenote se vreugde verwoord oor die feit dat die hof die belastering van evangelie-gesindes met die term "kommunisties" verwerp het. Die uitspraak het na sy oordeel gedien tot beskaming vir die Afrikaanse Kerke. Die kerk moet oproep tot sosiale

---

[58]Pro Veritate 15 Oktober 1966.

[59]Pro Veritate 15 November 1966.

[60]Pro Veritate 15 Maart 1967.

[61]Pro Veritate 15 Mei 1967.

[62]Pro Veritate 15 Junie 1967.

[63]Pro Veritate 15 Julie 1967.

geregtigheid as iets wat vereis word deur die Here en nie kom van die godlose Kommunisme nie. Die kerk het veelal dié taak nagelaat en toegelaat en selfs meegedoen daaraan dat mense met deernis vir hulle medemens, beswadder word in smeerveldtogte.[64]

Een van die hoogtepunte waarvoor Engelbrecht verantwoordelik was, was die "Ope brief aan die Eerste Minister" wat op 21 Oktober 1968 by die Eerste Minister, mnr BJ Vorster, se kantoor ingehandig is en op 26 Oktober aan die pers beskikbaar gestel is. Die brief is onderteken deur twaalf persone - oa biskop Burnett, CFB Naudé, B Engelbrecht, WB de Villiers, AS Geyser - en het gespruit uit verontrusting oor sekere uitlatings wat mnr Vorster hom tydens politieke vergaderings laat ontval het oor die bemoeienis van predikante met die politiek. In die skrywe word toegegee dat die kansel nie misbruik mag word nie, maar daaruit mag nie afgelei word dat die kerk se stem oor allerlei politieke sake sal verstom nie. Die Eerste Minister word daarop gewys dat apartheid nie Skrifgefundeerd is nie, en melding word gemaak van besorgdheid wat heers oor die dreigement deur die Eerste Minister volgens Die Vaderland van 28 September 1968 nl "Skei uit, skei dadelik uit. Die kleed wat u dra, sal u nie beskerm nie".[65] Die Eerste Minister het op 24 Oktober geantwoord op die skrywe en ontken dat hy bogemelde woorde gebruik het. Hy het by sy antwoord 'n bandopname van die gewraakte toespraak gevoeg sodat die briefskrywers hulle kon vergewis van wat hy werklik gesê het. In die skrywe het mnr Vorster opgemerk: "Dat u afsonderlike ontwikkeling aanval, verbaas my nie. Alle liberaliste en linksgesindes doen dit". En volgens die bandopname van die toespraak op Brakpan op 27 September 1968 het die volgende die Eerste Minister ontval: "Ek sê daar is mense wat graag die orde omver sou wou werp; een groep is hierdie klein pienketjies wat ek nou al mee gehandel het, maar daar is 'n ander groep ... - dit is die mense wat onder die dekmantel van godsdiens die orde in Suid-Afrika wil versteur". Hy meld dat daar sekere geestelikes is wat speel met

---

[64]Pro Veritate 15 Augustus 1967.

[65]Pro Veritate 15 November 1968.

die gedagte van soos 'n Martin Luther King op te tree - " - ek wil vir hulle sê: Skei uit; skei dadelik uit want die kleed wat u dra sal vir u nie beskerm as u dit probeer doen in Suid-Afrika nie!" Engelbrecht het in reaksie teleurstelling uitgespreek oor die strekking van die Eerste Minister se brief.

Aan die begin van 1970 het daar uit die pen van Engelbrecnt 'n manifes gekom wat deur 34 persone onderteken is en wat opgestel is met die oog op die parlementêre verkiesing wat voorhande was. Daarin is 12 stellings neergelê vir oorweging deur alle stemgeregtigde Christene in Suid-Afrika. Die regte regering moet onder andere volgens die norme van waarheid, geregtigheid en liefde oorweeg word.[66] Toe hierdie "Christian Election Manifesto" in druk uitgegee is, was dit deur 70 kerkmanne onderteken en het dit wye reaksie in die pers ontlok - onder andere dié van Die Transvaler wat daarna verwys het as 'n liberale dokument, opgestel deur liberaliste vir liberaliste.[67]

Hiermee het daar ook 'n einde gekom aan Engelbrecht se redakteurskap van Pro Veritate want aan die begin van 1970 het hy reeds die betrekking van senior lektor in die "Department of Divinity" aan die Universiteit van die Witwatersrand aanvaar. Pro Veritate is tydens die vakature deur dr WB de Villiers behartig, terwyl die redaksionele komitee blyke gegee het van feitlik volledige afwesigheid van Afrikaners. Slegs twee persone het oorgebly nl ds CFB Naudé en prof dr A van Selms.[68]

Wanneer vandag oorsigtelik gekyk word na die uitsprake en artikels wat Engelbrecht oor die jare heen gelewer het, val dit op dat daar nie een is wat nie in 1990 in Die Kerkbode opgeneem sou kon word nie. Ook die pleitstem wat hy in 1967 laat hoor het dat die NG Kerk uit sy isolasie moet breek, sou vandag in die NG

---

[66]Pro Veritate 15 Januarie 1970.

[67]Pro Veritate 15 Februarie 1970.

[68]Pro Veritate 15 Januarie 1970.

Kerk 'n groot gehoor gelok het[69]. Die hoofsaak is egter dat Engelbrecht, toe daar in die NG Kerk met groot ingenomenheid en goedkeuring na die Suid-Afrikaanse beleid van apartheid verwys is, saam met enkele ander die Skrifboodskap helder laat weerklink het. Met skerp teologiese insigte het hy in die Christelike Instituut leiding gegee en die NG Kerk vreesloos herinner - "Die diensbaarmaking van die kerk aan die apartheids-ideologie ... sny die band tussen die kerk en die koninkryk van God deur"[70].

4.4 PRO VERITATE VANAF 1970

4.4.1 Ds Roelf Meyer as Redakteur

Die vakature wat ontstaan het met die vertrek van Engelbrecht as redakteur is intussen gevul deur Dr Bruckner de Villiers, begaafde eertydse N G predikant. Hy het waargeneem tot Oktober 1971 toe ds Roelf Meyer, tot kort tevore NG predikant van die gemeente Bulawayo, verwelkom is as nuwe redakteur.[71]

Ds Meyer was vroeër predikant van die gemeente Belgravia in die Ring van Johannesburg waar hy homself betoon het as 'n regsinnige en ywerige dienskneg van die Here op wie se woord altyd staatgemaak kon word. Daarby het hy homself as lid van die Ring van Johannesburg reeds onderskei as iemand wat met groot moed in 'n strydsituasie kon optree. Dit was dus nie 'n verrassing toe juis hy gekies is om verder leiding te neem met Pro Veritate nie. Vir die stryd wat met hierdie betrekking saamgegaan het, was hy goed toegerus deur 'n "ongevoeligheid" vir druk. Hierdie toerusting het byvoorbeeld tot openbaring gekom toe die owerheid by geleentheid sy paspoort wou konfiskeer. Op 11 Desember 1974 het die polisie die paspoorte van vier uitvoerende beamptes van die

---

[69]Pro Veritate 15 Oktober 1967.

[70]B Engelbrecht-Inleidende opmerkings tot 'n bespreking oor "gehoorsaamheid" in die huidige Suid-Afrikaanse situasie, Johannesburg. Desember 1967.

[71]Pro Veritate 15 Oktober 1971.

Christelike Instituut gekonfiskeer nl CFB Naudé, Brian Brown, Peter Randall en Horst Kleinschmidt. Maar Roelf Meyer het syne behou deur gewoon te weier om dit aan die polisie te oorhandig. Die polisie sou dit van hom moes neem "and such an action would constitute both violence and an assault on my person".[72]

Maar Roelf Meyer het soms afgeskrik deur die wyse waarop hy 'n saak gestel het en vanweë 'n reglynige denke waarin hy nie altyd blyke gegee het van te besef dat 'n saak nie noodwendig wit of swart is nie, maar dat daar skakerings van grys tussenin lê. Hierdie neiging het gou geblyk toe hy in die tweede uitgawe van Pro Veritate na sy diensaanvaarding 'n bylaag van 24 bladsye gepubliseer het met die titel: "Geloftedag: 'n Christusfees of Baälfees? 'n Ope vraag aan Suid-Afrika oor Geloftedag".[73] Vlak na die totstandkoming van Pro Veritate is daar ook uitvoerig oor Geloftedag gehandel nl in die tweede uitgawe toe gevra is na die moontlikheid om hierdie fees ook vir Engelssprekendes oop te stel.[74] Maar Roelf Meyer het kort en saaklik hierdie fees wat vir talle Afrikaners die karakter dra van 'n fees van lof aan God, 'n Baälfees genoem omdat Baäl volgens hom nes Geloftefees die aardse, die tydelike, die bloed en die bodem verteenwoordig. In Geloftefees gaan dit vir hom om die bloed en die bodem - teen- oor die evangelie. Selfs patriarg Sergius en sy verheerliking van Stalin is bygehaal as toeligtende voorbeeld teen hierdie Afrikaanse Baälfees waarin, volgens Meyer, alles om die verheer- liking van die Afrikaner gaan. Tereg het Meyer sekere besware gevoel in verband met Geloftefees, maar sy kritiek was reglynig en het tot die onware konklusie gelei dat dié fees 'n volslae afwyking is van die soteriologiese, die morele verantwoordelike bestaan voor God en die naaste, en 'n neiging na die growwe ontiese en blote vleeslike voortbestaan![75] Ten slotte het die twee medeondertekenaars, Meyer en CFB Naudé, die Afrikaner soos

---

[72]The Star 11 Desember 1974. Pro Veritate 15 Januarie 1975.

[73]Pro Veritate Bylae 15 Desember 1971.

[74]Pro Veritate 15 Junie 1962 - Artikel deur E Erasmus.

[75]Pro Veritate Bylaag 15 Desember 1971 p 19.

in 1 Kon.18:21 opgeroep om op te hou hink op twee gedagtes - "As die Here God is, volg Hom na; en as Baäl dit is, volg hom na!"

Gaandeweg het daar almeer artikels oor Swart Bewussyn in die blad verskyn. Aanvanklik is met begrip en simpatie hieroor geskryf, maar mettertyd het simpatie en behoud van Skriftuurlike norme, plek gemaak vir heeltemal eensydige sieninge oor die swaar van die swartman teenoor die voorspoed van die witman as gevolg van eersgenoemde se goedkoop arbeid[76]. So is daar ook die artikel van eerw Theo Kotze oor "Ons is onverantwoordelike burgers" waarin hy dit het oor byna alle blankes en in besonder die owerheid se onvermoë om Swart Bewussyn te verstaan of begrip te toon vir die swartmense se menswaardigheid en regte[77].

Toenemend het daar 'n skerpte in die artikels van Pro Veritate na vore gekom. Maar wat geweld betref, was Meyer iemand wat deurgaans beswaar gemaak het teen enige sodanige gedagte in kerklike kring. By die All Africa Conference of Churches wat van 12 tot 21 Mei 1974 in Lusaka gehou is en waar kannunik Burgess Carr in sy openingstoespraak sy siening gegee het oor God se heiliging van geweld in die kruis van Christus, het Meyer sterk gereageer deur daarop te wys dat as God geweld in die geweld teen Christus geheilig het, Hy Homself inderdaad sou verraai het[78].

Dit was egter nie meer waar dat al die artikels in Pro Veritate in enige gebalanseerde kerkblad sou kon verskyn nie. 'n Artikel soos dié van Geoff Budlender oor "Civil Rights and the University" waarin beweer is dat universiteite alleen probeer bydra tot die vorming van 'n bestuurselite en die bevordering van die mag van die elite, het getuig van ongebreidelde Marxisme[79]. Ook die

---

[76]Vergelyk Pro Veritate van 15 November 1973 - Artikel deur besoekende Amerikaanse professor Ronald Christenson: "Country of the banned".

[77]Pro Veritate Desember 1973.

[78]Pro Veritate 15 Junie 1974.

[79]Pro Veritate 15 April 1973.

onverantwoordelike, smaaklose en onchristelike bewerings van die vroeëre redakteur van die Eastern Province Herald, Donald Woods, wat geskryf het oor die preke van dominees as "bull"[80], was 'n Christelike gespreksblad onwaardig. Die groter wordende afwesigheid van kwaliteit in die blad, het talle regdenkende Christene met begrip laat reageer toe Eerste Minister BJ Vorster op 4 Februarie 1972 in die Parlement aangekondig het dat 'n gekose komitee aangestel sal word om onder andere Pro Veritate te ondersoek. Roelf Meyer het gehelp om, ten spyte van goeie bedoelings, soms gegronde besware teen Pro Veritate te skep.

Aan die einde van 1975 het Meyer aangekondig dat hy na meer as vier jaar bedank as redakteur van Pro Veritate en studiesekretaris van die Christelike Instituut ter wille van verdere studie in die teologie[81]. Hy moes egter wag vir 'n paspoort en is in April 1976 in kennis gestel dat die owerheid hom dit geweier het[82].

4.4.2 Cedric Mayson as Redakteur

Toe Meyer aan die einde van Desember 1975 sy dienste by Pro Veritate be-eindig het, was Cedric Mayson dadelik gereed om hom op 1 Januarie 1976 op te volg.

Wat nou gebeur het, is dat Pro Veritate 'n weg van ongekende eensydigheid en onwaarheid ingeslaan het. Daarby sou voortaan 'n duidelike haat van die Suid-Afrikaanse owerheid blyk, asook 'n totale miskenning van die geskiedenis van Suid-Afrika as iets waaraan nie alleen Afrikaners nie, maar Afrikaners en Engelse, nie alleen blankes nie, maar blank en nie-blank help vorm het.

---

[80]Pro Veritate 15 November 1975. Rand Daily Mail 17 Oktober 1975.

[81]Pro Veritate November 1975.

[82]Pro Veritate Mei 1976.

In die uitgawe van Maart 1976 was daar 'n artikel van 'n Presbiteriaanse predikant wat uitgewyk het na die VSA - Anthony M Tanby. In sy bydrae getitel "Apartheid, the Church and Black Consciousness" het hy tot die konklusie gekom dat elke gerief en vreugde wat die blanke Suid-Afrikaner geniet, verkry is deur sy uitbuiting van die swartman![83].

In 'n inleidingsartikel onder die opskrif "Dit is besig om te gebeur" was daar in die uitgawe van Junie 1976 'n jubeling te bespeur oor wat die redakteur gesien het as miljoene swartmense wat besig is om uit te breek uit die duisternis van onderhorigheid. Ook is die kolonialisme van die kerk besig om verbreek te word en die kapitalistiese grondslag van die samelewing is besig om te verbrokkel. Daarby sien die redakteur dat Suid-Afrika besig is om te strewe na 'n sosiale stelsel wat kenmerkend anders as dié van die supermagte, sy eie sal wees. In tipiese bevrydingsteologie-taal word daarop gewys dat God besig is om te gebeur![84].

In dieselfde uitgawe van Pro Veritate van Junie 1976, het dit duideliker geword wat die redakteur bedoel het met die sosiale stelsel wat eie is aan Suid-Afrika. Breedvoerig is in een van die artikels verslag gedoen oor swart kommunalisme soos wat dit na vore gekom het by die Black People's Convention wat op 30 en 31 Mei 1976 te Mafikeng vergader het. Die verklaring wat die vergadering oor swart kommunalisme uitgereik het, herinner die leser van die artikel onmiskenbaar aan gedagtes wat gevind word in die Freedom Charter wat in 1955 in Kliptown naby Johannesburg deur die Congress of the People goedgekeur is nadat dit klaarblyklik opgestel is deur Lionel Bernstein en sonder dat ANC leiers soos prof ZK Matthews of selfs dr Albert Luthuli as ANC-president dit eers onder oë gehad het[85]. Dit is dan ook interessant dat die redakteur in dieselfde uitgawe van Pro Veritate

---

[83]Pro Veritate 15 Maart 1976.

[84]Pro Veritate Junie 1976.

[85]Grobler, Jackie. "A Decisive Clash" - p 109-111.

fulmineer teen die Suid-Afrikaanse owerheid wat die ANC verban het en so die swart aspirasies vertrap het.

In Julie 1976 het Mayson verwys na die bloedige onluste wat op 16 Junie 1976 in Soweto uitgebreek het as 'n teken van die teenwoordigheid van God. Sy mening was dat die onluste die gevolg was van die blanke se grypsug en selfsug - in geheel die gevolg van 'n immorele samelewing[86].

Die uitgawe van September 1976 het die sogenaamde "Amro-Letters" van die Wêreldraad van Kerke bevat. Gedurende 1974 het die Wêreldraad van Kerke sewe banke versoek om nie meer lenings aan Suid-Afrika toe te staan nie en in 1975 het hulle besluit om nie geld by daardie banke te deponeer nie. Die Amsterdam-Rotterdam-Bank wou weet waarom Suid-Afrika deur dié wêreldliggaam uitgesonder word. Die antwoord van die WRK is toe in Pro Veritate gepubliseer. Daarin voer die WRK aan dat Suid-Afrika uniek is omdat sy grondwet dit vir 'n maatskappy onmoontlik maak om mense as mense te behandel en nie op grond van velkleur nie[87].

In 'n latere uitgawe van die blad is teruggekom op die onderwerp van sosialisme in Suid-Afrika deur die publikasie van 'n toespraak van Peter Randall op 1 Maart 1977 aan die Universiteit van Kaapstad. Die titel van dié toespraak wat op dié dag heftig deur mnr Harry Oppenheimer teengestaan is, was "Only socialism can satisfy South Africa's future"[88].

Die laaste uitgawe van Pro Veritate voordat dit in die ban gedoen is, was die van 15 Julie 1977. Hoe dit verloop het met dié blad blyk onder andere daaruit dat al die artikels in die uitgawe van Mei 1977 deur swartmense geskryf is. Mayson self het in dié uitgawe geskryf oor "The Gospel according to Blackness". Daarin het hy vertel van sy aanvanklike vooroordeel teen swart teologie,

---

[86]Pro Veritate 15 Julie 1976.

[87]Pro Veritate 15 September 1976.

[88]Pro Veritate 15 Maart 1977.

maar dat hy toe ontdek het dat God in dié teologie aan die werk is en dat swart teologie Hom openbaar[89].

Wie die uitgawes van Pro Veritate vanaf 1962 tot 1977 deurblaai, stem volkome saam met die oordeel van JW de Gruchy nl "Towards the end of the sixties and until its demise, its orientation was more influenced by black and liberation theology"[90].

---

[89]Pro Veritate 15 Mei 1977.

[90]J W de Gruchy "A Short history of the Christian Institute" in Resistance and Hope, South African essays in honour of Beyers Naudé, edited by Charles Villa-Vicencio and John W de Gruchy, David Philip: Cape Town and Johannesburg 1985, p 17.

HOOFSTUK 5

DIE CHRISTELIKE INSTITUUT VAN SUIDELIKE AFRIKA

5.1 ONTSTAAN, DOEL EN KARAKTER

In die redaksionele kolom van Pro Veritate van 15 Oktober 1963 is die stigting van die Christelike Instituut van Suidelike Afrika aangekondig. Deur die redakteur word vermeld dat die Instituut gefundeer is op die Woord van God en die geloof in die drieënige God. Almal wat hierdie oortuiginge deel, word genooi om as lede aan te sluit. Hy meld verder dat die stigting van die Instituut die vrug was van 'n toenemende behoefte onder gelowiges van verskillende kleur en taal om saam te kom. Lidmaatskap sal dus vir alle gelowiges, afgesien van kleur of taal, oop wees. Die doel van die Instituut word genoem as 'n poging om Christene saam te laat besin, spreek en bid en om hulle eenheid te demonstreer. Daar word spesiaal klem gelê op die feit dat hier geen sprake is van kerkstigting nie. Die CI wil alleen dat Christene saamwerk in 'n poging om die Woord van God toe te pas op al die lewensterreine.[1]

Die stigting van die CI het ongetwyfeld saamgehang met die Cottesloe-beraad waar die behoefte aan en sin van onderlinge gesprek deur die verskillende kerke opnuut besef is. Die sin van onderlinge gesprek deur die kerke is by Cottesloe besonder sterk aangevoel toe daar aanskou is hoe twee bekende "vyande" naamlik die NG Kerk en die Anglikaanse Kerk mekaar die hand gereik het na minstens twintig jaar van groeiende wantroue en vooroordeel teen mekaar. Die hand van vriendskap wat hierdie twee kerke na mekaar uitgesteek het, het nuwe hoop laat opvlam vir die kerk in Suid-Afrika en 'n wil tot gesprek laat ontstaan. Die belang van gesprek is by Cottesloe deur Aartsbiskop Joost de Blank beklemtoon toe hy van sy kerk en die N G Kerk verklaar het "that personal contact and personal exchange almost always lead to

---

[1]Pro Veritate 15 Oktober 1963.

mutual understanding, respect and friendship - and great as our differences may be, we no longer question the integrity of those who differ from us."[2] Selfs nog na die berugte sitting van die Transvaalse Sinode in 1961 waar Cottesloe finaal 'n kerklike vloekwoord geword het, het prof EP Groenewald geskryf dat die betekenis van Cottesloe daarin geleë is dat by die kerke wat daaraan deelgeneem het, 'n beter onderlinge verstandhouding tot stand gekom het en dat die kerke nader aan mekaar beweeg het.[3]

Hoewel die entoesiasme wat by Cottesloe vir die ekumene onstaan het deur politieke druk in die kerk gedemp en verdag gemaak is, en die verskillende kerke van Cottesloe spoedig weer uiteen gegaan het, was daar in die NG Kerk by 'n groepie persone 'n ekumeniese drang dat voortgegaan moes word met die kerklike gesprek en veral ook die gesprek oor dié saak wat skeiding bring naamlik die rassebeleid in Suid-Afrika. Onder hulle was ds CFB Naudé van die gemeente Aasvoëlkop en ook lid van die NG Kerk se afvaardiging by Cottesloe, prof JCG Kotze van die Kweekskool op Stellenbosch, prof BB Keet, ook van die Kweekskool, prof Ben Marais van die Teologiese Fakulteit in Pretoria, dr Ben Engelbrecht van die gemeente Johannesburg-Oos, en enkele ander. Van die Gereformeerde Kerk se kant was daar dr JA Schutte, en van die Hervormde Kerk was daar prof AS Geyser van die Teologiese Fakulteit en prof A van Selms, hoogleraar in Semitiese tale aan die Universiteit van Pretoria. Aan die Witwatersrand het groot getalle predikante sedert Cottesloe gereeld ontmoet in studiekringe en besprekingsgroepe en het persone soos ds Naudé en prof Geyser gereeld as sprekers opgetree.

Dit was uit die oortuiging wat hierdie groep teoloë en predikante gedeel het dat die gedagte van 'n ekumeniese organisasie ontstaan

---

[2]The Cottesloe Consultation, Johannesburg 7-14 December 1960 p 81-82.

[3]EP Groenewald, "Die Transvaalse Kerk en die Cottesloe-beraad", Ned Geref Teologiese Tydskrif, Junie 1961, p 142- Aangehaal deur RTJ Lombard, Die NG Kerke en die Rasse-politiek, p 242.

het en so is die Christelike Instituut van Suidelike Afrika op 15 Augustus 1963 gestig nadat die grondwet deur 150 stigterslede goedgekeur is. Ds CF Beyers Naudé is benoem tot direkteur en op Sondag 22 September 1963 het hy by die aankondiging dat hy die pos aanvaar, in die gemeente Aasvoëlkop 'n preek gelewer na aanleiding van 'n teks wat later van tyd as 'n refrein uit sy mond gehoor sou word nl "Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense" (Hand.5:29). Hy het in hierdie preek verwys na die beperkinge wat die Sinode geplaas het op die uitlatings van predikante en dat dit meegebring het dat die vryheid van leraars en lidmate om profeties en reformatories te getuig radikaal ingeperk is.[4] Sonder twyfel het hy hiermee verwys na die besluite van die Suid-Transvaalse Sinode in 1963 teen Pro Veritate en oor die aanspreeklikheid van kerklike dienaars.

Op Sondag 3 November 1963 het Naudé sy afskeidspreek in die gemeente Aasvoëlkop gelewer na aanleiding van Jeremia 23:29 nl "Is my woorde nie so, soos 'n vuur, spreek die Here, en soos 'n hamer wat rotse vermorsel nie?" en op Sondag 15 Desember 1963 het hy sy intreerede as direkteur van die CI gelewer in die Metodiste-kerk in Johannesburg oor versoening na aanleiding van 11 Kor.5:14-21. In laasgenoemde rede het Naudé heel gepas die Christene van Suid-Afrika opgeroep tot die herontdekking van hulle eenheid in Christus. Hy het gewaarsku dat tensy daar versoening met mekaar onder leiding van die Heilige Gees kom, die nie-Christelike magte onder leiding van onheilige geeste sal oorneem.[5]

5.2 DIE CHRISTELIKE INSTITUUT IN AKSIE

In die eerste jaarverslag van die Instituut het die direkteur gemeld dat daar ten spyte van heftige druk 'n groei in getalle van lede was nl vanaf die 150 stigterslede na meer as 'n duisend, en dat die getalle steeds toeneem. Op daardie tydstip het die

---

[4]Naudé, CFB, Direkteur Christelike Instituut van Suidelike Afrika, "My Beslissing" - Drie Preke. p 7.

[5]Aw p 26.

CI, volgens hom, die steun van al die kerke in Suid-Afrika behalwe die drie Afrikaanse Kerke geniet. Daar was ook reeds 25 Bybelstudiekringe gestig - veral aan die Witwatersrand, Pretoria, Durban, Kaapstad en Stellenbosch. Oor die vraag of die Instituut se werk beperk word tot studie en bespreking, wys Naudé daarop dat getuienis 'n primêre taak bly maar dat die Raad van Beheer hopelik in die volgende jaar voorligting sal gee oor die getuienis en optrede wat van Christene verwag kan word.[6]

Dit was by dieselfde geleentheid dat die CI ook gereageer het op verklarings van dr JD Vorster en ds AJV Burger van die NG Kerk oor die voorstelle in verband met rassegelykheid op die vergadering van die Wêreld-Alliansie van Gereformeerde Kerke in Frankfurt. In Die Vaderland van 12 Augustus 1964 het dr Vorster verklaar: Niemand in Christelike kringe betwyfel dit dat die gebod van die liefde nie net tot een ras beperk is nie." Volgens die Rand Daily Mail van dieselfde datum het dr Vorster verklaar: "It is the Christian's duty to see that justice is done." Die CI het hom op grond van hierdie twee berigte uitgespreek teen die onderliggende gedagte van dr Vorster dat dié dinge so vanselfsprekend en onbetwisbaar is dat dit nie nodig is om pertinente besluite daaroor te neem nie. In die kerk moet die boodskap van geregtigheid en liefde altyd weer herhaal word. Verder het die Instituut hom gedistansieer van die verklaring van ds Burger dat die gelykheid van alle rasse en gesamentlike aanbidding nie Skriftuurlik is nie, en dat daar in die kerklike lewe "dieper" dinge is as die gesamentlike aanbidding deur gelowiges.[7]

Op 7 Mei 1965 was daar 'n gebeurtenis wat onheil voorspel het vir die voortbestaan van die Christelike Instituut en Pro Veritate en wat tiperend sou word van die redeloosheid wat nie alleen die NG Kerk nie, maar ook die owerheid in toenemende mate teenoor die CI en sy mense sou openbaar. Op die betrokke datum is die kantore van die CI en die huis van die direkteur deur die Veiligheids-

---

[6]Pro Veritate 15 September 1964.

[7]Aw.

polisie deurgesoek. 'n Onderhoud met die hoof van die Veiligheidspolisie is onmiddellik namens die Raad van Beheer deur die direkteur en die administratiewe direkteur, mnr Fred van Wyk, aangevra en is toegestaan vir 2 Junie. By dié geleentheid is die onbegryplike "verklaring" aan dié twee here gegee dat die deursoek-aksie in geen opsig verband gehou het met die werk van die CI nie, maar alleen die vrug was van die feit dat 'n artikel in die Februarieuitgawe van Pro Veritate (wat oorgeneem is uit Die Kerkbode!) melding gemaak het van 'n titel van 'n verbanne publikasie! Die Veiligheidshoof het bygedra tot die onbegryplikheid van die optrede deurdat hy erken het dat hy geweet het dat die redakteur, nadat hy gewys is op die oortreding van die wet op publikasies (nr 26 van 1963), 1) dadelik opdrag gegee het om die blad te onttrek; 2) die gewraakte titel laat uitsny het uit Pro Veritate se weergawe van die inleidingsartikel van Die Kerkbode; 3) in die Maart-uitgawe van Pro Veritate gemeld het van die bona fide fout en 4) in die Maart-uitgawe die versekering gegee het dat Pro Veritate binne die raamwerk van die wet wil funksioneer.[8] Volgens 'n persverklaring op 25 Mei het die Uitvoerende Komitee van die CI op 24 Mei die volgende telegram aan die Eerste Minister en die leier van die Opposisie in die Volksraad gestuur:

> "Ons verklaar plegtig dat ons te gener tyd enigiets met enige subversiewe verbanne of kommunistiese organisasie te doen gehad het nie STOP Ons het dit herhaaldelik in die openbaar en ook teenoor hoof van Veiligheidspolisie verklaar STOP Betreur ten diepste dat ons positiewe Christelike werk deur aanleidinglose ondersoek onnodig onder verdenking geplaas is."[9]

Die optrede van die Veiligheidspolisie het 'n raaisel gebly. Die enigste verklaring wat met verloop van tyd almeer waarskynlik sou blyk te wees, was dat dit deel was van die bose proses van ver-

---

[8]Pro Veritate 15 Junie 1965.

[9]Persverklaring en ook telegram van FJ van Wyk, Administratiewe Direkteur, 25 Mei 1965.

dagmaking wat aan die gang gesit is. Die kantore van die CI en die huis van die Direkteur is sedert 1965 herhaaldelik sonder vrug deursoek - ook eenmaal die persoon van die Direkteur. Dit het gewoonte geword.

Indien hierdie deursoeking bedoel was as verdagmaking, het dit goed gewerk. In Juliemaand het ds NJ van Loggerenberg in Pro Veritate geskryf teen 'n artikel van die redakteur dat die tyd vir 'n Belydende Kerk aangebreek het. Van Loggerenberg het die mening uitgespreek dat dié artikel slegs die vrug was van Naudé se vernedering met die deursoek van sy huis in verband met kommunistiese en ANC-dokumente en die kansellasie van sy bevestiging as ouderling in die gemeente Parkhurst. Hy het geoordeel dat Naudé die betrokke artikel geskryf het as verbitterde mens.[10]

Die gemelde artikel van Naudé waarin hy sy oortuiging uitgespreek het dat die tyd vir 'n Belydende Kerk aangebreek het, het sy vroeëre gedagtegang oor die rol van die CI weergegee. Ook sy medestanders het hierdie oortuiging gedeel in reaksie teen die NG Kerk-leiding en die politieke druk van binne en buite wat die kerk in 'n situasie van politieke konformisme en verstarring laat beland het. In die betrokke artikel word beklemtoon dat daar by die CI geen sprake is van kerkstigting nie, maar dat alleen geywer word dat Christene mekaar se hande oor kerkgrense heen sal vat in die stryd vir eenheid en teen die rasseteologie. Vir die CI gaan dit daaroor dat Christene in alle kerkgenootskappe hulle kerke oproep tot gehoorsaamheid aan die Woord van God en dat mense bevry word van alle angs en haat.[11]

---

[10]Pro Veritate 15 Julie 1965. Dit is interessant dat Van Loggerenberg nooit deur enigiemand van die NG Kerk aangekla is oor sy voortdurende skrywes in Pro Veritate nie. Hieruit kan afgelei word dat die Suid-Transvaalse Sinode se besluite in 1963 oor die lojaliteit van kerklike dienaars en oor Pro Veritate alleen bedoel was om sekere predikante se monde te snoer en sékere standpunte te onderdruk.

[11]Pro Veritate 15 Julie 1965.

Ten spyte van herhaalde verklarings deur die CI dat daar geen sprake is van kerkstigting nie, is hierdie bewering tog voortdurend in kerklike en politieke kringe aangegryp om die CI verdag te maak. So het dit ook gebeur met 'n uitstappie waartoe Naudé 'n groepie vriende uitgenooi het vir Hemelvaartdag 4 Mei 1967 in die omgewing van Heidelberg in die Transvaal. In 'n skrywe van 27 April is die uitnodiging gerig en is gemeld dat die geselligheid sou begin met 'n Hemelvaartdiens. Die Johannesburgse middagblad Die Vaderland het hiervan gehoor en op 1 Mei op die voorblad aangekondig: "Christelike Instituut trek saam vir 'Kopstukke'." In 'n onder-opskrif is genoem die moontlikheid dat 'n nuwe kerk gestig sal word. In die berig is neerhalend geskryf oor die beoogde "stigting van 'n separatistiese kerkbeweging".[12] Onder die aanwesiges by die uitstappie was prof en mev Geyser en die predikant en predikantsvrou van Parkhurst. Terwyl verslaggewers van Die Beeld wat daar opgedaag het, besluit het dat die berig ongegrond was en toe maar saam verder gesellig verkeer het, het die ander verslaggewers van Die Vaderland en Die Transvaler voortgegaan om foto's van motors se registrasienommers te neem.[13]

Ook Die Transvaler het alles in sy vermoë gedoen om deur verdagmaking die CI te verongeluk. Dié blad het ook nie gehuiwer om sy invloed te gebruik om in kerklike kringe opstand teen die CI te verwek nie. Veral in die gemeente Parkhurst waar die Naudé- en Engelbrecht-gesinne 'n geestelike tuiste gevind het, het dit soms vanweë beriggewing in dié koerant uiters moeilik geraak. Maar veral is opsigtelik gepoog om die pad vir Engelbrecht en Naudé toe te maak. 'n Tipiese voorbeeld van hierdie koerant se optrede het geblyk toe die gemeente Belgravia in Johannesburg se Kerkjeugvereniging op 28 Januarie 1965 besluit het om Naudé uit te nooi om hulle op 23 Maart te kom toespreek. Omdat die druk op die gemeente van die kant van Die Transvaler so hewig was, is mettertyd besluit om die datum te vervroeg na 9 Maart. Die

---

[12]Die Vaderland 1 Mei 1967. Sien ook skrywe van CFB Naudé in Die Vaderland 4 Mei 1967.

[13]The Star 5 Mei 1967, Die Beeld 7 Mei 1967.

Transvaler het in 'n berig selfs die leraar van Belgravia, ds Roelf Meyer, geassosieer met 'n omstrede konferensie en in sy verlede probeer grawe. Dit alles het daartoe bygedra dat daar die betrokke aand 'n georganiseerde en suksesvolle poging aangewend is om Naudé te verhoed om die kerkgebou binne te gaan om die jongmense toe te spreek. Alles het gelei tot 'n "oproerigheid" waartydens die betrokke blad se verteenwoordiger en fotograaf teenwoordig was en vloekwoorde vryelik gebruik is. Die Ringskommissie het bevind: "Die blote assosiasie van die leraar in Die Transvaler van 19 Februarie met die, wat Die Transvaler betref, twyfelagtige KJV-konferensie oor liberalisme en kommunisme, en die berig in Die Transvaler van 11 Maart oor die leraar se verlede, is genoegsame aanduiding van hoe die betrokke blad se motiewe beslis nie suiwer beriggewing was nie."[14] Uit die getuienis van kerkraadslede tydens die ondersoek deur die Ringskommissie, het geblyk dat van die kerkraadslede 'n bepaalde leraar geraadpleeg het oor hoe hulle moet reageer. Op 27 April 1965 het ds NJ van Loggerenberg 'n klag teen ds RA Meyer by die Ring ingedien omdat hy Naudé uitgenooi het om die KJV toe te spreek "en daarmee 'n uiters skadelike onrus in die gemeente gewek en die kerklike gesag in die algemeen ondermyn het".[15]

In die lig van hierdie gebeure was dit geen wonder nie dat vier lede van die CI aan die einde van September 1965 'n ope brief aan alle evangeliedienaars van die NG Kerk uitgestuur het onder die titel na aanleiding van Johannes 4:1 "Stel die geeste op die proef".[16] Die stuk is opgestel deur dr B Engelbrecht en is onderteken deur homself; die direkteur van die CI, CFB Naudé; die administratiewe direkteur, FJ van Wyk, en ds JD Smith. Kommer is daarin uitgespreek oor die ideologie van apartheid wat die norm

---

[14]Agenda van buitengewone vergadering van die Ring van Johannesburg 11 Mei 1965 "Rapport van die Ringskommissie ivm die gebeure in Belgravia op 9 Maart 1965" p 22-24.

[15]Aw p 51.

[16]Die brief is volledig weergegee in die Schlebusch-rapport oor die CI p 176-180.

geword het waaraan normale uitinge van Christelike lewe beoordeel word as skadelik en verwerplik; oor die wyse waarop koerante apartheid as norm aanlê vir ampsdraers van die kerk; en oor die gevaar dat hierdie koerante meningsvormers word vir die publiek. In besonder word verwys na die berugte publikasie van "Neels Natte" in die rubriek "Politieke Brokkies" in Die Transvaler van 3 September 1965. In die betrokke rubriek het Neels Natte neerhalend verwys na "mnr Naudé" se Christelike Instituut wat streef na "'n deurmekaar kerk ... waarin volksidentiteite ineengesmelt moet wees." Hy noem dan twintig name - "die bekendstes" - van 'n ledelys van die CI wat hom ter hand gekom het en sluit af met die aanbod: "As enigeen van dié mense nie lid is nie en ek dit van die betrokkene verneem, of as enigeen lid was maar bedank het en ek dit van betrokkene verneem, sal ek graag sy mededeling publiseer."

Duidelik is met vreugde toegekyk hoe hierdie tegniek gewerk het. Op 8 September word gerapporteer dat drie genoemdes reeds ontken het dat hulle lede van die CI is - prof dr JA Lombard het aan die koerant geskryf en twee predikante het getelefoneer. In 'n tweede brief het 'n dominee gemeld hoedat daar in sy gemeente op Sondag 5 September van die kansel afgekondig is dat hy nie lid van die CI is nie. Op 10 September het Neels Natte weer geskryf: "Aan diegene wat seergemaak voel, wil ek in alle opregtheid sê dat daar eintlik aan hulle 'n guns bewys is deurdat 'n geleentheid vir hulle geskep is om hulle in die openbaar van die Instituut los te maak." In die uitgawe van 6 September het 'n briefskrywer die mening gelug dat die heer Naudé nog lid van die NG Kerk is en tog maar aangedui kan word as "ds Naudé", maar twee briefskrywers in die uitgawe van 10 September het die tipiese reaksie wat van die NG Kerk-leiding uitgegaan het, weergegee nl "dat 'n man soos mnr Beyers Naudé dit terdeë verdien om nie dominee genoem te word nie - Immers, dr AP Treurnicht se praatjie van 5 September toon hoe onbybels en teologies onverantwoord die standpunt van die sg Christelike Instituut is."[17] Nog vyf predi-

---

[17]Dit is 'n verwysing na 'n radiopraatjie deur dr AP Treurnicht op 5 September 1965.

kante het aan Die Transvaler geskryf dat hulle nie lede van die CI is nie. In die geval van ds CJJ Vermaak van die gemeente Fairland is onderhandelinge gevoer deur die voorsitter van die Ring van Linden en is op 12 September 'n verklaring by die erediens afgelees wat ook op 13 September in Die Transvaler gepubliseer is.

Daar was diegene wat beswaar gehad het teen Neels Natte se optrede, maar daar was ook hulle wat dankbaar was vir sy onthulling. In die uitgawe van 17 September 1965 het Nico van Loggerenberg VDM ter ondersteuning van Neels Natte geskryf: "Die stryd van reg en geregtigheid moet in alle billikheid gestry word." Dr P Rossouw VDM van Drie Riviere het in die uitgawe van 20 September geskryf dat al die pogings van die vyande van die Afrikaner in die verlede nie geslaag het nie. "Die pad van die veroweraar het egter deur Cottesloe 'n septiese wind van verandering uitgehoes en sedertdien tas 'n nuwe epidemie die Afrikaner se volk en kerk aan." Ds CFB Naudé se brief van verweer in Die Transvaler van 17 September het hom herinner aan Joost de Blank by Cottesloe. Rossouw self voel dat die oplossing van die probleem lê in die erkenning dat daar nie lojaliteit aan beide Kerk en Instituut kan bestaan nie - die een lidmaatskap sluit die ander uit.[18]

In 'n verklaring wat op 9 November 1963 gedoen is, het ds Naudé in opdrag van die Uitvoerende Komitee, die Christelike Instituut verdedig teen die aantygings van liberalisme en kommunisme. Die verdagmakery met hierdie terme het herinner aan die McCarthy-periode in die VSA gedurende die vroeë sestigerjare toe eerlike Christene en werklik Christelike organisasies met kommunisme vereenselwig is. Ook die skelwoord "veelrassigheid" wat in dié tyd teen die Christelike Instituut gebruik is, word in dié verklaring verwerp. Al wat vir die CI tel, is dat daar Christe-

---

[18]Hierdie standpunt is later verdedig deur prof AB du Preez, Die Kerkbode 6 September 1967 p 344-345.

likheid sal wees. Die Instituut streef na kerklike eenheid - al word "'n valse eenheidstrewe" aan hulle deur gelê en al word sy bedrywigheid bestempel as politiek. Ten slotte word daar gemeld dat daar 'n opsigtelike ooreenstemming is in die verdagmakery - ook in verband met bewerings oor die fondse van die Instituut. Dit laat dink dat daar 'n veldtog agter die skerms georganiseer word.[19] Die verdagmakery was egter aan die orde van die dag en was 'n geslaagde wapen. Selfs 'n persverklaring deur Naudé namens die CI waarin, na aanleiding van die bom-ontploffing op die Johannesburgse stasie op 24 Julie 1964, afkeuring uitgespreek is oor dié "veragtelike wandaad",[20] sou nie help om hierdie metode teen te werk nie. Op 26 Desember 1965 is 'n televisie-program in Nederland aangebied oor die CI en omdat in sekere koerante in Suid-Afrika berig is dat dit die "Defence and Aid Fund" in Nederland ten goede gekom het, moes daar deur die CI 'n persverklaring uitgereik word om alle verband met dié betrokke fonds te ontken.[21] Die beweringe wat prof AD Pont teen die Instituut kwytgeraak het en waarvoor hy in 'n amptelike brief op 21 April 1964 deur die voorsitter van die Raad van Beheer, dr JB Webb, uitgenooi is om alle dokumente by die CI-kantore te inspekteer,[22] het ook maar aangehou totdat die Hooggeregshof hom op 9 Junie 1967 aan laster skuldig bevind het.

---

[19]Verklaring deur Uitvoerende Komitee op 9 November 1963. Geteken deur CFB Naudé, Uitvoerende Direkteur.

[20]Persverklaring 25 Julie 1964. "Verklaring uitgereik deur die Direkteur namens die Christelike Instituut van Suidelike Afrika na aanleiding van die bomaanslag te Johannesburg op 24 Julie 1964".

[21]Verklaring aan die pers op 15 Januarie 1966. Get. CFB Naudé, Direkteur.

[22]Persverklaring 21 April 1964. Get. The Revd Dr JB Webb, Chairman Board of Management.

5.3 WOELINGE IN DIE NG KERK

Op Vrydag 16 Augustus 1963 het die Christelike Instituut van Suidelike Afrika sy eerste aankondiging gedoen nl oor sy stigting die vorige aand en sy doelstellings. Die eerste amptelike kennisname daarvan in NG-kring was dié in Die Kerkbode van 18 September 1963. Die aard van die kennisname deur die redakteur was 'n aanduiding van die NG Kerk se toekomstige beoordeling en hantering van die Instituut. Die redakteur erken die bestaansreg van 'n vrye vereniging, maar meen dat persone wat aan sulke verenigings behoort nié daarmee vry is "om hulle kerklike agtergrond en belydenis te verloën of neutraal daarteenoor te staan nie." Hierna wyk die redakteur op 'n onbegryplike wyse af tot die vraag na die behoud van status! Dit was toe reeds bekend dat die Raad van Beheer van die CI op sy eerste vergadering van 26 Augustus 1963 besluit het om die pos van voltydse direkteur aan ds CFB Naudé aan te bied.[23]

Sonder dat die redakteur enige naam noem, meen hy dat behoud van status in orde sou wees indien die kerk op grond van sy plig tot toesig oor sy lidmate en ampsdraers die Instituut goedgekeur het as 'n organisasie waarin hy graag sy lede sal sien dien. "Ons glo dat sodanige goedkeuring nie gegee kan word in ''n informele broederlike samespreking van die predikante' nie ... Voordat ons kerk hom teenoor die Instituut kompromitteer, soos bv deur behoud van status toe te ken aan enige van sy predikante wat die direkteurskap daarvan wil aanvaar, sal die kerk vir homself verskeie bedenkinge uit die weg moet ruim." Verder het die redakteur ook die basis van die CI te vaag gevind. Die basis van geloof in die Skrif en die Drie-eenheid is "'n basis wat haas deur enige sekte erken kan word." Daarby spreek hy ook die vrees uit dat die "veelrassige" Instituut bedoel is "om ons Afrikaanse kerke die leviete voor te lees oor ons beleid van afsonderlike kerke vir die verskillende volksgroepe." Te oordeel aan die uitsprake "in liberalistiese trant" deur prof AS Geyser, 'n lid van die Raad

---

[23]Persverklaring van die CI, 26 Augustus 1963.

van Beheer, "sal ons volk ook nie besondere genade vind in die oë van die Instituut nie."[24]

Enkele weke hierna het die redakteur kommentaar gelewer op die preek wat ds Naudé in sy gemeente gelewer het toe hy die direkteurskap van die Instituut aanvaar het. Waardering word uitgespreek vir Naudé - "Dit kan ... met sekerheid gesê word dat ons kerk nie graag die talente en kragte van iemand soos ds Naudé sou wil mis nie." Maar in die preek het hy "'n gewaagde teenstelling tussen hom en die kerk gemaak." Terég word opgemerk: "Dit kom daarop neer dat die kerk, sinode, ring en kerkraad by "die mense" gegroepeer word teenoor ons broeder saam met God ..." Waar Naudé egter in sy boodskap melding gemaak het van die gevaar van ekumeniese isolasie van die kerk en van "gefrustreerde" predikante, sluit die redakteur af met die vraag of Naudé gesinspeel het op 'n moontlike breuk in die kerk. Die eenheid mag nie onnodig aan bedreiging blootgestel word nie. "Net so wil ons ook nie ons volk opoffer aan 'n patroon van rasseverhoudinge en kerklike ekumenisiteit wat volgens ons eerlike Skrifbegrip eerder onheil as ons wesenlike heil behels nie. Soos ds Naudé, sê ook ons: Ons wil aan God meer gehoorsaam wees as die mense!"[25]

Die aanvoorwerk wat die redakteur van Die Kerkbode gedoen het in verband met die CI, is spoedig opgevolg deur die Ring van Pretoria-Noord wat tydens sy sitting in 1963 sy teleurstelling uitgespreek het oor ds Naudé se prysgawe van die bediening ter wille van "'n buitekerklike organisasie van menslike maaksel", en versoek het dat dissiplinêre stappe gedoen word "teenoor alle lede van ons kerk wat hulle by die skeuringwekkende Instituut aangesluit het."[26]

Hierop het 'n afkeurende besluit deur die Breë Moderatuur van die Algemene Sinode gevolg. In Die Kerkbode van 27 November 1963 is

---

[24]Die Kerkbode 18 September 1963 p 380-381.

[25]Die Kerkbode 9 Oktober 1963 p 488-489.

[26]Die Kerkbode 13 November 1963 p 676.

die volgende besluit aan die kerk bekend gemaak:

"Die Breë Moderatuur van die Algemene Sinode, wat ook as ekumeniese kommissie dien, het van verskeie ringe en kerkrade versoeke ontvang om leiding te gee in verband met die Christelike Instituut van Suidelike Afrika. Die Breë Moderatuur het die saak deeglik bespreek en die volgende besluite geneem:

Om die volgende redes kan die Breë Moderatuur die stigting en voortbestaan van die Christelike Instituut nie goedkeur nie:

1. Omdat dit duidelik is dat die stigting en optrede van die Instituut noodwendig moet lei tot die bestryding van die rasse- en ekumeniese standpunt van die Kerk;

2. Omdat die Instituut hom begeef op die terrein van die kerk deur vir hom sekere funksies, wat tot die roeping en terrein van die kerk behoort, toe te eien. Hierdie werksaamhede is nog altyd in die verlede met veel vrug en seën deur die kerk behartig. Hierin kan die stigting van die Instituut die kerk nie vrugbaar help nie, maar dit kan verwarring skep en die kerk in die uitvoering van sy taak hinder;

3. Omdat die Ned Geref Kerk vir die reëling van die verhouding tussen moeder- en dogterkerke en die behartiging van ekumeniese belange van tyd tot tyd na die eis van die behoeftes en omstandighede, die nodige liggame en kanale vir konsultasie en samewerking het."[27]

Uit 'n artikel wat in The British Weekly van 31 Oktober 1963 verskyn het, het dit geblyk dat daar ook 'n lid van die Roomse Kerk op die CI se Raad van Beheer dien. Hierop het die redakteur van Die Kerkbode heftig gereageer. Vir hom het dit gedui op "'n

---

[27]Die Kerkbode 27 November 1963 p 737.

bedenklike koers ... waarmee belydenisgetroue lidmate van die NG Kerk hulle nooit sal vereenselwig nie" - "'n gedagte van Christelike armoede". In verband met die CI se gedagte van Christelike gesprekvoering, vra redakteur Treurnicht: "Is daar nie sekere soort gesprekke waarteen die Skrif waarsku nie?"[28]

Ook die Ring van Losberg het hulle teen die CI uitgespreek. "Die WE Ring van Losberg het met besorgdheid kennis geneem van die stigting van 'n veelrassige en interkerklike beweging, by name die Christelike Instituut van Suidelike Afrika, en betreur die deelname van hoogleraars, leraars en lidmate van ons kerk daaraan. ... Sodanige veelrassige beweging lê nie in lyn met die duidelike beleid van die Ned Geref Kerk met betrekking tot rasseverhoudinge en sendingmetodes wat deur die jare heen hul beslag gekry het nie."[29]

Op 'n vergadering wat op 25 en 26 Mei 1965 gehou is, het die Sinodale Kommissie van Suid-Transvaal besluit om die volgende onder die "vriendelike aandag" van alle kerkrade te bring:

"Na aanleiding van

i. die versoek i.s. 'n spesiale Sinodesitting met die doel om uitspraak te gee insake die onrus en ontevredenheid wat in die kerk bestaan en steeds aangroei vanweë die deelname en/of lidmaatskap van ampsdraers aan die Pro Veritate-poging en die Christelike Instituut;[30]

---

[28]Die Kerkbode 1 Januarie 1964 p 5.

[29]Die Kerkbode 8 Januarie 1964 p 55.

[30]Die versoek vir 'n spesiale sitting van die Sinode was afkomstig van die Johannesburgse gemeente Jeppestown waar dr FG Badenhorst predikant was. Pro Veritate van 15 November 1964 haal 'n brief van "Bolandse lidmaat" aan uit Die Burger van 9 April 1964 waarin hy verwys na die versoek van dié kerkraad vir 'n buitengewone vergadering van die Sinode "om die oorsake van die kerklike moeilikhede en verdeeldheid, onrus, onsekerheid en beroeringe wat in die kerk onstaan het, soos verteenwoordig deur mnr Beyers Naudé van die CI en die maandblad Pro Veritate, in behandeling te neem en aan die kerk duidelike leiding te gee".

ii. en in die lig daarvan dat die Sinodale Kommissie kragtens besluit 63c (iii) tot opdrag het voorlopige hantering en beslissing in spoedeisende sake wat tot die terrein van die Sinode behoort

BESLUIT die Sinodale Kommissie om in die lig van bogenoemde sake en ook vanweë die ernstige nadelige effek daarvan op die kerklike orde en eenheid, medewerking en lidmaatskap van genoemde bewegings (Pro Veritate en Christelike Instituut) so sterk as moontlik af te keur!"[31]

Na aanleiding van 'n verwysing in Pro Veritate na die gebruik van die woord "liberalisme" as vaag,[32] het Antikom geantwoord met 'n artikel oor Liberalisme. Dié hele gedagterigting word verwerp onder andere op grond van die leer van die gelykheid en vryheid van alle mense. In ons land sal dié leer uitloop op die vermenging van rasse en volkere wat diepgaande verskille op liggaamlike en geestelike en godsdienstige gebied openbaar en sal dit "die ondergang van die blanke minderheid as draers van die Christelike Westerse beskawing meebring."[33] In die uitgawe van Februarie

---

[31]Hierdie besluit is in 'n skrywe van 28 Junie 1965 deur die Scriba Synodi, dr FJ Kriel, aan gemeentes bekend gemaak.

[32]Pro Veritate 15 Junie 1965 p 15.

[33]Antikom Nuusbrief, Deel 1 nr 12, Julie 1965 p 1. Dit is interessant dat die verregse redakteur van die SA Observer, SED Brown, in Oktober 1961 reeds in die American Opinion in die VSA geskryf het dat die tweede dwaling van die liberalisme die leer van die gelykheid van alle mense is. "And so the world must be levelled down. The energetic must be penalized until they are equal to the lazy ...; the civilized must be degraded until they are equal to savages. Everywhere the superior - whether man or nation - must be enslaved and made to toil for the comfort of the inferior." Brown is in 'n skrywe deur die sekretaris van dr HF Verwoerd op 1 Desember 1961 meegedeel dat dr Verwoerd dit gesien het as "a brilliant analysis which he would like to see published in all South African papers." Sien "Anatomy of Liberalism", SED Brown, Reprinted from SA Observer, Pretoria. Ongedateerd.

1966 is 'n sterk aanval op die Instituut geloods. Die ekumenisme van die Instituut is valse ekumenisme omdat dit "'n vergelyk wil tref tussen die evangeliese leer van die Protestantisme en sy aartsvyand die Rooms-Katolisisme ... Omdat die Instituut ook die deur oopsit vir die Rooms-Katolieke om lid te word en op die bestuur te dien, kan dit nie as Skriftuurlike en gesonde ekumenisme aanvaar word nie." Met sy kritiek op die NG Kerk, word die Instituut verwerp "as 'n soort supergodsdienstige organisasie, wat deemoedig neersien op die sukkelende Christelike organisasie daaronder ..."[34]

'n Onverkwiklike korrespondensie was dié wat op 30 November 1965 begin het toe dr JD Vorster in 'n brief in Die Burger beweer het dat die CI en Pro Veritate "ontmasker" is as "frontorganisasie van die vyande van ons beleid". Op die vraag waar dit plaasgevind het, het dr Vorster op 10 Desember geantwoord dat die ontmaskering geskied het deur die Breë Moderatuur, die Sinodale Kommissie van Suid-Transvaal, 'n aantal Ringe, en die feit dat Naudé deur sy volgelinge verlaat is. Verder het hy in dié skrywe vir Naudé uitgedaag om te sê watter liggame in Suid-Afrika, behalwe die Instituut vir Rasseverhoudinge, NUSAS, die Progressiewe Party en die kommunistiese groepe simpatie het met sy standpunte. Op 20 Desember het onder andere die voorsitter van die Beheerraad van die CI, ds Robert Orr en dr B Engelbrecht in Die Burger gevra dat dr Vorster aandui waar die kerklike weg van studie en besinning ooit plaasgevind het met betrekking tot die CI. Geen ondersoek is nog ooit na die CI gedoen nie. Na verdere antwoorde van dr Vorster waarin hy die versoeke van die CI vir bewyslewering ontwyk het, is die korrespondensie in Die Burger op 6 Januarie 1966 deur die CI gestaak omdat dit geen doel gedien het nie en futiel was.[35]

---

[34]Antikom Nuusbrief Volume 11 Nr 14, Februarie 1966 p 2.

[35]Al die korrespondensie is saamgevat in Pro Veritate van 15 Januarie 1966.

Al die pogings van die kant van die CI om beskuldigings en aantygings te weerlê, het, soos opnuut uit die voorafgaande korrespondensie met dr Vorster geblyk het, geen indruk gemaak nie - ook nie op die NG Kerkleiding en Algemene Sinode nie. Gedurende Oktober 1966 het die Algemene Sinode vergader en steeds maar in dieselfde gees as al die vorige ongegronde beskuldigings, soos volg besluit:

"Aangesien die Christelike Instituut van Suidelike Afrika

a. 'n buitekerklike organisasie is;
b. mededingend met die kerk op kerklike terrein optree;
c. voorgee om die taak van die kerk beter te verrig as wat die kerk dit self doen;
d. almal wat voorgee om Christene te wees, met insluiting van Rooms-Katolieke, in een organisasie wil saamsnoer en daardeur ons Protestantse Belydenis, volgens die Skrif en soos uitgedruk in die Drie Formuliere van Enigheid, verloën en ook in stryd met die ondertekeningsformulier vir predikante is;
e. die kerk se Skrifverantwoorde en beproefde sendingbeleid weerstrewe;
f. 'n uiters bedenklike kerkbegrip en opvatting oor ekumenisiteit huldig en voorgee dat die eenheid van die kerk in 'n uiterlike eenheid van organisasie gedemonstreer en bevorder moet word;
g. deur sy optrede en openbare uitsprake die Skrifgefundeerde kerklike gesag ondermyn en tweedrag in gemeentes bevorder;

<u>besluit die Sinode</u>

a. om die Christelike Instituut te verwerp as 'n dwaalrigting wat die suiwere leer ondermyn, die goeie orde in die kerk ondergrawe en tweedrag onder lidmate saai;
b. dat ampsdraers en lidmate hulle uit lojaliteit teenoor hul kerk aan die Christelike Instituut moet onttrek en onwankelbaar trou staan in hul liefde vir hul eie kerk as 'n stigting van God deur Jesus Christus."[36]

---

[36]Handelinge Algemene Sinode 1966.

Ter motivering het die assessor van die Sinode, dr AP Treurnicht, met verwysing na die CI verklaar: "Ons het 'n motor met versteekte nommerplate." Hy het vertel dat die direkteur van die CI die kerk uitgenooi het om dié liggaam te ondersoek, maar "Ons het hierdie organisasie oor die jare heen noukeurig waargeneem. Ek het baie gegewens oor die Instituut maar wil u nie daarmee verveel nie."[37] Tog het Treurnicht van die "baie gegewens" wat hy oor die CI gehad het aan die vergadering genoem nl dat die CI "'n direkte uitvloeisel is van die bemoeiinge van die Instituut vir Rasseverhoudings."[38] Hierop het die actuarius, dr JD Vorster, 'n beroep op die vergadering gedoen om die CI eenparig te verwerp. Toe die moderator, dr JS Gericke, die voorstel tot stemming gebring het, is hy tot sy verbasing daarop gewys dat daar een teenstem was en moes hy sy beslissing dat die besluit eenparig was, herroep. Aan die persoon wat op grond van sy beswaar teen die prosedure wat deur die Sinode gevolg is, gestem het, dr FJ Minnaar, predikant van Durban, het dr Gericke ongelowig gevra: "Is u ernstig?" en na 'n bevestigende antwoord beslis: "Dan is daar een teenstem." Vir die hele Sinode was hierdie teenstem 'n groot skok. "Predikante het hulle koppe geskud en party het met dr Minnaar gaan praat."[39] 'n Voorstel dat lidmate wat hardnekking volhou om lede van die CI te wees onder sensuur geplaas word, is verwerp omdat die gedagte bestaan het dat die besluit van die vergadering wel sensuur impliseer.[40] 'n Voorstel wat blyke gegee het van die behoefte aan meer inligting wat nodig was voor die Sinode se besluit nl dat die Sinode sy spyt uitspreek omdat 'n volledige verslag oor die CI nie deur die tydelike komissie vir ekumeniese sake voorgelê is nie, is verwerp omdat daar slegs twee stemme daarvoor was.

---

[37]Dagbreek en Sondagnuus 23 Oktober 1966.

[38]Aw.

[39]Aw.

[40]Dit was die mening van dr DJ Louw, waarnemende Moderator van die Vrystaatse Kerk. (Dagbreek 23 Oktober 1966). Ook dr JD Vorster het in Die Transvaler van 24 Oktober 1966 verklaar dat die voorstel so sterk bewoord is dat sensuur vanselfsprekend is.

Onmiddellik nadat die besluit van die Sinode bekend geword het, het vier NG lede van die CI-bestuur 'n verklaring uitgereik waarin vyf maal aan die Sinode toegeroep is "onwaar!" en vyf maal "onsin!" WB de Villiers, CFB Naudé, B Engelbrecht en FJ van Wyk het verklaar dat dit onwaar is soos voor en deur die Sinode beweer is dat die CI uit Cottesloe gevloei het; dat die CI voortgekom het uit die Instituut vir Rasseverhoudinge; dat Naudé enige toespraak vir die Wêreldraad van Kerke gehou het; dat die CI 'n dwaalrigting ens. is, en dat die CI verantwoordelik is vir die swak beeld van die NG Kerk in die buiteland. Verder vind hulle dit onsin dat die CI 'n buitekerklike organisasie ens is, dat die CI die Protestantse belydenis verloën, dat die CI enige verkeerde kerkbegrip huldig, dat die CI 'n verkeerde eenheidsbegrip oor die kerk het, en dat die CI die kerklike gesag ondermyn. Die verklaring is afgesluit met: "Ons betreur dit ten diepste: 1) Dat so 'n verantwoordelike liggaam sonder enige Skriftuurlike fundering so 'n verreikende besluit kan neem wat noodwendig op tughandeling moet uitloop; 2) Dat die Sinode voor die publieke oog so onbroederlik en teenstrydig met die eis van die Skrif (Matt.18:15) kan handel deur sonder voorafgaande ondersoek waartoe hy uitgenooi is, so 'n besluit te kon neem. Dit is 'n verwerplike gedagte dat die Sinode op grond van waarneming so 'n besluit kon neem. As die kerk die Instituut "goed dopgehou" het, sou daar nie soveel onwaarhede en absurditeite in die besluit vervat gewees het nie. "Die feit dat die NG Kerk 'n besluit soos dié kon neem, is vir ons 'n diep verontrustende teken dat die kerk besig is om onder die regering van Christus uit te kom en in die greep van menslike willekeur te verval."[41]

In 'n verklaring van die CI op 25 November 1966 is gestel dat die Sinode die CI veroordeel het "on the strength of the testimony of repeaters of malicious gossip." Waarskynlik word in dié verklaring na die rol van die assessor van die sinode, dr AP Treurnicht, verwys in die volgende stelling: "One of the representatives who

---

[41]Die Beeld 23 Oktober 1966. The Sunday Times 23 Oktober 1966.

proposed the contentious decision assisted the Synod along its 'fatal path' by alleging that the NG Kerk has 'carefully watched' the Institute during the three years of its existence and that it was not, therefore, necessary to institute any further investigations". Die verklaring gaan voort met die volgende kommentaar: "Whoever possesses even the most superficial knowledge of the true facts, however, knows that the NG Kerk never took any real trouble to get to know the Christian Institute, and all it stands for, better." Dit is moontlik dat die Sinode bepaalde insigte gehad het waarvolgens dit sou blyk dat die CI weggedwaal het van die Skrif. "If this be the case, then the Synod owes it to the Lord of the Church, to the Church itself, and to well-meaning but errant fellow-Christians to explain how and where this happened. Unless, however, the NG Kerk, or rather its General Synod, is prepared to do this, it will stand accused in the eyes of all Christians who have taken note of its decision of having made a false accusation and passed a reckless judgement."[42]

Beide dr Koot Vorster en dr AP Treurnicht het volgehou om die CI verdag te maak. In Die Kerkbode van 2 November 1966 het dr Treurnicht in 'n artikel probeer bewys dat die CI die uitvloeisel was van die werk van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge. Hy het geen twyfel dat the SAIR 'n godsdienstige liggaam in die Afrikanerkringe nodig gehad het om sy ideaal van veelrassigheid te dien nie.[43] Op Donderdag 17 November 1966 het dr Treurnicht 'n onderhoud oor hierdie bewering toegestaan aan Naudé en Engelbrecht. Teenwoordig was ook dr Koot Vorster en dr JS Gericke.[44] Dit het geblyk dat dié bewering van dr Treurnicht eintlik gegrond was op die feit dat mnr Fred van Wyk van die CI vroeër assistent-direkteur van die SAIR was. Alle ontkennings van enige verband tussen die SAIR en die CI ten spyt, het dr Vorster voortgegaan met die saai van suspisie. Dieselfde middag van die onderhoud het hy opgemerk dat die antwoord van die CI

---

[42]The Star 25 November 1966.

[43]Die Kerkbode 2 November 1966.

[44]The Star 16 November 1966; Die Transvaler 17 November 1966.

slegs 'n "lame excuse" was.[45]

In Die Transvaler het op 18 Februarie 1967 'n beriggie verskyn onder die opskrif "Rade moet nou tug". Daarin word meegedeel dat die scriba van die Algemene Sinode, ds AJV Burger, die vorige dag "aangekondig" het dat die notule van die Sinode gepubliseer is en dat kerkrade dus nou in staat is om uitvoering te gee aan die besluit van die Algemene Sinode oor lidmaatskap van die CI.[46]

Dit was op hierdie tydstip reeds duidelik dat die besluit van die Sinode en die aandrang op tug, alleen vir sekere lede van die CI sou geld. Al het CI-lede soos die administratiewe direkteur, FJ van Wyk in Auckland Park, dr Bruckner de Villiers in Eikenhof, en dr AM Hugo in Stellenbosch hulle by hul onderskeie kerkrade gaan aanmeld, is daar nooit enige aandag aan hulle gegee nie. Op Sondag 19 Februarie 1967 het een koerant berig: "Die NG lidmaatskap van twee van die vernaamste ampsdraers van die Christelike Instituut, mnr Beyers Naudé en dr B Engelbrecht, kom môre-aand onder skoot op 'n kerkraadsvergadering van die NG Gemeente Parkhurst." Van FJ van Wyk wat rustende ouderling in die NG Gemeente Auckland Park was, word in die berig gemeld dat "aanduidings is dat die Auckland Park-kerkraad sal sloer ..."[47] Inderdaad is nêrens in die hele NG Kerk opgetree teen enige CI lid nie en het dit ongesiens verbygegaan. Van alle kante is egter daarop aangedring dat die kerkraad van Parkhurst onverwyld aandag moes gee aan die lidmate Engelbrecht en Naudé.

---

[45]The Star 25 November 1966. Ook The Star 29 November 1966.

[46]Die Transvaler 18 Februarie 1967.

[47]Dagbreek en Sondagnuus 19 Februarie 1967.

HOOFSTUK 6

DIE HOOGTEPUNT VAN DIE KERKLIKE STRYD

6.1 FOKUS OP DIE KERKRAAD VAN PARKHURST

Nadat ds CFB Naudé van die gemeente Aasvoëlkop op Sondag 3 November 1963 van die gemeente afskeid geneem het om die direkteurskap van die pasgestigte Christelike Instituut van Suidelike Afrika te aanvaar, het hy en sy gesin in die gemeente Parkhurst gaan woon. Tydens die leraar van genoemde gemeente se afwesigheid vanweë studieverlof, het dr B Engelbrecht van die gemeente Johannesburg-Oos as konsulent waargeneem en het die kerkraad op sy vergadering van 27 Januarie 1964 besluit om die voorsitter en ouderling MA Basson af te vaardig om ds en mev Naudé in die gemeente te gaan verwelkom.[1] Met sy verkiesing tot ouderling is daar nie lank gewag nie want reeds in die notule van die vergadering van 20 April word vermeld dat hy onbestrede verkies is tot die amp van ouderling.[2]

Wat vir die kerkraad en vir die gemeente van Parkhurst aanvaarbaar was, het geblyk 'n steen des aanstoots te wees in die breëre kerklike en openbare lewe. Hoewel Naudé onbestrede deur die kerkraad gekies is, het oudl PJ Potgieter op 2 Mei 'n beswaarskrif ingedien - enersyds teen dr B Engelbrecht wat die vergadering bevooroordeeld sou gelei het aangesien "hyself ook lid van die veelrassige Instituut" is, en andersyds teen die verkiesing van Naudé tot ouderling. Dit was van die begin af duidelik dat Potgieter slegs 'n masker was waaragter iemand anders geskuil het. Self was die behandeling van sy klagtes en appèlle voortdurend bo sy vuurmaakplek en het hy volstrek geweier om iets meer te doen as slegs die dokumente wat hom in die hand gegee is, voor

---

[1]Notule van kerkraadsvergadering 27 Januarie 1964.

[2]Notule van kerkraadsvergadering 20 April 1964.

te lees. Alle vrae ter wille van toeligting is steeds met ongeduld deur hom van die hand gewys.[3]

In verband met die beswaar teen die verkiesing van Naudé tot ouderling, het die kleinlikheid waarmee die stryd in kerklike en politieke kringe gevoer is, ook in die kerkraadsvergadering waar die beswaar ondersoek is, geblyk toe Potgieter begin het deur beswaar aan te teken teen die feit dat daar in die kennisgewing van die vergadering deur die saakgelastigde verwys is na "ds Naudé" in plek van "meneer Naudé". In kerklike en politieke kringe kon maar net nooit genoeg klem gelê word op die "meneer Naudé" nie. Dominees en politici het dit steeds met groot genoeë benadruk - kennelik met die doel om te verneder.[4] In hierdie geval kon die voorsitter egter die poging om veragting te toon, fnuik deur daarop te wys dat die saak in verband met Naudé se status nog nie afgehandel is nie.

Vyf besware is ingebring teen Naudé se verkiesing tot ouderling:

1. Eerstens is in die beswaarskrif verwys na Artikel 26 van die Kerkorde van Suid-Transvaal wat bepaal dat elke gemeente 'n kerkraad sal hê wat "die opsig oor die regering van en die tug oor die gemeente" sal uitoefen. Potgieter se beswaar lui: "Hiervoor kwalifiseer mnr CFB Naudé nie, want hy is self nie geneë om hom aan die kerklike opsig en regeermag van die Sinode te onderwerp nie". As "motifering" word dan genoem: "Mnr CFB Naudé het summier geweier om hom aan die Sinodale uitspraak oor die Pro Veritate-poging te onderwerp en hy het voortgegaan om "spanning en groepvorming" in die kerk aan te blaas en so "die eenheid van die kerk" bedreig, en die versoek om ons eie "kerkblaaie te ondersteun" in die wind

---

[3]Hy het bv op 'n buitengewone Ringsvergadering van 23 Junie 1964 geweier om Art. 63 van die kerkorde of enige ander punte te bespreek. Notule buitengewone Ringsvergadering 23 Junie 1964 p2.

[4]Vgl Neels Natte in Die Transvaler van 3 September 1965. Ook korrespondensie in Die Transvaler van 6 en 10 September 1965.

geslaan. Mnr Naudé onderwerp hom nie aan die regeermag van die Kerk nie en hoe kan hy die regeermag oor 'n gemeente beoefen?"

2. Die tweede beswaar was: "Mnr CFB Naudé het die leeramp en die regeeramp in die kerk ter wille van 'n buite- en nie-kerklike direkteurskap van die veelrassige Instituut op die altaar gelê en dit terwyl die Breë Moderatuur van die Algemene Sinode hom teen die Instituut uitgespreek het". As "motifering" word genoem: "Mnr Naudé het die uitspraak van die Breë Moderatuur geïgnoreer en voortgegaan om 'n kerklike amp vir die nie-kerklike amp te verruil. Daarom is mnr Naudé nie bevoeg om tot die regeeramp van die kerk terug te keer terwyl hy voortgaan om die nie-kerklike amp, wat deur die Breë Moderatuur veroordeel is, uit te oefen nie".

3. "Besluit 29(a) van ons Sinodale bepalings skryf voor dat 'ongesensureerde manslidmate' wat onberispelik is in die leer en wandel ooreenkomstig die eise van die Skrif, en met inagneming van Sinodale besluite tot kerkraadslede gekies kan word. In die lig hiervan kwalifiseer mnr Naudé hoegenaamd nie".

4. Die vierde beswaar gaan oor die "Broederbond-insident" toe daar in 1963 vertroulike inligting van die Afrikaner-Broederbond by die Engelse pers bekend geword het. Later het geblyk dat hierdie inligting sy oorsprong by Naudé gehad het en deur prof AS Geyser aan die pers gegee is. Die beswaar teen die ouderlingskap van Naudé lui soos volg: "Mnr Naudé het 'n jaar gelede troubreuk gepleeg, toegesien dat sy troubreuk tot skade en verleentheid van die Kerk en eerbare persone in die onsimpatieke pers uitgebuit word en sy gewete het geswyg totdat sy troubreuk opgespoor is en hy het nog geen berou oor sy onbedagsame handel betoon nie. Hierdie onrus leef nog voort en dit is baie onbedagsaam van die kerkraad om so 'n persoon te kies tot ouderling".

Toe Potgieter tydens die ondersoek gevra is om hierdie beswaar te verduidelik, het sy onkunde oor die Broederbond-insident geblyk toe hy kennelik anders as die opsteller van die beswaarskrif, hierdie punt van beswaar gekoppel het aan Naudé wat "troubreuk" gepleeg het deur sy gemeente te verlaat en dat hy so sy woord teenoor God en sy gemeente verbreek het. Die verwysing na "sy gewete het geswyg totdat sy troubreuk opgespoor is", het 'n raaisel gebly.

5. "Mnr Naudé het in sy preek op 3 November 1963[5] om sy uittrede uit die leer- en regeer-amp van die kerk te regverdig - homself verhef en die Ned Geref Kerk implisiet met die Joodse Raad wat Christus gekruisig het, vereenselwig en hy het nog geen regstelling of verduideliking vir die aangeklaagde kerk aangebied nie".[6]

Interessant is dit dat die voorsitter onmiddellik na die voorlees van die beswaarskrif aan Potgieter gevra het "of die beswaarskrif deur homself opgestel is en of hy miskien daarin deur 'n predikant gehelp is". Dit was duidelik dat die opsteller van die beswaarskrif en die persoon wat dit ingedien het, nie dieselfde persoon was nie. Potgieter het egter geantwoord dat hy dit self gedoen het. Later het Potgieter selfs die voorsitter van die kerkraad by die Ring verkla dat hy "getrag het om br Potgieter se persoon te verkleineer deur te vra wie hom met die opstel van sy beswaarskrif gehelp het".[7]

---

[5]Sy bedoeling was die preek van 22 September 1963.

[6]Beswaarskrif PJ Potgieter 2 Mei 1964. Ook notule van buitengewone kerkraadsvergadering van 5 Mei 1964.

[7]Bevinding van die Ringskommissie op 4 Junie 1964 ivm die ondersoek na die appèl van PJ Potgieter i.s. die wettigheid van die vergadering van die kerkraad van Parkhurst, gehou op 5 Mei 1964, vir voorlegging aan die vergadering van die Ring op 17 Junie 1964 p 6.

Nadat elke beswaar behandel en oorweeg is, het die voorsitter verklaar "dat al vyf die besware teen die verkiesing van ds Naudé deur die kerkraad verwerp is, en dat daar dus met sy bevestiging voortgegaan kan word indien hy sou aanneem".[8]

Hierdie was slegs die begin van 'n pad van 'n eindelose getal klagtes, besware en appèlle teen die optrede van die kerkraad van die gemeente Parkhurst. Potgieter het op 13 Mei bedank as ouderling en dit is by die kerkraadsvergadering van 18 Mei aanvaar.[9]

Ook interessant was die navraag wat Potgieter op 20 Mei by die Permanente Regskommissie, waarvan ds Van Loggerenberg lid was, gedoen het oor sy besware teen die voorsitterskap van dr Engelbrecht by die kerkraadsvergadering van 5 Mei. Hierdie navraag is deur die betrokke kommissie na dr WD Jonker as actuarius van die Suid-Transvaalse Sinode verwys vir afhandeling. In sy antwoord aan Potgieter het dr Jonker, wat as predikant van die gemeente Johannesburg self ook lid van die Ring van Johannesburg was, daarop gewys dat 'n konsulent deur die Ring benoem word om 'n vergadering te lei en dat, as daar sprake van vooroordeel by 'n voorsitter is, die Ring daaroor moet beslis.[10]

Op 28 Mei het Potgieter 'n lywige appèlskrif by die Ring ingehandig teen dr Engelbrecht wat 'n verkeerde prosedure by die kerkraadsvergadering sou gevolg het, en teen die verkiesing van mnr CFB Naudé tot ouderling. Die kennis van die kerkorde, die onderskeidings wat gemaak is, en die bewoording wat in die appèlskrif na vore gekom het, was duidelik nié dié van Potgieter nie. Die appèl het afgesluit met "'n biddende versoek" om die kerkraadsbesluit om Naudé tot ouderling te kies, nietig te verklaar.[11] Dit het herinner aan die slotwoorde by ander appèlle nl

---

[8]Notule buitengewone kerkraadsvergadering Dinsdag 5 Mei 1964.
[9]Notule 195e kerkraadsvergadering Maandag 18 Mei 1964.
[10]Skrywe van WD Jonker 27 Mei 1964. Bylae E van agenda van buitengewone Ringsvergadering op 11 Februarie 1965 - p. VIII-IX.
[11]Agenda buitengewone Ringsvergadering 11 Mei 1965 p 1-3.

"dringende versoek" in 'n appèl van ds CJ Barnard;[12] "dringende versoek" in 'n appèl van PJ Potgieter;[13] "my smeekbede" in 'n appèl van ds CJ Barnard;[14] en "dringende versoek" in die appèl van DFPJ Senekal oor sy klag teen dr B Engelbrecht.[15] En later sou daar nog ander appèlle kom met dieselfde slotwoorde nl 'n appèl van ds NJ van Loggerenberg met "dringende versoek"[16]; 'n appèl van ds CJ Barnard met "dringende versoek"[17]; en 'n dringende versoek van ds NJ van Loggerenberg met "broederlike smeekbede".[18]

In sy ondersoek na die appèl op 4 Junie 1964 het die Ringskommissie besluit om by die Ring aan te beveel dat die appèl oor die voorsitterskap van dr Engelbrecht van die hand gewys word. In verband met die appèl oor Naudé se verkiesing tot ouderling het

---

[12]Appèl van ds CJ Barnard teen samestelling van die Ring op 2 Julie 1964. Sien agenda van buitengewone vergadering van die Ring op 11 Februarie 1965 p XXVII.

[13]Appèl van PJ Potgieter teen Ringsbesluit van 11 Februarie 1965. Agenda van buitengewone Ringsvergadering op 11 Mei 1965 p 3.

[14]Appèl van CJ Barnard oor herverhoor van beswaar van PJ Potgieter oor Naudé se verkiesing tot ouderling - Agenda buitengewone vergadering van die Ring op 11 Mei 1965 p 6.

[15]Appèl van DFPJ Senekal teen Ringsbesluit i.s. klag teen dr B Engelbrecht, 10 Maart 1965. Sien agenda van buitengewone Ringsvergadering op 11 Mei 1965 p 8.

[16]Appèl van ds NJ van Loggerenberg op 22 Maart 1966 teen die bevinding van die Ringskommissie op 21 Februarie 1966 oor dr JHP van Rooyen as voorsitter van die kerkraad van Parkhurst.

[17]Appèl van ds CJ Barnard (geen datum) oor die besluit van die Ring op 21 September 1965 oor die kerkraad van Johannesburg-Noord se besluit van 8 September 1964 om sekere predikante van die kansel te weer.

[18]"Dringende versoek" van ds NJ van Loggerenberg aan die Sinodale Kommissie op 10 Maart 1966 oor "voortdurende versuim en onwil" van die Ring van Johannesburg.

die Ringskommissie bevind dat Potgieter by vyf geleenthede "wanvoorstellings" van sake gegee het.[19] By die Ringsvergadering is "wanvoorstellings" verander na "verkeerde voorstelling".[20] "Die Ringskommissie het van br Potgieter die waarheidsbelofte gevra (soos ook van dr Engelbrecht), en vind dit bedroewend dat die broeder dus feitlik onder eed sulke weersprekende dinge kon getuig het".[21] Wat die saak self betref, het die Ringskommissie besluit om aan Potgieter te laat weet dat die eerste deel van sy appèl nl oor vooroordeel en verkeerde prosedure deur die voorsitter van die kerkraad, wél ontvanklik is. Die tweede deel wat handel oor die verkiesing van Naudé tot ouderling is nié ontvanklik nie aangesien dit handel oor 'n saak waaroor die kerkraad reeds geoordeel het, en die klaer, volgens art.63 van die kerkorde, geen reg tot appèl het nie.[22] Ten slotte het die Ringskommissie met dr WD Jonker as voorsitter en dr AJ Venter as scriba besluit "om by die Ring aan te beveel om die appèl van br Potgieter in sy geheel as ongegrond te verwerp en aan die kerkraad van Parkhurst kennis te gee dat daar met die bevestiging van br CFB Naudé voortgegaan kan word".[23]

Die Ring van Johannesburg het op 17 Junie 1964 vir 'n buitengewone sitting byeengekom. Op versoek van Potgieter is die vergadering uitgestel na 23 Junie. "Die vergadering stel dit baie duidelik dat hierdie uitstel nie geskied vanweë die dreigement wat in br Potgieter se brief vervat is nie".[24]

Voordat die vergadering van die Ring op sy eerste sittingsdag op 23 Junie kon vergader, het Potgieter 'n brief van appèl ingedien oor die Ringskommissie se bevinding en aanbeveling aan die Ring dat die tweede deel van sy appèl nie ontvanklik is nie omdat

---

[19]Notule van Ringskommissievergadering 4 Junie 1964 p 9.

[20]Notule buitengewone Ringsvergadering van 23 Junie 1964 p 4.

[21] Notule Ringskommissievergadering 4 Junie 1964 p 10.

[22]Bevinding van Ringskommissie op 4 Junie 1964 p 1.

[23]Ringskommissienotule 4 Junie 1964 p 10.

[24]Notule van buitengewone Ringsvergadering 17 Junie 1964.

Art.63 alleen aan die beklaagde reg tot appèl verleen. Hierop het ds Chris Barnard van Johannesburg-Noord en dr FG Badenhorst van Jeppestown voorgestel dat die appèl van Potgieter oor die verkiesing van Naudé oorstaan tot verdere regsadvies ingewin is. Die voorstel is met 11 stemme teenoor 7 aanvaar. Die Ring sou voorlopig dus slegs besluit oor die prosedure deur die konsulent gevolg by die kerkraadsvergadering en sy moontlike vooroordeel met die lei van die vergadering. Op voetspoor van die Ringskommissie het die Ring bevind dat die appèl van Potgieter oor die prosedure deur die konsulent gevolg, ongegrond is.[25]

Aan die begin van die tweede sittingsdag van die Ring op 30 Junie, het Potgieter twee klagtes ingedien nl teen die Ringskommissie en teen dr B Engelbrecht. Derdens het hy 'n "punt van orde en beswaar aan die Eerw Ring" ingedien. Die Ring het egter besluit om voort te gaan met sy agenda en in verband met die beweerde vooroordeel van die konsulent besluit: "Die Ring bevind dat, hoewel dr Engelbrecht simpatiek gestaan het teenoor br Naudé en die Christelike Instituut, hy nie die vergadering bevooroordeeld gelei het nie. Daarom word die bewering van br Potgieter dat dr Engelbrecht bevooroordeeld was en daarom nie as voorsitter kon optree nie, verwerp".[26]

Die verdeeldheid wat in hierdie strydperiode kenmerkend was in die Ring van Johannesburg, blyk uit die amendement wat deur ds CJ Barnard en dr FG Badenhorst voorgestel is maar deur die Ring verwerp is: "Die HE Ring bevind dat dr Engelbrecht nie die aangeleenthede Pro Veritate en Christelike Instituut objektief kon stel nie omdat hy daarmee gemoeid is en daarvoor simpatie moet hê. Dr Engelbrecht het kragtens sy vertrouensposisie die simpatie van die vergadering gehad bo br Potgieter. Dit is duidelik dat die voorsitter wel subjektiwiteit aan die dag gelê het wat die vergadering kon beïnvloed het, en dus ook nie heeltemal onbevooroordeeld kon optree nie".[27]

---

[25]Notule buitengewone Ringsvergadering 23 Junie 1964.

[26]Notule buitengewone Ringsvergadering 30 Junie 1964.

[27]Aw.

Met die buitengewone sitting op 2 Julie 1964 het die Ring die besware van Potgieter teen die verkiesing van Naudé behandel. Een beswaar is deur die vergadering na heftige meningsverskil tog gehandhaaf nl dat Naudé die leiding van die Breë Moderatuur ten opsigte van die Instituut ongehoorsaam is. Daarom is die volgende besluit geneem: "Aangesien die appellant op een punt gelyk gegee is, word hiermee die verkiesing van br CFB Naudé nietig verklaar".[28]

Naudé het reeds op 12 Junie 1964 oor sy verkiesing tot ouderling aan die kerkraad geskryf "dat ek met vreugde die taak aanvaar om langs dié weg die Here te dien".[29] Nadat die bovermelde besluit van die Ring hom ter hand gestel is, het hy op 3 Julie 'n skrywe aan die kerkraad gerig waarin hy antwoorde op bepaalde vrae versoek. Onder andere wou hy weet: "Mag ek nou gladnie die amp beklee nie? En beteken dit dat hierdie besluit nou ook geld vir alle ander lidmate wat lede is van die Instituut of wat in Pro Veritate skryf? En beteken dit verder dat alle versoeke wat die Sinode tot dusver in sy besluite as versoeke gerig het, van nou af as bevele geïnterpreteer moet word wat by die nie-nakoming daarvan, tugwaardige aksie van Kerkrade, Ringe en Sinodes vereis?"[30]

Die kerkraad het op 6 Julie besluit dat hy nie "bevoegd of in staat is" om 'n interpretasie van die Ringsbesluit te gee nie en dat dié vrae na die Ring vir beantwoording deurgestuur word.[31] Van die Ring is nooit iets in hierdie verband gehoor nie. Die verklaring vir hierdie versuim van die Ring sou beslis geleë gewees het in die massa werk wat veroorsaak was deur die tallose

---

[28]Brief van scriba AJ Venter op 3 Julie 1964 aan die voorsitter van die kerkraad van Parkhurst, p 2.

[29]Brief CFB Naudé aan voorsitter van die kerkraad 12 Junie 1964.

[30]Brief CFB Naudé aan kerkraad 3 Julie 1964.

[31]Notule van kerkraadsvergadering van 6 Julie 1964. Brief van voorsitter van kerkraad aan Naudé 27 Julie 1964. Brief van kerkraad aan die Ring van Johannesburg 30 Julie 1964.

klagtes en appèlle en wat in die volgende jare alle tyd en energie vereis het.

Dit was juis hierdie besluit van die Ring om Potgieter gelyk te gee in sy beroep op die uitspraak van die Sinodale Kommissie teen die CI, wat ses predikante laat besluit het om appèl aan te teken teen die uitspraak van die Ring. Hierdie appèl is voorafgegaan deur 'n verklaring wat die voorsitter, dr WD Jonker, aan die einde van die Ring se vergadering op 2 Julie gedoen het. Die notule lui soos volg: "Die voorsitter, dr WD Jonker, verklaar dat, hoewel hy deurgaans die vergadering objektief en onbevooroordeeld gelei het, hy tog aan die einde wil sê dat hy ongelukkig voel oor die beslissing van die Ring. Die vergadering het na sy mening 'n beslissing geneem met diep-grypende implikasies, en het daarin s.i. verder gegaan as die Hervormde Kerk, wat besluit het om lede van die Christelike Instituut broederlik te bearbei om uit die Instituut te tree. Hierdie Ring het egter beslis dat lidmaatskap aan die Instituut voldoende is om iemand uit die amp te weer, en dit op grond van 'n voorlopige verklaring van 'n kommissie, van die Breë Moderatuur, 'n verklaring waarin lidmaatskap van die Instituut nie eers verbied word nie".[32] Dr Jonker het met hierdie siening nie alleen gestaan nie. Op 28 Julie 1964 het drr AC Barnard, B Engelbrecht, WD Jonker, AJ Venter en JHP van Rooyen en ds RA Meyer skrywes gerig aan die scriba's van die Ring en die Sinodale Kommissie om kennis te gee van hulle appèl teen die Ring se uitspraak op grond waarvan Naudé se verkiesing tot ouderling nietig verklaar is.[33] Die ses appellante se probleem was dat die Sinodale besluite teen Pro Veritate nie deur die Ring gesien is as grond waarop Potgieter gelyk gegee is nie, maar wel die advies van die Breë Moderatuur! Daarby het hulle die beswaar gehad dat daar in die Ringsbesluit valse gronde vir die tug geskep is.

---

[32]Notule van buitengewone vergadering van die Ring van Johannesburg - Derde sittingsdag 2 Julie 1964 p 5.

[33]Skrywe van 28 Julie 1964 aan Ringscriba; skrywe van 28 Julie 1964 aan Scriba Synodi.

Intussen het ds CJ Barnard van die gemeente Johannesburg-Noord op sy beurt by die Ringsitting van 2 Julie beswaar gemaak teen die suiwering van die personeel van die vergadering - iets wat meegebring het dat sy ouderling wat dié aand by die derde sitting van die Ring vir die eerste keer opgedaag het, nie sy plek kon inneem nie. Die voorsitter, dr Jonker, het dit so gereël nié omdat hy die appèl van Potgieter gesien het as 'n tugsaak nie, maar omdat die kerklike regsadviseur wat deur hom in opdrag van die Ring op die eerste sittingsaand op 23 Junie geraadpleeg is, herhaaldelik in 'n telefoniese gesprek beklemtoon het dat die suiwering van 'n vergadering soos by tugsake "die mees billike reëling" is wat gemaak kan word.[34] Hieroor het ds Barnard na die Sinodale Kommissie geappelleer omdat die voorsitter die appèl van Potgieter as 'n tugsaak beoordeel het en so "sekere wettige lede van die Ring" hulle sittingsreg ontsê het. Hy vra daarom die Sinodale Kommissie a) om die bindendheid van die Sinodale besluit oor Pro Veritate te handhaaf in die beoordeling van die appèl van Potgieter oor Naudé se verkiesing tot ouderling en b) om die werksaamhede van die Ring op 2 Julie 1964 nietig te verklaar want "die standpunt van dr Swanepoel het geen grond in ons wetlike bepalinge nie".[35] Afgesien van die ironie dat die raadpleging van die regsadviseur, prof Swanepoel, geskied het na aanleiding van ds Barnard se eie voorstel op 23 Junie en die advies hom nou skynbaar nie gepas het nie, was sy poging om sy ouderling 'n lid van die vergadering te kry, 'n tipiese voorbeeld van hoe die twee kampe in die Ring voortdurend bewus was van elke stem as belangrik vir hulle saak.

Vir talle lede van die Ring was dit duidelik dat ook ds Barnard nie self die kennis van die kerkorde gehad het waarvan die appèl-

---

[34]Notule van buitengewone Ringsvergadering 11 Februarie 1965 p5.
[35]Ongedateerde afskrif van appèl p XXI van agenda van buitengewone Ringsvergadering van 11 Februarie 1965. Ook bylae F p XXII-XXIII.

skrif getuig het nie. Ook hy was slegs 'n werktuig.[36] Vanuit die Permanente Regskommissie waarvan ds Van Loggerenberg lid was, is die volgende bevinding aan die Sinodale Kommissie, waarvan hy ook lid was, gestuur: "Aangesien die Regsadviseur nie advies gegee het dat die prosedure soos neergelê in Besluit 97(a) gevolg moet word nie, ... beveel die Regskommissie aan dat die suiwering van die vergadering van die Ring nie juis was nie en die behou van die personeel ooreenkomstig Besluite 97(a) en 91(a) foutief was. Derhalwe moet die appèlsaak van mnr Potgieter "de novo" verhoor word en moet die appèl van ds CJ Barnard op hierdie punt slaag".[37] Die Sinodale Kommissie het op sy vergadering van 10 November 1964 ooreenkomstig die aanbeveling van die Regskommissie besluit.[38]

Die herverhoor deur die Ring het op 11 Februarie 1965 plaasgevind. By dié vergadering het die Ring besluit dat die besware van Potgieter teen die verkiesing van Naudé in wese 'n klag is en dat dit as sodanig deur die kerkraad behandel moes gewees het. Daarom besluit die Ring dat: "Die kerkraad die saak de novo behoort te behandel volgens die bepalinge rakende die kerklike tug (Art.58 K.O. en bygaande besluite 90-94)".[39] Weliswaar was Potgieter tydens hierdie vergadering uitstedig met verlof en het hy die Ring dienooreenkomstig ingelig. Dr WD Jonker het egter die vergadering daarop gewys dat die Sinodale Kommissie met die

---

[36]Die Ringskommissie het by die Ringsitting van 11 Mei 1965 gerapporteer: "Intussen blyk nou uit die klagskrif van ds NJH van Loggerenberg dat hy goed vertroud is met die inhoud van die korrespondensie tussen die Ringskommissie en die kerkraad, asook dat hy oor meer gegewens beskik oor die aangeleentheid". Notule Ringsitting p 7. Ook p 70 van Verweer van Ring van Johannesburg voor Sinodale Kommissie van 26 April 1966.

[37]P. XXIV Agenda van buitengewone Ringsvergadering 11 Februarie 1965.

[38]Appèlskrif van PJ Potgieter teen die besluit van die Ring op sy buitengewone vergadering van 11 Februarie 1965 p 4.

[39]Notule buitengewone Ringsvergadering 11 Februarie 1965.

verhoor van die appèl van ds Barnard 'n prosedure gevolg het waarvolgens dit nie vir die Ring nodig is om Potgieter in te roep nie. "Die Sinodale Kommissie het 'n prosedure gevolg waarvolgens 'n betrokkene nie ingeroep word nie - jy roep hom slegs as jy hom nodig het".[40]

Toe die Ring sy beslissing geneem het, het ds Barnard kennis gegee dat hy dit oorweeg om te appelleer teen die besluit van die Ring. Op 4 Maart 1965 het hy sy appèlskrif ingedien.

Intussen het die kerkraad van Parkhurst by sy vergadering van 22 Februarie 1965 die saak in behandeling geneem. Naudé het opgedaag maar ten spyte van vier skrywes waarin hy deur die voorsitter van die kerkraad opgeroep is,[41] het Potgieter bly weier om te verskyn. By die vergadering het die voorsitter gemeld dat die Ringskommissie op 'n spoedvergadering die oggend van 22 Februarie kennis geneem het van die appèl van ds Barnard en dat daar besluit is dat die Ringskommissie dit onder die aandag van die kerkraad bring dat op grond van "die bekende Gereformeerde beginsel dat die uitvoering van 'n besluit van 'n vergadering nie tot in die oneindige deur appelle vertraag kan word nie, die kerkraad van Parkhurst moet voortgaan met die uitvoering van die opdrag deur die Ring".[42] Na intensiewe ondervraging van Naudé deur die vergadering, is al die besware van Potgieter eenparig verwerp - behalwe die vierde beswaar oor Naudé se troubreuk (met die Broederbondinsident of die verlaat van sy gemeente?) waar daar twee teenstemme was. Hierna het die vergadering eenparig besluit "dat daar nou voortgegaan kan word met die voorstelling van ds Naudé tot ouderling van hierdie gemeente".[43]

---

[40]Idem.

[41]Vgl skrywes van 16, 19, 20 en 22 Februarie.

[42]Notule van kerkraadsvergadering Maandag 22 Februarie 1965. Brief van Ringskommissie aan voorsitter van kerkraad 22 Februarie 1965.

[43]Idem.

Kennelik moes daar nou haastig kajuitraad gehou word en het ds Van Loggerenberg besluit om sy gesig in Parkhurst te kom toon. Op Vrydagaand 26 Februarie om 8.30nm het hy vergesel van Potgieter, 'n klag teen Naudé by die voorsitter van die kerkraad kom indien. Omdat die voorstelling van kerkraadslede die aan sou plaasvind, het die kerkraad op Sondagoggend 28 Februarie na die oggenddiens vergader. Op grond van Besluit 90(a) van die Kerkorde waarvolgens slegs 'n lidmaat van die gemeente 'n klag mag lê, het die vergadering die klag van Van Loggerenberg met 23 stemme teen 5 verwerp. Bewus van die gedetermineerdheid om Naudé uit die amp te hou, het die voorsitter die kerkraad gevra wat hom te doen staan indien hy voor die aanvang van die aanddiens weer 'n klag sou ontvang. "Die vergadering antwoord hierop dat die kerkraad dit sal beskou in die lig van 'n poging tot obstruksie, en dat dit dan na die Ring verwys sal word, en daar sal voortgegaan word met die bevestiging". Dié besluit was eenparig.[44]

Om 6.15 daardie aand het Potgieter by die voorsitter 'n beswaar teen die bevestiging van Naudé ingedien en hom aangekla "van 'n lewenswandel wat vir die Ned Geref Kerk ondermynend is en derhalwe 'n bedreiging vir die eenheid, rus en vrede van die kerk is".[45] Die voorsitter het die klag geïgnoreer. By die erediens was Potgieter teenwoordig toe Naudé opgeroep is om in die amp bevestig te word en het hy in 'n opvallende woedebui opgespring en die kerkgebou verlaat.

By sy volgende vergadering het die kerkraad kennis geneem van 'n klag van ds Van Loggerenberg teen die leraar en die kerkraad.[46] Op 8 Maart het dr WD Jonker die leraar in kennis gestel van twee klagtes wat Van Loggerenberg teen hom aanhangig gemaak het.[47] Van Loggerenberg het op 11 Maart die voorsitter van die kerkraad

---

[44]Notule van buitengewone kerkraadsvergadering 28 Februarie 1965.
[45]Brief geteken PJ Potgieter 28 Februarie 1965.
[46]Notule van kerkraadsvergadering 22 Maart 1965.
[47]Brief WD Jonker aan dr JHP van Rooyen 8 Maart 1965.

verwittig dat hy teen die besluit van die kerkraad appelleer.[48] Ook die Ring van Johannesburg is op 26 Februarie 1965 by die Sinodale Kommissie deur Van Loggerenberg aangekla van a) "Opsetlike ampsversuim en willekeurige ringstoesig" en b) 'n "opsetlike en onwaardige regspleging".[49]

Die secundus-Ringskommissie moes ook dadelik byeengeroep word want Van Loggerenberg het ook 'n klag aanhangig gemaak teen die Ringskommissie in die persone van dr WD Jonker, ds HJC Snijders en dr JHP van Rooyen.[50]

Intussen het die appèl van ds CJ Barnard wat hy op 4 Maart 1965 ingedien het, die Sinodale Kommissie bereik. In sy verweerskrif gedateer 14 April 1965 het die Ring 'n opmerking gemaak oor die "vergaande ooreenstemming" tussen die appèlskrifte van ds Barnard en PJ Potgieter, die appèlskrif van die Nege Beswaardes teen dr B Engelbrecht en die klag van ds Van Loggerenberg.[51] Die appèl is afgesluit met "My smeekbede"; "a) ... ek smeek die Eerw Sinodale Kommissie om die Ringskommissie se besluite ... sowel as die werksaamhede van die kerkraadsvergaderinge en die bevestiging van br CFB Naudé tot ouderling van die Ned Geref Kerk Parkhurst, alles ongeldig te verklaar .... en b) dat die Sinodale Kommissie op grond van Besluit 101(d) nou die saak van br PJ Potgieter oorweeg ...".

---

[48]Brief NJ van Loggerenberg aan voorsitter van die kerkraad, 11 Maart 1965.

[49]"Klagstaat teen die Eerw Ring van Johannesburg, Ned Geref Kerk, Suid-Transvaal, as kerklike vergadering met reglementêre regeermag en toesig" - 26 Februarie 1965. Brief van Scriba Synodi op 7 April 1965 aan die voorsitter van die kerkraad van Parkhurst.

[50]Brief "Nico van Loggerenberg, lidmaat Ned Geref Kerk, Farrarmere". 25 Februarie 1965. Ook brief van AC Barnard van agerende Ringskommissie aan JHP van Rooyen. 17 Maart 1965.

[51]Verweerskrif van Ring, 14 April 1965 p II en III Opmerkings en versoek b - Vgl ook p 12 en 13.

Op 25 Mei 1965 het die Sinodale Kommissie soos volg besluit: "Die Ring het foutiewe leiding aan die Kerkraad van Parkhurst gegee. Volgens hierdie leiding het die Kerkraad gehandel en br Naudé, CFB wederregtelik as ouderling bevestig". Verder: "Die Sinodale Kommissie gee opdrag aan die Ring van Johannesburg om die oorspronklike beswaar van br PJ Potgieter as beswaar te ondersoek; en verklaar met leedwese die bevestiging van br CFB Naudé as ouderling ongeldig". Ten slotte word herinner: "Die bogenoemde bevindinge en aanbevelinge geld mutatis mutandis by die appèl van ds CJ Barnard".[52] Onder die opskrif "Ouderlingskap van ds CFB Naudé" word hierna in die notule van die kerkraad van Parkhurst soos volg vermeld: "'n Brief van die Scriba Synodi is in hierdie verband ontvang. Die appèl word de novo verhoor. Die bevestiging van ds Naudé tot ouderling is tot niet verklaar. Die vergadering neem kennis".[53]

Die druk op die kerkraad van buite die grense van die gemeente het steeds toegeneem. Eindelik het die kerkraad in verband met een van die klagtes van Van Loggerenberg, die volgende besluit na die Ring van Johannesburg deurgestuur: ".... dat dit veiliger sal wees om ter wille van moontlike hofgedinge waartoe 'n uitspraak in hierdie klag "en/of" gerug mag lei, die Ring van Johannesburg te versoek om die volgende inligting aan die kerkraad te verstrek nl of dit tugwaardig is indien 'n lidmaat van die NG Kerk meewerk aan pro Veritate en lid is van die Christelike Instituut".[54] Hieroor het Van Loggerenberg aan die kerkraad geskryf: "Dit wil voorkom asof die Kerkraad met bestaande vreesaanjagende bedryging (sic!) van hofsake in 'n bepaalde rigting geïntimideer is".[55]

---

[52]Brief van Scriba Synodi aan Ring van Johannesburg, Kerkraad van Parkhurst, ens - 28 Mei 1965.

[53]Notule van kerkraadsvergadering Maandag 21 Junie 1965.

[54]Notule van kerkraadsvergadering 21 Februarie 1966.

[55]Brief van NJ van Loggerenberg aan kerkraad van Parkhurst 4 Mei 1966.

Die navraag van die kerkraad is op 'n Ringsitting van 29 Maart 1966 na die Sinodale Kommissie verwys vir beantwoording.[56]

Die Ring van Johannesburg was in 'n benarde posisie. Geen poging om reg te laat geskied kon slaag nie. Van buite af is daarin geslaag om sekere predikante van die Ring verdag te maak deur hulle te koppel aan die CI. Dr AP Treurnicht, redakteur van Die Kerkbode, het hieraan meegedoen en gevra: "Is die posisie nie dat daar in die Ring van Johannesburg 'n paar predikante is wat nie 'n ferme standpunt teenoor die Instituut wil inneem nie? ... In die praktyk neem die kerkraad van Parkhurst en die Ring van Johannesburg nou persone in beskerming van wie die Sinode verklaar het dat hulle 'n dwaalrigting volg".[57]

Daarby was die Ringsbroeders sterk verdeeld vanweë die diep skeiding wat sommige lede se politieke oortuigings meegebring het. Eintlik was die hele stryd 'n politieke stryd wat mettertyd op 'n groter-wordende kerkregtelike verwarring, waarin niemand meer die oorspronklike probleem kon onderskei nie, uitgeloop het. 'n Tipiese voorbeeld van die kerkregtelike verwarring waarin die Ring gedompel was, is dié van die Ringsvergadering van 29 Julie 1965. By dié buitengewone vergadering was ds Van Loggerenberg teenwoordig vir die verhoor van twee van sy klagtes teen dr Engelbrecht. Terwyl die ondersoek aan die gang was, het Van Loggerenberg 'n beswaar teen die samestelling van die vergadering ingedien op grond van die teenwoordigheid van vier of vyf predikante wat vroeër dieselfde dag aan huis van ds RA Meyer byeen was vir 'n gesprek. Volgens sy mening was dit 'n afspraak

---

[56]Notule van buitengewone Ringsvergadering 29 Maart 1966 p 3. Ook brief van kerkraad van Parkhurst aan ds N van Loggerenberg, 5 Mei 1966. By sy vergadering van 26 April 1966 het die Sinodale Kommissie oor hierdie navrae van die Ring besluit: "Die Sinodale Kommissie het hom reeds by meer as een geleentheid uitgespreek - die Ring word daarna verwys". Agenda buitengewone Ringsvergadering van 16 Junie 1966.

[57]Die Kerkbode, "Ring en Sinode" 28 Junie 1967 p 892.

met die oog op die Ringsitting. Ten spyte van ontkennings van enige afspraak dien hy tog klagtes in teen dr AJ Venter, dr JHP van Rooyen en ds RA Meyer. Aldrie word aangekla van "bedrieg van die Ringsvergadering". Toe die Ring sy agenda afgehandel het sodat die kerkraad van Johannesburg-Oos demissie aan dr Engelbrecht sou kon gee, het Van Loggerenberg die vergadering daarop gewys dat hy hom die reg voorbehou om in hoër beroep te gaan.[58]

In sy verslag aan die Ring van Johannesburg by sy gewone jaarlikse vergadering in September 1965, het die voorsitter verklaar: "Die afgelope Ringsjaar was in alle opsigte abnormaal. Die Ring het agt buitengewone vergaderings moes hou ... Die Ringskommissie het 35 keer vergader. Daar was vier Ringskommissies aan die werk en as almal se vergaderings byeen getel word, is die totaal 44. Die hele abnormaliteit het gespruit uit die verkiesing van br CFB Naudé tot ouderling van die gemeente Parkhurst en die felle agitasie daarteen, asook uit die feit dat hy gevra is om in die gemeente Belgravia op te tree, en die aangeleenthede van die Christelike Instituut en die blad Pro Veritate. Alles tesame is 18 klagtes bv alleen deur ds N van Loggerenberg ingedien teen lede van die Ring, teen lede van die Ringskommissie en teen die Ring self, asook die kerkraad van Parkhurst. Hierdie klagtes het almal saamgehang met die sake hierbo genoem. Die saak van die verkiesing van br Naudé tot ouderling is na alles nog net presies waar dit ongeveer 'n jaar en 'n half gelede was. Daar was allerlei appèlle deur verskillende persone teen besluite van die Ring. Die meeste van die klagtes is nog hangende. Intussen is weer die meeste klagtes deur ds Van Loggerenberg teruggetrek, maar ook dit is nog hangende".[59]

---

[58]Notule van buitengewone Ringsvergadering 29 Julie 1965.

[59]Agenda, Ring van Johannesburg, 18 September 1965 evd, Verslag van voorsitter pt. 5.

Die voorsitter se stelling was foutief - daar was inderdaad vyf Ringskommissies aan die werk.[60]

6.2 DIE GEDULD RAAK OP

Voor die vergadering van die Sinodale Kommissie van 25 Mei 1965 het daar drie appèlle gedien nl.

1. Die appèl van PJ Potgieter teen die uitspraak van die Ring van Johannesburg op 11 Februarie 1965. In 'n vorige appèl het Potgieter hom op die Sinodale Kommissie beroep oor die suiwering van die Ringsvergadering deur die voorsitter as maatreël vir uiterste billikheid. Hierdie keer het Potgieter beswaard gevoel omdat die Ring sy saak teen Naudé as tugsaak beoordeel het en terugverwys het na die kerkraad vir afhandeling volgens Art.58 van die kerkorde.[61]

2. Die appèl van ds CJ Barnard het oor dieselfde saak gegaan. As eerste "grond" vir die appèl noem hy dat die bevinding van die Ring dat Potgieter se saak 'n tugsaak is, "'n oorskryding van die mindere bevoegdheid van die Ring" is. Die tweede grond vir sy appèl is dat die Ring op voetspoor van die Sinodale Kommissie wat nie die Ring ingeroep het in hulle ondersoek nie, Potgieter se saak in sy afwesigheid ondersoek het. So het die Ring "die regte van br Potgieter op 'n uiters onbillike wyse en strydig met Art.56 van die Kerkorde ontneem en sodoende die kerklike regspraak verkrag".[62]

---

[60] Verslag van vyfde Ringskommissie, agenda Ringsvergadering 18 September 1965 evd p 19. Volgens die notule van die Ringsvergadering van 29 September 1966 was daar toe ook 'n vyfde Ringskommissie.

[61] p 2 Appèl van PJ Potgieter. Agenda buitengewone Ringsvergadering op 11 Mei 1965.

[62] p 5 Agenda buitengewone Ringsvergadering 11 Mei 1965.

3. Die derde appèl was dié van DFPJ Senekal teen die beslissing van die Ring om sy klag teen dr B Engelbrecht van die hand te wys.

Die hand van ds Van Loggerenberg in al die appèlle was duidelik. Onder sy eie naam het hy by dieselfde vergadering van die Sinodale Kommissie ook 'n klagstaat teen die Ring laat dien nl oor twee sake: a) "opsetlike ampsversuim en willekeurige Ringstoesig" en b) "opsetlike en onwaardige regspleging".[63]

In verband met die eerste twee appèlle het die Ring in sy verweerskrif aan die Sinodale Kommissie daarop gewys dat geoordeel volgens die inhoud van Potgieter se beswaarskrif, dit wel 'n klag teen Naudé bevat. Wat Senekal se appèl betref, wys die Ring daarop dat volgens Art.63 van die Kerkorde dit duidelik is "dat 'n klaer in 'n saak wat nie oor die leer handel nie, geen reg van verdere appèl het as sy klag ongegrond gevind is deur die verantwoordelike kerklike vergadering nie".[64]

By sy vergadering van 25 Mei 1965 het die Sinodale Kommissie die appèl van Senekal van die hand gewys. In verband met die appèlle van Potgieter en Barnard bevind die Kommissie dat die beswaar van Potgieter geen tugklag is nie en dat die Ring dus foutiewe leiding aan die kerkraad van Parkhurst gegee het. "Volgens hierdie leiding het die Kerkraad gehandel en br Naudé, CFB, wederregtelik as ouderling bevestig". - "Die Sinodale Kommissie gee opdrag aan die Ring van Johannesburg om die oorspronklike beswaar van br PJ Potgieter <u>as beswaar</u> te ondersoek; en verklaar met leedwese die bevestiging van br CFB Naudé as ouderling ongeldig".[65]

Toe die Ring op 17 Junie 1965 by 'n buitengewone vergadering die besluit van die Sinodale Kommissie onder oë kry, is die volgende besluit met die beslissende stem van die voorsitter geneem:

---

[63]Idem p 9.

[64]Idem p 19.

[65]Skrywe van Scriba Synodi 28 Mei 1965. Agenda buitengewone Ringsvergadering 17 Junie 1965 p 1.

"Die Ring van Johannesburg neem kennis van die besluit van die Sinodale Kommissie insake die appèl van PJ Potgieter en CJ Barnard ... en besluit om

I. Beswaar aan te teken teen hierdie beslissing van die Sinodale Kommissie op die volgende gronde:
   a) Die prosedure gevolg: Die Ring betreur dit dat nie al die stukke van die Ring vroegtydig aan alle lede van die Sin Kom beskikbaar gestel is nie ... Hierdeur kon daar nie 'n billike oordeelvorming by die Sin Kom gewees het nie.
   b) Die ontbreking van enige motivering vir die besluit van die Sin Kom: In die besluit van die Sin Kom word geen motivering of beredenering gegee waarom die Sin Kom van oordeel is dat dit wel 'n beswaar en nie 'n klag is nie. Hierdeur word die Ring nie alleen in die duister gelaat nie, maar vanweë die beslissing van die Sin Kom tov die appèl van DFPJ Senekal in groter verwarring gebring. In lg gaan dit immers om 'n klag waarvan die inhoud grootliks ooreenstem met die beswaar teen CFB Naudé. Die standpunt van die Ring nl dat die inhoud en strekking bepalend moet wees vir die vraag of dit as 'n klag of as 'n beswaar behandel moet word en nie die naam wat daaraan gegee word nie, is deur die Sin Kom onbelig daar gelaat.
   c) Die besluit van die Sin Kom bevat self 'n volkome onjuistheid. Punt B van die Sin Kom se besluit is in die lig van die daar aangehaalde Artikels totaal onmoontlik. Dit is juis omdat die Ring van oordeel was dat dit 'n tugsaak is, dat die saak na die kerkraad van Parkhurst is. Dit was vir genoemde kerkraad en nié vir die Ring nie, om te handel ooreenkomstig Art.58 en besluite 96(b) en 97.

II. Onder handhawing van genoemde beswaar en uitsluitend in opdrag en op verantwoordelikheid van die Sin Kom voort te gaan met die behandeling van die sg "beswaar" van PJ

Potgieter teen die verkiesing van CFB Naudé as ouderling van die gemeente Parkhurst.

Hiermee wil die Ring dit beklemtoon dat hy dit betreur dat hy deur die onkerkregtelike en onregverdige beslissing van die Sin Kom genoodsaak is om die uiters onbillike handeling te verrig om 'n saak te verhoor waarin allerlei beswaar teen iemand se lewe en persoon ingebring word sonder dat genoemde persoon die geleentheid tot verweer gegun word".[66]

Die spanning tussen die twee kampe in die vergadering het duidelik geblyk toe die stemme tweemaal gestaak het en die voorsitter by die derde stemming sy beslissende stem gegee het. Onmiddellik het Ringslede van die teenoorgestelde oortuiging hulle besware geopper. "Oudl Heckroodt, ds Sniyders, oudl Keyter, br Louw, ds Hay, dr Badenhorst, brs Anthonissen, Loots, Du Toit en Kraemer vra dat hulle stemme in die minderheid aangeteken word".[67]

Die Sinodale Kommissie het op sy vergadering van 16 November 1965 "met verbasing en ontsteltenis" kennis geneem van die besluit van die Ring - "veral ook van die gees wat daaruit straal". Die Kommissie wys die Ring op die moeite wat hy in die verlede vir die Ring gedoen het om tot verantwoordelike beslissinge te geraak. "Ook daarom, maar veral kragtens die gesag en verantwoordelikheid deur die Sinode aan hom toegeken, verwag die Sinodale Kommissie gehoorsaamheid van Ringe en Kerkrade aan sy besluite en opdragte. ... Die Sinodale Kommissie oordeel dat die inhoud en gees van die besluit van die Ring, so selfversekerd en veroordelend teenoor wettige gesag, in die klimaat van die liberalisme mag tuishoort, waar elkeen sy eie hoogste gesag wil wees, maar nie in 'n vergadering van die Ned Geref Kerk nie". Sonder egter dat 'n enkele poging aangewend word om die argumente van die Ring te weerlê, sluit die Sinodale Kommissie af met 'n dreigement teen die Ring: "Met die oog hierop raai die Sinodale

---

[66]Notule buitengewone Ringsvergadering 17 Junie 1965 p 1-2.
[67]Idem p 2.

Kommissie die Ring aan om hierdie besluit van hom in hersiening te neem en waarsku die Ring dat indien dit nie tot bevrediging van hierdie Kommissie voor sy volgende vergadering geskied nie, hy verplig sal wees om verdere stappe te oorweeg".[68] In die notule van die Ringskommissievergadering van 15 Februarie 1966 waar die Ringskommissie van die Sinodale Kommissie se skrywe kennis geneem het, is daar 'n nota van die scriba van die Ring: "Die name van die voorsteller en sekondant nl ds DPM Beukes en ds NJH van Loggerenberg is deur die Scriba Synodi onderaan die betrokke stuk doodgekrap".[69] In dieselfde notule word gemeld dat die Ringskommissie met die oog op bestudering van die Sinodale Kommissie se besluit, die saak eers later sal behandel.

Enkele weke later het die Ringskommissie egter kennis geneem van 'n versoek van ds Van Loggerenberg op 10 Maart aan die Sinodale Kommissie om 'n buitengewone vergadering te belê in verband met die "voortdurende versuim en onwil" van die Ring van Johannesburg. Volgens die uiteensetting van sy versoek, het dit geblyk dat Van Loggerenberg alleen één aangeleentheid in gedagte gehad het nl sy beswaar in Februarie 1965 teen die bevestiging van Naudé as ouderling en sy appèl teen die beslissing van die kerkraad van Parkhurst oor die interpretasie van besluit 90(a) nl dat slegs 'n lidmaat van die gemeente 'n klag mag lê.[70]

Nou het die Ring 'n lywige dokument van 73 bladsye waarin sy optrede uiteengesit word, aan die Sinodale Kommissie voorgelê. Veral was van belang Bylae C waarin die Ring Van Loggerenberg se bemoeienis met die Ring van Johannesburg uiteengesit het. In nege bladsye word daar eers "'n kursoriese, chronologiese tabule-

---

[68]"Aanbeveling van die Ringskommissie aan die Ring van Johannesburg met betrekking tot die besluit van die Sinodale Kommissie op 16 November 1965 na aanleiding van die besluit van die Ring op 17 Junie 1965".

[69]Notule van Ringskommissievergadering 15 Februarie 1966 p 1.

[70]Notule van Ringskommissievergadering 16 Maart 1966.

ring van die verloop" van Van Loggerenberg se bemoeienis gegee. Nie minder nie as 36 direkte klagtes, appèlle, ea ingrype deur Van Loggerenberg onder sy naam word genoem! Daarna word bygevoeg "Ds Van Loggerenberg se indirekte aandeel". Punt vir punt lewer die Ring bewyse van hoedat Van Loggerenberg die eintlike persoon agter onder meer die klagtes en appèlle van Potgieter in die gemeente van Parkhurst was. Verder word ook bewyse gelewer van Van Loggerenberg se bemoeienis met die Ring se probleme oor 'n besluit van die kerkraad van Johannesburg-Noord om sekere predikante van dié gemeente se kansel te weer. Ook die gebeure in Belgravia waar Naudé nie toegelaat is om die Jeugverening toe te spreek nie en die klag van Finlay teen B Engelbrecht was sake waarvan Van Loggerenberg intieme kennis gehad het.[71]

Die Sinodale Kommissie het in verband met Van Loggerenberg se versoek bevind dat hulle "geen afdoende bewys van onwil by die Ring van Johannesburg om die appèl af te handel, gevind het nie". In verband met die Ring se verweer is besluit om 'n bemiddelingskommissie te benoem "om die inhoud van Bylae C met die betrokke partye nl ds Van Loggerenberg en Ringskommissie van Johannesburg te bespreek en aan die Sinodale Kommissie te rapporteer".[72] Hoewel met reg verwag sou kon word dat die Sinodale Kommissie, indien hulle dan nie sou weet van die bemoeienis van Van Loggerenberg in die Ring van Johannesburg nie, nou na die uitspel van alles in Bylae C hulle diepe afkeur oor die toestand sou uitspreek, is alles maar net gelaat by onderhandeling tussen die partye. Vir die Ring was daar geen ondersteuning met hierdie bemiddeling nie en dié kerklike instansie moes maar poog om sy eie stryd te stry. So het die Ring maar self by sy vergadering van September 1967 hom tot die Sinode gewend met die volgende

---

[71]Verweer van die Ring van Johannesburg voor die Sinodale Kommissievergadering van 26 April 1966 Bylae C p 69-70.

[72]Besluite van die Sinodale Kommissie geneem op sy vergadering van 26 April 1966 rakende die Ring van Johannesburg 1.1. Agenda van die buitengewone Ringsvergadering van 16 Junie 1966.

beskrywingspunt: "Die Ring versoek die Sinode om besluit 95(a) sodanig te wysig, dat verregaande inmenging in die sake van 'n bepaalde Ring deur persone buite die ressort van die Ring, en wel deur 'n onbeteuelde indiening van klagte teen diegene wat onder die tug van die Ring val, aan bande gelê kan word".[73]

By die "broederlike onderhoud" wat op 3 Junie 1966 as gevolg van die Sinodale Kommissie se besluit gehou is, was, afgesien van Van Loggerenberg, die bemiddelingskommissie in die persone van ds DPM Beukes, ds T Botha en dr SJ Eloff teenwoordig. Van die kant van die Ring was daar dr WD Jonker, dr JH Roberts, dr CF Bekker, dr AC Barnard en dr AJ Venter. Die eerste resultaat van die onderhoud was dat die Ringskommissie op aandrang van die bemiddelingskommissie, onderneem het om die Ring van Johannesburg te versoek om Bylae C van die verweer van die Ring te herroep. Indien aan voorgaande voldoen word, het ds Van Loggerenberg onderneem om alle klagtes en appèlle wat nog by die Ring hangende was, terug te trek. Verder het die Ringskommissie onderneem dat by die Ring aanbeveel sal word dat in die argiefstukke van die Ring by Bylae C en by alle klagtes wat deur van Loggerenberg teruggetrek is, 'n aantekening aangebring sal word dat dit teruggetrek is. Die Ring is verder versoek om hom tot die Sinode van Suid-Transvaal te wend ten einde duidelikheid te verkry oor 1) die vraag of die Sinode se besluit oor Pro Veritate beteken dat persone uit die amp geweer kan word en onder sensuur geplaas kan word; 2) die vraag of die besluit van die Breë Moderatuur en die Sinodale Kommissie van Suid-Transvaal ivm die CI gebruik kan word om persone uit die amp te weer en onder sensuur te plaas. Indien die Ring tot hierdie beroep op die Sinode besluit, "sal dit beteken dat die beswaar van PJ Potgieter teen die ouderlingskap van br Naudé en die klag van ds Van Loggerenberg teen br Naudé as lidmaat tydelik teruggehou word, hangende die beslissing van die Sinode. ...Dit beteken ook dat daar tot met die uitspraak van die Sinode nie gepoog sal word om persone wat meewerk met Pro

---

[73]Ringsitting September 1967 "Rapport insake beskrywingspunte aan die Ring van Johannesburg"; September 1967. Beskrywingspunt 5.

Veritate en behoort aan die CI te verkies tot die amp of daarin te bevestig nie. Alle verdere aksies teen sodanige persone (as ampsdraers en lidmate) sal ook in die tussentyd agterweë gehou word. Hierdie geld alleen vir die Ring van Johannesburg". Die slot-ooreenkoms van die broederlike onderhoud lui dat daar gepoog sal word "om voortaan wedersyds 'n nuwe gesindheid te kweek".[74]

Die opsteller van hierdie verslag aan die Ring, was besonder emosioneel oor die broederlike onderhoud en het ter inleiding van die verslag duidelike blyke gegee van opwinding oor die onderhoud. Hy verklaar: "Die Sinodale Kommissie verdien dank en waardering dat hy aan hierdie weg gedink het. Bo alles, alle dank aan die Here van die Kerk wat hierdie samespreking geseën het met die gesindheid van broederlike openhartigheid, erns en eerlikheid, en dit gelei het tot 'n resultaat wat ons glo, blywende vrug vir sy kerk sal afwerp". Dit is moontlik dat hierdie emosie toe te skryf was aan die spanning wat jare geheers het en nou skynbaar gebreek het. Hierdie verklaring sou begryplik wees vir enigeen wat betrokke was in en dikwels voorwerp was van die stryd. 'n Nugtere oordeel sou egter wees om te verklaar dat die broederlike onderhoud en die goedkeuring van die aanbevelings deur die Ring[75] beteken het dat die beginsel die neerlaag gely het. Die hoofsaak van die ooreenkoms was dat Naudé, op grond van valse gronde vir die tug, uit die amp geweer is.

Met die ooreenkoms het daar tydelike rus in die Ring van Johannesburg aangebreek.

---

[74]Verslag van broederlike onderhoud tussen die bemiddelingskommissie van die Sinodale Kommissie, ds NJ van Loggerenberg en die predikante van Johannesburg. Dit het op 3 Junie 1966 plaasgevind. Ringsagenda 16 Junie 1966. Die verslag is nie onderteken nie.

[75]Notule van buitengewone Ringsvergadering 16 Junie 1966.

6.3 ALLES DRAAI OM APARTHEID

Wie die verloop van gebeure in die Ring van Johannesburg gedurende die tydperk vanaf 1963 tot 1969[76] in die notules en korrespondensie van die kerkraad van Parkhurst, die Ring en Ringskommissie van Johannesburg nagaan, raak oorweldig deur die warboel van klagtes, besware en appèlle, en ook die groot aantal kerkregtelike beginsels, artikels en besluite van die kerkorde wat aan die orde gekom het. 'n Studie van die talryke kerkregtelike dilemmas waarin die Ring in hierdie tyd beland het, sou op sigself 'n groot en sinryke onderneming wees.

Daar bestaan egter die gevaar dat die stryd wat daar in die NG Kerk gevoer is sedert die stigting van Pro Veritate en die Christelike Instituut, en sedert die skrywes van Engelbrecht in Pro Veritate en die verkiesing van Naudé tot ouderling van Parkhurst, beoordeel word as 'n kerkregtelike stryd. Dit sou 'n oordeel wees oor die uitlopers van die stryd en nie oor die oorsaak en wese daarvan nie. Dit is weliswaar so dat die kerkreg 'n belangrike plek in die stryd ingeneem het. Dit is immers nie verniet dat daar telkens in die notules van Rings- en Ringskommissievergaderings lang en belangrike uiteensettings van sekere kerkregtelike beginsels en kerkordelike bepalings deur veral dr WD Jonker as kenner van die Gereformeerde kerkreg gegee is nie. Maar die doel van sulke uiteensettings van dr Jonker en sy medestanders was altyd om die gereformeerde beginsel te dien.

---

[76]Die datums is gekies na aanleiding van die klagtes wat vanaf 1963 aanhangig gemaak is tot en met die Ringsitting van 20 Maart 1969 toe skynbaar die laaste klag van ds Van Loggerenberg nl teen dr JHP van Rooyen deur die Ring afgehandel is. (Notule van buitengewone Ringsvergadering op 20 Maart 1969 p 2). Streng gesproke is die strydperiode eers beëindig met die sitting van die Algemene Sinode in Kaapstad in 1974 toe die Moderator vanuit die stoel aan die predikant van Parkhurst die versekering gegee het dat daar nie verder van Parkhurst verwag sal word om tugstappe teen CI-lede te neem nie.

Drie publikasies deur persone wat ten nouste gemoeid was met die stryd in die NG Kerk, het in hierdie tyd die lig gesien en werp lig op die saak waarom dit hierdie stryd gegaan het.

Eerstens was daar die geskrif van dr WD Jonker met die titel "Om die regering van Christus en sy Kerk" wat die lig gesien het terwyl die skrywer sy diens in die Ring van Johannesburg onderbreek het vir 'n professoraat in teologie aan die Universiteit van Suid-Afrika.[77] Dit was 'n pleitstuk vir die heerskappy van die Woord in die regering van die kerk en die toepassing van die tug. In die kerk gaan dit nie om die meerderheid van stemme nie.[78]

Tweedens was daar die ope brief van agt ondertekenaars onder wie WD Jonker wat op 22 Oktober 1965 aan al die evangeliedienaars van die NG Kerk uitgestuur is onder die titel "Verwarring: Opheldering Noodsaaklik!"[79] Hierdie publikasie het gewaarsku oor die verwarring wat daar bestaan oor die kerk, die rassevraagstuk, die gesag van die kerk, die tug, ens.

Derdens was daar die brosjure van dr JHP van Rooyen, die predikant van die gemeente Parkhurst, wat hy kort voor die sitting van die Algemene Sinode van 1970 waar die gravamen van Parkhurst sou dien, aan al die predikante van die NG Kerk uitgestuur het. Die titel het die inhoud weergegee nl "Kerklike Tug - 'n heilige saak". Dit was 'n beroep op die kerk om in die hele saak rondom die Christelike Instituut die Woord van God te laat spreek. Tug

---

[77]"Om die regering van Christus en sy Kerk", WD Jonker, M.A., B.D., D.Th. Professor aan die Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria 1965.

[78]Aw p 31.

[79]"Verwarring: Opheldering Noodsaaklik! Ope brief aan Evangeliedienaars van die Nederduitse Gereformeerde Kerk". Uitgegee deur die ondertekenaars: Ds WJC Cilliers, dr HW de Jager, prof dr IH Eybers, prof dr WD Jonker, prof dr JA Lombard, dr JHP van Rooyen, dr AJ Venter en mnr AC Viljoen 22 Oktober 1965.

mag slegs toegepas word waar daar sonde is en slegs die Woord bepaal wat sonde is.[80]

Gemeenskaplik in aldrie hierdie publikasies was die waarskuwing aan die kerk dat hy kerk van die Woord moet bly en dat tugoefening alleen mag geskied op grond van die Skrif. In die geskrif van die agttal word dit waarom die stryd gegaan het die duidelikste uitgespel in die volgende stellings: "Die tiperende van die situasie is ... dat die dinge waaroor die kerk dan so sterk moet voel dat hy sonder Skrifgrond tugtend sou moet optree, ... in verband staan met die apartheidskwessie. Terwyl die verontagsaming van baie ander kerklike besluite sienderoë toegelaat word, meen baie dat die kerk in hierdie geval egter drasties en vinnig behoort te handel met die toepassing van die tug".[81] Die ope brief is afgesluit met die volgende siening: "Wie tans toelaat dat die verwarring voortduur en dat die kerk se standpunt gelyk gestel word aan 'n populêr-politieke standpunt wat die eie aard van die kerk misken en die kerk se belydenis negeer, is ontrou teenoor die kerk en - wat veel meer is - teenoor die Here van die kerk".[82] Ook Jonker het in sy geskrif herinner "dat die kerk hom in alles deur die Woord van God moet laat lei ... en nie allerlei menslike ideologieë nie".[83]

En dit is presies waaroor die hele stryd van die NG Kerk teen die CI gegaan het! Met die stigting van Pro Veritate in Mei 1962 was dit binne die eerste maand al duidelik dat mense veral bang was vir die "integrasiemonster".[84] In die korrespondensiekolomme van Die Kerkbode is daar haastig geskryf teen die "integrasiestandpunt"[85]. Ook die Moderator van die Algemene Sinode, dr JD

---

[80]"Kerklike Tug - 'n heilige saak" Dr JHP van Rooyen Mei 1970 p 32.

[81]Ope Brief p 5.

[82] Aw p 8.

[83] Aw WD Jonker p 23.

[84]Vgl brief van CM de Villiers, Die Burger 12 Junie 1962.

[85]NJ van Loggerenberg, Die Kerkbode, 19 Junie 1963 p 863-864.

Vorster, het geskryf teen Pro Veritate as 'n blad "wat integrasie propageer".[86]

Dieselfde reaksie het gevolg op die stigting van die CI in Augustus 1963. In Die Kerkbode het die redakteur onmiddelik bedenking uitgespreek teen die "veelrassige" Instituut[87] en later weer gewaarsku teen "'n patroon van rasseverhoudinge ... wat ... eerder onheil as ons wesenlike heil behels...".[88] Ook in die eerste kerklike besluit teen die CI nl dié van die Breë Moderatuur, was die eerste punt van veroordeling "dat die stigting en optrede van die Instituut noodwendig moet lei tot die bestryding van die rasse- en ekumeniese standpunt van die kerk".[89] Die Ring van Losberg wat hulle vroeg reeds teen die CI uitgespreek het, het verklaar: "Sodanige veelrassige beweging lê nie in lyn met die duidelike beleid van die Ned Geref Kerk met betrekking tot rasseverhoudinge en sendingmetodes wat deur die jare heen hul beslag gekry het nie".[90] Ook die Algemene Sinode se veroordeling van die Instituut in 1966 het gewentel om die weerstrewing van "die kerk se Skrifverantwoorde en beproefde sendingbeleid".[91]

Ook in die gemeente Parkhurst waar die hele kerklike stryd ontbrand het, het die eerste klag wat ingedien is, gehandel oor dr B Engelbrecht se voorsitterskap van die kerkraad terwyl hy "lid is van die veelrassige Instituut".[92] By dieselfde vergadering is beswaar gemaak teen die verkiesing van ds CFB Naudé tot ouderling omdat hy "die leeramp en die regeeramp in die kerk terwille van 'n buite- en nie-kerklike direkteurskap van die veelrassige Instituut" verruil het.[93]

---

[86]Dr JD Vorster, Die Kerkbode, 12 Junie 1963 p 819.

[87]Die Kerkbode 18 September 1963 p 380-381.

[88]Die Kerkbode, 9 Oktober 1963 p 488-489.

[89]Die Kerkbode, 27 November 1963 p 737.

[90]Die Kerkbode 8 Januarie 1964 p 55.

[91]Handelinge Algemene Sinode 1966.

[92]Notule van buitengewone kerkraadsvergadering, 5 Mei 1964.

[93]Idem.

Daar kan tot geen ander slotsom gekom word nie as dat die hele stryd wat daar vir byna 'n dekade in die NG Kerk en in besonder in die Ring van Johannesburg gevoer is, suiwer oor apartheid gegaan het. Ter wille van apartheid as ideologie is die kerkorde aangewend teen nie alleen Engelbrecht en Naudé nie, maar ook teen hulle wat geprotesteer het teen so 'n aanwending van die kerkorde en ook die kerklike tug. Selfs die besluit van die kerkraad van Johannesburg-Noord op 8 September 1964 om sekere predikante wat na hulle oordeel goedgesind was teenoor Pro Veritate en die CI, nié tot hulle kansel toe te laat nie,[94] was aan niks anders toe te skryf as afkeur in enigeen wat die beleid van apartheid bevraagteken het nie. Ook die besluit van die Sinode van Suid-Transvaal oor die lojaliteit van ampsdraers en die uitgerekte korrespondensie oor dié besluit in Die Kerkbode,[95] en die artikel van prof AB du Preez in Die Kerkbode oor lidmaatskap van die CI wat lidmaatskap van die NG Kerk tot niet maak,[96] was ten diepste niks anders as pogings in belang van apartheid nie.

Pro Veritate en die Christelike Instituut was instellings teen apartheid, en daarom moes hierdie twee pogings, en hulle wat daaraan meegewerk het, kerklik uit die weg geruim word. Daarby was dit die algemene siening van dié tyd, kerklik en politiek, dat wie nie wou saamwerk met hierdie wegruiming nie, vanselfsprekend teen apartheid was en dus ook geweer en onder tug geplaas moes word.

---

[94]Notule van Ringskommissievergadering van 22 Januarie 1965. Ook Ringsbesluit van 21 September 1965.

[95]Die Kerkbode 15 Mei 1963, 12 Junie 1963, 24 Julie 1963, 31 Julie 1963, 11 September 1963, 30 Oktober 1963.

[96]Die Kerkbode 6 September 1967: "Dubbele Lidmaatskap" Prof dr AB du Preez.

HOOFSTUK 7

EINDTONELE

7.1 DIE EINDE VAN DIE KERKLIKE STRYD

Vanweë die resultaat van die poging tot bemiddeling deur die Sinodale Kommissie, het alles in die kerkraad en gemeente van Parkhurst en in die Ring van Johannesburg gedurende die loop van 1966 redelik stil verloop. Daar was slegs die skielike bedanking van ds CJ Barnard as predikant en as lidmaat van die NG Kerk[1] en die woede wat opgewek is teen die predikant van Parkhurst deur 'n gefabriseerde berig in Dagbreek van 25 September 1966 waarin beweer is dat hy by die Ringsitting van 17 September 1966 beswaar gehad het teen 'n mosie van roubeklag oor die dood van dr HF Verwoerd.[2]

Die stilte is egter beëindig toe die kerkraad van Parkhurst onmiddellik na die besluit van die Algemene Sinode oor die Christelike Instituut op sy vergadering van 24 Oktober 1966 'n skrywe van vier lidmate behandel het. Dié lidmate was B Engelbrecht, MG Engelbrecht, CFB Naudé en IH Naudé - almal lede van die CI. Die skrywe het verwys na "persberigte van die afgelope naweek" waarvolgens die Algemene Sinode by sy sitting in Bloemfontein "'n besluit geneem het dat ampsdraers en lidmate van die Ned Geref Kerk hulle van die Christelike Instituut van Suidelike Afrika moet onttrek. .. As die persberigte oor die Sinode se besluit

---

[1]Notule van Ringskommissie, 30 Januarie 1967 en 6 Maart 1967.

[2]Die Sondagblad Dagbreek en Sondagnuus het op 25 September 1966 berig: "NG Leraar skok met vraag oor roumosie - So-iets onbekend selfs in Parlement". Die notules van die gewone Ringsvergadering van 17 September 1966, die buitengewone kerkraadsvergadering van 25 September 1966 en die buitengewone Ringsvergadering van 28 September 1966 gee blyke van die dringende aandag wat aan die berig gegee moes word.

korrek is, kom dit o.i. daarop neer dat ons daardeur meteens in die gemeente as sensurabeles verkeer ...". Die skrywers meld verder dat die sinodale besluit hulle as persone wat trou bly aan die belydenisskrifte, met diepe ontsteltenis vervul. Die kerkraad is versoek

> ".... om so gou as moontlik ter wille van die eer van Christus en die behoud van ons sondaars ...
>
> a. vas te stel of die sinodale besluit en uitsprake korrek deur die pers gerapporteer is;
>
> b. en indien wel, ons aan 'n geestelike ondersoek te onderwerp om vas te stel of, en in watter mate, ons van die weg van die Skrif en die belydenis van die kerk afgedwaal het; en
>
> c. om ons, as ons besig is om te dwaal, terug te lei tot die waarheid wat die kerk glo en bely en tot die volle gemeenskap van Christus en die gemeente, waar ons om ons lewe ontwil en ter wille van die eer van sy Naam, ons enigste tuiste en heil wil vind".[3]

Die kerkraad het besluit dat nadere inligting oor die Sinode se besluit bekom moet word en gewag moet word vir die Handelinge van die Sinode.[4] Toe die stukke van die Sinode in Februarie 1967 ontvang is, moes die kerkraad hulle ondersoek uitstel met die oog op die lastersaak van Naudé en Geyser teen prof A Pont wat toe aan die gang was.[5] Eindelik het die kerkraad besluit dat die besluit van die Algemene Sinode oor die CI eintlik die CI-lede aankla en daarom is toe ooreengekom om die egpare Engelbrecht en Naudé op te roep om voor die kerkraad by sy vergadering op 15 Mei

---

[3]Brief aan kerkraad, geteken deur B Engelbrecht, MG Engelbrecht, CFB Naudé en IH Naudé - 24 Oktober 1966. Ook notule van kerkraadsvergadering van 24 Oktober 1966.

[4]Kerkraadsnotule 24 Oktober en 21 November 1966.

[5]Kerkraadsnotule 20 Februarie 1967.

1967 te verskyn om hulleself te verantwoord.[6]

By genoemde vergadering is die betrokke vier lidmate deur die kerkraad ondersoek na aanleiding van die stellinge van die Algemene Sinode en het die kerkraad die volgende besluit eenparig geneem:

"Aangesien

1. die Skrif alleen melding maak van tug waar daar sprake is van sonde teen God;

2. die kerkorde bepaal dat tug alleen gaan oor sonde - dws leer en lewe "wat teen die Woord van God en die Belydenis indruis" (Artt 59(a) en 61(b));

3. die Heidelbergse Kategismus (Vrae en Antwoorde 81-85) duidelik verklaar dat deur die sleutels van die hemelryk die hemelryk vir gelowiges geopen en vir ongelowiges en van God weggekeerdes gesluit word;

4. die Nederlandse Geloofsbelydenis (Artt 28-30 en 32) bepaal dat kerklike tug alleen aangewend mag word om leer en lewe wat teen Gods Woord indruis, te bestraf;

5. die Nederlandse Geloofsbelydenis (Art 7) die Woord van God as die enigste norm aan die kerk voorhou en meld dat "... geen geskrifte van mense, hoe heilig hulle ook al mag gewees het, ... of ook die gewoonte ... of ook die groot menigte of die oudheid of die opvolging van tye of persone, of die Konsilies, verordeninge of besluite" met die goddelike Skrifte gelyk gestel mag word nie, en dat daarom verwerp moet word "alles wat met hierdie onfeilbare reël nie ooreenkom nie";

---

[6]Kerkraadsnotule 15 Mei 1967.

besluit die vergadering nadat hy

a. kennis geneem het van die Algemene Sinode se besluit in verband met die Christelike Instituut;

b. die inhoud daarvan en in besonder die beskuldiginge daarin oorweeg het;

c. ds en mev Naudé en dr en mev Engelbrecht se leer en wandel ondersoek het

dat hy geeneen van die stappe wat in die Kerkorde ivm tug voorgeskryf word, teen hulle kan of mag implementeer nie. Verder wil die kerkraad sy dank uitspreek teenoor hierdie lidmate vir hulle voorbeeldige wandel in die gemeente en bid dat hulle lewe steeds ryker sal word in Christus".[7]

In die kerk en in die pers het hierdie besluit 'n skokgolf veroorsaak. Skynbaar was dit die eerste keer in die geskiedenis van die NG Kerk dat 'n kerkraad die besluit van 'n Sinode openlik weerstaan het.[8] Die reaksie oor die kerkraad se besluit is die beste weergegee deur die plakkaat en banieropskrif van die nasionale koerant Die Sondagstem op 21 Mei 1967 nl "Dominee en Kerkraad dalk geskors - Tart Sinode oor Instituut-lede - Grond vir klagte, sê dr Vorster". Die berig het soos volg begin: "Die moontlikheid bestaan dat die Nederduits Gereformeerde leraar van Parkhurst in Johannesburg, en sy hele kerkraad geskors gaan word aangesien hulle geweier het om tugmaatreëls toe te pas teen vier gemeentelede wat aan die Christelike Instituut behoort. 'n Ringskommissie van die kerk is by magte om tot hierdie stap oor te gaan nadat die predikant, dr JHP van Rooyen, en sy kerkraad vir die eerste keer in die geskiedenis van hierdie magtigste kerk in Suid-Afrika, 'n bevel van die Algemene Sinode - die hoogste gesag in die kerk - direk en ontwyfelbaar veronagsaam het". Die berig het verder vermeld dat die assessor van die Algemene Sinode, dr AP Treurnicht, die besluit van die kerkraad bestempel

---

[7]Kerkraadsnotule 15 Mei 1967.

[8]The Sunday Times 21 Mei 1967.

het as "verbasend".[9]

Ook Die Transvaler het die kerkraad se besluit op 17 Mei as hoofberig gedra onder die opskrif "Kerkraad weier tug teen 4 lede van CI"[10] nadat die plakkate aangekondig het: "Kerkraad skok met besluit".

In Die Kerkbode het redakteur AP Treurnicht enkele weke tevore gewaarsku teen die Instituut met sy eis van een man een stem en wat 'n kerklike patroon van veelrassigheid beoog "wat vanuit die kerk tot maatskaplike en biologiese vermenging sal lei". Hy het bygevoeg dat die CI-lede moet weet: "Die tyd om te kies het vir hulle gekom".[11]Nou het die redakteur herinner: "... die Sinode het nie in die wind gepraat nie. Sy besluit was nie bedoel om net genotuleer te word of dat daarvan slegs kennis geneem kan word nie. Dit moet uitgevoer word ... 'n Kerkraad kan nie hierdie besluit ignoreer nie, want dit is ook in sy naam geneem. Ook al sou hy nie daarmee saamstem nie, kan hy nie maar sy eie weg volg sonder om sy verband met die kerk in gevaar te stel nie. ... Die verontskuldiging dat tug slegs in geval van sonde teen God toegepas word en dat die betrokke lidmate in die lig daarvan nie tugwaardig is nie, is 'n bietjie te vroom".[12]

Die Ringskommissie wat op hierdie tydstip uit ds HJC Snijders, dr FG Badenhorst en die scriba bestaan het, is onmiddellik byeengeroep. Aan die scriba is opdrag gegee om "die notule en aanverwante stukke" van die kerkraad van Parkhurst aan te vra.[13] Twee dae later het die Ringskommissie weer vergader en het ds Snijders voorgestel dat gepoog word om nog dieselfde dag die besluit van die kerkraad te kry "asook die name van die kerkraadslede wat die

---

[9]Sondagstem 21 Mei 1967. Die plakkaat het slegs die eerste sinsnede gehad.

[10]Die Transvaler 17 Mei 1967.

[11]Die Kerkbode 1 Maart 1967, Inleidingsartikel p 285.

[12]Die Kerkbode 31 Mei 1967 p 748.

[13]Ringskommissienotule 17 Mei 1967.

besluit geneem het". Die notule verduidelik verder: "Die regsadviseur het aan ds Snijders gesê dat die besluit van ingrypende aard is en daarom moet dit as dringend beskou word. Wanneer ons die besluit het, kan ons môre DV weer bymekaar kom en die Ring oproep vir 'n buitengewone vergadering Maandag".[14]

Dit was 'n baie lang notule waarvan 'n afskrif gemaak moes word en dit kon nie onmiddellik gelewer word nie. Op Dinsdag 23 Mei het die Ringskommissie nog nie die gevraagde stukke gehad nie en is besluit om 'n brief aan die kerkraad te rig. "Die Ringskommissie vind dit onbegryplik en spreek sy ontevredenheid uit dat ons tot dusver nog nie die aangevraagde stukke kon kry nie". Verder het die Ringskommissie ook by dieselfde vergadering kennis geneem van die klagtes wat ds NJ van Loggerenberg op 20 Mei by ds Snijders ingedien het. "Ds Snijders stel voor dat die Ringskommissie hom die geleentheid moet bied, om wanneer ons die Regskommissie ontmoet, met hulle te onderhandel oor die ontvanklikheid van hierdie stukke". Van belang is verder: "Die Ringskommissie neem ook kennis van 'n derde brief van ds van Loggerenberg waarin hy meld dat al die ou klagtes heropen word".[15]

Twee sake verdien hier vermelding. Eerstens val dit op dat 19 van die 20 Ringskommissievergaderings vanaf 26 September 1966 tot 20 September 1967, gehou is aan huis van die leraar van Jeppestown, dr FG Badenhorst. Dit het saamgehang met sy ernstige siekte waaraan hy op 22 Oktober 1967 oorlede is.[16]

Tweedens het die Ringskommissie, nadat hulle die gevraagde notule van die kerkraad van Parkhurst ontvang het, besluit om eers alles te laat en prioriteit te gee aan 'n gerug wat Antikom op 28 Maart 1967 teen dr JHP van Rooyen aanhangig gemaak het.[17] Die hele

---

[14]Ringskommissienotule 19 Mei 1967.

[15]Ringskommissienotule 23 Mei 1967.

[16]Agenda van Ringsitting 21 September 1968 evd. Konsulentsverslag van die gemeente Jeppestown, Ring van Johannesburg.

[17]Ringskommissienotule 30 Mei 1967.

saak het gegaan oor 'n brosjure wat Van Rooyen na 'n besoek aan die VSA aan alle predikante uitgestuur het en waarin hy oa gewaarsku het teen die Amerikaanse anti-kommunis E Bundy wat in Suid-Afrika hoog aangeprys word. Van Rooyen het oa beweer dat Bundy in die VSA 'n ondersteuner van integrasie is terwyl hy in Suid-Afrika voorgee om apartheid te ondersteun.[18] Met 'n besoek aan Suid-Afrika vir 'n anti-kommunistiese kongres in Pretoria in September 1966 is Bundy deur ds DFB de Beer, redakteur van Antikom, voor 500 afgevaardigdes hieroor ondervra[19] en nadat hy dit ontken het en beweer het dat Van Rooyen lid van die CI is, is hy staande toegejuig deur die gehoor wat, hoofsaaklik uit predikante en kerklike verteenwoordigers bestaan het.[20] Daarna het iemand in die gehoor geëis dat 'n tugsaak teen Van Rooyen geopen word en het dr JD Vorster, die voorsitter van die vergadering, belowe: "Ons sal die Van Rooyen-aangeleentheid voer tot by sy logiese konsekwensie".[21] Na afloop van die kongres het Bundy in die kerkgebou van die gemeente Johannesburg weer oor Van Rooyen gepraat en verklaar: "Ek glo nie hierdie man behoort in u kerk nie. Ons raak ontslae van sulke mense". Aan die einde van sy toespraak het 50 predikante hom staande toegejuig.[22] En later het Bundy voor 'n vergadering van die Antikommunistiese Aksiekomitee van die Afrikaanse Kerke weer teen Van Rooyen gepraat en het ds DFB de Beer, die sekretaris van die komitee, verklaar: "... maj Bundy doen mondelings of skriftelik nooit 'n bewering wat hy nie in die hof kan bewys nie".[23]

Die Ringskommissie het hierdie saak teen Van Rooyen dadelik ondersoek[24] en op 'n buitengewone Ringsvergadering is bevind dat

---

[18]Van Rooyen, dr JHP. Kommunisme in die Kerk? p 6.

[19]Die Beeld 2 Oktober 1966

[20]Aw.

[21]Die Transvaler 29 September 1966.

[22]Die Beeld 9 Oktober 1966.

[23]Die Transvaler 4 Oktober 1966.

[24]Ringskommissienotule 1 Junie 1967.

daar geen gronde vir die gerug bestaan nie.[25]

Die Ring kon nou weer voortgaan deur aandag te gee aan die besluit van die kerkraadsvergadering van 15 Mei 1967. By dieselfde buitengewone vergadering waar die Ring uitspraak gegee het oor die nadelige gerug wat Antikom aanhangig gemaak het, is besluit om die kerkraadsbesluit "... voorlopig .. daar te laat totdat die bewandeling van die kerklike weg sy beloop geneem het".[26] Skynbaar was die bedoeling om maar voort te gaan met die ondersoek na die klagtes wat ingedien is, want by die volgende Ringsvergadering het die aftredende voorsitter, dr WD Jonker, gerapporteer: "'n Dringende skrywe van ds NJH van Loggerenberg in verband met die behandeling van sekere ernstige klagte wat deur hom by die Ringskommissie ingedien is, is beantwoord en die skrywe is aan die Ringskommissie gegee. Dit het agterna ook nodig geblyk om nogeens aan ds van Loggerenberg te skrywe ten einde hom die versekering te gee dat die Ringskommissie voldoende aandag aan die klagte gegee het en dat die saak hulle aandag geniet".[27]

Op sy vergadering van 18 September 1967 het die kerkraad van Parkhurst besluit om 'n beswaarskrif by die Algemene Sinode in te dien waarin uiteengesit word dat die "kerkraad die Algemene Sinode se besluit sonder enige Skriftuurlike of kerkordelike gronde as onuitvoerbaar ag".[28] Dit is aan 'n kommissie opgedra om so 'n beswaarskrif op te stel en die betrokke dokument is eenparig goedgekeur by 'n buitengewone kerkraadsvergadering op 24 September 1967.[29]

---

[25]Notule van buitengewone Ringsvergadering, Ring van Johannesburg, 15 Junie 1967. Ook notule van kerkraadsvergadering van Parkhurst 21 Augustus 1967.

[26]Notule van buitengewone vergadering van die Ring van Johannesburg, 15 Junie 1967, p 6.

[27]Agenda van Ringsitting, September 1967. Voorsittersverslag.

[28]Notule van kerkraadsvergadering 18 September 1967.

[29]Notule van buitengewone kerkraadsvergadering 24 September 1967.

Ds Van Loggerenberg se klagtes wat hy ingedien het teen CFB Naudé (gedateer 14 Februarie 1966 en heringedien op 22 Mei 1967) en teen B Engelbrecht (ingedien op 22 Mei 1967) het voor die kerkraadsvergadering van 20 November 1967 gedien. Navrae oor die uitleg van besluit 90(a) van die kerkorde, het intussen aan die lig gebring dat ook die actuarius van oordeel was dat aangeklaagde en klaer aan dieselfde gemeente moet behoort. Op grond hiervan is toe by die kerkraadsvergadering van 20 November 1967 besluit om aan Van Loggerenberg te skryf dat sy klagtes onontvanklik is.[30]

Op 17 Februarie 1968 het 'n kennisgewing die kerkraad van Parkhurst bereik waarin hulle as kerkraad opgeroep word om te verskyn by 'n buitengewone vergadering van die Ring op 22 Februarie. In 'n skrywe deur die voorsitter van die kerkraad is die Ring daarop gewys dat die kennisgewing so kort was dat die kerkraad nie teenwoordig kan wees nie. Volgens die voorsitter het 'n dertigtal kerkraadslede wat op 18 Februarie by die erediens teenwoordig was, besluit dat o.a. soos volg aan die Ring geskryf word: "Die kerkraadslede is van gevoele dat hulle niks meer vir die Ring te sê het as wat hulle reeds in die amptelike beswaarskrif aan die Algemene Sinode gesê het nie. Daarin het die kerkraad sy oortuiging wat hy op Gods Woord fundeer, volledig uiteengesit. Die kerkraadslede is van mening dat gemelde beswaarskrif niks minder as 'n beroep op die Algemene Sinode is nie en dat daar dus nie nou deur die Ring in hierdie saak opgetree kan word nie".[31]

Die Ring het tog op 22 Februarie vergader en die afgevaardigde predikant en ouderling van Parkhurst was teenwoordig toe die Ring oor die Sinode se besluit met meerderheidstem besluit het dat "Tot tyd en wyl daar geen wysiging of remissie van die besluite plaasgevind het nie, moet daaraan egter uitvoering gegee word

---

[30]Notule van kerkraadsvergadering 20 November 1967.

[31]Skrywe van die voorsitter van die kerkraad van Parkhurst aan die voorsitter en lede van die Ringskomissie, 19 Februarie 1968.

deur mindere vergaderings...".[32]

Voor die Sinode van 1970 het nie alleen die gravamen van die kerkraad van Parkhurst gedien nie, maar ook 'n versoekskrif van 35 ampsdraers en lede van die CI waarin onder andere gevra is dat die Sinode sy besluit van 1966 sal herroep.[33] Oor die gravamen en die versoekskrif het die Sinode die volgende besluit geneem:

1. Die beperkte sittingsduur van die Algemene Sinode het nie genoegsame geleentheid gebied om volledige aandag te skenk aan die inhoud van die gravamen en versoekskrif nie.

2. Hierdie twee stukke word verwys na die Breë Moderatuur om onmiddellik 'n ad hoc-kommissie van drie lede te benoem om die aangeleentheid volledig te behandel met rapport aan die Breë Moderatuur.

3. Die Breë Moderatuur sal sy bevindinge, met die nodige motivering, aan die kerk bekend maak.

4. Indien die Breë Moderatuur dit daarna nodig ag, word hierdie en ander stukke na die Permanente Regskommissie of Kommissie vir Aktuele Sake verwys vir verdere ondersoek en studie om verslag te doen aan die volgende Sinode.[34]

Oor die besluit van die Sinode van 1966 oor die CI het hierdie Sinode nou soos volg besluit:

---

[32]Notule buitengewone Ringsvergadering 22 Februarie 1968. Brief van Ringscriba aan kerkraad van Parkhurst, 26 Februarie 1968.
[33]Brief van die skakelbeampte van die CI dr WB de Villiers aan Scriba Synodi 3 Julie 1970. Dit is ook aangehaal in D 21 : Derde addendumverslag van die Tydelike Kommissie vir Algemene Sake p 2-4. Algemene Sinode 1970 Pretoria.
[34]Handelinge van die derde Algemene Sinode gehou te Pretoria op 14 Oktober 1970 evd p 864.

"Die hele aangeleentheid rondom die Christelike Instituut word verwys na die Kommissie vir Aktuele Sake vir verdere ondersoek en studie in die reses, met verslag aan die eersvolgende Algemene Sinode".[35]

Met hierdie besluit het die stryd van die NG Kerk teen die Christelike Instituut van Suidelike Afrika geëindig. Aan die leraar van Parkhurst wat in 1974 afgevaardigde lid namens die Ring van Johannesburg was by die sitting van die Algemene Sinode in Kaapstad, het die Moderator vanaf die groen tafel die versekering gegee dat daar geen sprake was dat verder van Parkhurst verwag sou word om tugstappe teen CI-lede te doen nie.

7.2 DIE EINDE VAN DIE CI

7.2.1 Die CI al verder van sy oorsprong

Wie na byna drie dekades terugkyk op die doelstellings van die CI met sy stigting op 15 Augustus 1963, kan nie anders as om getref te word deur die opregtheid en eenvoud van Christelike oortuiging waarmee hierdie organisasie begin is nie. Die gedagte was gewoon dat Christene saam besin en hulle eenheid uitleef. Die doelstelling om Gods Woord op alle lewensterreine toe te pas, was niks meer as die beklemtoning van 'n basiese Bybelse beginsel nie.

Die verslag wat die Direkteur na die eerste bestaansjaar van die Instituut gelewer het, getuig van hierdie Bybelse eenvoud van die organisasie. Hy het gemeld dat die ledetal gestyg het van 150 na meer as een duisend, dat die organisasie die ondersteuning van al die kerke behalwe die drie Afrikaanse Kerke geniet, en ook dat daar reeds 25 Bybelstudiekringe gestig is.[36]

---

[35]Agenda van die Algemene Sinode 1970, D 21 : Derde addendumverslag van die Tydelike Kommissie vir Algemene Sake 2.2.

[36]Pro Veritate 15 September 1964.

Die NG Kerk met sy aanhang en propagering van die beleid van apartheid, het egter rede gehad om van die begin af in die CI 'n bedreiging te sien want gaandeweg is al hoe sterker deur Pro Veritate en die Instituut gepleit teen die rasseteologie wat deur die kerk beoefen is. In die loop van 1965 het die Direkteur geen twyfel gelaat oor hoe hy en sy medestanders die Suid-Afrikaanse politieke toneel en in besonder die NG Kerk se ondersteuning van apartheid sien nie toe hy in 'n artikel die oortuiging gelug het dat die tyd ryp is vir 'n Belydende Kerk wat vir eenheid en teen die rasseteologie stry. Sy bedoeling was nie kerkstigting nie, maar alleen dat Christene uit alle kerkgenootskappe hulle kerke oproep tot geloofsgehoorsaamheid sodat mense bevry kan word van die angs en haat wat aan die apartheidsteologie ten grondslag lê.[37]

Dit was juis hierdie sterk standpunt teen die apartheidsbeleid as ideologie van die NG Kerk en die owerheid, wat meegebring het dat die geskiedenis van die CI tot 'n groot mate geskryf is in die vorm van verweerskrifte. Van die kant van die NG Kerk, die owerheid en 'n groot deel van die Afrikaanse pers is daar voortdurende aanvalle geloods en moes deur middel van Pro Veritate en persverklarings gepoog word om die standpunt van die CI te stel. So byvoorbeeld is daar in verskeie persverklarings heftig gereageer op die besluit van die Algemene Sinode in 1966 en het Engelbrecht ook nog in Pro Veritate gereageer op die opmerking van die Scriba van die Sinode, ds AJV Burger, in die godsdienstige rubriek in Die Transvaler nl "Die Kerk, ons Moeder, het onder die leiding van die Gees van God gepraat en vermaan en verwag dat haar kinders sal gehoorsaam".[38]Ook dr André Hugo het in verweer gereageer op die Algemene Sinode se verwerping van die CI as buitekerklike organisasie, met 'n artikel oor die waarde wat buitekerklike organisasies al vir die kerk gehad het bv die Reveil in Europa waarvan dr Wm Nicol by geleentheid verklaar het: "Goddank

---

[37]Pro Veritate 15 Julie 1965. Ook Pro Veritate 15 November en 15 Desember 1965.

[38]Die Transvaler 29 Oktober 1966. Pro Veritate 15 November 1966.

daar het weer reaksie gekom. Die ware gelowiges begin mekaar opsoek ook buite verband met die Kerk".[39] En so het ook Naudé in reaksie op twee artikels in Die Kerkbode, die besluit van die kerkraad van Parkhurst oor die vier lede van die Instituut verdedig.[40]

Tot 'n groot mate was die CI ook te ken uit die talle toesprake en uitsprake van sy direkteur. Dit is korrek dat die prominente wyse waarop Naudé gefigureer het, veroorsaak het dat daar dikwels die beeld van 'n "eenmansvertoning"[41] geskep is. Van die eerste uitsprake wat in Suid-Afrika opskudding verwek het, was dié wat hy tydens 'n besoek aan Nederland gemaak het oor die selfverklaarde Kommunis, adv Abram Fischer. Volgens Die Kerkbode het Naudé gesê: "Ek ken sy familie, 'n Boerefamilie, lid van die NG Kerk. Ek wil dit sê: Die Kerk van Suid-Afrika sal skuldig staan weens sy versuim om 'n man soos Fischer te help en te getuig van die geregtigheid in Jesus Christus. As die kerk sy roeping van sosiale geregtigheid nagekom het, dan het Fischer, menslikerwys gesproke, nooit 'n Kommunis geword nie".[42] Hierdie soort opmerking tesame met die soort toespraak deur Naudé in Kaapstad op 28 September 1967 waarin hy verwys het na die onreg waaronder

---

[39]Pro Veritate 15 Maart 1967. Hy het verwys na 'n toespraak van dr Wm Nicol by die eeufees van die Natalse Sinode in Utrecht op 14 Desember 1966. Dit kom voor in "Rondom 1866" - Uitgesoekte Tekste en Dokumente en ander stukke met betrekking tot kerklike ontwikkeling, veral in Transvaal. Ds FGM du Toit p 13.

[40]Pro Veritate 15 Augustus 1967.

[41]Pieter Johannes Strauss, "Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Kerke in Nederland: Betrekkinge rondom die Suid-Afrikaanse Rassevraagstuk". Ongepubliseerde dissertasie voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad Doctor Divinitatis in die Fakulteit Teologie (Afdeling B, Ned Geref Kerk), Universiteit van Pretoria, Pretoria, 14 November 1983 p 189.

[42]Die Kerkbode 26 Oktober 1966. Pro Veritate 15 November 1966.

die Kleurlinge ly as gevolg van die landsbeleid,[43] was in die emosionele klimaat van die sestigerjare genoeg om die CI en Naudé te brandmerk as deel van die aanslag van die vyand van die Afrikaner en sy kerk. Tipies van hierdie soort beoordeling was die opmerkinge van dr JD Vorster in 'n skrywe aan 'n kerkraadslid van die gemeente Parkhurst waarin hy verwys het na die CI "wat kerk- en volkskadelik is en as frontorganisasie van die vyande van ons kerk en volk se beleid dien ..." en Naudé wat "vernuwing deur integrasie soek".[44]

Gaandeweg egter het die gees in die CI al meer militant en radikaal geword en het dit vir die laaste paar vriende wat van die begin af hard saamgestry het, te veel geword. Die rigting wat onder leiding van Naudé ingeslaan is, het vir hulle hoe langer hoe meer onaanvaarbaar geword.

Dr Ben Engelbrecht was die eerste om te merk dat 'n ontsporing besig was om plaas te vind by Naudé en die CI. Nadat hy vir drie jaar as medewerker en daarna vir vyf jaar as voltydse amptenaar die CI gedien het, het hy aan die einde van 1969 sy bedanking ingedien. Dit was nie omdat hy van standpunt verander het nie. In 1982 nog het hy na die sogenaamde Skriftuurlike apartheid verwys as "'n Bybelse en teologiese liberalisme van die ergste graad" en hy was die eerste persoon wat na dié beleid verwys het as kettery - "die grootste algemene kettery ... wat nog in kerk en volk in Suid-Afrika aangehang is".[45] Tussen Engelbrecht en Naudé het daar egter verskille ontstaan toe Naudé onder druk van buitelandse elemente al meer moes toegee aan radikale optrede. Die buitelandse groepe wat die CI finansieel gedra het, het van Naudé verwag om meer te doen. As deel van Naudé se poging om meer te doen, het hy ook begin om sekere persone en groepe in die CI in te bring. Dit het duidelik geword dat 'n nuwe rigting

---

[43]Pro Veritate 15 Januarie 1968.

[44]Brief van JD Vorster aan mnr Garrett op 6 Februarie 1966.

[45]Ben Engelbrecht, Ter wille van hierdie wêreld. Politiek en Christelike heilsbelewing in Suid-Afrika, p 14.

ingeslaan word. Met die druk van nuwe personeellede het Naudé die Instituut al meer 'n werktuig vir die swart politiek laat word. Later het Engelbrecht die omstandighede toegelig deur te verklaar dat Naudé, ten spyte van sy "voortreflike leierseienskappe", "ongelukkig nie altyd meer besef wie hy lei en wie se stemme hy vertolk nie. Alle Christelik gestempelde anti-apartheidselemente was oplaas in sy "Christelike Instituut" welkom en het in hom 'n bruikbare en gewillige leier gevind". Hierdie omstandigheid het Engelbrecht laat opmerk: "Ek sou sy naam dus nie kon noem onder diegene wat vanuit 'n Bybels-gereformeerde geloofsoortuiging in hierdie jare die toon aangegee het in die getuienis teen apartheid nie".[46] Die ondergang van die CI was vir Engelbrecht enkel toe te skryf aan Naudé wat al verder weg beweeg het van die oorspronklike doel van die CI en sy "usurping of the Christian Institute for his own ends".[47] Met die Christelike Instituut wat eindelik Naudé se instituut geword het, en die wyse waarop Naudé dié instituut as middel gebruik het, kon Engelbrecht nooit weer vrede kry nie. Onmiddellik na die opheffing van Naudé se inperking op 26 September 1984 het Engelbrecht hom telefonies geluk gewens maar later na aanleiding van sekere optredes geskryf: "Ek het so 'n benoude aanvoeling dat ons vriend en broeder dit sommer weer met die intrapslag in ons openbare lewe en sy uiters sensitiewe politieke realiteite op 'n manier doen wat onder meer tot die ondergang van die Christelike Instituut gelei het".[48]

'n Ander persoon wat van die begin af lojaal teenoor die saak van die CI gestaan het, prof dr André Hugo, het ook op langelaas te kenne gegee dat hy nie meer sy lidmaatskap van die Instituut met sy gewete kon rym nie. Hugo was eers dosent in klassieke tale aan die Universiteit van Stellenbosch en toe vanaf 1968 hoog-

---

[46]Aw Voetnota op p 19.

[47]Ben Engelbrecht, Professor AS (Albert) Geyser 10 February 1918 - 13 June 1985, in Journal of Theology for Southern Africa, Special Issue in honour of Albert Geyser, September 1988 p 5.

[48]Brief van Engelbrecht in Beeld 5 Oktober 1984.

leraar aan die Universiteit van Kaapstad. As lidmaat van die NG Kerk en ook as lid van die Instituut het hy onvermoeid bly pleit teen 'n politieke en maatskaplike stelsel wat op rassediskriminasie gegrond is.[49] Hy kon egter nie vrede kry nie met die nuwe rigting wat die CI sedert 1969 ingeslaan het met die stigting saam met die SARK van SPROCAS[50] en die "Program for Social Change" (PSC). Toe hy reeds ernstig siek was, het Hugo enkele maande voor sy dood daarop gewys dat daar nêrens gemeld word van watter beginsels hierdie program uitgaan nie. Hy is ongerus, want al hoe meer kom daar name van ateïste voor in verband met SPROCAS-projekte. Peter Randall, een van die personeellede van die PSC het geantwoord dat gelowiges tog sekerlik gebruik mag maak van ongelowiges.[51] Hugo se ongerustheid het egter verband gehou met die seggenskap en invloed van ateïste.

Ook WA de Klerk, bekende Afrikaanse skrywer en kritikus van apartheid, het besware begin voel teen SPROCAS en die CI. In die uitgawe van Pro Veritate van Mei 1974 het hy geskryf dat SPROCAS en die CI net soos apartheid na 'n utopie soek. Hy voer aan dat van die oorspronklike doel van die CI as gespreksforum nou eintlik niks oorgebly het nie. Ook die ekumeniese ideaal het verdwyn. Daarmee het die CI gaandeweg die belangstelling en samewerking van die NG Kerk-lede wat dit aan die begin vurig ondersteun het, verloor. In 'n uitgerekte korrespondensie wat uiteindelik in die middagblad, Die Vaderland, voortgesit is, het De Klerk herinner dat diegene wat die totale sisteem met hulle eie alternatiewe wil teengaan, behoort te weet dat hulle daarmee hulself juis aan die kwaal blootstel.[52]

---

[49]Tiperend van sy afwysing van apartheid was bv sy skrywe op 12 Augustus 1968 aan die vergadering van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode in Lunteren. Dit is opgeneem in p 49-57 van Dr WB de Villiers se "Lunteren en die Rassekwessie", Christelike Instituut van Suider-Afrika, Oktober 1969.

[50]Study Project on Christianity in an Apartheid Society - 'n studie-onderneming wat in 1969 begin is.

[51]Pro Veritate Maart 1974.

[52]Pro Veritate 15 Mei 1974.

Self het Peter Randall in Pro Veritate toegegee dat die fundamentele verandering wat in vooruitsig gestel word, 'n sosialistiese vorm van die samelewing is.[53] Ook in 1973[54] het Randall in sy boek "A Taste of Power" 'n sosialistiese staatsbestel bepleit. Swart mag sou sorg vir die oordrag van mag.

'n Verdere skok vir hulle wat van die begin af deel was van Pro Veritate en die CI, was die verklaring van Naudé en Roelf Meyer oor die besluit van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke te Hammanskraal in 1974 oor Christelike gewetensverset in verband met militêre diens.[55] Nie alleen het die Verenigde Party as amptelike opposissie en ook die Progressiewe Federale Party hulle van hierdie standpunt van Naudé en Meyer gedistansieer nie, maar ook die troue vriend sedert Cottesloe en vroeëre administratiewe direkteur van die CI, Fred van Wyk, het nou heftig verskil.[56]

In September 1974 het die Instituut die publikasie "White Immigration to South Africa" die lig laat sien.[57] Dit was 'n dokument waarin in aansluiting by die VVO, die Nederlandse Regering, die Britse Raad van Kerke, verskeie anti-apartheidsbewegings in die wêreld, ea betoog word vir die staking van immigrasie uit die Weste na Suid-Afrika. Die siening is dat elke blanke immigrant in Suid-Afrika meehelp om 'n gekleurde werker uit 'n geskoolde werk te hou. Die onweerlegbare en bewese feit dat elke geskoolde werker wat in die land gebring word, bydra tot werkskepping, word summier verwerp. Daarom word 'n beroep op die regerings en kerke van die wêreld gedoen om toe te sien dat daar geen blankes na Suid-Afrika emigreer nie.[58]

---

[53]Pro Veritate 15 Junie 1975.

[54]Pro Veritate Oktober 1973.

[55]Pro Veritate Augustus 1974.

[56]Rapport 4 Augustus 1974.

[57]Dit is opgeneem in die verslag aangaande die Christelike Instituut van Suidelike Afrika (Algemeen genoem Schlebusch - of Le Grange-Rapport) p 168-172.

[58]Aw p 171.

In Maart 1976 is in Pro Veritate aangekondig dat daar in die volgende uitgawe uitvoerig gehandel sou word oor die wenslikheid al dan nie van disinvestering. "Concerned South Africans, while agreeing that it is immoral for investors to grow fat on profits that belong to black workers, have been aware of the limited effect that the whole Investment Debate has had, and have sought to put more teeth in the matter".[59] Op 22 Oktober 1976 het die Instituut dan ook besluit om 'n beroep te doen op die finansiële instellings en lande van die wêreld om geen verdere beleggings in Suid-Afrika te doen nie. Die mening was dat op dié wyse die mees vreedsame oplossing vir Suid-Afrika se vraagstukke bereik sou word. Die CI het verklaar dat hy 'n belegging in Suid-Afrika sien as 'n belegging in apartheid, en dat dit daarom immoreel, onregverdig en eksploiterend is. Die gedagte wat deur ekonome uitgespreek word dat ekonomiese groei help om verandering te bewerk, is gewoon verwerp as vals. Verder is beweer dat baie swart organisasies teen buitelandse beleggings in Suid-Afrika is. Self glo die CI dat die meerderheid swartmense teen belegging sou blyk te wees indien hulle hul oortuigings in hierdie verband vryelik sou kon openbaar.[60] Vreemd genoeg is laasgenoemde stelling gemaak hoewel Naudé pas tevore in 'n toespraak by Rhodes-Universiteit, beklemtoon het dat hy nie weet hoe die swartmense oor disinvestering voel nie.[61]

Hierdie optrede van Naudé met sy Instituut as instrument[62] om sanksies en disinvestering teen Suid-Afrika te bewerk, het meegebring dat 'n ander stigterslid van die CI, prof Albert Geyser, hom ook nou onttrek het. Volgens Engelbrecht was dit Geyser wat in die vroeë sestigerjare teenoor Naudé die gedagte genoem het

---

[59]Pro Veritate 15 Maart 1976.

[60]Pro Veritate 15 Desember 1976.

[61]Pro Veritate 15 Augustus 1976.

[62]In 'n onderhoud van die skrywer met dr Naudé op 6 Februarie 1990 het Naudé met klem verklaar dat dit hy is wat die disinvesteringsveldtog teen Suid-Afrika gevoer het. Later in die gesprek het hy beskeie gesê: "Ek .. en 'n paar ander".

van 'n beweging wat die ekumenies-gesinde Christene kon saambring met die oog op 'n eenparige getuienis teen die ideologie van apartheid, en wat Naudé beweeg het om direkteur van die CI te word. Die vriendskap tussen Geyser en Naudé het vir jare geduur - "... but when Naudé started instigating hostility against South Africa abroad, he alienated Geyser both from himself and from the Christian Institute. ... For Geyser the failure of the Christian Institute was one of the greatest disappointments of his life".[63]

Hierdie totale afwyking van die oorspronklike doel, het uitgeloop op die Raad van Beheer se besluit in September 1975 dat die doelstelling van die CI in die toekoms sal wees om te fokus op bevryding. Die Raad van Beheer was hierin bewus van die teenkanting wat dit van die kant van blankes sou ontlok, maar het besluit dat dit vir hulle 'n saak van gehoorsaamheid aan God is. Naudé het voorgestel dat die CI sy solidariteit met die swart gemeenskap en dié se stryd om bevryding uitspreek en dat die CI hom voorberei op volledige verwerping deur die blankes. Vir Naudé was dit belangrik dat die CI hom moes identifiseer met die swartmense.[64]

Die CI was nou nie langer 'n organisasie wat gestreef het na die verandering van blankes se gesindhede in die blanke kerke nie, maar 'n organisasie vir swart bevryding. Hiervoor is aangesluit by swartbewussynorganisasies en is die hulp van swart leiers en vakbonde ingespan - saam met alle moontlike hulp van die buiteland. "The black renaissance, represented by black consciousness and theology ... had a decisive impact on the CI. Black staff members ... challenged the CI to commit itself unequivocally to the black struggle for liberation. The challenge was accepted and every effort was made by the CI to relate to black consciousness organisations, trade unions and black leaders. This meant the radicalisation of the CI ...".[65]

---

[63]Ben Engelbrecht, Prof Albert Geyser, Journal of Theology for Southern Africa, September 1988, p 5.

[64]Pro Veritate 15 Oktober 1976.

[65]De Gruchy, John W. A Short History of the Christian Institute, in Resistance and Hope, p 22.

7.2.2 Regeringsondersoek en onwettigverklaring

Op 14 Februarie 1972 het die Eerste Minister, mnr BJ Vorster, in die Parlement aangekondig dat 'n gekose komitee aangestel sal word om die werk, metodes en doelstellinge van organisasies soos die CI, NUSAS[66] en SAIRV[67] te ondersoek. Op 4 Julie het die Staatspresident die lede van die kommissie benoem uit verteenwoordigers van die regerende en die opposisieparty. As voorsitter van die kommissie is benoem mnr Alwyn L Schlebusch, en hoewel hy later uit dié hoedanigheid bedank het en op 14 Mei 1974 deur 'n ander Volksraadslid, mnr Louis le Grange, opgevolg is, het die kommissie tog bekend bly staan as die Schlebusch-kommissie.

Die bestuur van die CI het skynbaar reeds in Februarie 1972 besluit om nie met hierdie kommissie saam te werk nie. Hulle voorneme was om op gevaar af van swaar boetes of tronkstraf te weier om te getuig. Die streekdirekteur van die CI in Kaapstad, eerw Theo Kotze, het in dié verband 'n brief aan die ondersekretaris van die Parlement oorhandig. Die redes wat die bestuur op hulle vergadering van 2 tot 4 Maart vir hulle optrede aangevoer het, was: 1) dat hulle vanweë die verbanning van sekere leiers van NUSAS glo dat die aanstelling van die komitee dit ten doel het om strafmaatreëls onder die kleed van demokratiese prosedure te wettig; 2) dat hulle glo dat die ondersoek deur 'n geregtelike kommissie gedoen moet word; 3) dat samewerking wat die demokratiese proses en juridiese reg verloën, nie ondersteun mag word nie.[68] In die uitgawe van Pro Veritate van September 1973 is in 'n inleidingsartikel weer herhaal dat die lede van die bestuur van die CI eerder tronkstraf sal ondergaan as om voor die kommissie te getuig. Die bestuur het die mening uitgespreek dat daar niks van die CI is waarvan die owerheid nie reeds bewus is nie, en dat as die owerheid 'n saak gehad het, hy 'n hofsaak kon begin

---

[66]Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente.

[67]Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge of SAIRR - South African Institute of Race Relations.

[68]Pro Veritate 15 Maart 1972.

het. Verder is daarop gewys dat Jesus Self tydens sy verhoor geswyg het.[69]

Die kommissie het voortgegaan sonder die samewerking van die CI en het sy verslag, nadat dit op 20 November 1974 onderteken is, aan die Staatspresident oorhandig.

In politieke en in kerklike kringe is die rapport met toejuiging ontvang. In Die Transvaler van 29 Mei 1975 is onder die opskrif "CI: Staat moet optree" verklaar: "Na die verdoemende verslag van die Le Grange-kommissie oor die doelstellings van die Christelike Instituut, kan sterk optrede teen dié organisasie verwag word. ... Dit sou skromelike pligsversuim en verraad teen al die mense van Suid-Afrika beteken as die staat nie sy gesag hier duidelik laat geld nie - al sou so 'n stap deur valse propaganda ons beeld in die buiteland, en ook by sommige in ons eie land, kan skaad".[70] 'n Dag later het dié blad 'n berig gehad met die opskrif "Kerkraad kan Naudé tug". Dié berig het gemeld dat die Assessor van die Algemene Sinode, dr Koot Vorster, op navraag bevestig het dat hy die hele bevinding van die kommissie endosseer. Verder het die berig gemeld dat die predikant van die gemeente waarvan dr Naudé lidmaat is, dr JHP van Rooyen verklaar het dat die kerkraad die kommissie se verslag sal bestudeer en dat daar daarna besluit sal word of daar met die tug opgetree sal word teen dr Naudé - "'n getroue lidmaat van sy kerk".[71]

In die kerk en in die politieke lewe was daar 'n aansienlike aantal mense wat hulle van die begin af gedistansieer het van die wyse waarop die ondersoekkommissie gefunksioneer het en ook van die uitgebragte rapport. Dit was egter ironies dat die Engelse middagblad The Star die beginselstandpunt moes stel teenoor al die emosionaliteit wat oordele selfs in die NG Kerk beïnvloed het. Dié koerant het gewaarsku dat voordat die bevindinge van

---

[69]Pro Veritate 15 September 1973.

[70]Die Transvaler 29 Mei 1975.

[71]Die Transvaler 30 Mei 1975. Pro Veritate 15 Junie 1975.

die kommissie ernstig opgeneem word, daar eers gelet moes word op die volgende: Die "beskuldigdes" het nie enige formele klagtes waarteen hulle hulself kon verweer voor hulle gehad nie; die "beskuldigdes" het nie geweet watter getuienis sonder hulle wete teen hulle afgelê is nie; die "beskuldigdes" kon nie regsverteenwoordigers om hulle te verdedig in diens neem nie; die "beskuldigdes" kon hulself nie verdedig deur bv die beskuldiginge te oorweeg of getuies in te roep nie; die kommissie het in die geheim gehandel; die lede van die kommissie alleen kon beskuldig, vervolg en oordeel; die lede van die kommissie was almal politici. "Under these circumstances one can hardly blame members of the Christian Institute for being unwilling to give evidence to the commission. And, under these circumstances one cannot take seriously the commission's findings that the CI is a danger to the State, that it supported violent change in South Africa and that it was working towards a Black-dominated socialist system achieved by way of a race conflict. If the Government acts on the basis of these findings, it will do further violence to the rule of law. It will also damage its own image at a time when it is making such positive international progress".[72]

Na die bekendmaking van die verslag het die owerheid deur sy Minister van Justisie, mnr Jimmy Kruger, wat na die tragiese dood van die swartbewussynsleier Steve Biko op 12 September 1977 gesê het "Dit laat my koud",[73] die CI op 30 Mei 1975 tot geaffekteerde organisasie verklaar. Dit het beteken dat die CI wat sedert die middel van die sestigerjare al meer op buitelandse fondse aangewese was nie meer enige fondse buite Suid-Afrika mog bekom nie.

Van sy kant het die CI die verslag in totaal as "n klomp leuens verwerp, en die verklaring van die CI tot geaffekteerde organisasie veroordeel as 'n verloëning van die koningskap van Christus. Aan staat en kerk het hulle bekend gemaak dat daar voortgegaan

---

[72]The Star 29 Mei 1975.

[73]Beeld 9 Mei 1987.

[74]Pro Veritate 15 Junie 1975.

sou word met die werk[74] al sou daar nou met 'n begroting van R60 000 per jaar ipv R200 000 per jaar gewerk moes word, verskeie personeellede afgedank moes word, en sekere programme ingekort of gekanselleer moes word. In die verslag oor die jaar 1975-1976 word vermeld hoe die CI met die verminderde vermoë die maksimum moes vermag. Daar is besluit om voort te gaan deur te identifiseer met "die verdruktes".[75] Die CI het ten volle aan die kant van die swartmense, swartbewussyn, swart teologie en swart politieke bevryding - gaan staan. Die Latyns-Amerikaanse bevrydingsteologie en swart teologie het die oorhand gekry.

Op 19 Oktober 1977 is die CI deur die Owerheid onwettig verklaar.

7.2.3 CF Beyers Naudé

Dit was na die gebeure by Sharpeville in 1960 dat die naam Beyers Naudé al meer na vore gekom het. Hy was een van die 69 ondertekenaars van 'n dokument wat in die tweede helfte van daardie jaar onder die titel "What we believe" gepubliseer is en wat kennelik 'n uitvloeisel was van die gebeure by Sharpeville en die uitslag van die referendum oor Republiekwording op 5 Oktober 1960.[76] Alhoewel later beweer is dat dr Verwoerd die oproep van die 69 vooraf gesien en goedgekeur het omdat dit gerym het met die gedagte van gelyk maar apart,[77] was die verklaring tog 'n pleidooi vir die erkenning dat geen groep meerder- of minderwaardig is teenoor 'n ander nie; dat elke Suid-Afrikaner, afgesien van kleur of ras, geregtig is op erkenning van sy persoonlike menswaardigheid, en dat vriendelike en konstruktiewe verhoudinge met die ander lande van Afrika opgebou moet word.

Die naam Beyers Naudé was op hierdie tydstip ook goed bekend omdat hy saam met Rev JB Webb en Father George Sidebottom die

---

[75]Pro Veritate 15 Oktober 1976.

[76]The Star 21 Oktober 1960.

[77]The Star 25 Oktober 1960.

uitvoerende lede was van die beplanningskomitee vir die Cottesloe-beraad. Self was Naudé ook een van die afgevaardigdes van die NG Kerk van Transvaal by die beraad wat van 7 tot 14 Desember 1960 gehou is.

Op hierdie tydstip was Naudé in sy beskouinge oor die rassesituasie in Suid-Afrika nog maar 'n tipiese NG predikant want dr Robert Bilheimer, sekretaris van die Beraad namens die Wêreldraad van Kerke, het ivm hom aangeteken dat hy meen "dat die oorgrote meerderheid swartmense tevrede is, maar omdat hulle nie georganiseerd is nie, word hul stem nie gehoor nie. Die swartmense hou in werklikheid van die Paswette, maar die manier waarop dit toegepas word, kan verbeter word".[78] Hoewel hy later aan Bilheimer te kenne gegee het dat hy krities is oor die NG Kerk se "gebrek aan suiwer Bybelse teologie en Christelike beginsels ... tesame met die gebrekkige kennis van die ware feite van die situasie onder die nie-blankes",[79] het hy tog saamgestem met die Gefedereerde Raad van Kerke wat op sy sitting van 22 tot 24 Maart 1961 op grond van 'n voorstel van dr JD Vorster besluit het "dat die beleid van differensiasie Skriftuurlik gegrond is" en dat "integrasie op kerklike gebied" die kerklike "eenheid eerder sal benadeel as bevorder".[80] Dit lyk dus nie asof dit korrek is dat Naudé na Cottesloe teenoor sy mede-afgevaardigdes moes kies om te swig voor die druk teen hom, of te bly by oortuigings wat hy beweer "over a period of years had become rooted in me as firm and holy Christian convictions".[81]

Self het Naudé later aan 'n mede-outeur in 'n bundel om hom te huldig, verklaar dat hy die enigste afgevaardigde van die NG Kerk

---

[78]Dr AH Lückoff, Cottesloe, p 17. Aangehaal uit die Bilheimer Collection, SA Diary Vol 1 p 1, WRK-Argief G.

[79]Aw p 122 - Aangehaal uit Bilheimer Collection: Naudé-Bilheimer, 5.1.61, WRK-Argief G.

[80]Aw p 130.

[81]Villa-Vicencio, Charles. "A life of Resistance and Hope" in aw Resistance and Hope p 9.

by Cottesloe was wat by die besluite van die vergadering gebly het. Van sy mede-afgevaardigdes het hy verklaar: "they may not have capitulated in their minds, in their person ... but they became silent and that is capitulation". Dit is hierdie woorde wat dan lei tot die konklusie: "It was Beyers Naudé alone who refused to deviate".[82]

Dit is ongetwyfeld waar dat daar van die afgevaardigdes van die NG Kerk was wat later omgedraai het. Die beste voorbeeld hiervan was prof dr AB du Preez wat op die beraad nie teen een van die besluite gestem het nie en tog by die Sinode van Transvaal verklaar het: "ek sien nie kans dat die Sinode enige van die Cottesloe-besluite moet aanneem nie".[83] Dit is ook so dat daar diegene was wat stil geword het. Maar dit is gladnie waar dat, soos Naudé van homself beweer, hy die enigste van die afgevaardigdes van die NG Kerk was wat by die besluite van die Beraad gebly het nie. Wat wel waar is, is dat Pro Veritate en die Christelike Instituut aan Naudé 'n platform voorsien het waar hy met sy standpunte in die kalklig gebly het en vanwaar hy dié standpunte met die minste probleme vir homself kon stel. Maar persone soos dr AJ van der Merwe, ds WA Landman, ds AJ van Wyk, dr FE O'Brien Geldenhuys en dr Lex van Wyk het binne die NG Kerk gebly waar hulle, nie altyd so hoorbaar as Naudé met sy CI nie, onder moeilike omstandighede steeds bly getuig het. Om binne die NG Kerk te bly getuig het, was veel moeiliker en het veel meer gevra as buite die NG Kerk - al was dit nooit die bedoeling met die stigting van Pro Veritate en die CI om buite die kerk te wees nie.

Die demissie van Naudé in die Ring van Linden het, anders as wat die geval met Engelbrecht in die Ring van Johannesburg was, heeltemal stil verloop. Niemand, ook nie sy kollegas in die Ring wat sterk beswaar gehad het teen Pro Veritate en die CI, het enige

---

[82]Aw p 9.

[83]Dr AH Lückoff aw p 141 haal aan uit Die Burger van 8 April 1961.

beswaar gehad teen sy eervolle ontslag toe hy op 3 November 1963 van die gemeente Aasvoëlkop afskeid geneem het nie. Verder was die stryd teen Naudé ook heel anders as dié wat bv teen Engelbrecht gevoer is voordat hy na die CI kon uitwyk. Naudé het nooit die spanning ervaar van in die bediening te staan en klag op klag by die Ring teen hom te kry nie. Slegs een maal was hy voor die kerkraad om homself te verweer teen 'n klag wat Potgieter teen hom ingedien het.[84] Die tweede keer wat hy voor die kerkraad verskyn het, was toe die egpare Naudé en Engelbrecht hulle as lede van die CI vrywillig by die kerkraad vir ondersoek aangemeld het.[85] Eintlik het Naudé nooit iets ervaar van die pyn en vernedering wat gesmaak is deur hulle wat binne die NG Kerk gebly het nie en daar voorwerpe van smaad, verdagmaking en vervolging was. Ongetwyfeld het hy die smaad en veragting van die NG Kerk en die owerheid moes verduur soos miskien niemand voor hom nie, maar die felheid en die ondraaglike spanning van die stryd binne die kerk is hom gespaar.

Vanaf die begin van Pro Veritate tot 1965 terwyl Naudé redakteur was, was dié blad gekenmerk as 'n gespreksforum waar die klem veral geval het op die samewerking van die drie Afrikaanse Kerke. Allerlei onderwerpe is in die blad aangeroer deur 'n groot groep Afrikaanse teoloë. Daar was egter geen besliste standpunt-inname of sterk beginselstandpunt nie - hoofsaaklik gesprek. Dié verskynsel was kennelik die rede waarom Die Kerkblad van die Gereformeerde Kerk na Pro Veritate verwys het as 'n "blad sonder standpunt".[86] Die eerste sterk kritiek oor apartheid en die NG Kerk was dié van prof Ben Marais in 'n artikel oor die rassekerk-"teologie".[87] Met verloop van tyd het Naudé in Pro Veritate en die CI sterker na vore getree teen apartheid en gepleit vir 'n Belydende Kerk waar Christene oor

---

[84]Kerkraadsvergadering in Parkhurst op 22 Februarie 1965.

[85]Kerkraadsvergadering 15 Mei 1967.

[86]Pro Veritate 15 Julie 1962.

[87]Pro Veritate 15 Augustus 1962.

kerkgrense heen mekaar se hande vat in die stryd vir eenheid en teen die rasseteologie.[88]

Wie na die inhoud van Pro Veritate kyk en let op die aktiwiteite van die CI tot aan die einde van 1971, kan moeilik begryp waarom die Eerste Minister BJ Vorster op 4 Februarie 1972 in die Parlement aangekondig het dat 'n gekose komitee aangestel sou word om die werk, metodes en doelstellinge van, onder andere, die CI te ondersoek. In 'n tyd van ongekende politieke onverdraagsaamheid was daar egter 'n reeks dinge wat Naudé gedoen of gesê het of waarin hy betrokke was, wat gevoelens teen hom laat opvlam het. Maar die belangrikste grief teen Naudé was steeds sy kritiek en verset teen die landsbeleid. Daarom was die brosjure wat aan alle evangeliedienaars van die NG Kerk uitgestuur is, nl "Stel die Geeste op die Proef" ook vir kerk en owerheid 'n steen des aanstoots. Dit is deur Engelbrecht opgestel en deur Naudé mede-onderteken. Hoofsaak was dat hierdie brief gewaarsku het teen 'n politieke stroming wat "besig is om die ideologie bo die Woord van God as maatstaf ... te verhef",[89] en daarom het die Kommissie van Ondersoek afkeurend daarna verwys as deel van "die politieke bedrywighede" van die CI.[90]

Dit was 'n tyd van onverdraagsaamheid vir alle kritiek. Dat dit ook in die NG Kerk die geval was, het onder andere geblyk uit 'n brief wat dr AM Hugo aan Die Kerkbode gestuur het en waarin hy gewys het op die lyding van die kleurlingbevolking onder die landsbeleid. Hierdie brief is vir publikasie geweier en is toe in Pro Veritate geplaas.[91] Dieselfde onverdraagsaamheid by die kerk het ook geblyk toe Naudé sy reeds gemelde toespraak op 28 September 1967 in Kaapstad gehou het waarin hy verwys het na die onreg en vernedering wat die blankes, en by name die NG Kerk, die

---

[88]Pro Veritate 15 Julie 1965.

[89]Stel die Geeste op die Proef p 1; Schlebusch-verslag p 121-122, en Bylae C van die Verslag p 176-180.

[90]Schlebusch-verslag p 122.

[91]Pro Veritate 15 November 1966.

kleurlinge aandoen. Die ergste van dié toespraak was eintlik dat Naudé bygevoeg het: "Om eerlik te wees, as Christus vandag in Suid-Afrika was, sou Hy waarskynlik as Kleurling geklassifiseer word".[92] In die redaksionele kolomme van Die Kerkbode het ds AJV Burger soos volg gereageer: "Sulke uitsprake bewys maar net weer hoe nodig dit vir die Algemene Sinode van 1966 was om die Christelike Instituut te verwerp as 'n dwaalrigting wat die suiwere leer ondermyn en die orde van die kerk ondergrawe en tweedrag onder lidmate saai".[93] Die opmerking van Naudé is in so 'n ernstige lig beskou dat dit deur die Ringskomissie van die Ring van Johannesburg vir aandag aan die voorsitter van die kerkraad van Parkhurst gestuur is,[94] en in die Sondagkoerant, Dagbreek, is gevra: "Hoe voel Parkhurst se gemeente nou oor mnr Beyers Naudé? Wil dr Van Rooyen ons nie vertel hoe hy oor hierdie uitlatings van mnr Beyers Naudé voel nie?"[95]

Ook die brosjure "'n Boodskap aan die volk van Suid-Afrika" wat in Junie 1968 deur die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke uitgegee is, het groot opspraak en woede teen die CI en Naudé as verpersoonliking van die CI verwek. In dié geskrif is kommer uitgespreek oor tekens dat die leer van skeiding vir baie 'n valse geloof geword het - 'n vreemde evangelie. "Dit hou afsonderlike ontwikkeling van ons rassegroepe voor as 'n weg vir die volk van Suid-Afrika om homself te verlos ... Daarom glo ons dat die kerk ons hele volk moet help om te onderskei tussen hierdie valse, vreemde evangelie en die ware, ewige evangelie van Jesus Christus".[96] Hierdie "Boodskap" dra duidelik die stempel van Engelbrecht se teologiese arbeid by die CI. Die ondersoekkommissie

---

[92]Pro Veritate 15 Januarie 1968. Die Kerkbode 25 Oktober 1967 p 581. The Star 29 September 1967. Kopie van toespraak p 3.

[93]Die Kerkbode 25 Oktober 1967 p 581.

[94]Brief van Ringskommissie aan die voorsitter van die kerkraad van Parkhurst op 10 Oktober 1967.

[95]Dagbreek 29 Oktober 1967 - "Voorslag" se rubriek.

[96]Schlebusch-verslag p 173. Die hele "Boodskap" is in hierdie verslag opgeneem as Bylae B p 173-175.

haal dan ook heel terêg vir Naudé aan dat die CI die grootste aandeel in die opstel en publikasie daarvan gehad het.[97] Die konklusie van die kommissie van ondersoek was dat die opstellers "vooropgestelde mikpunte (aktiewe deelname in die politiek) gehad het en toe 'n op-die-oog-af teologiese stuk geskryf het om daarby aan te pas".[98] Dat dié kommissie soveel aandag aan hierdie boodskap gegee het, was 'n aanduiding van die ernstige lig waarin dit beskou is. Apartheid is aangeval en weer eens was dit 'n aanval vanuit Naudé se Christelike Instituut.

Vir moontlike motivering vir die aanstelling van 'n kommissie van ondersoek moet ook gekyk word na die "ope brief aan die Eerste Minister" wat deur twaalf persone, onder wie Naudé en Engelbrecht, onderteken is en op 21 Oktober 1968 aan Eerste Minister BJ Vorster oorhandig is. Hierdie dokument is opgestel deur Engelbrecht na aanleiding van 'n uitlating van min Vorster oor predikante wat hulle met die politiek inlaat. Vorster het heftig gereageer - Soos alle "liberaliste en linksgesindes" doen, is afsonderlike ontwikkeling in die ope brief aangeval - "Dat u egter die vermetelheid aan die dag lê om my Kerk aan te val soos u doen, verwerp ek met die diepste veragting".[99] Hoewel die kritiek van die CI 'n bybelse kritiek op apartheid was, is die brief met sy boodskap met minagting verwerp. Die hoofsaak was dat apartheid gekritiseer is - en weer was dit Naudé en sy Instituut wat op dié wyse die geduld beproef en die humeure geprikkel het.

Die oproep van Naudé dat daar fyn op gelet moet word dat die owerheid Christelik moet optree, en sy beklemtoning van die kiesers se swaare verantwoordelikheid vanweë die feit dat die grootste deel van die bevolking geen stemreg het nie,[100] het hom ook nie meer geliefd gemaak nie. Ook die manifes wat deur 34

---

[97]Aw p 120.

[98]Aw p 121.

[99]Pro Veritate 15 November 1968.

[100]Pro Veritate 15 Februarie 1969.

persone, onder wie Naudé en Engelbrecht (die opsteller), onderteken is en in Januarie 1970 wêreldkundig gemaak is, het bygedra tot die gramskap teen die CI. In twaalf punte is gewys op die verantwoordelikheid wat daar op elke stemgeregtigde kieser rus. Die regte regering, so is dit gestel, moet volgens versoening, waarheid, geregtigheid en liefde as norme oorweeg word.[101] Dit was bedoel as 'n boodskap aan hulle wat in April na die stembus sou gaan. Vir die kommissie van ondersoek wat in hulle verslag die twaalf punte van die manifes volledig aangehaal het, was dit veelseggend dat hierdie manifes in dieselfde uitgawe van Pro Veritate verskyn het as 'n artikel van ene Richard Turner teen die kapitalisme. "Die Instituut onthul sy eie politieke standpunt deur Turner se sosialistiese propaganda met die beginsels vervat in die "Twelve Statements" te assosieer".[102]

Na 1970 het die gevoel teen Naudé en die CI vinnig opgebou en is dit verder versterk deur die artikel in Pro Veritate van Maart 1971 oor die kwessie van gewetensbesware in verband met militêre diensplig en die moontlike alternatiewe vir diensplig.[103] Dit was 'n artikel wat in terme van die bedreiging op die Suid-Afrikaanse grense en die identifikasie van die begrippe diensplig en patriotisme, skerp reaksie ontlok het. Die vervolg hierop was 'n studiestuk van Roelf Meyer en Naudé oor militêre diensplig waarin hulle 'n pleidooi gelewer het vir alternatiewe diens op niemilitêre terrein vir hulle met gewetensbesware. Hierdie geskrif was 'n opvolg op die besluit van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke op 2 Augustus 1974 te Hammanskraal teen militêre geweld. Die besluit wat geneem is op voorstel van eerwaarde Douglas Bax en Naudé, was gemik teen militêre geweld in 'n land soos Suid-Afrika waar die samelewing basies onregverdig en diskriminerend sou wees.[104] Die studiestuk van Meyer en Naudé was 'n poging om die besluit van Hammanskraal te ondersteun en te wys op gronde

---

[101]Pro Veritate 15 Januarie 1970.

[102]Schlebusch-verslag p 99.

[103]Pro Veritate 15 Maart 1971.

[104]Pro Veritate 1 Augustus 1974.

vir gewetensbeswaar teen diensplig.[105]

Gaandeweg het Naudé al verder gegaan. Reeds in Augustus 1971 is in Pro Veritate geskryf oor disinvestering as 'n wyse om Suid-Afrika se probleme op te los en is daarop gewys dat die kerk 'n rol het om te speel in hierdie saak.[106] Sedert Oktober 1976 is daar openlik deur die CI geagiteer vir onttrekking van buitelandse beleggings in Suid-Afrika. Naudé was die spil waarom alles gedraai het. En met die mobilisering van buitelandse magte teen Suid-Afrika, was al wat nog nodig was om verandering in Suid-Afrika af te dwing, die skepping by die swartman van die bewussyn van sy mag en die mobilisering van daardie mag. Daarom het die ondersteuning van Swart Teologie in artikels in Pro Veritate al meer opvallend geword[107] en het die gedagtes van die teologie van die Rewolusie al meer begin deurskemer bv in 'n artikel van Geoff Budlender oor "Civil Rights and the University" en Ronald Christenson se artikel oor "Country of the banned".[108] Om die binnelandse doel te bereik, is daar intensief begin organiseer.

Dit is interessant dat die historikus Davenport na die CI verwys as "a body best known for its sponsoring of SPROCAS".[109] Dié "Study Project on Christianity in Apartheid Society" is in 1969 begin deur die SARK en die CI, maar eintlik was dit 'n projek van die CI en Naudé het daarin die sentrale rol gespeel. Die ondersoekkommissie na die CI het ongeveer een-agtste van sy verslag aan hierdie projek gewy. In Maart 1969 is Peter Randall as direkteur aangestel van SPROCAS 1 wat later sou oorgaan in SPROCAS 2. Die ses studiekommissies se gepubliseerde verslae het

---

[105]"Vryheid vir Vrede" - Roelf Meyer en Beyers Naudé, 20 September 1974.

[106]Pro veritate 15 Augustus 1971.

[107]Bv die uitgawes van Pro Veritate van 15 Januarie 1972, 15 Augustus 1972, 15 Maart 1976.

[108]Pro Veritate 15 April 1973. Dit kom verder ook voor in Pro Veritate van 15 November 1973, 15 Maart 1976.

[109]Davenport, TRH. Aw p 427.

'n duidelike aanduiding gegee van die standpunt-inname teen apartheid bv "Power, Privilege and Poverty", "Towards Social Change", "Towards Political Justice" en "Education Beyond Apartheid".[110] In 1973 het Randall se boek "A Taste of Power: The final SPROCAS Report" die lig gesien. Self het Randall die inhoud van sy boek saamgevat as 'n pleidooi vir die sosialistiese orde wat voorsien word. Swartmag in die breedste sin sou sorg vir die oordrag van mag. Die slotsom was dat die swartmense die smaak van mag gekry het, en dat die blankes nie sal kan keer dat hulle die volle maal geniet nie.[111] Wat Randall betref, sal fundamentele verandering nie deur witmense geïnisiëer word nie, maar deur swartmense.[112] Dit was juis die werk van SPROCAS 1 wat gelei het tot die skerp kritiek van dr AM Hugo en WA de Klerk op die werk van die CI.[113]

In Januarie 1972 is met SPROCAS 2 begin. Ook hier is gewerk vir verandering in Suid-Afrika deur sosialisme en 'n "radical redistribution of power, land and wealth".[114] Die ondersoekkommissie na die CI haal dr Denis Worrall, Senator van die Nasionale Party, aan nadat hy die politieke verslag nie wou onderteken nie: "The establishment of SPROCAS 2 at the beginning of 1972 came as a complete surprise to me and I have watched its increasingly activistic role since then with growing dismay".[115]

Voordat SPROCAS 2 se werksaamhede in Desember 1973 amptelik ten einde geloop het, is daar begin met die "Programme for Social Change". Die stigtingsvergadering het op 19 Maart 1974 plaasgevind in Diakonia House onder voorsitterskap van Naudé. By dié vergadering het die vraag ter sprake gekom of die PSC sy optrede tot wettige optrede sou beperk. Peter Randall het verklaar dat

---

[110] Schlebusch-verslag p 126.
[111] Pro Veritate 15 Oktober 1973.
[112] Schlebusch-verslag p 127.
[113] Pro Veritate 15 Maart 1974, en Pro Veritate 15 Mei 1974.
[114] Schlebusch-verslag p 129.
[115] Aw p 127.

'n organisasie soos dié "should push to the limits of tolerance".[116]

Volgens die rapport van die ondersoekkommissie was Naudé ook betrokke by die University Christian Movement (UCM). Op 31 Augustus 1967 reeds het hy 'n brief aan ene GT Skaris van Princeton in die VSA gestuur waarin hy verklaar het "... we are seriously trying to find the right person to build up the new University Christian Movement".[117] Eintlik is die UCM feitlik volledig deur die CI gedra deur die voorsiening van personeel, kantoorakkommodasie, drukkersfasiliteite en die grootste deel van die finansies. Ook hierdie organisasie het met sy klem op Swartmag, verandering in Suid-Afrika beoog. Die Swart Teologie was in besonder die vrug van die werk van die UCM.[118] Hierdie organisasie het ontbind nog voordat die kommissie van ondersoek na die CI sy werksaamhede kon begin.[119] Die Swart Teologie as eksponent van die Teologie van die Rewolusie het egter voortgegaan.

Hoedat Naudé met sy CI totaal wegbeweeg het van die oorspronklike doelstellings en metodes, blyk ook uit die persone wat later deur hom aangestel is. Eerstens was daar Cedric Mayson, 'n voormalige predikant van die Metodiste Kerk, wat vanaf Januarie 1976 die redakteur van Pro Veritate geword het. Oor die onrus wat gelei het tot die onluste in die swart woonbuurte in Junie 1976, het hy jubelend in die taal van die Teologie van die Rewolusie geskryf oor "God is besig om te gebeur".[120] In dieselfde blad het hy blyke gegee van sy band met die ANC[121] toe hy verklaar het dat die Suid-Afrikaanse Regering die ANC verban het en so doelbewus 'n oplossing van politieke onderhandeling voorkom het. Daarom

---

[116]Aw p 140.

[117]Aw p 135.

[118]Nolan, Albert. God in South Africa - The Challenge of the Gospel p 3.

[119]Davenport. Aw p 428.

[120]Pro Veritate 15 Junie 1976.

[121]Aida Parker Newsletter, Special Issue, Ongedateerd, p 13.

het hy die kerke opgeroep tot aksie deur bv die ANC.[122] In 'n ander artikel, "The Gospel according to Blackness", het hy gemeld dat hy bevooroordeeld was teen Swart Teologie, Swart Bewussyn en Swartmag, maar dat sy siening verander het. Hy eindig dan met "God is at work, Black Theology reveals Him".[123] Pro Veritate het inderdaad ver afgewyk van die weg waarop aanvanklik gewandel is. Die Gereformeerde karakter en getuienis het heeltemal verdwyn.

Die latere geskiedenis van Mayson is dat hy op 27 November 1981 gearresteer is onder die Wet op Terrorisme. Die klag het hoofsaaklik gegaan oor sy aktiewe steun aan die ANC, dat hy teikens vir sabotasie aangedui het, dat hy vir die ANC stakings en boikotte moes reël, en dat hy die stigting van gebiedskomitees van die ANC met onder andere dr CFB Naudé bespreek het.[124] Op 19 Februarie 1983 is hy na 18 maande in die gevangenis, op R1 000 borgtog vrygelaat nadat die belangrikste staatsgetuie, 'n vorige NUSAS-president, verdwyn het. Die verhoor is deur die Pretoriase Hooggeregshof uitgestel tot 18 April 1983. Skynbaar was dit op 18 April dat hy uit die land gevlug het[125] want op 19 April het hy 'n perskonferensie in Londen gehou. Op 20 April is uit Londen berig: "The softly spoken former clergyman who believes that violent and non-violent strategies have their place in the South African liberation struggle, can expect the same sort of magnesium-flare attention from the Press as that enjoyed by previous escapees like the Rev Theo Kotze and Mr Donald Woods".[126] Later is berig dat Mayson deur 'n volkshof of "people's tribunal"[127]

---

[122]Pro Veritate 15 Junie 1976.

[123]Pro Veritate 15 Mei 1977.

[124]The Star 11 Oktober 1982, Beeld 8 Februarie 1983.

[125]The Star 19 April 1983, The Citizen 19 April 1983.

[126]Eerw Theo Kotze was die Kaapse Direkteur van die CI. Donald Woods was die vroeëre redakteur van die Daily Dispatch, en het ook in Pro Veritate geskryf. Die berig is uit The Star 20 April 1983.

[127]Geheime "hofsittings" deur selfaangestelde (jeugdige) swart regters.

gedwing is om Suid-Afrika te verlaat. "Reliable sources say the tribunal ordered former clergyman, Cedric Mayson, to leave South Africa to protect people associated with 'liberation politics'".[128] Die naam van dr Naudé is in hierdie verband genoem.

Die verandering by die CI en Naudé self is verder belig deur personeellede soos Neville Curtis, voormalige NUSAS-president en Horst Kleinschmidt, voormalige vise-president van NUSAS. Curtis se mening oor die verandering wat in Suid-Afrika bewerk moes word, was "Change will mean black domination".[129] Kleinschmidt wat assistent-direkteur van die CI was by sy ontbinding, is in die klagstaat teen Mayson beskryf as "an active ANC supporter". Hy het in 1977 uit die land gevlug.[130] Oshadi Phakathi wat ook in 1977 uit die land gevlug het en in Holland vir die CI gaan werk het, was Transvaalse streeksdirekteur van die CI en leiersfiguur in die Black Parent's Association in die dae van die onluste in Soweto in 1976. In 'n toespraak gedurende Januarie 1978 in Wes-Duitsland het sy onder meer verklaar: "From a Christian standpoint it is ... hypocritical to recommend to the Blacks of South Africa the politics of non-violence. ... Through its actions the CI has consistently endeavoured to give practical expression to the fact that it is sympathetic to participation in a revolutionary situation".[131] Basil Moore wat moes sorg vir 'n korrespondensiekursus vir swart predikante van die Separatiste Kerke, was 'n uitgesproke voorstander van Swart Teologie.[132] Colin Davison het in Januarie 1970 tot die personeel van die CI toegetree en is in beheer geplaas van Bybelstudiekringe. Hy het ook die sensitiwiteitsopleiding waargeneem. By 'n erediens in Rustenburg het hy op 20 Oktober 1968 verklaar: "Non-violence is not worth it. We now use violent means".[133] Ook Richard Turner

---

[128]The Star 16 Junie 1983.

[129]Schlebusch-verslag p 131.

[130]The Star 11 Oktober 1982, Beeld 8 Februarie 1983.

[131]The Citizen 21 Julie 1978.

[132]Schlebush-verslag p 131.

[133]Aw p 114.

was bekend vanweë sy bedrywighede in NUSAS. Die ondersoekkommissie het verwys na Turner se verklaring dat hy nie 'n Christen is nie en sy opmerking: "What should be relevant to the members of an organised church should be the attempt to turn their religion from being a tranquilliser to being a revolutionary stimulant".[134] Die groep persone wat Naudé rondom hom vergader het, was van 'n totaal ander kaliber as diegene wat aanvanklik by hom gestaan het en het beslis nie altyd bygedra tot die Christelikheid van die Instituut nie. Aan hulle wil om deur die vorming en mobilisering van swartmag verandering in Suid-Afrika te bewerk, was egter nie te twyfel nie.

Ter wille van die bevryding van die swartman het Naudé sy volle gewig ingewerp om die swart mening te help vorm. Daarvoor het hy volkome aan die kant van die swartman gaan staan. Selfs sy gaan na die gevangenis in Oktober 1976 eerder as om die boete te betaal omdat hy nie voor die Le Grange-kommissie wou getuig nie, was - hoe onbegryplik ookal - 'n poging tot identifikasie met die swartman.[135] Oor sy vrylating uit die gevangenis na één nag omdat sy predikant sy boete gaan betaal het, was hy uiters ongelukkig[136] en in Pro Veritate is die absurde klag ge-opper: ".. in South Africa, it appears, a man is not even free to stay in prison if he wants to".[137]

Hoedat Naudé en die CI ten volle kant gekies het vir die swartman het veral geblyk uit die reaksie in Pro Veritate tydens die onluste in 1976. Die polisie se optrede met die opstand van die

---

[134]Aw p 99.

[135]Persoonlik meegedeel aan sy predikant toe laasgenoemde sy boete gaan betaal het op 29 Oktober 1976 (Kwitansie nr 914164) en hom van Pretoria se Sentrale Gevangenis terugvervoer het na Johannesburg.

[136]Te kenne gegee deur Pro Veritate van 15 Desember 1976, en aan: Die Burger 30 Oktober 1976, The Sunday Express 31 Oktober 1976, Beeld 30 Oktober 1976, Die Transvaler 30 Oktober 1976, The Rand Daily Mail 30 Oktober 1976.

[137]Pro Veritate 15 Desember 1976.

swart jeug was maar net weer 'n voorbeeld van "The poor and oppressed ... always being killed by the forces of 'law and order'".[138] 'n Verdere voorbeeld van die onvoorwaardelike stelling-inname aan die kant van die swartman was toe 'n afvaardiging van die Vrije Universiteit in die tweede helfte van 1975 'n internasionale konferensie by die Potchefstroom se Universiteit sou bywoon. Naudé was in 'n posisie waarin hy sou beslis of hulle sou kom of nie. "Is die motief om blanke vooroordeel of blanke belange te bevorder? Of kom die afvaardiging vasstel wat die gevoel en aspirasies van die swart bevolking is? As laasgenoemde die geval is, is ek ten gunste van die besoek".[139]

Eindelik is die CI en Pro Veritate op 19 Oktober 1977 onwettig verklaar en is Naudé onder huisarres geplaas - 'n toestand wat geduur het tot 26 September 1984. Op 23 Februarie 1980 het hy 'n brief aan die kerkraad van Parkhurst gerig waarin hy bedank as lidmaat van die NG Kerk en verklaar dat hy hom voeg by "een van die jonger NG Kerke". As rede het hy aangevoer die "besluit van die Algemene Sinode van die NG Kerk in Oktober 1978 om die ernstige pleidooie van die drie jonger NG Kerke tot eenwording nie te aanvaar nie" wat hom duidelik laat besef het dat hy "by 'n kruispad gekom het" ten opsigte van die lidmaatskap van die kerk.[140] Die gesprek met die predikant waarvan hy in sy brief melding maak, was 'n lang pleidooi van Van Rooyen by hom om weer te besin, maar dit het nie gehelp nie. Hy wou en sou oorgaan na die NG Kerk in Afrika waarvan hy die voertaal nie verstaan het nie. Naudé het hom nou finaal en volkome by die swartmense van Suid-Afrika gaan skaar - en van die blankes afgesonder. By die Nagmaaldiens van die NG Kerk in Afrika in die kerksaal van die NG Gemeente van Parkhurst op 24 Februarie 1980 - die dag na sy bedanking as lidmaat van die NG Kerk - het Naudé sy "intreerede" in die NGKA gehou en daarin telkens verwys na "ons verdruktes".

---

[138]Pro Veritate 15 Julie 1976.

[139]Beeld 3 Junie 1975 - Naudé in telefoniese onderhoud met die Katolieke Radio-omroep in Nederland.

[140]Brief van Beyers Naudé op 23 Februarie 1980 aan die Voorsitter en lede, NG Kerkraad, Parkhurst.

HOOFSTUK 8

NOG EENS BEYERS NAUDÉ -

DIE WERK VAN DIE VERBANNE CI VOORTGESIT

Teen die einde van die sestigerjare het daar 'n al hoe nouer samewerking tussen die Christelike Instituut en die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke ontstaan. Dit blyk onder andere daaruit dat "'n Boodskap vir die volk van Suid-Afrika" in Junie 1968 deur die SARK uitgegee is hoewel dit 'n pennevrug van die CI (Dr Engelbrecht) was. Self was Naudé lid van die Uitvoerende Komitee van die SARK en het hy ook die vergaderings en konferensies bygewoon. Sodoende kon hy by die vergadering van dié liggaam op 2 Augustus 1976 te Hammanskraal die voorstel van eerw Douglas Bax teen militêre diensplig sekondeer. Met hierdie besluit het ook geblyk hoedat daar van die kant van die CI 'n invloed op die SARK uitgegaan het want die betrokke besluit was eintlik slegs 'n weergawe van 'n artikel oor gewetensbesware in verband met militêre diensplig wat vroeër in Pro Veritate verskyn het.[1]

Die verbod op die CI en die inperking van Naudé het eintlik alleen 'n onderbreking in die sigbaarheid van die verhouding tussen Naudé en die SARK gebring. De Gruchy wys daarop dat die staat die CI verhinder het om sy taak te voltooi en meld dan: "Others, such as the SACC, soon to be led by bishop Desmond Tutu, and its member churches, now had the full responsibility for bearing that testimony".[2] En so het dit inderdaad verloop. Die werk waarvoor Naudé hom veral sedert ongeveer 1970 begin beywer het, is in die "interim" deur die SARK voortgesit waar twee persone, dr Allan Boesak en biskop Desmond Tutu wat intussen in

---

[1]Pro veritate 15 Maart 1971.

[2]De Gruchy, John W. A Short History of the Christian Institute, in Resistance and Hope, South African Essays in honour of Beyers Naudé, p 25.

die internasionale kollig inbeweeg het, aan die spits gestel is.[3]

Kort na die beëindiging van Naudé se inperking op 26 September 1984, is hy in die plek van biskop Tutu as algemene sekretaris benoem en het daar onmiskenbaar meer lewe in die SARK gekom. Met sy inperking as iets van die verlede en met die SARK bankvas agter hom, kon Naudé nou sy pad ongehinderd gaan. Die verbod op die CI en Pro Veritate het in die lig hiervan eintlik absurd geword. Die verbod se enigste betekenis was dat dit van Naudé 'n internasionaal-bekende martelaar gemaak het wat saam met Boesak en Tutu die status van onaantasbare verkry het. Die drie, met Naudé aan die voorpunt, het wêreldfigure geword. Die werk wat Naudé by die CI nie kon voltooi nie, kon nou met die steun van miljoene swart lidmate in die SARK verteenwoordig en onder gekonsentreerde aandag van die wêreld voortgesit word. Naudé se stem het die stem van "die volk" geword.[4]

In die optrede van Naudé na die opheffing van sy inperking was daar dieselfde kenmerke as in die latere jare van die CI - alleen duideliker waarneembaar.

8.1 DIE PLEIT VIR DISINVESTERING

Naudé se beroep op die wêreld vir disinvestering en sanksies teen Suid-Afrika het 'n lang geskiedenis gehad. Reeds in 1971 is daar in Pro Veritate uitvoerig gehandel oor disinvestering as middel om Suid-Afrika se probleme op te los.[5] In 1974 het Naudé egter in 'n onderhoud met die Nederlandse blad Trouw beweer dat Suid-Afrika binnekort deur 'n swart regering bestuur sou word en het

---

[3]Dr Allan Boesak het in 1982 president van die Wêreldalliansie van Gereformeerde Kerke geword en biskop Desmond Tutu het in 1984 die Nobelprys vir vrede ontvang.

[4]Naudé het by die begrafnis van die vier vermoorde UDF-leiers op 20 Julie 1985 in naam van "die volk" 'n beroep op die Regering gedoen. Beeld 22 Julie 1985.

[5]Pro Veritate 15 Augustus 1971.

hy gevra dat buitelandse instansies sal voortgaan om in Suid-Afrika te belê "omdat 'n swart regering binnekort die voordeel daarvan sal trek".[6] Gedurende 1974 het die Wêreldraad van Kerke besluit om banke te versoek om nie lenings aan Suid-Afrika te gee nie en in 1975 het hulle besluit om nie langer banke wat sulke lenings gee, te ondersteun nie.[7] Op 22 Oktober 1976 het die CI besluit om beleggings in Suid-Afrika af te raai omdat dit immoreel, onregverdig en eksploiterend is. Die CI het by dié geleentheid verklaar dat hulle glo dat die meerderheid van die swartmense teen belegging in Suid-Afrika is.[8] In sy voorgelese toespraak voor J'Accuse in Nederland vroeër in die jaar, het Naudé verklaar dat hy nog wag om te sien wat die meerderheid swartmense se standpunt in dié verband is.[9] Later in die jaar het hy verklaar dat dit nodig is om vas te stel hoe die swartmense oor disinvestering voel.[10] Sonder enige blyke dat daar intussen vasgestel is hoe dié mense voel, het die SARK kort na Naudé se ampsaanvaarding as Algemene Sekretaris onder sy leiding in 1985 amptelik besluit om die disinvesteringsveldtog teen Suid-Afrika te steun. Naudé en Tutu het in hierdie verband ook aan die Amerikaanse banke geskryf[11] en aan die EEG se ministers van buitelandse sake op 'n feitesending het hulle verklaar dat slegs sanksies die "bloedige rewolusie" kan keer.[12] Onmiddellik na die SARK se besluit is onder leiding van Naudé 'n spoedvergadering oor ekonomiese sake onder leiding van die WRK in Harare aangevra. Daar is die besluit van die SARK aan die afgevaardigdes oorgedra en is gepleit vir disinvestering en die opskorting van alle korttermynlenings aan Suid-Afrika.[13] Met die besluit van die SARK om hom in sy oogmerke te sterk, het Naudé

---

[6]Beeld 15 November 1974.

[7]Pro Veritate 15 September 1976.

[8]Pro Veritate 15 Desember 1976.

[9]Pro Veritate 15 Mei 1976.

[10]Pro Veritate 15 Augustus 1976.

[11]Beeld 18 November 1985.

[12]Beeld 31 Augustus 1985.

[13]Beeld 18 November 1985 en 3 Desember 1985.

ook aan die einde van 1985 in Londen die Britse Raad van Kerke kon beweeg tot 'n besluit vir algehele disinvestering in Suid-Afrika.[14]

Wat Naudé betref, moes alle moontlike steun in dié verband teen Suid-Afrika gewerf word - ten spyte van die oortuiging van ekonome en politici in en buite Suid-Afrika dat sanksies en disinvestering die swartmense die ergste sal raak. In 1976 reeds het 'n kenner van die ekonomie Naudé skerp gekritiseer: "Dr Naudé presumably knows quite a lot about theology. He is on the other hand pitifully ignorant of the basis of economics".[15] Alles ten spyt het Naudé op sy ingeslane weg voortgegaan en bly ywer vir sanksies teen Suid-Afrika. Saam met Tutu en Boesak is ook aan dr Fritz Leutwiler, bemiddelaar tussen Suid-Afrika en dié land se buitelandse skuldeisers, geskryf en gevra dat die betrokke oorsese banke die herskedulering van die Republiek se skuld verwerp - behalwe as die regering bedank! - en dat daar beslag gelê word op Suid-Afrika se oorsese bates soos vliegtuie en skepe.[16]

Die grootste meningsopname wat nog in dié verband gehou is, nl dié van die Kamer van Mynwese, het aan die lig gebring dat 85% van alle swartmense en 89% van blankes disinvestering verwerp,[17] maar ook dit kon Naudé nie keer om in die VSA saam met Boesak en Tutu en ook senator Ted Kennedy te pleit vir nuwe en volgehoue boikotte teen Suid-Afrika nie. Ook President Bush is in dié verband genader.[18] Tuis het 'n leier van die bruinmense in Suid-Afrika, eerw Alan Hendrickse, die toneel geskets: "Sanksies maak seer, sanksies bring werkloosheid, sanksies bring honger, sanksies bring siekte".[19] In Nederland het Naudé aan Elsevier's

---

[14]Beeld 26 November 1985 en 28 November 1985.

[15]The Sunday Times 30 Mei 1976 - aangehaal in Pro Veritate 15 Augustus 1976.

[16]Beeld 20 Februarie 1986.

[17]Beeld 17 Mei 1989.

[18]Beeld 17 Mei 1989.

[19]Beeld 20 Mei 1989.

Weekblad verklaar dat sanksies die enigste hoop vir 'n nie-gewelddadige oplossing in Suid-Afrika is. Strydig met alle feite het hy daaraan toegevoeg dat sanksies slegs gevolge sal hê vir die blanke bevolking en dat dié gevolge "over het geheel genomen minimaal" sal wees vir die swart bevolking. Vir laasgenoemde groep sal sanksies eerder 'n hoopvoller toekoms verskaf.[20]

Terwyl daar in Suid-Afrika die werklike vrees bestaan dat groeiende werkloosheid vanweë kwynende ekonomie 'n teelaarde vir onrus onder die swartmense kan skep, is die beweegrede wat Naudé vir sy kruistogte teen Suid-Afrika in dié verband aanvoer vreemd genoeg ook juis "die vrees vir die bloedbad wat miljoene mense se lewens sal eis".[21] Naudé hou vol: "Indien betekenisvolle stappe nie deur die buitewereld gedoen word nie, kan ek slegs 'n verhewiging van die rassekonflik in Suid-Afrika sien".[22]

8.2 DIE OPROEP TOT BURGERLIKE ONGEHOORSAAMHEID

Aan die gedagte van burgerlike ongehoorsaamheid is daar reeds op 'n vroeë stadium in die CI aandag gegee. Aan die einde van 1971 het daar in Pro Veritate 'n artikel verskyn van ene Ernlé Young onder die opskrif "Christians in spite of the law". Hierin het die skrywer daarop gewys dat Calvyn ruimte gelaat het vir gewetensbesware. Karl Barth het soos Calvyn geleer dat die regverdige staat geëer moet word as 'n instelling van God en dat die onregverdige staat weerstaan moet word - sonder of met geweld, soos die omstandighede vereis - as 'n demoniese perversie van die Goddelike instelling.[23]

In 'n latere artikel het Roelf Meyer verwys na die owerheid wat geweld gebruik om die apartheidsisteem te ondersteun en te verde-

---

[20]Van der Elst, J. PU vir CHO, Drie Apostels van Versoening, in Woord en Daad, Vol 29, Nr 318, Februarie 1989, p 12.

[21]Aw.

[22]Beeld 20 September 1986.

[23]Pro Veritate 15 Desember 1971.

dig en dat dit die vraag na gehoorsaamheid aan die owerheid na vore bring. In 'n normale situasie, het Meyer geskryf, moet die owerheid gehoorsaam word, maar as die regering begin god speel en mense se lewens totaal wil beheer, is die vraag of so 'n owerheid gehoorsaam mag word. Om 'n regering wat dinge doen wat in stryd met die evangelie is, te gehoorsaam, is dan nie burgerlike ongehoorsaamheid nie, maar eerder Goddelike gehoorsaamheid.[24]

Dié gedagtes is deur Naudé in die SARK voortgesit. In Junie 1985 het hy teruggekeer van 'n besoek aan Europa en die VSA en het hy in sy verslag aan die SARK se nasionale konferensie in Bosmont, Johannesburg, gepleit vir "doeltreffende nie-gewelddadige optrede - insluitende burgerlike ongehoorsaamheid" om 'n "verdrukkende en onregverdige stelsel" op sy knieë te bring. Hy het verklaar dat hy dit bepleit hoewel hy bewus is dat apartheid besig is om te verbrokkel.[25] Twee jaar hierna het hy by die SARK groot applous ontlok toe hy verklaar het dat die Suid-Afrikaanse regering heeltemal 'n onwettige regering is[26] en het hy hiermee die SARK volkome in ooreenstemming gebring met die Kairos-dokument wat deur hom mede-onderteken is en waarin verklaar is: "... the moral illegitimacy of the apartheid regime means that the church will have to be involved at times in civil disobedience. A church that takes its responsibilities seriously in these circumstances will sometimes have to confront and to disobey the State in order to obey God".[27]

8.3 DIE TEMA VAN GEWELD

Vir die stelling dat Naudé hom telkens teen die gebruik van geweld uitgespreek het, is daar meer as genoeg bewyse.

---

[24]Pro Veritate 15 Julie 1974.

[25]Beeld 26 Junie 1985.

[26]Beeld 1 Julie 1987.

[27]The Kairos Document. Challenge to the Church. A Theological Comment on the Political Crisis in South Africa. 5th Impression, February 1986, Paragraaf 5.5 p 24.

Tog was daar reeds in die sewentigerjare in Suid-Afrika 'n sterk gevoel dat indien Naudé dan nie geweld steun nie, hy dit minstens in die hand werk en hom ook aan die kant van die geweld teen die owerheidsgeweld skaar. Die voorstel van Naudé by die SARK op 2 Augustus 1974 teen militêre diensplig het hierdie vermoede help skep. Die voorstel wat deur die vergadering aanvaar is, het militêre geweld bevraagteken. Dit kan alleen in 'n regverdige oorlog gebruik word en nie vir die verdediging van 'n samelewing wat basies onregverdig en diskriminerend is nie. Daarom het die konferensie die voorstel waarin geweld as metode om probleme op te los betreur word, aanvaar. Mense is gevra dat hulle op grond van hul gewete beswaar moet maak teen diensplig, dat hulle moet identifiseer met die verdruktes; en kerke is opgeroep om die steun van kapelane in die Weermag te heroorweeg. Op geen punt is die geweld van die terroriste of vryheidsvegters bevraagteken of afgekeur nie. Wel is besluit om ondersoek te doen na die staat van pastorale sorg wat beskikbaar is vir die "lidmate wat op die oomblik in ballingskap is, of wat buite ons grense is" en om weë en middele te probeer vind om te verseker dat sodanige pastorale sorg behoorlik uitgevoer sal word![28] Die indruk is onvermydelik gewek dat kapelane vir "die lidmate in ballingskap" in teenstelling met kapelane vir die militêre magte 'n vanselfsprekendheid is. Oor die besluit waarin hulle met gewetensbesware aangemoedig word, het Sir De Villiers Graaff, leier van die amptelike opposisie in die Parlement, die algemene oortuiging verwoord deur te verklaar: "The encouragement of conscientious objection to this duty would only serve the cause of violence".[29]

Ook in Pro Veritate is daar meermale die sterk indruk geskep dat teengeweld nie alleen nié afgekeur word nie, maar selfs verwelkom word. Vlak voor die uitbreek van die onluste in Soweto op 16 Junie 1976 het die inleidingsartikel die opskrif gedra "Dit is besig om te gebeur!". Onmiskenbaar gee die artikel die indruk van vreugde oor die komende onrus en skep dit die indruk dat die

---

[28]Pro Veritate 15 Augustus 1974.

[29]Pro Veritate 15 Augustus 1974.

komende geweld geregverdig is. Die redakteur het melding gemaak van mense wat gewelddadig onderdruk is, beroof is van hulle geboortereg, en wat tans besig is om hierdie verdrukking en geweld van hulle af te werp. Die skrywer sien voor hom miljoene swartmense wat besig is om uit te breek uit die duisternis van onderhorigheid. Die kapitalistiese stelsel is besig om te verbrokkel en Suid-Afrika strewe na 'n sosiale stelsel wat kenmerkend sy eie sal wees. "God is besig om te gebeur!" is die jubelkreet aan die einde van die artikel.[30]

In dieselfde uitgawe van Pro Veritate het Cedric Mayson 'n artikel geskryf oor "All is said but not done". Daarin het hy beweer dat die owerheid doelbewus die ANC verban het om op dié wyse 'n oplossing deur politieke onderhandeling te voorkom. So het die owerheid die land beweeg tot 'n situasie van rewolusie waarin die swart aspirasies met geweld onderdruk kon word. Hy roep die kerk dan op tot aksie deur bv SASO[31] en die ANC.[32]

Hierdie ingesteldheid waarin kant gekies word vir swart geweld terwyl die geweld van die owerheid sonder omhaal van woorde afgekeur word, het ook geblyk toe Naudé in Junie 1985 by 'n kerkdiens in Utrecht in Nederland, volgens die pers 'n aanval gedoen het op kerke wat weier om hulp aan die ANC te gee omdat dié beweging geweld voorstaan. Die ANC, het hy gesê, is tot geweld gedwing deur die "geweld van apartheid". Dié beweging het nie uit eie keuse na geweld gegryp nie.[33]

Op 20 Julie 1985 was Naudé en Boesak sprekers by die begrafnis van vier vermoorde leiers van die United Democratic Front (UDF) in Cradock. Teen die agtergrond van die vaandel van die Kommunistiese hamer en sekel, en baniere van die verbode Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) en ANC het beide uiters emosionele

---

[30]Pro veritate 15 Junie 1976.

[31]South African Students Organisation.

[32]Pro Veritate 15 Junie 1976.

[33]Beeld 20 Junie 1985.

toesprake gelewer. Aan die 50 000 hoofsaaklik swart toeskouers het Naudé gesê dat die afkondiging van die noodtoestand die eerste stap is in die rigting van 'n militêre regering vir die land, en dat dit olie is op die vuur van geweldpleging en ontevredenheid. Hy het 'n beroep op die regering gedoen: Indien hulle die land nie in vlamme wil sien opgaan nie, moet daar nou gehoor gegee word aan "die volk" se vryheidskrete vir geregtigheid.[34]

Na aanleiding van Naudé en Boesak se toesprake by dié geleentheid, het die Moderatuur van die NG Kerk van Noord-Transvaal 'n verklaring van afkeur uitgereik: "Pleks van 'n boodskap wat in die aangesig van die dood troos en bemoediging bring, pleks van 'n boodskap wat oproep tot rus en kalmte en wat vra vir vreedsame oplossings vir die probleme van ons land, is klanke gehoor wat nie net die onderskeie kerke nie, maar die Christendom as sodanig teenoor die ongelowige wêreld ongeloofwaardig maak en in diskrediet bring".[35] Ds Sakkie Mentor van die NG Sendingkerk het verklaar dat "enige optrede van kerkmanne in 'n onrussituasie wat daarop neerkom dat onrus verder gestimuleer word, uiters afkeurenswaardig is. Dit het tyd geword dat die leiers hul woorde tel".[36]

Ook die verklaring van Naudé in Londen voor die Britse Raad van Kerke op 24 November 1985 dat die geweldpleging deur swartmense in Suid-Afrika geregverdig is en dat hy weier om dit te veroordeel,[37] het bygedra tot die oortuiging dat hy ten spyte van alle vroeëre ontkennings, tog wel 'n ondersteuner van geweld, swart geweld, is. Die verklaring blyk te wees dat die owerheidsgeweld dit onmoontlik maak dat die swart geweld veroordeel kan word.

---

[34]Beeld 22 Julie 1985.

[35]Beeld 23 Julie 1985.

[36]Beeld 23 Julie 1985.

[37]Beeld 26 November 1985, Beeld Inleidingsartikel 27 November 1985.

Na 'n konferensie in Harare saam met die ANC onder leiding van Naudé en Tutu oor "Kinders, Verdrukking en die Reg in Apartheid-Suid-Afrika" in September 1987, het Naudé na Suid-Afrika teruggekeer en op 30 September 'n verklaring namens die konferensie voorgelees waarin met waardering melding gemaak word van die swart kinders se aandeel in die stryd van die swartmense. Hulle "openbaar daagliks heldhaftige moed in hulle gewilligheid om hulle wrede onderdrukkers aan te pak in die stryd".[38] Dit is eintlik onmoontlik om hierdie verklaring te rym met 'n standpunt wat geweld afkeur. Immers, die noodtoestand is in Suid-Afrika in 1985 afgekondig vanweë 'n vlaag van geweld waarin die swart kinders met die kreet "liberation before education" 'n groot aandeel gehad het. In die voorafgaande 21 maande was hierdie radikale groepe verantwoordelik vir die vernietiging of ernstige skade aan 3 500 huise, 1 200 skole en 17 000 voertuie, en die dood van 573 swartmense - 295 van hulle as gevolg van halssnoermoorde.[39] Die aanwesigheid van misdadige elemente en die moord van swart deur swart, mag in hierdie onluste nie ontken word nie. Om globaal na hierdie situasie te verwys as die bydrae van die swart jeug in die vryheidstryd is nie alleen onwaar nie, maar ook niks minder as 'n ongekwalifiseerde goedkeuring van geweld nie.

Organisasies wat Naudé help stig het en waaraan hy verbonde was of nog is, was bedoel om die swart druk vir verandering te mobiliseer. Allereers was daar SPROCAS 2 wat hom openlik beywer het vir 'n sosialistiese staatsbestel. Die doel van SPROCAS 2 was onder andere "To help the Black Community become aware of its own identity"[40] en "To help the Black Community create a sense of its

---

[38]Beeld 1 Oktober 1987.

[39]"Die noodmaatreëls" - Kommentaar op 17 Januarie 1990. Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie. Binne 'n paar maande het die vlak van onrusverwante voorvalle met 80% afgeneem.

[40]Kommissie van Ondersoek na sekere Organisasies. Verslag aangaande die Christelike Instituut van Suidelike Afrika p 133 - Kortweg word hierna verwys as die Schlebusch-verslag, of-rapport.

own power"[41] in die lig van die aanvaarding "that fundamental change in South Africa in the sense of a radical redistribution of power, land and wealth will ultimately be initiated and brought about by blacks".[42] In die Sprocas-verslag "Towards Social Change" is verklaar: "In view of the unlikelihood of the majority of whites making concessions without considerable pressure being brought to bear upon them, and considering that the portion of whites which is likely to press for fundamental change, is never likely to be very large or very powerful, it would seem that pressure from blacks themselves offers the only real hope for incisive change in the foreseeable future. If such pressure is to be constructive then a great deal more political mobilisation needs to occur among rank-and-file blacks than has occurred hitherto..".[43] Swart Bewussyn as middel om die swartman se gevoel van eiewaarde te bou, was belangrik. "Black Consciousness (is) highly relevant and a necessary step towards a psychological power base from which to bargain".[44]

Uit die SPROCAS-projek het die Black Community Program (BCP) van die CI ontstaan. Ene Bennie Khoapa is deur die CI as direkteur aangestel. Onder sy leiding en met die hulp van Steve Biko, leier van die swart studente-organisasie SASO,[45] het die BCP spoedig tot 'n selfstandige organisasie ontwikkel. SPROCAS het die BCP-projek as baie belangrik beskou. Die fundamentele verandering in Suid-Afrika sal eindelik deur die swartmense teweeggebring word - "We thus believe that the Black Community Programmes are both potentially and actually the most important single aspect of SPROCAS...".[46] Hoewel die BCP die breë doel van maatskaplike dienste aan swartmense moes dien, het dit ook geywer om politieke bewustheid in die idioom van Swart Bewussyn by leer-

---

[41]Aw p 134.

[42]Aw p 132.

[43]Aw p 132.

[44]Aw p 128.

[45]South African Students Organisation.

[46]Schlebusch-verslag p 138.

linge aan te wakker. Self was Khoapa 'n aanhanger van Swart Teologie.[47]

'n Ander vrug van die SPROCAS-projek was die "Program for Social Change" (PSC) wat op 19 Maart 1974 onder voorsitterskap van Naudé gestig is en deur die CI gedra is. Peter Randall is as een van die organiseerders aangestel. Veral het dié organisasie geywer vir sosiale verandering deur "white consciousness" - 'n bewusmaking van blankes dat die verandering in Suid-Afrika deur swartmense sal kom.[48] Hulle werk het ook ingesluit dat aandag gegee moes word aan die sakesektor en multinasionale maatskappye wat die swart werkers uitbuit. Kritiek is op die kapitalistiese stelsel gelewer, en koöperatiewe organisasies is aangeprys.[49] Oor die vraag of die PSC hom tot wettige optrede sou beperk, het Randall soos reeds vermeld, op die stigtingsvergadering opgemerk dat die PSC "should push to the limits of tolerance".[50]

Die University Christian Movement (UCM) was 'n ander stigting van Naudé in 1967. Dit het sy wortels gehad in die Swart Teologie wat van Amerika afkomstig was en dit het onmiddellik 'n sterk aanhang verwerf op die swart kampusse waar NUSAS verbied was om op te tree.[51] Die bevrydingsteoloog Albert Nolan, wys daarop dat die Swart Teologie in Suid-Afrika veral uit dié beweging ontstaan het en dat dit gesorg het vir 'n keerpunt in die teologiese denke in Suid-Afrika.[52] Dit was die eintlike begin van Swart Teologie as bevrydings- en politieke teologie - "the explicit attempt by black Christians to confront the conditions of political and economic exploitation endemic in South Africa; to use such Bib-

---

[47]Aw p 137-138.

[48]Aw p 140.

[49]Aw p 141.

[50]Aw p 140.

[51]Grobler, Jackie. A Decisive Clash? A short history of Black protest politics in South Africa 1875 - 1976 p 162.

[52]Nolan, Albert. God in South Africa. The Challenge of the Gospel p 3-4.

lical symbols as exodus and resurrection to conscientise blacks and motivate them to become engaged in the overthrow of the conditions of their oppression".[53] In Swart Teologie word Swart Mag die verlossende mag van God.[54] In Pro Veritate het daar meermale goedkeurende artikels oor Swart Teologie verskyn[55] en in verband met Swart Mag in Suid-Afrika het die streekdirekteur van die CI eerw Theo Kotze in Junie 1974 verklaar: "Any hope for change in South Africa lay with Black Power".[56]

Die UCM op sy beurt het aanleiding gegee tot die stigting van die South African Students' Organisation (SASO) in 1968. By 'n UCM-vergadering in 1968 het 40 swart studente besluit om 'n swart studente-organisasie te stig. Steve Biko, 'n 21-jarige mediese student aan die Universiteit van Natal het die leiding geneem en met die hulp van die UCM[57] is SASO aan die einde van 1968 gestig. "If NUSAS provided the immediate launching pad for the founding of the first black consciousness organisation, SASO, some of the generative ideas of the movement sprang from membership of and contact with the University Christian Movement. Those ideas were expressed in a South African black liberation theology, namely Black Theology".[58] Biko wat na sy dood in aanhouding op 12 September 1977 internasionaal bekend geword het as martelaar, het volledig geïdentifiseer met die ideologie van Swart Bewussyn en SASO se doel was om uitdrukking te gee aan Swart Mag. Oral is takke van die organisasie onder "studente" gestig. "In SASO's terminology the word "students" included all those studying at institutions of learning on a post-primary level".[59]

---

[53]Leatt, James, Kneifel, Theo and Nürnberger, Klaus. Contending ideologies in South Africa p 118, 119.

[54]Nolan, Albert. Aw p 115.

[55]Pro Veritate 15 Januarie 1972, Pro Veritate 15 Augustus 1972.

[56]Schlebusch-verslag p 142.

[57]Aw p 146.

[58]Leatt, James, Kneifel, Theo and Nürnberger, Klaus. Aw p 118.

[59]Grobler, Jackie. Aw p 165.

SASO het homself nie beperk tot die belange van die swart studente nie, maar hulle aangemoedig om ook betrokke te raak in die politieke, ekonomiese en sosiale ontwikkeling van die swartmense. 'n Reeks vergaderings in dié verband het uitgeloop op die stigting van die Black People's Convention (BPC) in 1972. Die hoofdoel van die BPC was soos dié van SASO die bevryding van die swartmense deur middel van 'n proses van bewusmaking - veral van jong swartmense. In 'n SASO-nuusbrief is geskryf dat die kinders van hulle vroeë vormingsjare af bewus gemaak moet word - "they must talk, eat, live, cry and play the struggle for liberation ...".[60] Oral is leierskapsprogramme gereël en daar is selfs 'n direkteur hiervoor aangestel. Swart kerke en Swart Teologie is ook gebruik om hierdie Swart Bewussyn te skep. By 'n algemene vergadering in Julie 1973 is verklaar: "Christ was a revolutionary who had pledged his life for liberation ...".[61] Self het Biko in 'n SASO-nuusbrief geskryf: "Obviously the only path open to us now is to redefine the message of the Bible and to make it relevant to the struggling masses. The Bible must not be seen to preach that all authority is divinely instituted. It must rather preach that it is a sin to allow oneself to be oppressed...".[62] Grobler skryf in sy oorsig oor swart protes-politiek: "SASO and the BPC were the core organisations of the Black Consciousness movement of the 1970's. Was this a totally new force meant to supplement the ANC and the PAC ...? Was it meant to supplement the two banned organisations? No clear answer can be provided ...".[63]

Terwyl SASO oral takke gestig het, het sommige leerlinge hul eie organisasies gestig soos die South African Students Movement (SASM) van Soweto wat 'n belangrike rol gespeel het in die Soweto-onluste van 1976 toe 'n dwase aandrang deur die owerhede op die gebruik van Afrikaans in swart skole die vonk in die

---

[60] Aw p 165.

[61] Aw p 166.

[62] Aw p 166.

[63] Aw p 166.

kruitvat laat spring het.[64] Die werk van SASO het op sy beurt weer aanleiding gegee tot nie net die BPC waarvan Steve Biko die eerste ere-president geword het nie, maar ook talle ander swart organisasies waarin die swartmense hulleself onafhanklik georganiseer het.[65]

In Pro Veritate het Cedric Mayson die kerk opgeroep tot aksie deur middel van bv SASO en die ANC.[66]

Onmiddellik na die opheffing van sy inperking op 26 September 1984 het Naudé hom na Durban gehaas waar hy onder andere een van die hoofsprekers was by 'n vergadering van die United Democratic Front (UDF). Self het hy ook een van die beskermhere van dié organisasie geword. Die UDF is in 1983 gestig in opposisie tot die owerheid se konstitusionele voorstelle waarin die demokrasie verbreed is tot 'n driekamer-parlement wat ook aan Kleurlinge en Indiërs verteenwoordiging sou bied. Dit het die Freedom Charter van die ANC herbevestig as formule vir 'n sosialistiese eenheidstaat en teenstand georganiseer teen enige deelname aan verkiesings vir die Kleurling- en Indiër-kamers van die Parlement in 1984. Die beswaar was dat daar op daardie tydstip nie deur die owerheid ook voorsiening gemaak is vir swart verteenwoordiging nie. Hoewel dit met die stigting van die UDF nie gelyk het of daar enige direkte skakel met die ANC was nie, het die ANC tog in 1983 'n beroep gedoen vir internasionale en plaaslike steun vir

---

[64]Davenport, TRH. Aw p 433-434 meld die skade as gevolg van die onluste wat tot aan die einde van 1977 geduur het. Afgesien van skade aan meer as 100 geboue van die Administrasierade, 250 drankwinkels en biersale, 170 winkels, 25 klinieke ens, is ook meer as 300 busse, meer as 200 huise van swartmense en minstens 350 skole vernietig of beskadig. Die lewensverlies tussen Junie 1976 en Oktober 1977 is selfs op 700 gestel - die meeste onder die ouderdom van 25 jaar.

[65]Leatt, James, Kneifel, Theo and Nürnberger, Klaus. Aw p 107.

[66]Pro Veritate 15 Junie 1976.

die UDF.[67] Dat daar 'n noue band tussen dié twee organisasies bestaan, blyk onder andere ook uit 'n verklaring van die UDF op 17 Januarie 1990 in Johannesburg dat dié organisasie se nasionale uitvoerende raad mnr Nelson Mandela in die gevangenis sal gaan besoek en hom onder meer sal inlig oor die UDF se "volle vertroue en steun vir die onderskeie inisiatiewe en konsultasies met die ANC waarin hy tot dusver betrokke was".[68] Naudé se noue verbintenis met die UDF is heeltemal bekend - soos onder andere geblyk het uit sy optrede as spreker by die begrafnis van die vier vermoorde UDF-leiers by Cradock op 27 Julie 1985.

Aan die einde van 'n hooggeregshofsaak waarin die ANC en die UDF telkens ter sprake gekom het, het regter K van Dijkhorst in November 1988 in sy uitspraak onder meer gesê: "Daar kan geen twyfel wees dat die UDF die ANC se grootste ondersteuner in Suid-Afrika was nie. Die UDF se beleid was in 1986 in alle wesenlike opsigte dieselfde as dié van die ANC - naamlik die omverwerping van die Suid-Afrikaanse regering en die vernietiging van die swart plaaslike owerhede. Die UDF het nie openlik en regstreeks geweld verkondig nie. Hy het 'n massa-organisasie met verstrengelde filiale tot stand gebring wat tot optrede geroep kon word sodra die tyd ryp was. Om die organisasie te bevorder en voor te berei vir die "finale aanslag deur die massas" het die UDF begin om ontevredenheid aan te blaas en 'n revolusionêre klimaat onder die swart bevolking te skep. ... Toe oproer landwyd teen die swart plaaslike owerhede en ander regeringsinstellings uitgebreek het, het die UDF-filiale dikwels 'n leiersrol gespeel om die vlamme van haat teen dié instellings en sy amptenare aan te blaas. Hulle het die UDF se volle steun geniet - in werklikheid het hulle die UDF se beleid uitgevoer. ... Die UDF - wat dit in die openbaar gestel het dat hy 'n vreedsame organisasie is - was "die beste openbare verdediger van die ANC se beleid van geweld". Dié beleid is nooit veroordeel nie, maar daar is altyd verduidelik dat die Regering dit veroorsaak en dat

---

[67]Leatt, James, Kneifel, Theo and Nürnberger, Klaus. Aw p 103.
[68]Beeld 18 Januarie 1990.

die ANC geen alternatief gehad het nie".[69]

In 'n onderhoud wat Van Rooyen op 6 Februarie 1990 met hom gevoer het, is dit aan dr Naudé gestel dat hy, vir sover nagegaan kon word, nog nooit die ANC se geweld afgekeur het nie - slegs dié van die Regering. Hy het onmiddellik verwys na die Owerheid se geweld as die rede vir die ANC se geweld. Pertinent gevra of hy al ooit die ANC se geweld afgekeur het, het hy onseker geantwoord dat hy nie presies kan onthou nie, maar dat hy tog meen dat hy dit al gedoen het - "Jy weet, ek hou nie altyd my toesprake nie - ek sal moet nagaan".

Ook met die Breë Demokratiese Beweging (BDB) het Naudé noue kontak. Hierdie is 'n "sambreel-organisasie vir nie net die steeds verbode ANC nie, maar ook vir die UDF ...".[70] Dit is 'n organisasie met 'n sterk militante swart nasionalistiese karakter. Op 9 en 10 Desember 1989 het hierdie beweging 'n byeenkoms van die "Kongres vir 'n Demokratiese Toekoms" gereël. Die doel was om alle magte vir verandering te verenig in 'n veldtog wat deur die BDB gelei word, die regering internasionaal te isoleer, en te sorg dat die internasionale druk teen die regering verhoog word, en te sorg dat die UDF-geaffiliëerdes die leiding behou in die anti-apartheidskoalisie.[71]By hierdie kongres het beide mnr Walter Sisulu van die ANC en Naudé 'n prominente rol gespeel. Op 17 Januarie 1990 het Sisulu nog weer die ANC se militêre vleuel geloof vir sy rol in die stryd teen apartheid en gevra dat hierdie stryd saam met internasionale druk teen Suid-Afrika voortgesit word.[72]

Na sy vrylating aan die begin van Februarie 1990 het mnr Nelson Mandela lof betuig aan die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party. Op 13 Februarie het die Washington Post in Amerika geskryf dat

---

[69]Beeld 19 Desember 1988.

[70]Beeld, Inleidingsartikel 19 Januarie 1990.

[71]Beeld 18 Januarie 1990.

[72]Beeld 18 Januarie 1990.

begryp kan word dat die ANC erkenning wil gee vir die steun wat die SAKP vroeër aan hulle gegee het. "Maar dit verduidelik nie waarom lede van die Kommunistiese Party steeds die hoofbestuur van die ANC oorheers nie en waarom hulle blykbaar 'n sterk houvas op die Breë Demokratiese Beweging het nie".[73]

Dit is nie slegs Naudé se direkte en indirekte kontak met sekere organisasies wat rede gee dat sy afkeuring van geweld soms bevraagteken word nie. Ook die begrip wat hy herhaaldelik uitgespreek het vir hulle wat met geweld teen Suid-Afrika optree, dra hiertoe by. In Nederland het hy in Mei 1986 aan joernaliste gesê dat hy begrip het vir die gewelddadige optrede teen die Shell-maatskappy. Dit het meegebring dat De Telegraaf Naudé beskuldig het dat hy morele steun aan terroristiese aktiwiteite verleen en dat hy "speel met vuur".[74] In Suid-Afrika word Naudé nie sonder rede nie verdink en beskuldig van 'n spel met vuur. Sy ononderbroke pleidooie, vir disinvestering (saam met die ANC en ander swart organisasies); sy oproep tot burgerlike ongehoorsaamheid (saam met aanhangers van Swart Mag, Swart Teologie en Teologie van die Rewolusie); sy onwil om swart geweld te veroordeel en sy begrip daarvoor - dit alles is gevaarlike spel met vuur. En so is ook sy voortdurende voorspellings van die onvermydelike bloedbad.

Oshadi Jan Phakathi, eertydse streekdirekteur van die CI, het in 'n toespraak in Wes-Duitsland aan die begin van 1978 verklaar dat dit huigelagtig is om vir die swartmense van Suid-Afrika 'n beleid van nie-geweld aan te beveel. "Such a recommendation is repulsive and unacceptable. The suggestion of non-violent politics as a solution to the South African conflict is unhealthy, irrational and meaningless. That is why the Christian Institute affirms the conviction that organised violence is the only means for the ultimate solution of the South African conflict. That is why the CI calls upon the world community of Christians to

---

[73]Beeld 14 Februarie 1990 - Fritz Joubert uit Washington.
[74]Beeld 15 Mei 1986.

support those political organisations of South Africa which aim at the violent overthrow of the oppressive racist minority regime. Such support must be unconditional and uncontrolled. That is the standpoint of the CI and we repeat that our standpoint is totally Christian".[75] Die inhoud van hierdie toespraak van Phakathi bots met Naudé se volgehoue verklaring dat hy/die CI teen geweld is, maar dit klop met soveel ander aanduidings in verband met Naudé/die CI en geweld.

8.4 DIE AANKONDIGING VAN DIE ONVERMYDELIKE BLOEDBAD

Vanaf die vroeë sestigerjare het Naudé telkens voorspel dat daar 'n bloedbad in Suid-Afrika gaan plaasvind waarna 'n swart regering sal oorneem. In die konsistorie van die kerkgebou van Aasvoëlkop waar hy predikant was en waar daar gereeld besprekingsgroepe byeengekom het, het hy telkens gemeld dat die bloedbad binne vyf jaar gaan plaasvind. Een keer is daar gepraat van tien jaar. In Nederland het Naudé in November 1974 oor die radio verklaar dat Suid-Afrika nog uiters ses tot agt jaar het om sy huis in orde te kry voor die geweld "wat op die een of ander wyse moet uitbreek" sal begin.[76] Hy het bygevoeg dat hy aanvaar dat 'n sekere mate van geweld nodig sal wees om verandering aan Suid-Afrika op te dwing.

In 'n onderhoud met die Nederlandse dagblad Trouw het hy in November 1974 te kenne gegee dat die bloedbad heel gou sal plaasvind - daarom moet buitelandse beleggings in Suid-Afrika voortgaan "omdat 'n swart regering binnekort die voordeel daarvan sal trek".[77] In 1976 weer het hy daarop gesinspeel dat die bloedbad binne tien jaar sal plaasvind. Aan die Natal Indian Congress het hy gesê: "Majority rule will be coming to South Africa within the next decade - and no attempt to prevent this development will to my mind succeed".[78]

---

[75]The Citizen 10 Augustus 1978.

[76]Beeld 22 November 1974.

[77]Beeld 15 November 1974.

[78]Pro Veritate 15 April 1976.

In Suid-Afrika is daar mettertyd gewoond geraak aan hierdie voorspellinge van Naudé, veral oorsee. Daarom is in 'n koerantrubriek, toe Naudé kort na die beëindiging van sy inperking in Stockholm verklaar het dat burgeroorlog in Suid-Afrika reeds begin het, gevra waarom Naudé dit nodig vind om by elke geleentheid van die onafwendbaarheid van burgeroorlog en rewolusie te praat.[79]

Met die besoek van ministers van buitelandse sake van die EEG-lande op 'n feitesending in Augustus 1985, het Naudé en Tutu aan 'n horde persmanne gesê dat "die rewolusie net om die draai" is. Hulle het beweer dat dit 'n krisis is en dat chaos heers - alleen sanksies kan die "bloedige rewolusie" keer![80]

In Harare het Naudé in September 1985 verklaar dat ons "een vlaag van opstand na die ander sal kry, wat algaande sterker sal word totdat dit nie langer in bedwang gebring kan word nie".[81]

Tydens sy besoek aan die VSA in November 1985 vir die ontvangs van die Robert Kennedy-eerbewys, het Naudé volgens USA Today gesê "mense in Suid-Afrika het die punt bereik waar hulle sê genoeg is genoeg. Hulle wil vryheid hê en hulle wil dit nou hê. Hulle is bereid om vir hulle vryheid te sterf. Hy het baie jare gehoop dat verandering in Suid-Afrika op vreedsame wyse sou plaasvind. Ongelukkig dui alles daarop dat dit nie meer moontlik is nie".[82]

In Suid-Afrika val hierdie voorspellinge vreemd op. Geen wonder dat al melding gemaak is van die "tegniek van suggestie" nie - die voorspelling van 'n situasie en die poging om te verseker dat dit gebeur.[83] Wie die kompleksiteit en die sensitiwiteit van die Suid-Afrikaanse rassesituasie ken, weet dat soiets wel moontlik

---

[79]Beeld, Lood se praatjies, 23 Mei 1985.

[80]Beeld 31 Augustus 1985.

[81]Beeld 12 September 1985.

[82]Beeld 26 November 1985.

[83]Schlebusch-rapport p 136.

is. In 'n Afrikaanse dagblad wat al vir jare die voortou neem in die proses van vernuwing in die land, is Naudé gewaarsku dat hy hom nie moet skuldig maak aan selfvervullende profesieë nie.[84]

8.5 MISKENNING VAN INGRYPENDE VERANDERINGE IN SUID-AFRIKA

In Suid-Afrika is daar 'n klein groepie mense wat volhou om te ontken dat daar in die laaste tien jaar ingrypende veranderinge met betrekking tot die rassesituasie plaasgevind het. Die Suid-Afrika van die einde van die sewentigerjare en die Suid-Afrika van 1990 is twee verskillende lande. Die dae van apartheid is onherroeplik verby. Die apartheidstruktuur is reeds ten gronde gerig. Dat daar nog (stukke) van die fondamente van die struktuur oorgebly het, is geen bewys dat apartheid nog bestaan nie. Die owerheid en die blanke kiesers van Suid-Afrika het hulle onomwonde en onherroeplik verbind tot die bou van 'n demokratiese Suid-Afrika waarin almal in dieselfde voorregte sal deel.

Die eer kom ook Naudé toe dat hy sy deel gedoen het om die onregverdigheid en onskriftuurlikheid van die beleid van apartheid aan te dui en daarteen te stry. Met al die smaad wat ook hy en veral hy in sy vaderland moes verduur vanweë die stryd teen 'n onmenslike beleid, was daar egter die kompensasies van oorsese erkennings. Veral moes dit vir hom 'n kompensasie en beloning gewees het om in 1985 te kon verklaar dat apartheid besig is om "te verkrummel".[85]

En nou is dit juis 'n misterie dat Naudé na die mate dat apartheid verkrummel, al hoe heftiger teen Suid-Afrika optree en al hoe sterker aandring op sanksies en boikotte teen die land. Self het hy in 1985 van die beleid van apartheid verklaar dat dit slegs 'n kwessie van tyd is voordat die "massiewe rotswand gaan tuimel en val", en tog het hy in dieselfde asem by die SARK gepleit vir burgerlike ongehoorsaamheid.[86] In Denemarke het

---

[84]Beeld, Lood se praatjies 23 Mei 1985.

[85]Beeld 26 Junie 1985.

[86]Beeld 26 Junie 1985.

Naudé in 1986 verklaar: "Daar bestaan geen twyfel nie dat apartheid besig is om te sterf" en vertel van "diepe teleurstelling onder swart Suid-Afrikaners oor die mislukking tot dusver van die Weste om strenger sanksies teen Pretoria in te stel". Hy het voortgegaan en gepleit dat die wêreld 'n "finale ultimatum aan die blanke minderheidsregering in Pretoria stuur waarin gewaarsku word dat algehele sanksies ingestel sal word ...".[87] Selfs moes daar op 16 Junie 1985, die dag van herdenking van die uitbreek van die Soweto-onluste, 'n biddag gehou word vir die val van die regering.[88]

Aan dr Leutwiler, bemiddelaar tussen Suid-Afrika en die land se skuldeisers, het Naudé saam met Boesak en Tutu geskryf: "Ons dra kennis van die verklarings van dr Leutwiler dat Suid-Afrika hom tot hervorming verbind, maar doen 'n beroep op die banke om die Regering se voorstelle te verwerp om verdere vertragingstaktiek te voorkom. ... Ons stel voor die banke moet onmiddelik alle Suid-Afrikaanse bankbalanse bevries en enige oordraginstruksies rakende dié rekeninge weier".[89] Soos reeds vermeld, is selfs gepleit dat beslag gelê word op Suid-Afrikaanse vliegtuie en skepe - tensy dié regering (wat die beleid van apartheid so snel aftakel!) bedank. Dit alles terwyl almal, insluitende Naudé, weet "Die magte van verandering is onstuitbaar en die 'ou orde' gegrond op ras kan nie weer herstel word nie".[90]

8.6 DEMONSTRASIE, PROVOKASIE EN POLARISASIE

In die skrywe waarin B Engelbrecht, Naudé se eertydse medewerker, die vrees uitgespreek dat Naudé na die opheffing van sy inperking "dit sommer weer met die intrapslag in ons openbare lewe en sy uiters sensitiewe politieke realiteite op 'n manier doen wat

---

[87]Beeld 12 September 1986.

[88]Prof B Engelbrecht het daarna verwys as "goddelose booswigtery onder 'n Christelike dekmantel" - Beeld 8 Junie 1985.

[89]Beeld 20 Februarie 1986.

[90]Bobby Godsell in Beeld 13 Julie 1988.

onder meer tot die ondergang van die Christelike Instituut gelei het",[91] het Engelbrecht ongetwyfeld onder andere die tyd in gedagte gehad "when Naudé started instigating hostility against South Africa abroad".[92] In 'n artikel waarin blydskap uitgespreek is oor Naudé se vrylating, het 'n koerantredakteur met verwysing na Naudé se inperking opgemerk: "Maar selfs nie dr Naudé se beste vriende sal kan sê dat hy absoluut geen skuld gehad het aan die lot wat hom getref het nie".[93] Ook De Gruchy sinspeel hierop wanneer hy verwys na die rol van die CI (Naudé) met die Soweto-onluste in 1976 en die identifikasie met die swartmense en dan opmerk: "By now the state had had enough. On 19 October 1977 the CI was declared illegal ... Beyers Naudé ... banned".[94]

Die element van demonstrasie het 'n sterk rol in Naudé se optrede gespeel. Volgens sy eie getuienis was die feit dat hy op 28 Oktober 1976 besluit het om tronk toe te gaan - toe die vlamme van onrus landwyd hoog gevlam het, sedert die Soweto-onluste op 16 Junie losgebars het - 'n daad van demonstrasie. Hy wou sy solidariteit met die swart gevangenes demonstreer - al was daar geen ooreenkoms tussen sy vrywillige gevangenskap en die lot van die duisende swartmense in oorvol tronke in dié tyd nie.

Dit ly geen twyfel dat ook die oorgang van Naudé na die swart NG Kerk in Afrika op 24 Februarie 1980 'n poging tot demonstrasie was nie. Volgens koerantberigte was dit 'n georganiseerde poging van Naudé en Meyer om 'n "walkout" uit die NG Kerk te bewerk.[95]

---

[91]Beeld 5 Oktober 1984.

[92]Engelbrecht, Prof Ben, Geyser, Prof AS (Albert). In: Journal of Theology for Southern Africa, Special Issue in honour of Albert Geyser, September 1988 p 5.

[93]Beeld Inleidingsartikel 28 September 1984.

[94]De Gruchy, John W. A Short History of the Christian Institute in Resistance and Hope - South African Essays in honour of Beyers Naudé p 25.

[95]The Sunday Times 24 Februarie 1990.

Die rede wat Naudé aan die kerkraad van Parkhurst gegee het nl dat dit vir hom om die eenheid van die NG-familie gaan, het vreemd voorgedoen toe hy ten spyte van sy predikant se pleidooi vir die voortsetting van sy getuienis in die NG Kerk, besluit het om sonder sy eggenote sy gang te gaan en hy so die kerklike eenheid in sy gesin verbreek het.[96]

Die dag na die beëindiging van sy inperking in September 1984, het Naudé hom na Durban gehaas om ses persone te besoek wat in die kantore van die Britse konsulaat "skuiling" gesoek het na die Hooggeregshof se tersyderstelling van die aanhoudingsbevele wat aan hulle bestel is.[97] Die optrede van die betrokke aktiviste het wêreldaandag getrek - so ook Naudé se demonstrasie van sy meegevoel.

Dat demonstrasie en provokasie nie sonder rede in Naudé se optredes gelees word nie, het ook geblyk uit die optog na die Parlementsgebou op 26 Maart 1985 waarin hy 'n leidende rol gespeel het. Die doel was om 'n oorkonde aan die Minister van Polisie te oorhandig. Naudé en die 237 betogers het geweet dat optogte by die Parlementsgebou onwettig is. Met oorsese televisiekameras op hulle gerig, het die optog plaasgevind. Toe die polisie hulle keer, het Naudé en die groep op hulle knieë neergesak om te bid en het hulle "Onward Christian Soldiers" gesing. Na die mislukte poging het Naudé verklaar: "Dit is nou nie meer nodig om die oorkonde wat ons aan die Staatspresident en die Minister van Polisie wou oorhandig, weer te probeer voorlê nie. Die hele wêreld weet nou hiervan".[98]

Die tragedie is dat Naudé met sy skynbaar ongekwalifiseerde solidariteit met die militante deel van die swart bevolking, polarisering tussen wit en swart in die hand werk. Van 'n versoenings-

---

[96]Brief van Beyers Naudé aan Voorsitter en lede, NG Kerkraad, Parkhurst, 23 Februarie 1980.

[97]Beeld 28 September 1984.

[98]Beeld 27 Maart 1985.

rol is daar in dié opsig geen sprake by hom nie. Onder sy leiding het die breuk tussen die kerke in die SARK en dié daarbuite, menslik-gesproke, 'n onoorbrugbare kloof geword. By monde van em. hoogleraar J Verkuyl het Naudé erken dat hy geen brugbouer na sy blanke volksgenote is nie en dat hy daaraan sal moet werk.[99]

8.7 DIE TEOLOGIE VAN DIE REWOLUSIE

In Pro Veritate van Maart 1976 het ene Anthony M Tanby 'n artikel geskryf oor "Apartheid, the Church and Black Consciousness" waarin hy kommentaar gelewer het oor die implikasies van die Teologie van Bevryding vir Suid-Afrika. Die skrywer wat eers 'n Presbiteriaanse predikant in Suid-Afrika was en die artikel uit Amerika aangestuur het, het verwys na die wit Christene van Suid-Afrika "sitting with full bellies in their comfortable churches" wat nie gewillig is om iets op te offer nie van die baie wat hulle danksy "cheap black labour" besit. In die taal van die Teologie van Bevryding het hy na die "oppressors" verwys wat in hulle welvaart en oorvloed alle ander mense maak tot voorwerpe wat oorheers, gemanipuleer en verdruk word. Die skrywer het tot die slotsom gekom dat alle voorregte wat iemand as 'n blanke in Suid-Afrika geniet, verkry is deur die uitbuiting van die swartman wat geen toegang het tot die seëninge wat hy help skep het nie. Die artikel is afgesluit met 'n pleidooi vir die Teologie van Bevryding.[100]

Op 16 Maart 1977 het Naudé 'n toespraak gehou by die gradeplegtigheid van swart predikante aan die Federale Teologiese Seminarium te Edendale, Pietermaritzburg. Dit was nege maande na die uitbreek van die onluste in Soweto en op daardie tydstip het die onluste nog landwyd gewoed. Naudé het sy hoorders opgeroep tot aksie "as the crisis deepens and the day of liberation dawns". In die taal van die Teologie van die Bevryding het hy afgesluit

---

[99]Van der Elst, J. Aw p 13.

[100]Pro Veritate 15 Maart 1976.

en verwys na Christus - "In Him is all the fulfilment of all the aspirations and the hopes of the oppressed, the imprisoned, the blind, the millions who are shackled by the forces of evil. He stands at the entry of a new time, a new period in the history of our country and He beckons us to follow Him as He leads us into true and full liberation".[101]

Ook die redakteur van Pro Veritate, Cedric Mayson, was onmiskenbaar meegesleur deur die Bevrydingsteologie. Hiervoor hoef maar net weer verwys te word na die artikel met die opskrif "The Gospel according to Blackness" waarin hy gemeld dat hy eers bevooroordeeld was teen Swart Bewussyn, Swart Mag en Swart Teologie, maar dat hy ontdek het "God is at work. Black Theology reveals Him".[102]

Naudé is sterk beinvloed deur die Teologie van die Bevryding. In 'n skrywe aan hom kort na die opheffing van sy inperking, het Engelbrecht hom gevra waar hy staan in die fundamentele teenstelling tussen die Teologie van die Rewolusie en die Gereformeerde teologie van die heiliging van die lewe.[103] Naudé het nie geantwoord nie. Op aandrang van sy studente het Engelbrecht weer in Junie 1985 vir Naudé genader vir 'n openbare gesprek by die Universiteit van die Witwatersrand oor burgerlike ongehoorsaamheid. Engelbrecht het gevoel dat dit 'n openbare gesprek moet wees omdat die dinge wat Naudé sê en doen van die grootste openbare belang is - "selfs in so 'n mate dat dit 'n mens laat sidder".[104] Naudé het ingewillig. Ten spyte egter van navrae deur Engelbrecht, die pers en die studente, het Naudé nie weer van hom laat hoor nie.[105]

Ook die bekendste teoloog in die stryd teen apartheid, prof Ben

---

[101]Pro Veritate 15 April 1977.

[102]Pro Veritate 15 Mei 1977.

[103]Brief in Beeld 5 Oktober 1984.

[104]Beeld 3 Julie 1985.

[105]Beeld 8 Augustus 1985, Beeld 22 Augustus 1985.

Marais, het sy besorgdheid uitgespreek oor die rigting wat Naudé ingeslaan het. In 'n ope brief op 19 Julie 1985[106] het hy Naudé gewaarsku teen "optredes wat polarisasie stimuleer" en "dodelik gevaarlik" is. Nie alleen het hy verwys na Naudé se veldtogte vir disinvestering en ook sy pleidooi vir burgerlike ongehoorsaamheid nie, maar ook Naudé se deelname aan die dramas rondom die ambassade in Durban en sekere begrafnisse - dramas "wat alte veel lyk na politieke opportunisme en soms na die uitbuiting van die gespanne situasie deur rewolusionêre en selfs misdadige elemente. Ek mis te veel van die wesenlike Evangelie daarin". "Jy het, soos dit my voorkom, alle hoop op blanke hervormingsinisiatiewe sonder rewolusionêre druk verloor ..". Hierdie brief waarin Marais begin het deur op te merk "Ons is vriende en was vriende van ons verre studentedae af", is ook nie deur Naudé beantwoord nie.

Ook Naudé se ondertekening van die Kairos-dokumente in 1985 en 1989[107] verbind hom aan die Bevrydingsteologie. Daarby het hy ook met sy aftrede as Sekretaris van die SARK verklaar dat hy betrokke wil bly by "The Institute for Contextual Theology" in Johannesburg[108] - 'n sentrum waar die Teologie van Bevryding beoefen word. Met sy handtekening onder hierdie dokumente het hy bevestig wat hy self ook verkondig het en nog verkondig nl dat die Suid-Afrikaanse Owerheid onwettig is, dat die kerk moet oorgaan tot burgerlike ongehoorsaamheid, dat die Owerheid nie hervorm kan word nie en dat dus vir sy val gewerk en gebid moet word en dat die swart jeug ongekwalifiseerd "courageously and fearlessly" optree.

---

[106]Die brief is in verkorte vorm gepubliseer in die Sondagblad Rapport op 28 Julie 1985.

[107]"Challenge to the Church" en "Road to Damascus".

[108]The Star 29 Junie 1987.

8.8 VERBINTENIS MET DIE ANC

Op 25 Julie 1964 het Naudé as direkteur van die CI 'n persverklaring uitgereik na aanleiding van die bomontploffing op die Johannesburgse stasie op 24 Julie 1964. Daarin is die CI se "onvoorwaardelike afkeuring" uitgespreek "oor hierdie en elke daad van politieke geweldpleging". "As argument en uiting van protes teen die huidige regeringsbeleid is dit immoreel, redeloos en sinloos. ... Ons veroordeel hierdie dade van geweldpleging omdat dit roekeloos en onmenslik is. Dit tref onskuldige mense wat nie verantwoordelik gehou kan word vir die griewe wat die geweldenaars mag koester nie. Wraak, onordelikheid en lewensbedreiging is volkome vreemd aan die Evangelie van Jesus Christus". Daarby het die CI sy innige meegevoel uitgespreek met die onskuldige slagoffers van "hierdie veragtelike wandaad". " Vir sover hierdie en dergelike dade van geweldpleging vrug is van kommunistiese aanhitsing of magswellus, veroordeel ons dit ondubbelsinnig en onvoorwaardelik".[109] In die daaropvolgende uitgawe van Pro Veritate is na aanleiding van dié insident ook weer bevestig dat die Christen nooit geweld mag propageer of goedkeur nie. Die Christelike alternatief vir sabotasie en geweld is dat die Woord van God helder en duidelik verkondig sal word.[110]

Ook nog in die middel van 1972 is in Pro Veritate uit The Star aangehaal van 'n toespraak van Naudé kort tevore in Londen. Hy het verklaar dat geweld nié die antwoord is nie. "Violence would sometimes be able to give a partial or short-term answer to injustice and oppression but it always raised more problems that it solved".[111]

---

[109]Persverklaring, 25 Julie 1964. Verklaring uitgereik deur die Direkteur namens die Christelike Instituut van Suidelike Afrika na aanleiding van die bomaanslag te Johannesburg op 24 Julie 1964. CFB Naudé, Direkteur.

[110]Pro Veritate 15 Augustus 1964.

[111]Pro Veritate 15 Julie 1972.

Met sy terugkeer uit Lusaka waar hy in Mei 1974 die All Africa Conference of Churches bygewoon het waartydens kannunik Burgess Carr gepraat het van God se heiliging van geweld in Christus, het ds Roelf Meyer hom op 36 Mei teenoor The Sunday Times soos volg uitgelaat: "I believe that the church in South Africa (in support of structural violence) and the church in Africa (in support of revolutionary violence) must be called back to the suffering Christ who transforms history as a whole".[112]

Dit is opvallend dat die CI en Naudé mettertyd heeltemal stil geraak het oor die geweld van bomontploffings en sabotasie. Daar is steeds op gewys dat die Regering dit veroorsaak het en dat die ANC geen keuse het as om ook geweld te gebruik nie.

Die rede vir hierdie radikale verandering in houding oor die geweld kan slegs gevind word in die totale verandering wat daar by Naudé en sy Instituut plaasgevind het met betrekking tot die ANC. In die reeds vermelde gesprek van skrywer met Naudé op 6 Februarie 1990, het Naudé verklaar dat hy en die personeellede van die Instituut gedurende die sewentigerjare tot die oortuiging gekom het dat hulle geen beswaar het teen die ANC en sy doelstellings nie. Self het Naudé kort hierna in 'n koerantonderhoud van homself verklaar: "... ek wil dit duidelik stel: ek onderskryf die doelstellinge en doelwitte van die ANC geheel en al".[113]

Die verandering van houding met betrekking tot die ANC en sy geweld het kennelik gedurende die laaste bestaansjare van die Instituut plaasgevind. Die voorstel van Naudé by die SARK op 2 Augustus 1974 teen militêre diensplig, het reeds sterk gewys in die rigting dat alleen die geweld van die owerheid afgekeur word en nié dié van die "lidmate wat op die oomblik in ballingskap is ..." nie.[114] Ook Cedric Mayson se veroordeling van die owerheid oor die verbanning van die ANC waardeur die aspirasies van die

---

[112]Pro Veritate 15 Junie 1974.

[113]Rapport 15 April 1990.

[114]Pro Veritate 15 Augustus 1974.

swartman dan vertrap sou word,[115] het die vermoede gewek dat daar by die CI goedgesindheid teenoor die ANC bestaan. Mayson se oproep aan die kerk om tot aksie oor te gaan deur SASO en die ANC het tewens bygedra tot die oortuiging dat daar by die CI 'n verbintenis met die ANC is. Hierdie oortuiging is bevestig toe Mayson op 11 Oktober 1982 in die Randse Hooggeregshof verskyn het onder meer op aanklag dat hy vanaf 1977 tot 1981 met die ANC saamgesweer het om die owerheid omver te werp en dat hy in September en Oktober 1981 o.a. met Naudé die stigting van gebiedskomitees van die ANC bespreek het.[116] Naudé se naam is ook weer aan die ANC gekoppel toe The Star berig het dat betroubare bronne beweer dat 'n "people's tribunal" Mayson beveel het om die land te verlaat om sodoende mense wat betrokke is by "liberation politics" te beskerm.[117] Die assistent-direkteur van die CI by sy ontbinding, Horst Kleinschmidt, wat uit die land gevlug het, is in die klagstaat teen Mayson beskryf as "an active ANC supporter".[118] Mayson self het ook later artikels geskryf vir die amptelike orgaan van die ANC, Sechaba, en die lyfblad van die Suid-Afrikaanse Kommuniste Party.

Dit was algemeen bekend dat Naudé tydens sy inperking vanaf 1977 tot 1984 voortdurend opgesoek is deur en in aanraking was met oorsese en plaaslike persone. "He was silenced - in the media - for seven years, but ... he was constantly consulted by foreign visitors and South Africans of all political persuasions".[119] Dat hy in hierdie periode ook gemoeid was met die bevrydingsstryd van die ANC en aan hulle advies gegee het, is in die lig van al die getuienis uiters waarskynlik.

Kort na die opheffing van sy inperking het Naudé in Junie 1985 by 'n kerkdiens in Utrecht, Nederland, kritiek gelewer op kerke wat

---

[115]Pro Veritate 15 Junie 1976.

[116]The Star 11 Oktober 1982, Beeld 8 Februarie 1983.

[117]The Star 16 Junie 1983.

[118]The Star 11 Oktober 1982, Beeld 8 Februarie 1983.

[119]The Star 11 April 1990.

weier om hulp te gee aan die ANC omdat dié beweging geweld voorstaan. Hy het aangevoer dat die ANC tot gewelddadige optrede gedwing is deur die geweld van apartheid.[120] Hierdie opmerking is eintlik vir geen ander interpretasie vatbaar nie as dat Naudé nie alleen die geweld van die ANC wou regverdig nie, maar ook dat hy by die kerke gepleit het vir hulp aan die ANC.

Ook die noue bande van Naudé met die UDF en die BDB as organisasies wat ten nouste by die ANC betrokke is, het die vermoede van 'n sterk band met die ANC bevestig. Nog voordat die ANC op 10 April 1990 sy span wat met die owerheid sou onderhandel, aangekondig het, het geblyk dat Naudé jare gelede reeds die sentrale figuur was in die oprigting van 'n luukse huis vir mnr Nelson Mandela wanneer hy eendag uit die gevangenis gelaat sou word.[121]

Met die aankondiging van die naam van Naudé as een van die verteenwoordigers van die ANC om met die owerheid te onderhandel van 2 tot 5 Mei 1990, het mnr Walter Sisulu, binnelandse leier van die ANC die volgende dag aan die pers gesê "dr Naudé is nie net 'n ywerige ondersteuner nie, maar 'n hoogs gerespekteerde lid van die organisasie". Hoewel hy nie kon onthou hoelank Naudé al lid van die organisasie is nie, het hy na Naudé verwys as "'n man wat oneindig baie vir die ANC en die vryheidstryd beteken het".[122] In 'n ander onderhoud het Sisulu soos volg na Naudé verwys: "He has been associated with the ANC for a very long time and has contributed tremendously to our struggle. ... he is not a member of the ANC's National Executive Committee ...".[123] Self het Naudé verklaar dat hy verras is oor sy insluiting in die span want hy het nooit amptelik by die ANC aangesluit nie.[124] In 'n koerantonderhoud het Naudé verklaar "he is not officially a member of

---

[120]Beeld 20 Junie 1985.

[121]Beeld 9 April 1990.

[122]Beeld 11 April 1990.

[123]The Star 11 April 1990.

[124]The Staar 11 April 1990; Beeld 12 April 1990; Beeld 15 April 1990.

the ANC. But he said he was one 'in spirit'".[125] Mnr Tom Sebina, publisiteitsekretaris van die ANC, het in Lusaka die ANC se oortuiging oor Naudé se lidmaatskap van dié organisasie met mnr Sisulu gedeel: "The announcement that he is going to be part of the ANC delegation to meet the South African Government, indicates that he is a member of the ANC".[126]

Wat betref die feit dat die ANC hom nog steeds op hierdie tydstip verbind het tot die voortsetting van 'n gewelddadige stryd, het Naudé verklaar: "Dit het geen sin om na die ANC te gaan met die versoek dat hy geweld afsweer voordat daar 'n wedersydse verstandhouding tussen die Regering en die ANC bereik word om geweld tydelik op te skort en na die onderhandelingstafel te gaan nie".[127] Ook hieruit sou afgelei kan word dat Naudé inderdaad nooit die ANC oor sy geweld aangespreek het nie. Immers, indien dit in 1990 geen sin het nie, sou dit vroeër nog minder sin gehad het.

Dit blyk dus dat die CI wat in die sestigerjare gestig is op grond van Bybelse oorweginge, vanaf die middel van die sewentigerjare al meer 'n middel geword het ten dienste van swart politieke aspirasies, en spesifiek dié van die ANC met sy verbintenis tot geweld om die owerheid omver te werp. Soos wat die NG Kerk met sy aanhang van die beleid van apartheid in die diens van die Nasionale Party beland het, het Naudé en die CI met hul bestryding van apartheid al meer in die diens van die ANC beland. En soos wat die NG Kerk in sy ywer vir apartheid al minder 'n Christelike getuienis gelewer het, so het kennelik ook met die ywer teen apartheid die Christelike getuienis van Naudé en die CI verstil in die ANC.

---

[125]The Star 11 April 1990.

[126]The Citizen 12 April 1990.

[127]Beeld 24 April 1990.

HOOFSTUK 9

SKADE EN SKANDE

9.1 'n LAAT EN STADIGE BEKERING

Van owerheidsweë is daar ongeveer in 1978 begin met die aftakeling van die beleid van apartheid.[1]

Vanaf 'n rigiede, gesegregeerde samelewing is daar stadigaan begin beweeg in die rigting van desegregasie bv in sport, die vergunning van volle vakunieregte vir swartmense, die erkenning van permanente verblyfregte vir swartmense in blanke gebiede, die afskaffing van die wette oor gemengde huwelike en ontug oor die kleurgrens heen, die geleidelike oopstelling van blanke universiteite aan alle bevolkingsgroepe, die insluiting van gekleurdes in tweedevlak-regering, die afskaffing van die wet op Instromingsbeheer in 1986, die inbring van Indiërs en Kleurlinge in die driekamerparlement, ens. Die rede vir die ommeswaai is aangedui deur die Minister van Wet en Orde by 'n politieke vergadering op 4 Julie 1989 op Ventersdorp. Hy het verwys na apartheid wat 'n albatros om die land se nek geword het en bygevoeg: "As u 'n swart Suid-Afrikaner sou vra wat apartheid gedoen het, sal hy aan u sê dat dit niks anders as smart veroorsaak het nie".[2]

In terme van die probleem van 'n owerheid om te alle tye sy kiesers met hom saam te neem, het die land besonder vinnig van apartheid wegbeweeg. Die meerderheidsgevoel van die blanke kiesers in Suid-Afrika het binne die bestek van ongeveer twaalf jaar wegbeweeg vanaf 'n obsessie met apartheid tot die oortuiging dat dié stelsel immoreel is en verwerp behoort te word. Die

---

[1]Schlemmer, Lawrence. South Africa's National Party Government. A Future South Africa, Berger and Godsell, p 9 gebruik hierdie datum.

[2]Beeld 5 Julie 1989.

snelheid van die verandering blyk uit die feit dat toe Minister Hendrik Schoeman in 1979 sydelings refleksie gewerp het op die bestaan van die Ontugwet deur te sê dat hy dié wet nie nodig het nie en dat die Tien Gebooie vir hom genoeg is, hy deur Eerste Minister PW Botha oor die kole gehaal is.[3] In 1985 is hierdie Wet wat een van die eerste en belangrikste apartheidwette was, herroep. In 'n betreklik kort tydjie het dit gebeur dat die oorgrote meerderheid van die blanke kiesers terugkyk oor die tyd wat verby is as "'n tydperk waarin 'n patetiese, onregverdige en onwerkbare stelsel daarop uit was om Suid-Afrikaners te verdeel en sodoende is die sosiale, ekonomiese en politieke ontwikkeling van die land verwring en vertraag".[4]

Dit is ongetwyfeld waar dat ekonomiese en politieke realisme 'n belangrike rol gespeel het in hierdie ommeswaai. Maar nié te miskén nie is ook die morele bewuswording wat daar mettertyd ontstaan het en waarin die oë oopgegaan het vir wat Minister JH Hofmeyr in 1945 die "common humanity" tussen mense van verskillende rasse en kleur genoem het.[5] Wanneer die joernalis Dirk Richard sy opmerking dat apartheid soos 'n vervloeking op Suid-Afrika lê, wil toelig, dan dink hy nie aan ekonomiese of politieke voorbeelde nie, maar aan voorbeelde van blatante rassisme soos die weiering van Indiërs by die restaurant van die Kango-grotte, die weiering van toegang aan 'n swart sendingwerker om mee te doen aan die biddag om reën in die Gereformeerde Kerk in Zeerust, en die weiering van die NG gemeente Pietersburg-Noord selfs in 1985 nog om hulle kerk oop te stel vir swart besoekers.[6]

Die owerheid was die NG Kerk ver voor. Dit het onder andere geblyk toe die Sinode van die NG Sendingkerk by Belhar in 1982 die aandag van die NG Kerk gevra het met sy konsepbelydenis oor

---

[3]Richard, Dirk. Tussen Bid en Droom, p 43-44.

[4]Mnr Gavin Relly, Voorsitter van Anglo American in Beeld 29 September 1989.

[5]Hofmeyr, JH. Christian Principles and Race Problems, p 14.

[6]Richard, Dirk. Aw p 168-169.

apartheid as "dwaalleer" wat die evangelie op die spel plaas. In die begeleidende brief het die Sinode melding gemaak van apartheid as 'n "valse leer" en "'n ideologiese verdraaiing wat die evangelie self in ons kerk en land bedreig".[7] Hieroor het die Algemene Sinode in 1982 gereageer met die uitspreek van sy "hartseer en ontsteltenis" oor die "onbillike beskuldiging van teologiese kettery en afgodery" - 'n reaksie wat Durand tot die gevolgtrekking laat kom "dat die NG Kerk nie teologies opgewasse was om die oomblik te hanteer nie". Hy meen dat die onvrugbare teologie waarop die NG Kerk sy rassebeskouing gebaseer het, hom magteloos gemaak het om teologies sinvol te reageer.[8]

Die kerk was in 1982 nog 'n vurige ondersteuner van die beleid van apartheid. Dit verklaar waarom die Sinode besluit het vir die behoud van die Ontugwet en die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike - die eerste twee groeisels op die apartheidstam, onder andere vanweë die aandrang van die NG Kerk.

Die vraag kan gestel word of die Sinode nie nog selfs so laat soos 1986 geskerm het vir apartheid nie. Aanvanklik het dit gelyk asof die Algemene Sinode hom in die beleidstuk "Kerk en Samelewing" van apartheid gedistansieer het. Die Sinode het verklaar: "Die Ned Geref Kerk is daarvan oortuig dat die hantering van apartheid as 'n politieke en maatskaplike sisteem wat mense veronreg en een groep onregmatig bo 'n ander bevoordeel, nie op Christelik-etiese gronde aanvaar kan word nie, omdat dit strydig is met die beginsels van naasteliefde en geregtigheid en onafwendbaar die menswaardigheid van almal wat daarby betrokke is, aantas".[9] Onmiddellik na die Sinode egter is beweer dat dié besluit van die Sinode "misbruik word om iets anders op die Kerk

---

[7]Cloete, GD, Smit, DJ. "'n Oomblik van Waarheid", Tafelberg 1984 p 12.

[8]Durand, JJF. "Belhar, krisispunt vir die NG Kerke" in "'n Oomblik van Waarheid" p 127.

[9]KES, 306.

af te dwing as wat die sinode daarmee bedoel het".[10] Prof CWH Boshoff wat ten nouste met die besluit van die Sinode gemoeid was, het beweer dat dit alleen negatiewe apartheid is wat deur die Sinode veroordeel is[11] - 'n standpunt wat in die lig van die skerp botsing tussen die afgevaardigdes van die NG Kerk en die "dogterkerke" oor apartheid by die Gereformeerde Ekumeniese Raad se vergadering in Harare in 1988, korrek skyn te wees. Die opvolgende "vredesberaad" by Vereeniging van 6 tot 10 Maart 1989 bevestig die oortuiging dat die Sinode alleen negatiewe apartheid veroordeel het. Nadat die spanning tussen wit en gekleurde afgevaardigdes van die NG-familie by dié beraad byna breekpunt bereik het oor apartheid waarvan die NG Kerk se afgevaardigdes alleen "diskriminerende apartheid" wou veroordeel - "as sou daar ook 'n billike vorm van hierdie stelsel bestaan!"[12] - is daar eindelik toegegee en het die blankes vir "die eerste keer ondubbelsinnig verklaar dat die ideologie van apartheid 'n sonde is en dat 'n kerk wat dit verdedig, ketters is".[13]

Op sy vergadering van 15 Maart 1989 het die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) die standpunt van die ses afgevaardigdes by die beraad ondersteun deur onder andere te besluit om die aandeel van die kerk aan die instelling en wettiging van die ideologie van apartheid en die gevolglike lyding van mense as gevolg hiervan "met nederigheid en spyt" te bely. Ook is verklaar dat apartheid in stryd is met die diepste betekenis van versoening, naastelief-de en geregtigheid. "Dit bring die eenheid - en onvermydelik die menswaardigheid - van almal wat daarby betrokke is in die gedrang en is daarom sonde. Enige leerstellige poging van die kerk om hierdie ideologie te probeer verdedig, moet as kettery beskou word, dit wil sê in stryd met die boodskap van die Skrif".[14]

---

[10]Boshoff, CWH. Kerk en Samelewing in oënskou - Kommentaar en kritiek, 1987 p 11.

[11]Aw p 25.

[12]Beeld Inleidingsartikel 10 Maart 1989.

[13]Beeld 11 Maart 1989.

[14]Beeld 16 Maart 1989.

Dit blyk dus dat terwyl die Owerheid toe lank reeds besig was om weg te beweeg van apartheid, die NG Kerk in 1986 nog alleen sy weg oopgesien het om diskriminerende apartheid te veroordeel. Eers by die beraad van Vereeniging in Maart 1989 het die ses afgevaardigdes van dié kerk onder druk van die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika toegegee dat apartheid sonde is - 'n standpunt wat enkele dae later deur die ASK onderskryf is. Dit is egter so dat daar van geen amptelike standpunt van die NG Kerk in hierdie verband sprake is voordat die Algemene Sinode dit in 1990 goedgekeur het nie.

9.2 DIE OMVANG VAN DIE SKADE

Staatkundig sal die skade wat met die beleid van apartheid aangerig is, nooit bereken kan word nie. Rassisme wat in die oorsprong en werking van hierdie stelsel nie ontken kan word nie, is 'n verwoester van verhoudinge, waardes en lewens. Rassediskriminasie mik nie na rasseharmonie nie - allermins as dit geinstitusionaliseerd is. Kenmerkend van apartheid is die baie wette - wette wat die grootste deel van die bevolking van Suid-Afrika in 'n uiters ongunstige posisie geplaas het en die wetgewer met sy dienaars in 'n uiters ongunstige lig geplaas het. Apartheid is skade - skade aan die gees en liggaam van die een wat aan die ontvangkant is, maar skade aan die siel van die vrome oorheerser, wat met ywer vir die redding van siele van mening is dat "wat aan die liggaam gedoen word in die naam van die Idee, maak minder, nee, maak op die duur géén saak nie. Dit is geheel en al onbelangrik".[15] Dit kan ook nie anders nie want apartheid in sy oorsprong en werking was in 'n groot mate wat NP van Wyk Louw "die laaste versoeking" genoem het nl "om te glo dat blote voortbestaan verkieslik is bo voortbestaan in geregtigheid".[16]

---

[15]De Klerk, WA. Beweging Uitwaarts, "Die letterkunde van behoud" p 56.

[16]Van Wyk Louw, NP. Liberale Nasionalisme, aangehaal in Gedagtes vir ons tyd - Uit die prosa van NP van Wyk Louw p 56.

In die NG Kerk het apartheid verwoesting gesaai. 'n Indruk van hoe dit verloop het, word verkry uit 'n "beskrywing" deur 'n groep kerkmanne wat in 1965 op die toneel van die hoogtepunt van apartheidsfanatisme was.

Op 22 Oktober 1965 het agt teoloë van die NG Kerk - drie wat ten nouste by die stryd van die NG Kerk teen die CI betrokke was saam met vyf ander wat besonder belang gestel het - 'n ope brief aan al die predikante van die NG Kerk uitgestuur. Dit was die reeds vermelde geskrif met die titel: "Verwarring: Opheldering noodsaaklik!" waarin 'n dringende beroep op die predikante van die NG Kerk gedoen is - "'n Oproep tot handhawing van die eie aard van die Kerk in 'n tydperk van verwarring". Die verwarring was veral volgens hulle sigbaar rondom die vraagstuk van die rasseverhoudinge.[17] Die agtergrond van die brief is die rol wat die beleid van apartheid op daardie tydstip in die NG Kerk gespeel het. Dit verklaar waarom die skrywers besorg was oor die verwarring as sou die beoefening van die gemeenskap van die heiliges "'n eerste stap in die rigting van integrasie" wees[18] - die verwarring waardeur 'n predikant wat pleit vir gemeenskap van gelowiges oor rassegrense heen "spoedig as liberalis gebrandmerk word".[19] Afgesien van die skelwoord "liberalis" was daar ook die etiket "social gospel" wat aan predikers gehang is as hulle gepleit het vir diens aan die naaste oor die rassegrense heen. Daardeur is die mense stelselmatig geleer "om hulle van die eise van die Skrif met betrekking tot die diens aan die naaste los te maak, onder die dekmantel dat dergelike eise alleen in 'n social gospel en 'n humanistiese filantropie gestel kan word".[20] Die skrywers

---

[17]Verwarring: Opheldering Noodsaaklik! Ope brief aan Evangeliedienaars van die Nederduitse Gereformeerde Kerk". ds WJC Cilliers, dr HW de Jager, prof dr IH Eybers, prof dr WD Jonker, prof dr JA Lombard, dr JHP van Rooyen, dr AJ Venter en mnr AC Viljoen. 22 Oktober 1965.

[18]Aw p 2.

[19]Aw p 3.

[20]Aw p 4.

het hulle oproep afgesluit met die stelling: "Wie tans toelaat dat die verwarring voortduur en dat die kerk se standpunt gelyk gestel word met 'n populêr-politieke standpunt wat die eie aard van die kerk misken en die kerk se belydenis negeer, is ontrou aan die kerk en - wat veel meer is - aan die Here van die kerk".[21]

Die skrywers het die verwarring beleef en gesien oor watter wye gebied dit strek. Daar was verwarring oor die wese en gesag van die kerk, die boodskap van die kerk, die tug van die kerk en die eenheid van die kerk. Daarmee het die skrywers ook die gebied van die skade wat daar aangerig is, genoem. Slegs een ding het hulle nie genoem nie, omdat hulle nie kon voorsien of wou dink dat die verwarring maar sou voortduur nie, nl die ontsettende skade wat verrig sou word aan die relevansie van die NG Kerk op die Suid-Afrikaanse toneel.

9.2.1 Die wese en gesag van die kerk

In die Ope Brief het die skrywers beklemtoon dat die kerk die kerk van Jesus Christus en die gemeenskap van Christus-gelowiges is. Die skrywers het nie beweer dat hierdie belydenis nie die belydenis van die NG Kerk is nie, maar hulle was besorg omdat dit op daardie tydstip geblyk het dat talle die kerk sien "as 'n magtige organisasie in die volkslewe van die Afrikaner" wat "die Afrikaner in sy politieke siening moet ondersteun" en geen kritiese geluide oor die volk en sy politieke beleid moet laat hoor nie want dan sou die kerk die vertroue van die volk verloor.[22] In die lig van hierdie omstandigheid is daar gewaarsku dat die kerk nooit verwar mag word met 'n volksorganisasie wat die vertroue van die volk moet behou deur na die hart van die volk te spreek nie. "Die kerk kan alleen kerk van die Woord wees, of hy is nie meer kerk nie".[23]

---

[21]Aw p 8.

[22]Aw p 1-2.

[23]Aw p 2.

Dit was inderdaad 'n tyd van verwarring oor die verhouding van die kerk en die Afrikanervolk. In hierdie tyd van vurige Afrikanernasionalisme het 'n dominee van die NG Kerk die 13de artikel toegevoeg tot die apostoliese geloofsbelydenis nl "en Suid-Afrika!" en tot groot vreugde van die Afrikaanse luisteraars na Republiekwording in 1961 oor die radio verklaar: "Ons enigste vesting is ons blankheid. Ons enigste toevlug is ons Godheid! ... Afrikaner-geskiedenis is 'n Altaargeskiedenis".[24] Dit was 'n tyd van die nouste verbondenheid tussen kerk en volk. Die kerk het op dieselfde politieke standpunt as die Afrikaner gestaan en daar was 'n sterk oortuiging, so het dit geblyk in die Sinodes se oordeel oor Cottesloe se besluite, dat die beleid van die Afrikaner nie op een punt prysgegee moet word nie want dit sou 'n stap na integrasie wees.

In die stryd teen die CI het dit duidelik geblyk dat die beswaar van die kerk was dat die politieke beleid van apartheid in die gedrang gekom het en deur die CI teengestaan is. Daarom het die verwerping van die CI tegelyk deur kerk en volk plaasgevind. Die CI was vir beide ewe onaanvaarbaar. In sy beleidstuk van 1974 "Ras, Volk en Nasie" (RVN) het die NG Kerk verklaar dat die kerk hom met die volk moet verbind, maar nie vermeng nie- "want deur laasgenoemde word sy wese en eiesoortige bestaan verloën".[25] In die praktyk egter het in die ondersteuning van apartheid die volksgevoel en die kerklike beleid volledig vermeng geraak.

Dat hierdie situasie in die kerk nog lank na die sestigerjare en ook nog lank na die aanvaarding van RVN sou voortduur, het geblyk

---

[24]Ds GJJ Boshoff "Ons geloofsvertroue" - Praatjie gehou oor die radio aan die einde van 1961. SAUK-publikasie "Jou het ek lief bo alles" p 18-19.
Dr JD Vorster het in 'n skrywe aan 'n kerkraadslid van Parkhurst nl Garrett op 6 Februarie 1966, na die CI verwys as "kerk en volkskadelik" - "'n frontorganisasie van die vyande van ons kerk en volk se beleid".

[25]Ras, Volk en Nasie (RVN) 27 p 45.

toe die Algemene Sinode in 1986 'n nuwe beleidstuk "Kerk en Samelewing" goedgekeur het en daarin nie alleen verklaar het dat lidmaatskap van die kerk "oop" is nie[26] maar ook dat apartheid wat sommige veronreg en ander onregmatig bevoordeel onaanvaarbaar is.[27] Oortuig dat met die "oop" kerk die noue band tussen kerk en volk deurgesny word, en dat apartheid skynbaar deur die Sinode afgekeur is, het 'n groot groep lidmate op 17 Junie 1987 van die NG Kerk weggebreek en die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) gestig.[28] Vooraf het hulle 'n beswaarskrif gepubliseer met die titel "Geloof en Protes".[29] In hierdie geskrif word presies dit waarteen in die Ope Brief van 1965 gewaarsku is, verdedig. In verband met die NG Kerk se verhouding tot die Afrikanervolk word deur die beswaardes verklaar dat hulle glo dat Christus se teenwoordigheid in die volkslewe meebring dat "'n allerintiemste band tussen volkskap en Christenskap gesmee word".[30] Hulle glo "dat by kerkvorming die veelvormigheid van die kulturele, nasionale en geestelike lewe deurslaggewend moet wees"[31] en dat die gemeenskap van gelowiges "voor alles die onsigbare maar heerlike gemeenskap" van gelowiges is.[32] Die Moderator van die Algemene Sinode het die besware soos volg opgesom: ".. dat lidmaatskap van die NG Kerk gereserveer word vir blanke Afrikaners en vir blankes wat hulle met die blanke Afrikanerdom vereenselwig ...".[33] Dit het inderdaad alles gegaan om die verhouding kerk en volk - Daarom

---

[26]KES 270.

[27]Aw 306. Dr AP Treurnicht, hoofleier van die Konserwatiewe Party het hierna verwys as 'n "dubbelsinnige formulering" Brief in Beeld 22 September 1987.

[28]The Sunday Star 28 Junie 1987.

[29]Geloof en Protes, 'n antwoord namens beswaarde lidmate op sekere aspekte van "Kerk en Samelewing". Opgestel deur Die Voortsettingskomitee, Mei 1987.

[30]Geloof en Protes (GEP) 7-4.

[31]Aw 1-14.

[32]Aw 1-23.

[33]Heyns, Dr Johan. "Beswaardes kyk deur 'n politieke bril na Kerk" Rapport 28 Junie 1987.

ook dat die kerkleier van die sestigerjare, dr AP Treurnicht, gewaarsku het dat die Sinode se besluit "groot verdeeldheid in die volkslewe en die kerk" kan veroorsaak omdat dit beteken dat die NG Kerk nou 'n gekleurde moderator kan hê - "sy eie UDF-moderator - 'n tweede Tutu".[34]

Dit was ironies dat die NG Kerk se Algemene Sinodale Kommissie (ASK) die beswaardes in 1988 geantwoord het[35] deur hulle daarop te wys dat hulle die Skrif verkeerd hanteer,[36] dat hulle beswaar 'n politieke beswaar is nl apartheid,[37] dat die volk by hulle kerkbeskouing te veel figureer[38] asof die kerk iets is "wat aan die volk behoort en nie soseer aan God nie".[39] Die ASK was egter in sy antwoord eerlik in sy teregwysing - "welbewus daarvan dat hy in sy eie verlede nie altyd duidelik genoeg gewaak het teen standpunte wat in hierdie rigting geneig het nie".[40]

Die teregwysing van die ASK sou in die sestiger- en sewentigerjare volledig gegeld het vir die Algemene Sinode in sy stryd teen die Christelike Instituut. Dit het reeds genoegsaam geblyk dat dit vir die kerk alleen om die politieke beleid gegaan het. Die betreurenswaardige was dat die NG Kerk daarmee die Afrikanersaak laat spreek het, en nie die Woord van God as enigste gesag van die kerk nie. Wat die saak erger gemaak het is dat die Sinode 'n politieke besluit op die kerkraad van Parkhurst in besonder wou afdwing en die gewetens van mense wou dwing met die dreigement van tug! Dit was juis die dilemma van die Ring van Johannesburg

---

[34]Beeld 25 Oktober 1986. UDF verwys na die United Democratic Front waarvan dr Allan Boesak die leier is, en Tutu verwys na aartsbiskop Desmond Tutu, hoof van die Anglikaanse Kerk.

[35]Antwoord van die Ned Geref Kerk op Geloof en Protes, deur die Algemene Sinodale Kommissie, Mei 1988.

[36]Aw 2.1.

[37]Aw 1.2, 3.4.

[38]Aw 3.

[39]Aw 4.

[40]Aw 6.

en die kerkraad van Parkhurst dat hulle hoegenaamd nie die gesag van die Woord in die besluite van kerklike vergaderings kon vind nie en dat die kerk dit ook nie aan hulle kon gee nie. Selfs in die finale verklaring oor die CI in 1974 het die Algemene Sinode weer eens volk en kleur laat spreek toe hy verklaar het dat die CI in hoofsaak 'n politieke organisasie is "wat die integrasie-politiek op kerklike akker vrugbaar wil maak, om daarmee 'n verandering in regering te bewerkstellig".[41]

Apartheid - die sisteem ter wille van die voortbestaan van die volk - was vir die NG Kerk so belangrik, dat dit en nie die Skrif nie, die norm was vir kerklike oordeel en handeling. Kerklike aanvaarding of afwysing van persone en liggame het in dié tyd afgehang van die verband tussen dié persone of liggame en apartheid. Persone soos proff BJ Marais, BB Keet, PV Pistorius, dr Beyers Naudé, dr B Engelbrecht, ens het ervaar dat kerklike verwerping gevolg het op verwerping van apartheid. Wat betref die aanvaarding of verwerping van organisasies, was die beste voorbeelde die CI en die Suid-Afrikaanse Buro vir rasse-aangeleenthede (Sabra).[42] In 1949 het die Kaapse Sinode by Sabra geaffilieer en by kerkrade aanbeveel om dieselfde te doen. Ook die Transvaalse Sinode het in 1951 gemeentes versoek om by Sabra te affilieer. Met die Algemene Sinode van 1966 se verwerping van die CI as "buitekerklike organisasie" het dit duidelik geword dat 'n buitekerklike organisasie vir die kerk heeltemal aanvaarbaar is indien hy, soos Sabra, apartheid ondersteun, en onaanvaarbaar indien hy, soos die CI, apartheid verwerp.

Met die gesag wat die Afrikanervolk en apartheid vir soveel jare in die NG Kerk gehad het, het die kerk vir soveel jare die wese van die kerk as volk van God en die gesag van die kerk as Skrifgesag verloën. Dit was onopsetlik. Die opset was die voort-

---

[41]Handelinge Algemene Sinode Oktober 1974, p 199. Aangehaal deur JC Marais, Die NG Kerk en die regverdiging van Apartheid, p 101.

[42]Sabra is in 1948 gestig as organisasie om apartheid te help bevorder.

bestaan van die volk deur middel van apartheid. Nooit is voorsien hoedat dit die geloofwaardigheid van die kerk in gedrang sou bring nie. Dit het as 'n skok gekom. Daar was diegene wat oor die jare heen hulself losgemaak het van hierdie vreemde liggaam en vreemde gesag in die kerk. Maar daar was ook duisende lidmate wat oor dekades heen die kerk met sy uitsprake en bevindinge geglo het. Vir hulle was dit altyd soos met hulle destydse kerkleier, dr AP Treurnicht, wat glo dat hy en sy party met apartheid "die weg van die Here" volg.[43] Hulle is geleer dat die geslote kerk van die Afrikaner met sy beleid van apartheid die kerk van die Here is. Toe die NG Kerk sy deure oopgooi vir ander volke en apartheid skynbaar afsweer, het hulle geskok 'n nuwe kerk gestig.

9.2.2 Die boodskap van die kerk

Die NG Kerk het oor die beleid van apartheid gewaak met allerlei besluite en metodes wat in die praktyk die uitwerking gehad het dat die boodskap van die kerk radikaal ingekort is. Dit was reeds die geval met die heel eerste besluit wat die kerk teen die maandblad Pro Veritate geneem het in 1963 en die daarmee gepaardgaande besluit oor die aanspreeklikheid van kerklike dienaars.[44] Dat die Suid-Transvaalse Sinode met hierdie besluit oor die gehoorsaamheid wat ampsdraers aan kerklike besluite moet betoon, bedoel het om alle moontlike kritiek teen apartheid te keer, het duidelik geblyk uit die beswaar van die 26 predikante teen dié besluit. Ook die verdedigers van die besluit het laat blyk dat dit daarin uitsluitlik gegaan het om lojaliteit aan apartheid - "'n doelbewuste stilmaakpoging" van enige kritiek.[45] So het die redakteur van Die Kerkbode die Sinodale besluit verdedig en gekla dat daar mense is wat "smalend" praat van die kerk se beleid "omdat 'n kerk dan net 'n belydenis sou mag hê en slegs getui-

---

[43]Dr AP Treurnicht op 'n vergadering van die Konserwatiewe Party in Pretoria op 24 Oktober 1989. Beeld 25 Oktober 1989.

[44]Sien Hoofstuk 5.2.

[45]Ds JM Gerber in 'n brief - Die Kerkbode 11 September 1963 p 368.

gende van Christus sou mag spreek". Hy veroordeel die bespreking van kerklike besluite in die pers want dit blyk dat 'n deel van die pers "... in die verskil van mening in die NG Kerk 'n gulde geleentheid sien om ons volk te verdeel ...".[46] Dr JD Vorster het gevra: "Moet die kerk nou verkla en aangeval word in die blaaie wat integrasie propageer?"[47]

Afgesien daarvan dat die kerk hierdie besluite geneem het om sy beleid te beskerm, is daarby aan die kerklike vergaderings 'n gesag toegeken wat aan die Gereformeerde wêreld vreemd is. Die Sinodale Kommissie, die Breë Moderatuur, die Sinode of die Algemene Sinode is gesien as die hoogste vergaderinge en kragtens hierdie hiërargie is hulle besluite voorgehou as die finale gesag. Met betrekking tot hulle besluite het die "Führerbeginsel"[48] gegeld en moes die tug aangewend word teen die ongehoorsames. Dit het dus gegaan om die gesag van vergaderinge en meerderhede soos in die kollegialistiese kerkregering. Wie nie gehoorsaam nie "pleeg, soos die Nagmaalsformulier dit stel, muitery ...".[49] Dat daar nie deur die vergaderinge in hulle oordeel oor die CI van die Skrif uitgegaan is nie, was nie so heel belangrik nie. Die redakteur van Die Kerkbode het gewys op dr Beyers Naudé wat gepraat het van die afbreek van rasse-, kulturele en kerklike grense en geskryf: "As die implikasies hiervan vir die lewe en belydenis van die kerk deurdink is, kan ons weer oor Skriftuurlike gronde vir die sinodale besluit praat".[50]

In die kerk self het die besluite teen die CI die gewenste uitwerking gehad. Dat die predikante hulle kragtens die besluite van die kerklike vergaderings aan Pro Veritate en die CI moes onttrek, het in effek beteken dat 'n demper geplaas is op die

---

[46]Die Kerkbode 12 Junie 1963 p 800-801.

[47]Die Kerkbode 12 Junie 1963 p 819.

[48]Jonker, WD. "Om die regering van Christus in sy kerk" p 22.

[49]Dr JD Vorster "Wat sê die Kerkwet?" Die Kerkbode, 21 Junie 1967 p 866.

[50]Die Kerkbode 28 Junie 1967 p 893.

kerklike gesprek oor apartheid. Maar die gesprek in die guns van apartheid kon ongehinderd voortgaan - al was dit in Pro Veritate. Ds van Loggerenberg is nooit verwyt of aangekla oor sy gereelde bydraes in dié blad nie. Alleen sommige predikante moes swyg nl hulle wat vanuit die Skrif probleme met dié beleid gehad het. Om in Suid-Afrika oor apartheid te swyg, het beteken dat daar oor 'n groot deel van die werklikheid geswyg word.

Daar was ook 'n ander middel om die gesprek oor hierdie beleid tot 'n einde te laat kom. Dit was naamlik die etiket "liberalisme". Die skrywers van die Ope Brief in 1965 het beswaar gehad oor "dié skelwoord" wat in die kerk "rondgeslinger" word. Hulle het beswaar gemaak "dat enige predikant wat dit waag om 'n geluid te laat hoor wat geïnterpreteer kan word as kritiek teenoor die gedagte van apartheid in die kerk, die houding van ons mense teenoor die nie-blanke in die algemeen, die weiering van gelowiges om hulle eenheid met ander gelowiges te aanvaar of die oorheersing van die kerklike denke deur politieke denkbeelde, meteens kwalifiseer as 'n liberalis". Aan hierdie proses het predikante meegedoen en so hulle medebroeders verdag gemaak.[51] In die kerklike woordeskat was "liberalisme" in die sestiger- en sewentigerjare 'n woord wat kwistig gebruik is. Die pleit van die 26 vir 'n oop gesprek in die kerk, is gewoon afgemaak as iets wat "volmaak in die smaak val van die tydsgees met sy individualistiese liberalisme"[52] en die CI is deur Die Kerkbode verwerp omdat dit "die mondstuk en organisasie vir 'n liberalistiese politiek onder godsdienstige banier" is.[53] Om die implikasies hiervan te begryp, moet die noue verband wat daar in dié tyd ook in die kerk gelê is tussen liberalisme en kommunisme in gedagte gehou word. Dr JD Vorster wat altyd bekend gestaan het as 'n kenner op hierdie gebied, het beklemtoon "dat die liberalis altyd die kommunis dien".[54] Na aanleiding van kommunistiese infiltrasie van die

---

[51]Verwarring: Opheldering noodsaaklik! p 3.

[52]Dr JD Vorster, Die Kerkbode 12 Junie 1963 p 819.

[53]Die Kerkbode 1 Maart 1967 p 285.

[54]Dr JD Vorster, Actuarius Algemene Sinode, "Kommunisme in Aksie", Volkskongres oor Kommunisme, 1964, p 84.

kerke om die kerke te gebruik vir kommunistiese oogmerke, het hy bygevoeg: "liberaliste leen hulle maklik vir die werk".[55]

Ook die term "social gospel" is in dié tyd op so 'n wyse aangewend dat dit die kerklike gesprek oor die rassesituasie gedemp het. Die skrywers van die Ope Brief het opgemerk dat die lidmate van die kerk stelselmatig geleer word "om hulle van die eise van die Skrif met betrekking tot die diens aan die naaste los te maak onder die dekmantel dat dergelike eise alleen in 'n social gospel en 'n humanistiese filantropie gestel kan word".[56] Ook hier is 'n duidelike verband met die kommunisme daar gestel. Dit is sprekend dat dr AP Treurnicht in 1964 by die Volkskongres oor Kommunisme wat eintlik van die NG Kerk uitgegaan het, verklaar het die "gedagte van die kerk wat 'n profetiese roeping het; 'n taak om te preek en ook 'n taak om te protesteer, het 'n baie handige slagspreuk geword ook in die hande van die vyande van die kerk omdat hulle gevind het dat baie van die profete nie profete van Jesus Christus is nie maar van 'n verwaterde sosiale geregtigheid".[57] By dieselfde kongres is ook verwys na die kommunistiese aanslag op die kerk om die kerk van die evangelie van Jesus Christus "los te ruk en die kerk te maak tot 'n instrument wat die 'Social Gospel' uitdra..".[58] Engelbrecht herinner hom in hierdie verband hoedat by meer as een geleentheid selfs Eerste Ministers van Suid-Afrika onloënbare getuienisse uit die evangelie teen apartheid afgemaak het as komende uit bronne gevoed deur die "goddelose kommunisme".[59] "Daar is uit die ideologiese huwelik van kerk en party magte gebore wat oor jare heen nie geaarsel het nie om politieke getuienisse van die suiwerste evangeliese inhoud toe te skryf aan bronne wat "kommunisties" van aard is, so te sê aan die duiwel self".[60]

---

[55]Dr JD Vorster, Kommunisme die vuurrooi draak, Baanbreker Uitgewers, Roodeport, 1965(?) p 10-11.

[56]Verwarring: Opheldering Noodsaaklik p 4.

[57]Volkskongres 1964 p 62-63.

[58]Prof AD Pont, Volkskongres 1964, p 56.

[59]Engelbrecht, Ben. Ter wille van hierdie Wêreld p 38.

[60]Aw p 62.

Dit is geen wonder dat daar uiteindelik gekla is dat die dominees alleen preek oor "drink en dans en sulke dinge" maar niks sê oor die geweldige maatskaplike en politieke probleme van die tyd nie. "Dit lyk vir my ons dominees het hulle so doodgeskrik vir die 'social gospel' ... dat hulle die pendule na die ander uiterste laat swaai. Hulle preek liewer glad nie oor kontensieuse sake nie ... terwyl hulle gemeentelede inderdaad na leiding op hierdie gebiede verlang".[61]

Dit was na aanleiding van die doodse swye wat daar in die kerk oor rasse- en maatskaplike probleme neergedaal het, dat Van Rooyen in Julie 1972 'n brosjure met die titel "Durf ons swyg?" aan al die predikante van die NG Kerk uitgestuur het. Hy het gepleit dat die kerk sy profetiese stem moet laat hoor. Hy het verwys na aanhouding sonder verhoor as strydig met die negende gebod, na die strewe na reg en geregtigheid wat vervang is deur wet en orde, na die weiering van gemeentes om hulle kerkgeboue vir aanbidding deur gekleurde gelowiges beskikbaar te stel, na die Ontugwet, die onregverdigheid in swart onderwys, die loongaping tussen wit en swart, die vol tronke, ens. Daarby het hy verwys na die verkondiging in die kerk as alleen oor "die dierbare Kruis" en veilige sake. Hy het ook op die haat in Suid-Afrika gewys: "'n Kerk wat swyend toeskou hoedat mense, ook sy eie mense, hulle deur haat laat lei ... moet weet dat die duur prys wat hy vir sy swye sal betaal, sal wees dat hy bekend sal staan as sou hy in 'n noodsituasie nie alleen ongehoorsaam gewees het aan sy Heer nie, maar dat hy ook niks beteken het vir sy land nie".[62] "Alleen God kan ons red! Daarom moet ons die Suid-Afrikaanse politiek na God verwys".[63] Die gevolg van die brosjure was eerstens 'n skrywe van dr JD Vorster wat ook aan die Ringskommissie deurgestuur is en waarin Van Rooyen beskryf word as iemand wat "in navolging van liberale teoloë in die buiteland van 'n diakonalistiese kerkbegrip uitgaan" waardeur die kerk se

---

[61]Richard, Dirk. Die Kerk op pad na 2000 p 128.

[62]Van Rooyen, JHP. Durf ons swyg? p 9.

[63]Aw p 19.

boodskap "in 'n linkse maatskappykritiek" opgaan.[64] Die Ringskommissie het onmiddellik gereageer op die sogenaamde "klag" teen die kerk. Daar is onder Van Rooyen se aandag gebring dat daar 'n klag teen hom ingedien is. By een geleentheid het die Ringskommissie geëis dat hy 'n skuldigbevinding onderteken wat dan in Die Kerkbode gepubliseer sou word. By 'n volgende geleentheid is hy gevra om self 'n brief waarin hy homself repudieer aan Die Kerkbode vir publikasie te stuur.[65] Hy het geweier en die hele saak is daar gelaat.

Die profetiese stem van die kerk het bly swyg. Daar moes niks gedoen word wat die Owerheid in verleentheid kon bring nie. Dus moes daar ook liewer agter geslote deure deur middel van die kommissie vir skakeling met die Owerheid met die leiers gepraat word. Aanvanklik het dié kommissie nog met die Owerheid gepraat oor lone van anders-kleuriges, werkreservering, trekarbeid, verpligte onderwys vir swartmense, die toestande in die swart woonbuurtes, maar in 1978 het die Algemene Sinode besluit dat die Breë Moderatuur liewer hierdie taak moet oorneem. Deur navorsing in hierdie verband het JC Marais tot die ontstellende gevolgtrekking gekom dat die betrokke kommissie tussen Oktober 1978 en Augustus 1983 nooit enige kontak met die Owerheid gemaak het nie.[66] Die profetiese stem het selfs nie eens meer agter geslote deure weerklink nie.

'n Ander belangrike faktor in die swye van die kerk is dat die boodskap van die kerk by alles ook nog vergeestelik is. Die Christelike lewe is in die prediking al meer geskilder as geestelike lewe. Daar is hoe langer hoe meer gevlug tot die beskutting van die piëtisme waar vroomheid en bekering die hoofsaak is. Die kerklike boodskap het verminder tot 'n geestelike boodskap oor

---

[64]JD Vorster, skrywes aan JHP van Rooyen, 27 Julie 1972 en 6 September 1972.

[65]JHP van Rooyen - Brief aan Ring van Johannesburg in sitting te Parksig, 15 September 1973.

[66]Marais, JC. Die NG Kerk en die regverdiging van Apartheid p 64.

Christus en mikromoraal - veilige prediking. Dit was 'n "abstrakte evangelie waarmee die kerk en die gesante van Jesus Christus sweef in salige en onaantasbare hoogtes, ver bo die hoofde en harte van konkrete, werklike mense van vlees en bloed, en ver verhewe bo die lewe soos dit in werklikheid geleef word in die Staat en in die politiek..".[67] Geen wonder dus dat Jonker nog in 1985 na Suid-Afrika verwys het as "'n land waarin daar van 'n Christelike denke oor politieke en maatskaplike sake nog nie veel tereg gekom het nie ...".[68] Die CI was 'n poging tot besinning en gesprek oor politieke en maatskaplike sake en is deur die NG Kerk verwerp omdat dit 'n bedreiging ingehou het vir apartheid.

Die prys wat die NG Kerk reeds betaal het en nog sal betaal vir sy stilswye, kan nie bereken word nie. Die veronregtes het ervaar dat dié kerk wat in die geskiedenis van die Afrikaner so solidêr met die verdrukte en veronregte was, nie in staat was om oor die rassegrense heen enige solidariteit te betoon nie. Ook die boodskap van versoening het op die kansels verstil. Die klem is laat val op die verskille tussen mense. In 1986 het die kerk apartheid as "fout" erken.[69] Du Plessis merk tereg op: "<u>katastrofale</u> fout sou miskien beter wees!"[70] Die NG Kerk het ongeveer laaste van almal op die terrein waar die toekoms van Suid-Afrika beslis word, aangekom. Toe die NG Kerk die kerk was waarna opgesien is om die beslissende rol in Suid-Afrika te speel, het hy ter wille van apartheid waardeur die Afrikaner se voortbestaan verseker moes word, die profetiese boodskap radikaal ingekort en daarmee sy eie rol in die Suid-Afrikaanse geskiedenis ingekort. Die kerk het vergeet dat "Elke duimbreedte van die menslike bestaan val onder die profetiese appèl van die kerk. Is

---

[67]Engelbrecht, Ben. Die Tweeheid van Kerk en Staat, p 37.

[68]Jonker, WD. Die Woord as Opdrag p 124.

[69]Kerk en Samelewing p 52.

[70]Du Plessis, Bertie. Die Afrikaanse Kerke en die uitdaging van 'n Suid-Afrika sonder apartheid, in Wat kom na Apartheid p 116.

dit nie die geval nie, kapituleer die kerk voor die 'mensemoordenaar'[71] - oftewél 'kerkmoordenaar'".

9.2.3 Die tug van die kerk

In die verloop van die NG Kerk se optrede teen die CI het dit duidelik geword dat die kerk op 'n baie vroeë stadium reeds gedetermineerd was om deur middel van die tug van bepaalde persone wat lede van die CI was ontslae te raak. Die gesag van die Sinodes en sinodale kommissies was genoegsame grond vir kerklike optrede met die tug. Ten spyte daarvan dat sulke lidmate alleen oor apartheid ander beskouinge gehad het en origens hulle verbondenheid aan Skrif en Belydenis bevestig het, is daar deur die kerk tog aangedring op tug op grond van die formele argument dat hulle ongehoorsaam is aan kerklike besluite. Die besluit van die kerkraad van Parkhurst in Februarie 1967 om nie te tug nie omdat tug alleen oor sonde teen God gaan, het die redakteur van Die Kerkbode laat opmerk dat dit "'n bietjie te vroom" is.[72] In Skrifgronde is kennelik nie belang gestel nie. Daarom het die redakteur van Die Kerkbode, soos reeds vermeld, gewys op die direkteur van die CI se opmerking oor die afbreek van apartheid en gemeld dat wanneer die implikasies daarvan deurdink is, "kan ons weer oor die Skriftuurlike gronde vir die Sinodale besluit praat".[73] Duideliker kon dit nie - grond vir tug is die afbreek van apartheid! En die gesag vir die tug is nie die Woord nie, maar die gesag van die meerderheid in 'n kerklike vergadering. Ongehoorsaamheid aan hierdie meerderheid is tugwaardig.

In 1965 het die skrywers van die Ope Brief teen hierdie onhoudbare toestand gepleit en daarop gewys "dat die dinge waaroor die kerk dan so sterk sou moet voel dat hy sonder Skrifgrond tugtend sou moet optree, weer eens in verband staan met die apartheidskwessie". Dit het opgeval dat terwyl die verontagsaming van baie

---

[71]Esterhuyse, WP. Afskeid van Apartheid p 98.

[72]Die Kerkbode 31 Mei 1967 p 748.

[73]Die Kerkbode 28 Junie 1967 p 892-893.

ander kerklike besluite sienderoē toegelaat word, daar talle in die kerk is wat meen dat in hierdie geval daar "drasties en vinnig" gehandel moet word met die toepassing van die tug.[74] Kennelik met verwysing na die toestand in die Ring van Johannesburg, het die skrywers ook verwys na kerkrade wat predikante onverhoord "tug" deur hulle kansels te sluit vir sulke predikante wat verdink word van moontlike nonkonformisme.[75]

Voordat die Ope Brief uitgestuur is, het dr WD Jonker, 'n medeondertekenaar, sy intreerede as professor in die Teologie by die Universiteit van Suid-Afrika gehou oor die regering van Christus in die kerk.[76] Hy het daarop gewys dat die kerk nooit die tug mag aanwend waar daar nie sprake is van sonde teen God en Sy heilige Woord nie. Alleen wanneer kerklike besluite met die Woord ooreenkom, het hulle gesag wat gehoorsaam moet word. Die kerk mag nooit verder gaan as die Skrif en lidmate tugtig oor allerlei aangeleenthede wat nie onmiskenbaar duidelik sonde teen God en die heiligheid van sy verbond is nie.[77] Vanselfsprekend gaan dit in die tug oor die heerskappy van Christus en nié oor die heerskappy van die meerderheid nie.[78] Onmiskenbaar het Jonker sy intreerede gehou teen die agtergrond van sy ervaringe as lid van die Ring van Johannesburg en die druk wat deur die kerk uitgeoefen is om tug toe te pas teen lede van die CI en moontlike simpatiseerders met die CI. In die stryd wat in die kerk teen die CI gevoer is, het dit om al die dinge gegaan waarteen Jonker in sy rede gewaarsku het, bv die Roomse siening dat die gesag van Christus sonder meer in die ampsdraers teenwoordig is;[79] die oordeel dat oortreding van kerklike bepalinge sonde

---

[74]Verwarring: Opheldering Noodsaaklik p 5.

[75]Aw p -6.

[76]"Om die regering van Christus in sy kerk" Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, 1965.

[77]Aw p 27.

[78]Aw p 31.

[79]Aw p 6.

is;[80] die siening van die regeermag van die kerk as iets wat op 'n "juridiese manier" uitgeoefen word;[81] die daarstelling van reglemente en bepalinge waardeur die kerk naas die Woord regeer word;[82] kollegialisme waarin die kerk werk met verenigingsmag,[83] ens. Teenoor die gesekulariseerde kerkreg, het hy gepleit vir "egte, Bybelse kerkreg" wat uitgaan van die belydenis dat Christus sy kerk regeer.[84]

Nadat die kerkraad van Parkhurst in Mei 1967 besluit het dat hy nie tug op die lede van die CI kan toepas nie[85] het hy by sy vergadering van 24 September 1967 eenparig 'n gravamen na aanleiding van die Algemene Sinode van 1966 se besluit teen die CI goedgekeur. Ter inleiding het die kerkraad verklaar dat hy daarvan bewus is dat kerklike besluite gehoorsaam moét word omdat dit in die kerk nié gaan om "priesterdwang of blote meerderheidstem nie, maar om die gesag van God se Woord".[86] Die kerkraad is bewus daarvan dat waar duidelik uit Gods Woord bewys word dat iemand teen die Here sondig, hy in sy gewete gebind is om met die tug op te tree.[87] Verder is dit vir die kerkraad duidelik dat kragtens die besluit van die Sinode daar met die tug opgetree moét word aangesien die CI 'n "dwaalrigting" is wat "die suiwere leer ondermyn", "die goeie orde in die kerk ondergrawe en tweedrag onder lidmate saai". Die kerkraad het egter in sy ondersoek van die betrokke lidmate geen dwaling in leer of lewe kon vind nie -

---

[80]Aw p 11.

[81]Aw p 12.

[82]Aw p 14.

[83]Aw p 17.

[84]Aw p 3.

[85]Sien hoofstuk 8.1.

[86]Gravamen van die kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente te Parkhurst ivm die besluit van die Algemene Sinode gedurende Oktober 1966 te Bloemfontein oor die Christelike Instituut van Suidelike Afrika - Gerig aan die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk, 24 September 1967 p 1.

[87]Aw p 1.

alleen is daar rede vir dankbaarheid oor "hierdie mense se verbondenheid aan die leer en hulle voorbeeldigheid in wandel".[88] Tug was dus vir die kerkraad buite die kwessie. Die kerkraad rig hom egter tot die Sinode "vir voorligting omdat hy self nie kon vasstel wat die Skrif- en belydenisgronde vir tugoefening in hierdie saak is nie".[89]

Ter wille van die grootste moontlike sekerheid dat die kerkraad verantwoordelik optree, het die predikant van die gemeente Parkhurst aan die begin van 1970 na Nederland gegaan om kenners van die Gereformeerde kerkreg te raadpleeg. By sy terugkeer het hy met die oog op die sitting van die Algemene Sinode in Oktober 1970, op eie koste 'n brosjure getiteld "Kerklike Tug - 'n Heilige Saak" aan elke predikant van die NG Kerk uitgestuur. Daarin het hy herinner dat die tug 'n huiweringwekkende en heilige saak is omdat in die bind en ontbind die mens saam met Christus besig is. Daar is "radikale fout met die kerk indien hy by die tugoefening nie glo dat dit wat hy doen in die hemel bevestig word nie".[90] "Dat die kerk die kerk van die Woord is en Christus die eintlike Bedienaar van die tug is, maak die tug waar".[91] Die skrywer het daarop gewys dat daar by die besluit van die Algemene Sinode teen die CI geen sprake was dat die Skrif ooit aan die woord gekom het nie. Daar was selfs geen kerklike ondersoek van die CI nie. Daarby is die NG Kerk een van slegs twee kerke in Suid-Afrika wat die CI veroordeel en vir die CI-lede boonop nog sê dat hulle geen deel in die Ryk van Christus het nie - terwyl al die ander kerke God dank vir die CI! "Kan daar nog 'n erger wyse wees waarop die beeld van die kerk van Christus geskend en sy aansien geskaad word as juis op hierdie wyse?"[92]

Aan hierdie stemme uit sy eie midde om nie van die tug 'n middel

---

[88]Aw p 3.

[89]Aw p 4.

[90]Van Rooyen, JHP. Kerklike Tug - 'n Heilige Saak, Mei 1970, p 3.

[91]Aw p 4.

[92]Aw p 24.

te maak om van lastige lidmate ontslae te raak nie, het die NG Kerk hom weinig gesteur. In die Ring van Johannesburg is daar steeds met medewete van minstens sommige lede van die Moderatuur van die Algemene Sinode,[93] van die Sinodale Kommissie van die Sinode van Suid-Transvaal, en almal in die NG Kerk wat wou weet, op die mees roekelose en onheilige wyse gepoog om die tug as stok te gebruik - op grond van gewone meerderheidsbesluite van vergaderings. Dit was in Suid-Afrika 'n ope en gekoesterde geheim dat die NG Kerk die CI-lede met die tug wou slaan - omdat hulle teen apartheid is. Vir die wêreldkerk was dit 'n skokkende skouspel. Vanuit Nederland het die NH Kerk geskryf oor "de schrik en de teleurstelling" oor die Sinode se besluit teen die CI. Hulle het gevra dat die broeders van die Instituut aangehoor sal word - "De hoge verantwoordelijkheid voor het getuigenis van het Evangelie binnen en buiten de Kerk staat daarbij op het spel".[94] Die kerkleiding sou hulle egter nie van stryk laat bring nie.

---

[93]Dr Treurnicht het as redakteur telkens in Die Kerkbode gereageer op die Ring se doen en late. Vgl bv Die Kerkbode van 28 Junie 1967 p 892 oor Ring en Sinode. Daarom juis het dr WD Jonker in Die Kerkbode van 26 Julie 1967 beswaar gemaak: "Die redakteur van Die Kerkbode neem sake wat nog voor kerklike vergaderinge moet dien, in die redaksionele kolomme in behandeling, spreek 'n oordeel daaroor uit, oordeel selfs oor die motiewe van kerklike ampsdraers wat in dié sake moet handel, deel dreigemente en waarskuwings uit en gee op dié manier 'n volbloed-pouslike "leiding" aan die kerk". Vgl ook Die Kerkbode 31 Mei 1967 p 748 "Kerkraad en Sensuur".
Ook dr JD Vorster was steeds ingelig. Op 6 Februarie 1966 het hy 'n brief aan 'n kerkraadslid van Parkhurst gestuur, aangebied om dié in Johannesburg te ontmoet, en aanbeveel dat die kerkraadslid probeer dat 'n bepaalde predikant 'n bepaalde kerkraadsvergadering moet bywoon. Brief JD Vorster Kaapstad, 6 Februarie 1966 aan mnr Garrett, Johannesburg.

[94]Brief ""Namens de Generale Synode der Ned Hervormde Kerk - Geteken G de Ru, praeses, en E Emmen, scriba, aan den Hoogeerwaarden heer Ds AJV Burger, Scriba Synodi, Posbus 1021, Johannesburg, Suid-Afrika. - 's-Gravenhage, 16 Februari 1967.

Die blindheid vir die sondigheid van die beleid van apartheid en die onchristelikheid van die besluit tot tug van die CI-lede het gewoon voortgeduur. Dit verklaar die feit dat die NG Kerk se afvaardiging by die ontmoeting met die Gereformeerde Kerk van Nederland in Lunteren in Maart 1970 weer probeer het om die Algemene Sinode van 1966 se besluit teen die CI te verdedig. Daar het die afgevaardigdes ter verdediging van die NG Kerk se optrede aangehaal uit 'n brief wat die Breë Moderatuur op 24 Junie 1968 aan die direkteur van die CI gerig het.[95] Die "sonde" op grond waarvan daar getug moes word, het daarvolgens op ses gronde berus. Eerstens is gewys op die CI as "buitekerklik". Skynbaar het dit op daardie tydstip nog nie tot die kerkleiding deurgedring dat so-iets op sigself geen grond vir tug is nie. Tweedens is genoem die teenwoordigheid van 'n Rooms-Katoliek op die Raad van Beheer. "Die CI beoefen prakties die neerhaal van grense tussen die kerke ...".[96] Derdens word verwys na die CI se beweerde ondermyning van die kerk se sendingbeleid en word beklemtoon dat dié beleid "ondubbelsinnig teen rassevermenging" en "teen sosiale gelykstelling" is.[97] Vierdens het die Breë Moderatuur dit teen die CI omdat dit Christene 'n dieper insig wil gee. "Hier word die CI voorgehou as 'n beter leermeester as die afsonderlike kerke ...".[98] Vyfdens word die beswaar van die ondermyning van die kerklike gesag en die bevordering van tweedrag in gemeentes toegelig met vier bewyse nl (i) 'n opmerking van eerw Robert Orr in Pro Veritate van 15 Desember 1962 - "Ministers are reluctant to let their laymen come to grips with the Word, fearful of what may happen as a result"; (ii) Die Direkteur se preek by die aanvaarding van sy amp; (iii) Sekere artikels in Pro Veritate as "direkte aanslag op die gesag en eer van die kerk"; en, ongelooflik, maar daar staan dit!; (iv) "U ondermyn

---

[95]'n Afskrif van die betrokke brief het via Lunteren in skrywer se besit gekom en is deur hom behandel in sy brosjure Kerklike Tug - 'n Heilige Saak p 25-32.

[96]Kerklike Tug - 'n Heilige Saak p 27.

[97]Aw p 28.

[98]Aw p 30.

ook die kerklike gesag en oortree die vyfde Gebod deurdat die CI u nog ds. noem en u laat u dit welgeval..."[99] Sesdens meld die brief dat die CI ergernis in kerklike kringe veroorsaak.

Die patetiese van hierdie brief van die Breë Moderatuur was verder dat hulle blykbaar ook gevoel het dat wanneer daar oor tug gepraat word, daar nie sonder die Woord van God gepraat mag word nie. Hulle noem dan bepaalde tekse, maar in nie één van die tekse kom God teen die CI aan die woord nie!

Deur die aanhoudende pogings deur en in die NG Kerk tot 1974 om sommige van die CI-lede te tug, het die kerk 'n pad bewandel waarop 'n hoogheilige saak aangewend is vir besonder onheilige motiewe. In terme van Skrif en Belydenis was hierdie soort tug van alle waarheid ontbloot. Dit was bloot 'n uiting van mense-heerskappy in die kerk.

9.2.4 Die eenheid van die kerk

Nadat die Sinode van Suid-Transvaal in 1963 ter wille van die eenheid van die kerk lidmate en ampsdraers afgeraai het om deel te neem aan die "Pro Veritate-poging" en daarby ook bepaal het dat sinodale besluite bindend is en steeds verdedig moet word,[100] het ds CFB Naudé gevra of die stigting van 'n ekumeniese blad deur die NG Kerk nie die probleem sou oplos nie.[101] Op hierdie gedagte het die redakteur van Die Kerkbode afwysend gereageer en in verband met die kerklike gesprek verklaar: "Ons weet uit ondervinding dat die gesprek met ons nie gesoek word slegs omdat ons geselskap as so verrykend beskou word nie, maar omdat ons uit pas sou wees en ons vir die wêreldmening gekondisioneer moet word, desnoods deur ... 'n eie 'ekumeniese' blad". Voorts het

---

[99]Aw p 30.

[100]Acta, Vierde vergadering van die Suid-Transvaalse Sinode van die NG Kerk gehou te Pretoria op 26 Maart 1963 evd p 550-551, 300.

[101]Pro Veritate 15 Mei 1963.

die redakteur opgemerk dat die klem op die kerklike gesprek saamhang met "'n kerklike indifferentisme - die kerk-eie sou dan nie so belangrik wees nie. Die ander kerke het ook gelyk; ons moet na hulle ook luister ...".[102]

Hierdie reaksie van Die Kerkbode was tipies van die houding wat die NG Kerk sedert 1960 teenoor die ekumene en die ekumeniese gesprek begin inneem het. Die vrees dat die kerk vir die wêreldmening "gekondisioneer" word en die beheptheid met "die kerk-eie" het alleen met een saak te doen gehad nl die ondersteuning van die beleid van apartheid. Dit was immers die oorsaak van die heftige reaksie teen die besluite van Cottesloe - die rede waarom sommige afgevaardigdes hulle van die besluite van die Beraad gedistansieer het en onder meer haastig was om hulle geloof aan die beleid van afsonderlike ontwikkeling te bely. Apartheid was die spil waarom alles gedraai het. Daarom het die Federale Raad van die NG Kerke in Maart 1961 verklaar dat hy hom nie met die bevindinge van Cottesloe kan vereenselwig nie en dit herbevestig dat hy bly by "die beleid van afsonderlike ontwikkeling soos deur die kerk aanvaar en toegepas". Ook is opnuut verklaar "dat die beleid van differensiasie Skriftuurlik gegrond is".[103] Ook die ad hoc-kommissie wat deur die Algemene Sinodale Kommissie van die Transvaalse Sinode benoem is om 'n verslag vir die Sinode op te stel, het bevind dat daar 'n afwyking was "... van die aanvaarde beleid van afsonderlike ontwikkeling en differensiasie en dat die verteenwoordigers hulle 'n bevoegdheid toegeëien het wat slegs aan die Sinode behoort".[104] Ook die besluit van die Transvaalse Sinode op 10 April 1961 maak melding van die belange van die nie-blanke bevolking wat "die beste langs die weg van die historiese beleid van differensiasie kan geskied".[105] Die sinode het verklaar dat die heil vir blank en nie-blank in Suid-Afrika geleë

---

[102]Die Kerkbode 3 Julie 1963 p 4.

[103]Lombard, RTJ. Die NG Kerke en die Rasse-politiek p 230. Sien ook Luckoff, Cottesloe p 130.

[104]Luckoff aw p 137.

[105]Luckoff aw p 141.

is "in uiteindelike totale gebiedskeiding met volle ontwikkelingsmoontlikhede vir almal, elkeen in sy eie gebied".[106]

As die verbondenheid aan die beleid van apartheid die rede was vir die afwysing van die besluite van Cottesloe, dan is dit ook waar dat die besluite van die Transvaalse en Kaapse Sinodes om uit die Wêreldraad van Kerke te tree, alleen was vanweë hulle ondersteuning van dié beleid. Na aanleiding van Cottesloe het dr JD Vorster, Actuarius van die Kaapse Sinode, verklaar dat die NG Kerke dit ernstig sal moet oorweeg om uit die Wêreldraad van Kerke te tree. Dié liggaam streef na gelykmaking en meng voortdurend met aangeleenthede in Suid-Afrika in.[107] Die eventuele uittrede van die NG Kerke was die begin van die pad van isolasie waardeur dié kerk geheel en al buite die hoofstroom van die wêreld-Christendom beland het. Dit was die begin van 'n pad waarop kontak met alle persone en instansies wat oor apartheid verskil, verbreek sou word en die NG Kerk gevolglik al meer op 'n eiland beland het.

So is ook die CI afgewys "omdat dit duidelik is dat die stigting en optrede van die Instituut noodwendig moet lei tot die bestryding van die rasse- en ekumeniese standpunt van die kerk".[108] In Die Kerkbode is daar ook gewaarsku teen beurse waarin die CI bemiddel "met die uitdruklike oogmerk om die Amerikaanse integrasie-rassebeskouing op ons hier in Suid-Afrika oor te plant".[109]

In Suid-Afrika self het die NG Kerk homself gedistansieer van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK), die ekumeniese liggaam waartoe die grootste deel van die Christene in Suid-Afrika

---

[106]Lombard, RTJ. Aw p 233.

[107]Aw p 224.

[108]Die Kerkbode 27 November 1963 p 737.

[109]Die Kerkbode 24 Maart 1965 p 356. Ook Die Kerkbode, 18 Augustus 1965 p 1028.

behoort.[110] Van die groter kerke het nou alleen die drie Afrikaanse Kerke nié tot die SARK behoort nie. Aanvanklik was daar 'n entoesiastiese samewerking met die Christen-Raad van Suid-Afrika soos die SARK vroeër genoem is, maar weer was dit hoofsaaklik die rasse- en kleurprobleem wat veroorsaak het dat die kerk hom in 1948 van hierdie ekumeniese liggaam onttrek het. Dit het uitgeloop op 'n totale skeiding. "Van 'n gesprek is daar geen sprake nie; van 'n eenstemmige getuienis nie die vaagste droom nie".[111]

Die Algemene Sinode het in 1974 besluit om 'n kantoor vir ekumeniese sake te open. Dit was reeds laat maar dit het tog hoop gewek. Aan die ekumeniese isolasie van die kerk het dit egter geen verandering gebring nie. Met die volhardende ondersteuning van apartheid wat juis ook bevestig is met die goedkeuring van die beleidstuk "Ras, Volk en Nasie" by dieselfde sinodesitting, kon die isolasie alleen maar vererger word. Die politieke klimaat in die kerk en die obsessie om "ons kerk en volk se beleid"[112] te handhaaf, sou in elk geval nie ruimte laat vir pogings om gesprekke met die WRK, die SARK of die CI te begin nie. Daar is inderdaad geen gesprek met die CI gevoer soos deur die Hervormde Kerk in Nederland versoek nie.[113] Ook die algemene vergadering van die SARK in Julie 1975 te Hammanskraal, en die algemene vergadering van die WRK in November 1975 in Nairobi is nie bygewoon nie. Die poging van die Schweizerischer Evangelischer Kirchenbund (SEK) vanaf 1976 om die verskillende kerke in Suid-Afrika tot samespreking te beweeg, het ook in 1982 doodgeloop teen die muur van apartheid in die NG Kerk. In die laaste skrywe aan die NG Kerk het die SEK gemeld dat verdere dialoog met

---

[110]Lückhoff. Aw p 168 sê "byna drie-kwart van Suid-Afrika se totale bevolking".

[111]Engelbrecht, Ben. Ter wille van hierdie wêreld, p 56.

[112]Brief dr JD Vorster aan kerkraadslid Garrett van Parkhurst 6 Februarie 1966.

[113]Brief van Moderamen Generale Synode van Ned Hervormde Kerk, 16 Februarie 1967.

die NG Kerk nie sinvol is solank dié kerk nie gewillig is om die stelsel van afsonderlike ontwikkeling te bevraagteken nie.[114] Die gesprek van die Reformierter Bund in Duitsland (RBD) met die NG Kerk het aan die begin van 1982 om dieselfde rede tot 'n einde gekom. Ook die Gereformeerde Kerk in Nederland het vroeg in 1982 besluit dat betrekkinge met die NG Kerk nie sonder voorwaardes in verband met laasgenoemde kerk en apartheid volgehou kan word nie nl dat apartheid veroordeel word.

Dit was ook weer oor die NG Kerk se standpunt oor apartheid dat die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WGK) in 1982 in Ottawa besluit het dat 'n Status Confessionis afgekondig word. Saam met die swart Christene in die NG-familie is daar verklaar dat apartheid 'n sonde is en dat die poging om dit teologies te regverdig niks minder as kettery is nie. Op grond van die NG Kerk se regverdiging van dié beleid, is sy lidmaatskap opgeskort tot tyd en wyl hy bewys sou lewer van 'n ander ingesteldheid.[115]

So is 'n situasie bereik waar die NG Kerk met sy volgehoue steun aan apartheid nog slegs lid was van "die kleinste en konserwatiefste van die wêreld se ekumeniese liggame"[116] naamlik die Gereformeerde Ekumeniese Raad (GER). Reeds tydens die byeenkomste in 1958 te Potchefstroom en in 1963 te Grand Rapids is deur dié liggaam 'n studiekomitee oor rasseverhoudinge aangestel en by die vergadering by Lunteren in 1968 was dit die saak wat die meeste belangstelling gelok het. Hoewel die Sinode hom teen rassisme en rassediskriminasie uitgespreek het, het die NG Kerk se afgevaardigdes soos drr Vorster en Gericke met groot vreugde na Suid-Afrika teruggekeer omdat apartheid nie veroordeel is nie.[117]

---

[114]De Villiers, Etienne. Die NG Kerk en Apartheid. "Kritiek uit die Ekumene" p 151.

[115]Botha, Andries Johannes. "Die evolusie van 'n Volksteologie" p 250.

[116]Rapport 5 Maart 1989.

[117]Dr WB de Villiers het die hele geskiedenis uiteengesit in 'n CI-publikasie in Oktober 1969 "Lunteren en die Rassekwessie".

Sake het egter anders verloop toe die GER in Junie 1988 in Harare vergader het. Van die verloop van dié vergadering is berig: "Nog nooit in die geskiedenis van die blanke NG Kerk aan die een kant, en die NG Kerke vir ander rassegroepe aan die ander kant, het die leiers van die onderskeie kerke met soveel bitterheid en onversetlikheid teenoor mekaar gestaan nie. Apartheid is die saak wat aan die wortels van die kerktwis lê".[118] Die twis het gegaan om twee dokumente. Een was die meerderheidsverslag van 'n ad hoc-kommissie van die GER oor rasseverhoudinge waarin skerp kritiek teen apartheid en die NG Kerk se aandeel daaraan uitgespreek is. Die ander was 'n minderheidsverslag van die NG Kerk waarin begrip gevra word vir "persepsieverskille".[119] Op langelaas is besluit dat daar 'n vredesberaad gehou sal moet word.

Hierdie beraad is van 6 tot 10 Maart 1989 by Vereeniging gehou. Nadat die NG Kerk se ses afgevaardigdes aanvanklik alleen gewillig was om "diskriminerende apartheid" te verwerp en die beraad daarmee byna ontspoor het, het hulle tog eindelik "die eerste keer ondubbelsinnig verklaar dat die ideologie van apartheid 'n sonde is en dat 'n kerk wat dit verdedig, ketters is".[120] Dit was 'n geskiedkundige gebeurtenis. Vir die eerste keer sedert die ontstaan van die ideologie van apartheid, is vanuit die kerkleiding erken dat dit 'n ideologie is - 'n ketterse ideologie. Die redakteur van die regeringsgesinde dagblad Beeld, het dié gebeurtenis raak opgesom: "Die skuldbelydenis is 'n regstelling van 'n teologiese dwaling van die NG Kerk. Daarmee is die volle siklus voltooi - van die kerk se rol as politieke drukgroep om apartheid in wetgewing te verskans, die Bybelse regverdiging en verdediging daarvan, tot die punt waar besef is dat dit in stryd is met ware kerkwees".[121] Die enigste probleem was dat die sirkel wat in 1857 begin het, nog nie heeltemal voltooi is nie.

---

[118]Rapport 4 Desember 1988.

[119]Beeld 3 Maart 1989.

[120]Beeld 11 Maart 1989.

[121]Beeld 10 Maart 1989.

Die sirkel is nader aan voltooiing gebring toe die Algemene Sinodale Kommissie enkele dae later nl op 15 Maart 1989 die standpunt van die afgevaardigdes by die vredesberaad onderskryf het nl -

> "Ons bely met nederigheid en spyt die aandeel wat ons Kerk aan die instelling en wettiging van die ideologie van apartheid en die gevolglike lyding van mense gehad het.
>
> Ons verklaar dat elke ideologie homself bokant en langsaan die waarheid van die Bybel wil stel. Dit gebeur ook met die ideologie van apartheid - 'n politieke en sosiale stelsel waardeur menswaardigheid aangetas word en waardeur een bepaalde etniese groep doelbewus deur 'n ander onderdruk word.
>
> Dit kan nie op Christelik-etiese gronde aanvaar word nie omdat dit strydig is met die diepste betekenis van versoening, naasteliefde en geregtigheid. Dit bring die eenheid - en onvermydelik die menswaardigheid - van almal wat daarby betrokke is, in die gedrang, en is daarom sonde.
>
> Enige poging van die Kerk om hierdie ideologie te probeer verdedig, moet as kettery beskou word, dit wil sê in stryd met die boodskap van die Skrif".[122]

Dat hierdie ommekeer kon plaasvind nadat daar 'n paar dae tevore nog 'n krisis was oor die NG Kerk se ondersteuning van die beleid van apartheid, was niks minder as verstommend nie. En dit was beskamend dat 'n koerantredakteur van 'n regeringsblad die volgende van die eens selfvoldane NG Kerk, skielik in die kleed van berouvolle sondaar, opgemerk het: "Dit was asof die 'wit moeder' se oē vir die eerste keer oopgegaan het vir dit wat in die ander se hart omgaan. Vir dit wat so lank aanstoot gegee het en as arrogante selfvoldaanheid beskou is. ... Maar ons het rede om te glo dat die impasse verby is. Dat die eens swyende blanke monoliet nou bereid is om sy profetiese stem te laat hoor ongeag

---

[122]Beeld 17 Maart 1989.

die implikasies".[123]

Maar nog steeds is dit nie die "volle siklus" nie. Die sirkel sal eers voltooi wees indien die Algemene Sinode in 1990 die verklaring van die Sinodale Kommissie onderskryf. Indien dit gebeur sal die sirkel volledig sluit na 133 jaar van kerklike apartheid en uiteindelike isolasie omdat dié kerk, ter wille van 'n kettery, al sy vriende die rug toegekeer het.

9.2.5 Die relevansie van die kerk

Die reaksie op die besluite van die Cottesloe-beraad was vir die NG Kerk verpletterend. Dié besluite is deur politici en eventueel deur kerkleiers gebruik om die Afrikaner in die kerk te laat opstaan en die kerk in 'n rigting van politieke dienstigheid te stuur. Die kerk is tot swye gebring.

Die profetiese stem in die NG Kerk het nie alleen stil geword nie, maar pogings om 'n stem te laat hoor is ook dikwels geblokkeer. Aan die einde van 1966 het dr AM Hugo van Stellenbosch 'n brief aan Die Kerkbode gestuur waarin hy gewys het op die lyding van die kleurlingbevolking as gevolg van die Groepsgebiedewet. Hy het na 1 Kor 12:26 verwys en herinner dat as een lid ly, die hele liggaam tog ly. Hy was van mening dat daar fout is omdat die NG Kerk nie saam met die dogterkerke ly nie. Hierdie skrywe is deur die redakteur van Die Kerkbode geweier vir publikasie en is toe maar deur die skrywer na dié blad wat vir predikante verbode was, vir plasing gestuur.[124]

Dit was waarskynlik ook die geval met 'n brief van eerw DPH Russell van die Anglikaanse Kerk in King Williams Town. Op 14 Oktober 1972 het hy aan die NG Kerk geskryf en gemeld dat hy toe reeds maande lank briewe geskryf het aan die Minister van Bantoe-administrasie en Ontwikkeling, mnr MC Botha, oor die lyding van

---

[123]Beeld Inleidingsartikel 17 Maart 1989.

[124]Pro Veritate 15 November 1966.

die swartmense in hervestigingsdorpe (-kampe?) soos Dimbaza. Die minister het die skrywes geïgnoreer. Daarom het hy hom in dié brief tot die NG Kerk gerig omdat hy glo dat dié kerk nie maklik geïgnoreer kan word nie. Hy vra of dit billik is om mense in Dimbaza's te plaas - plekke ver van dorpe en met geringe moontlikheid vir verdienste. Die brief is later as ope brief in Pro Veritate geplaas.[125] Van die NG Kerk was daar blykbaar ook geen reaksie nie. Immers, die NG Kerk het ook nooit oor die hervestigingskampe en die lyding van die mense daar gepraat nie. Dit is oorgelaat aan "liberales" soos die Roomse priester Cosmas Desmond wat homself met sy onthullinge oor die haglike omstandighede van "The discarded people"[126] persona non grata gemaak het en toe deur die Owerheid ingeperk is.

Met die swye van die kerk was dit vanselfsprekend dat daar ook geen tekens van solidariteit sou wees met die slagoffers van die beleid nie. Al die jare het die NG Kerk die eis gestel dat die beleid regverdig toegepas moes word, maar nêrens het die kerk ooit in die openbaar 'n aanduiding gegee van wat regverdigheid in dié verband sou beteken nie. Dit sou immers ook nie kon nie omdat apartheid en regverdigheid mekaar weerlê. Tog is steeds gedagteloos en sekerlik goedbedoelend beklemtoon dat die kerk "volledig betrokke ook by geregtigheid in die samelewing" is,[127] maar in die meeste gevalle sou 'n mens kon saamstem met Durand dat dit net so goed geskryf of besluit kon gewees het "oor die kerk in ... sê, Lapland".[128] Ten spyte van al die gepraat oor geregtigheid, het apartheid ongesteurd voortgegaan. Die nood is nooit raakgesien nie of dit is afgemaak as van die ongelukkige

---

[125]Pro Veritate 15 November 1972.

[126]Sy boek was getiteld "The discarded people" - 'n CI-publikasie In 'n soortgelyke publikasie nl "The Surplus People - Forced Removals in South Africa" deur Laurine Platzky en Cherryl Walker in 1985 het hy die voorwoord geskryf.

[127]Heyns, JA. "'n Teologiese Perspektief" in Stormkompas, p 20.

[128]Durand, JJF. Oor dr JA Heyns se artikel "Teologiese Perspektief" in Stormkompas, p 21.

offers wat nou eenmaal gebring moet word vir die groot saak waarin die volk groter is as die indiwidu. Dat die lydende indiwidue kumulatief die gekleurde volke van Suid-Afrika was, is nie raakgesien nie.

Ook die vernederinge wat in dié stelsel vir die persone van kleur gereserveer was, is deur die kerk nie raakgesien nie. Vir hulle was selfs nie eens 'n besoekersbank in die kerk gegun nie. "Die een bank wat afgestaan word, sal twee word. Later sal dit drie en vier word en eindelik sal ons heeltemal geïntegreerde kerkdienste hê" het dr JD Vorster gesê.[129]

Met sy ondersteuning van die beleid het die NG Kerk nie alleen vir die wêreldkerk nie maar ook vir die kerke in Suid-Afrika onaanvaarbaar geword. Verder het hy ook sy geloofwaardigheid verloor want "people deeply touched by God's love cannot want to be separate".[130] Ten slotte het hy met sy swye vanselfsprekend sy relevansie verloor. Immers, hoe kan 'n kerk wat swyg ooit relevant wees? Helmuth Thielicke het verwys na die maklike prediking in die kerk waar die ou frases herhaal word en geen risiko's geneem word nie.[131] DJ Bosch het hierby gevoeg dat die kerk by die maatskappy betrokke moet raak wanneer daar nog 'n risiko aan verbonde is. "As dit wat die kerk sê, reeds deur ander instansies gesê word, as die kerk dus hinkend agter die openbare mening aankom, het hy sy relevansie verloor en kan hy sy maatskaplike getuienis nie meer as 'profeties' bestempel nie".[132] Die wyse waarop die NG Kerk vir soveel jare in plek van te profeteer en te versoen, noulettend help sorg het om mense apart te hou, het meegebring dat in verband met die toekomstige rol van

---

[129]Die Transvaler 29 Maart 1973, Pro Veritate 15 Mei 1973.

[130]Contending Ideologies, Edited by James Leatt, Theo Kneifel and Klaus Nürnberger, p 290.

[131]Thielicke, Helmuth. The Trouble with the Church p 40.

[132]Bosch, DJ. "Kerk en Politiek in die Suid-Afrikaanse Konteks", Stormkompas p 34.

dié kerk op die vasteland van Afrika deur biskop Newbigin verklaar is "U het geen rol nie!"[133]

Die biskop se uitspraak is egter té sterk. Immers, die NG Kerk is nog kerk. Namate hy suiwerder kerk word waarin die Woord onvervals weerklink, sal hy as Gereformeerde Kerk al meer onmisbaar word.

9.2.6 Die binnekoms van die Bevrydingsteologie

Terwyl die apartheidsbeleid in die sestigerjare na 'n hoogtepunt gevoer is en die NG Kerk enersyds tot volkome konformisme met die Owerheid en andersyds tot volledige swye oor onreg en verdrukking gekom het, het daar in Europa 'n nuwe bewuswording gekom van die politieke betekenis van die Skrif.[134] Dit was 'n ontwaking in die besef van die ingrypende implikasies van die evangelie vir die politieke, maatskaplike en ekonomiese lewe en 'n bewuswording van die taak van die gelowige mens om die werklikheid te verander. As eksponent van hierdie politieke teologie het JB Metz beklemtoon dat die Christelike geloof ontprivatiseer moet word en dat daar by die kerk 'n maatskappy-gerigte spreke en 'n opverandering-gerigte handeling moet wees. Verlossing is nie privaat verlossing nie, maar openbare saak. Skepping was die eerste verlossende werk - die begin van die verandering. God is die Bevryder. Die heil is die proses van bevryding. Jesus is die historiese Jesus wat in die wyse waarop Hy Homself aan die onderdruktes gegee het, die teenwoordigheid is van die bevrydende God. Daarby is die politieke teologie die teorie vir die Christelike praktyk - "wat in feite daarop neerkom dat bereidheid tot deelname aan politieke bevrydingsaksies die toetssteen is vir die Christelike geloof".[135]

---

[133]Meiring, PJG. Stormkompas p 12. Dit verwys na biskop Newbigin.

[134]B Engelbrecht ontken terég dat dit 'n herontdekking van die politieke implikasies van die Skrif is en verwys daarvoor oa na die werk van Tillich, Niebuhr, Haitjema en veral AA van Ruler. God en die Politiek p 11.

[135]Engelbrecht, B. God en die Politiek p 25.

Jürgen Moltmann het hierby aangesluit met die stelling dat Christenskap nie alleen beteken dat jy in jouself verander word nie, maar ook dat die aangesig van die wêreld verander moet word.[136] Die geloof beweeg die mens tot dade van bevryding want dit is juis die geloof wat besef bring van lyding in situasies van verdrukking en daarteen reageer. Dit is daarom dat hulle wat deur die geloof tot bevrydende aktiwiteit gebring is, "outomaties" en in "kritiese solidariteit" saamwerk met die bevrydingsbewegings in Gods geskiedenis.[137] Christus is deur die politieke owerheid van die tyd gekruisig en daarmee het die hoëre regverdiging van owerhede verval. Politieke owerhede kan alleen van onderaf geregverdig word.[138] God is die God van die armes, verdruktes en vernederdes[139] en sy teenwoordigheid in die wêreld dra die karakter van 'n 'praesentia explosiva'.[140]

Ook Dorothee Sölle bepleit die ontprivatisering van die geloof. "In het geloof setten we onze kaarten op de bevrijding van allen".[141]

Dit was voorlopig veral in Suid-Amerika dat die politieke teologie aangegryp is. Alves, Hugo Assmann en Gustavo Gutiérrez was veral die baanbrekers in dié verband. In teenstelling met die tradisionele Europese teologie van die Woord wat die teologie "van bo af" beoefen, begin hierdie teologie "van onder af" - by die armoede en verdrukking in Latyns-Amerika. Die teologiese regverdiging van die Staat word ook hier verwerp. Verlossing, redding, bevryding is die sentrale begrip in die Christendom en

---

136Moltmann, Jürgen. Theology of Hope, Fourth Impression 1974, p 330.

137Moltmann, Jürgen. The Crucified God, Second Impression 1976, p 318.

138Aw p 328.

139Aw p 329.

140Aw p 338.

141Sölle, Dorothee. Politieke Teologie. Discussie met Rudolf Bultmann. Oekumene, 1972 p 56.

Gutiérrez is van mening dat "Building a just, peaceful and fraternal human society is what salvation is all about".[142]

In Suid-Afrika het die Bevrydingsteologie sy verskyning eintlik eers in 1985 gemaak met die verskyning van die Kairos-dokument.[143] Met merkbare invloede van die Swart Teologie word in hierdie dokument en die opvolgpublikasie in 1989 nl "The Road to Damascus"[144], die teologie in diens gestel van politieke en maatskaplike bevryding - in hierdie geval die bevryding van die swart meerderheid. In ooreenstemming met die Teologie van die Bevryding is God nié die God wat deur die sendelinge verkondig is wat Hom skaar aan die kant van die magtiges, en die onderdruktes leer om hul lot te aanvaar nie. Dit was die valse god.[145] God is die God wat aan die kant van die armes en verdruktes staan. Jesus self was voorwerp van verdrukking en geweld. God is aan die werk in die Suid-Afrikaanse situasie. Veral die jeug is hoopvol. Hulle tree moedig en vreesloos op in die vaste hoop op bevryding.[146] Die Suid-Afrikaanse Staat is nié dienaar van God nie, maar van Satan. Hy is die draak van Openbaring 13 en het die voorkoms van die dier.[147] Nie alleen is die god van die Staat 'n afgod nie - "it is the devil disguised as Almighty God - the antichrist".[148] Die Regering is moreel onwettig. Dit is daarom die Christelike plig om enersyds samewerking te weier en andersyds alles moontlik te doen om die Regering te verwyder.[149]

---

[142]Costas, Orlando E. The Church and its mission: A Shattering Critique from the Third World, p 234.

[143]The Kairos Document, Challenge to the church. A Theological comment on the political crisis in South Africa 1986. Vyfde druk.

[144]Kairos and Conversion, The Road to Damascus 1989.

[145]Kairos and Conversion, The Road to Damascus 30, 32 en 46.

[146]The Kairos Document, Challenge to the Church 4.4.

[147]Aw 2.1.

[148]Aw 2.4.

[149]Aw 4.3.

Soos dit in die Bevrydingsteologie die geval is, wil die Kairos-dokumente ook die kerk bind aan die politieke bevrydingsbeweging. Die kerk is verdeeld omdat daar nog lidmate aan die kant van die "Right-wing Christianity" is met sy afgodery, ketery, afvalligheid, huigelary en laster. Die enigste moontlikheid vir kerklike eenheid is dat hierdie groep hul bekeer en aan die kant van die verdruktes gaan staan.[150] In die lig van die morele onwettigheid van die apartheid-owerheid, sal die kerk by tye moét betrokke raak by burgerlike ongehoorsaamheid. "A church that takes its responsibilities seriously in these circumstances will sometimes have to confront and disobey the State in order to obey God".[151]

Engelbrecht het in verband met die politieke teologie verklaar dat dit enersyds 'n "onweerstaanbare aantreklikheid" en andersyds 'n "onverduurbare afstootlikheid" het.[152] Dit is inderdaad so dat hierdie teologie 'n mens aantrek met sy aandag vir die wêreld. Maar afgesien van die eensydige oordrywings en gevolglike ongeregverdigde kritiek waaraan hierdie teologie skuldig is, word dit veral afstootlik omdat dit die taak van politieke en maatskaplike verandering nie sien as die implikasie van die Christelike evangelie nie, maar as die wesenlike inhoud daarvan. Dit bring mee dat die heil nie beléef kan word nie en dat die bevrydende genade van Christus vervang word deur die dwang van die wet.

Die teologie van die bevryding soos dit op Suid-Afrikaanse bodem aangebied word deur die Kairos-dokumente het egter geen aantreklikheid nie - alleen 'n afstootlikheid. Afgesien van eensydighede, wemel dié dokumente van onwaarhede vanweë 'n klaarblyklike gedetermineerdheid om alle skuld op die Weste en die blanke van Suid-Afrika te pak. Kan dit bv met erns beweer word dat die duiselingwekkende geldelike skuld van Afrika gewyt moet word aan

---

[150]Kairos and Conversion 64.

[151]The Kairos Document 5.5.

[152]Engelbrecht, B. God en die Politiek p 41.

sy onderwerping aan imperialisme? Is die hoë kindersterftesyfer en ondervoeding die skuld van imperialisme of veral te wyte aan die bevolkingsontploffing in Afrika?[153] Die ergste van dié teologie is egter nie net dat dit 'n "harde, genadelose teologie"[154] is nie, ook nie net dat dit die staatsgesag wil vernietig deur alle gesag in "the people" te setel nie, maar dat dit, presies net soos wat die apartheidsprofete gedoen het, van die kerk verwag om die politieke stryd van mense (tans die swartmense) te voer! Ook staan die voorstanders van hierdie teologie self veroordeel wanneer hulle in verband met apartheid as "kettery" die woord kettery omskryf as "a form of belief that selects some parts of the Christian message and rejects other parts, in such a way that those doctrines which are selected for belief become themselves distorted".[155] Die Kairos-dokumente bied alleen 'n nuwe ketterse ideologie aan - hierdie keer na links.

Die Kairos-dokumente het egter tog groot waarde nl dat die stemme van hulle wat vir so lank onreg en vernedering moes verduur daarin beluister kan word. Hierdie vorm van Bevrydingsteologie is niks anders nie as 'n reaksie op die ongevoeligheid wat daar vir soveel dekades geheers het in verband met die lot van die swartmense. Vir die opstandigheid wat onreg meebring, was daar ook in die NG Kerk eenmaal groot begrip. Die bekende prediker, dr CR Kotze het in woede teen die Britse "Empire" verklaar dat God mense gemaak het, en die duiwel die "Empires". En toe het hy bygevoeg: "Injustice and oppression bring forth rebels from amongst the noblest of people. The struggle for freedom is the Lord's matter. God is looking for freedom leaders and blesses them".[156]

---

[153]Kairos and Conversion, The Road to Damascus, 9 en 12.

[154]Jonker, WD. "Die implikasies van die Kairos-dokument". Perspektiewe op Kairos/Perspectives on Kairos. Onder redaksie van JW Hofmeyr, JHH du Toit en CJ Froneman, Lux Verbi, 1987 p 83.

[155]Kairos and Conversion, The Road to Damascus 62 en 64.

[156]Kotze, CR. "Die Bybel in ons volksstryd" p 69 - aangehaal deur Ferdinand Deist "Using the Bible: The hermeneutics of the Kairos Document" in Perspektiewe op Kairos/Perspectives on Kairos p 135.

Ongelukkig het die NG Kerk wat so onvermoeid gestry het dat reg aan die Afrikaner moes geskied, later sy eie voortbestaan probeer verseker deur die beleid van apartheid en toe in duisend tale geswyg oor die onreg van sy beleid aan die gekleurdes van die land.

Ter wille van apartheid het die Woord in die NG Kerk maatskaplik leeg geword. Apartheid moes ondersteun word en daarom is, veral na die profetiese stemme van die Cottesloe-beraad, die geloof "geprivatiseer". Die profetiese woord waarin God aan die orde gestel word ter wille van die koninkryk van God, die staat en die mense van die staat, het verstil en daarmee het dié kerk nagelaat om die staat met die waarheid te dien en die Suid-Afrikaanse lewe te help heilig. Juis toe die Owerheid die kerk so nodig gehad het, het die NG Kerk verval tot swygende navolger in plek van getuie van die kritiek van die evangelie op die gevalle skepping te wees[157] en in die bediening van die Woord aan die Owerheid die politieke lewe te kersten en te orden.

Op so 'n swye oor die onreg, moés daar reaksie kom. Toe die gereformeerde leer van die heiliging van die lewe onderdruk is, het die swart Christene van Suid-Afrika se vertolking van die bevrydingsteologie ingekom. Die swye van die NG Kerk het hierdie teologie binnegenooi.

---

[157]Noordmans, dr O. Herschepping, Beknopte dogmatische handleiding voor godsdienstige toespraken en besprekingen, Holland Uitgeversmaatschappij, Amsterdam 1956 p 204.

HOOFSTUK 10

DIE VERSOEKING VAN DIE ANDER HEER EN DIE ANDER EVANGELIE

In 1982 het Engelbrecht geskryf dat die NG Kerk gewikkel is in 'n titaniese stryd om die behoud van sy identiteit as Kerk van Christus. "Sy wese is op die spel: hy word voor die versoeking gestel om sy Heer vir 'n ander heer te verruil. Sy boodskap is op die spel: hy is in die versoeking om die evangelie vir 'n ander evangelie te verruil. Sy waarheid is op die spel, waarby ook ingesluit is sy waarheid in optrede en spreke: die indruk van politieke dienstigheid wat hy dikwels wek, tas sy geloofwaardigheid en sy gesag ten diepste aan".[1] Engelbrecht het hiermee gedink aan die dilemma waarin die NG Kerk homself bevind het met sy steun aan die ideologie van apartheid. Apartheid het die wese van die kerk as volk van God in gevaar gestel. Met hierdie beleid het daar al meer aanduidings gekom dat die NG Kerk besig is om kerk van die Afrikaner te word. Dit het ook meegebring dat die boodskap van die kerk al meer beperk is tot onskadelike en nie-omstrede onderwerpe. Vanselfsprekend het hieruit gevolg dat die waarheid en waaragtigheid van die kerklike spreke en dade onder die soeklig gekom het. Hoe kan 'n kerk die koninkryk van God en sy geregtigheid soek en tog nie geïnteresseerd wees in die onreg waaraan soveel burgers onderworpe is nie?

Dit is korrek - in die stryd van die NG Kerk teen die CI het dit ten diepste gegaan oor die wese en woord van die kerk. Die hele stryd moet gesien word vanuit die verhoudinge kerk en volk, en kerk en Woord. En ironies genoeg is dit juis ook deur die oorweging van die verhouding van die kerk teenoor die volk en die Woord, dat die CI op die weegskaal kom.

---

[1]Engelbrecht, Ben. Ter wille van hierdie wêreld p 44.

10.1 KERK EN VOLK

Die Afrikanervolk se lotgevalle was vir die NG Kerk altyd belangrik. Dat die oorgrote meerderheid van die volk aan dié kerk behoort, het daartoe bygedra dat die kerk 'n sterk nasionale karakter ontwikkel het. Die solidariteit met die Afrikaner was sodanig dat die kerk die voortou geneem het in die skepping van 'n beleid om die voortbestaan van die volk te verseker en op dié wyse die vrees van die volk te besweer. Die groot plek wat die Afrikaner in die hart van die kerk ingeneem het, het vir die kerk 'n groot gevaar geskep - die gevaar dat die kerk as "ruimte waarin God alles is",[2] al meer ruimte begin gee het aan die volk en die beleid van die volk.

Omdat sommige hierdie gevaar raakgesien het, het hulle op die voetspoor van dr Abraham Kuyper gewaarsku teen die volkskerk - die kerk wat die jong Kuyper reeds afgestoot het[3] en waarteen hy sy lewe lank gestry het. "Die kerk is een ieder tegen. Geen man van karakter vindt ze naar zijn aard".[4] Daar is saamgestem met Kuyper dat dié kerk 'n massakerk is waarin die goud van die doop verdonker en die gereformeerde karakter van die kerk bederf is.[5] Die bekende werk "De Gemeene Gratie" waarin Kuyper heelwat ruimte aan die onderwerp gewy het,[6] was gewilde studie-materiaal in die NG Kerk. Die volkskerk met sy ywer vir "heel het volk in de schaapskooi van Christus",[7] met sy "verflaauwing der grenzen",[8] is ook in die NG Kerk bestry as 'n "valsche begrip".[9]

---

[2]Noordmans O Herschepping p 36.
[3]Kuyper, A. Confidentie p 35.
[4]Kuyper, A. Vrijheid p 14.
[5]Kuyper, A. De Heilige Geest Deel 2 p 135.
[6]Kuyper, A. Gemeene Gratie Deel 2 Hoofstukke 34, 35, 36.
[7]Kuyper, A. Pro Rege Deel 3 p 170.
[8]Kuyper, A. Verflaauwing der grenzen p 37.
[9]Kuyper, A. E Voto Dordraceno 2, Sondag 21 Hoofstuk 2 p 121.

Dit is teen hierdie agtergrond dat daar in November 1955 twee artikels uit die pen van dr AC Barnard in Die Kerkbode verskyn het onder die opskrif "Die kerk van Christus en die volkskerk".[10] Barnard het gekla: "Ons dierbare kerk het 'n volkskerk geword". Enkele weke later het die redakteur van Die Kerkbode saamgestem dat "'n volkskerk nie te verdedig is in die lig van die beeld wat die Heilige Skrif van die Kerk van Christus teken nie".[11]

In 1986 nog het die Algemene Sinode in die beleidstuk Kerk en Samelewing verklaar: "Teenoor die valse opvatting van 'n volks- of staatskerk handhaaf ons die Skriftuurlike gedagte van 'n belydende en 'n belydeniskerk". - "Die Ned Geref Kerk is nie 'n 'volkskerk' in die sin dat kerk en volk met mekaar vereenselwig word nie".[12] Ook DJ Bosch deel in hierdie siening en verklaar dat "slegs as die kerk werklik van die samelewing onderskeibaar is, kan hy die samelewing dien".[13]

Die napraat van Kuyper teen die volkskerk het meegebring dat al die hoofmomente van sy teologie in die NG Kerk ingebring is. Vir apartheid was dit 'n wins omdat die pluriformiteitsleer pragtige steun daarvoor gebied het - en ook omdat die kerk se getuienis in die kultuur en politiek deur Kuyper se teologie nie net sydelings is nie, maar prakties alleen op die geestelike gerig is en teenoor die staat verstil.

Die basiese onderskeiding van Algemene en Besondere Genade in Kuyper se teologie, beteken dat die kerk en die staat gesien word as twee heeltemal uiteenlopende groothede. Die een leef van die natuurlike lig, en die ander leef van die lig van die Woord. Die een vind sy doel in hierdie bedeling en die ander vind dit in die

---

[10]Die Kerkbode 23 November 1955 p 771-2, 30 November 1955 p 820-1.

[11]Die Kerkbode 8 Januarie 1956 p 84.

[12]Kerk en Samelewing 116 en 298.

[13]Bosch, DJ. Kerk en Politiek in die Suid-Afrikaanse konteks, Stormkompas p 32.

koninkryk van God. Kerk en staat verskil so vêr van mekaar as algemene en besondere genade.[14] By die Owerheid is die magistralis potestas en by die kerk die potestas Christi. Die aanraking tussen kerk en staat is alleen sydelings - deur die lewe van die gelowiges.

Die kerk moet onderskei word as instituut en organisme. In die verhouding van kerk en staat is dit die instituut wat ter sprake is - die instituut waarin die kerk sigbaar is. Met die kerk as organisme kan die staat nie in aanraking kom of tot 'n bepaalde verhouding kom nie. Die kerk as organisme is onsigbaar. Die owerheid kan alleen met 'n aantal gelowige persone in aanraking kom, maar dit beteken nie dat hy met die kerk te doen het nie. Alleen die twee institute kom met mekaar in aanraking en in hulle verhouding moet daar streng gewaak word teen grensoorskryding. Die kerk is die instituut van die besondere genade en die staat die instituut van die algemene genade. Teenoor Hoedemaker met sy pleidooi vir die volkskerk, verklaar Kuyper dat dit nie korrek is dat die owerheid slegs met Gods Woord kan regeer nie. Maar indien die kerk die volkswil beïnvloed, sal die lig van die Woord deur middel van die lewe van die wedergeborenes oor die sake van die staat versprei. Die owerheid "ontvangt .. de aanwijzing van wat Gods Woord openbaard niet van de geinstitueerde kerk ...".[15] In die owerheid is die owerheidspersone verplig om self die Skrif te ondersoek - "niet om zich aan de uitspraak van eenige Kerk te onderwerpen..".[16] Kuyper gaan so ver om te verklaar dat die Gereformeerde Kerk in Nederland hoegenaamd nie vir die owerheid wil aandui wat op die politieke terrein die wil van God is nie.[17]

Die verset teen die volkskerk het by Kuyper ook die vorm aangeneem van verset teen die eenheid van die kerk. Die eenheidspogings in die kerk was vir hom niks minder nie as die werk van

---

[14]Kuyper, A. Gemeene Gratie 3 p 117.

[15]Kuyper, A. De Overheid p 319.

[16]Kuyper, A. Het Calvinisme Stone-lesings p 95.

[17]Kuyper, A. Ons Program Deel 1 p 102.

"ongehoorsame kinderen" wat nou reeds op aarde wil realiseer wat God vir die hemel bewaar het.[18] Die valse eenheid van die wêreldkerk is deur die Reformasie verbreek maar die werk van verdeling moet voortgesit word teen die volkskerk wat alleen één kerk in 'n land wil hê.[19] Die splitsingsproses is nie 'n bedreiging van die eenheid van die kerk nie. Christus is tans besig met die opbou van sy liggaam. Die eenheid van die kerk is in die hemel.[20] Pluriformiteit is die natuurlike gestalte van die kerk - soos dit natuurlik is vir 'n plant om takke te vorm. Buitendien "blijkt uit niets, dat de apostelen eenigen maatregelen genomen hebben, om, na hun heengaan, de zichtbare eenheid van alle kerken te waarborgen".[21] Vir Kuyper is daar selfs die Godgegewe "wet der pluriformiteit".[22] Die pluriformiteit van die kerk beteken dat in die verhouding van kerk en staat die owerheid die kerk alleen maar kan vrylaat[23] en dat die kerk nie aan die owerheid sal probeer voorskryf nie. Immers, watter kerk is die ware kerk waaraan die owerheid verbind kan word?[24]

Ook die leer van soewereiniteit in eie kring was vir Kuyper 'n belangrike oorweging in die bestryding van die volkskerk. Met die handhawing van hierdie leer word voorkom dat die een gesagskring ingryp op die ander gesagskring. Die leer van soewereiniteit in eie kring toon aan dat die verskillende dele van die samelewing soos die ratte van 'n masjien in mekaar werk. As een rat uit sy plek beweeg, breek dit die ander.[25] Die grense tussen die verskillende soewereine kringe was vir Kuyper so heilig dat prysgawe van selfs 'n deel daarvan niks minder as

---

[18]Kuyper, A. Confidentie p 65.

[19]Kuyper, A. Vrijheid p 17.

[20]Kuyper, A. Eenheid p 11-12.

[21]Kuyper, A. Gemeene Gratie 3 p 232.

[22]Aw p 289.

[23]Kuyper, A. Ons Program 1 p 185.

[24]Kuyper, A. Het Calvinisme - Oorsprong en waarborg onzer Constitutionele vrijheden p 94-95.

[25]Kuyper, A. Soevereiniteit in Eigen Kring.

heiligskennis is nie.[26] Die kringe van kerk en staat moet nougeset apart gehou word. Dit is twee heeltemal verskillende sfere. "In de Kerk van Christus is de Christus en Hij alleen Koning".[27] En wat die staat betref - "... de Overheidsmacht is niet in't Koningschap van Christus begrepen".[28] Op die vraag of daar dan geen aanraking is van die aardse ryke met die ryk van Christus nie, antwoord Kuyper positief en verwys na die inwerking van die Gees van Christus op die hart en denke van die vorste - die mistieke wet van God wat op die tafel van die hart geskryf is - en ook die lewe van die gelowiges - die sydelingse invloed van die kerk as organisme.[29]

Die anti-volkskerkteologie van Kuyper het 'n geweldige invloed uitgeoefen op die NG Kerk - selfs 'n beslissende invloed op die verhouding van die kerk tot die owerheid en die kerk se steun aan apartheid. Dit is sprekend dat die toespraak wat Totius in September 1944 tydens die FAK se volkskongres in Bloemfontein gehou het en wat die eerste gesistematiseerde poging was om apartheid op die Skrif te fundeer, 'n volledige napraat van Kuyper was. Die gebeure by Babel is deur Totius op voetspoor van Kuyper aangehaal as bewys dat God nie eenheid wil hê nie, maar pluriformiteit. In die apartheidsteologie het hierdie gedagte goed gepas en het dit 'n hoeksteen geword. So belangrik was hierdie anti-volkskerkgedagte van Kuyper - die pluriformiteit teenoor die "dwaling" van die eenheid by die volkskerk - dat daar, soos voorheen vermeld, 'n klag van dwaalleer teen dr Engelbrecht ingedien is omdat hy in 'n brief in Die Transvaler verwys het na die Pinkstergebeure en die betekenis daarvan.[30] Soos vir Kuyper was die pogings tot eenheid vir Totius en die latere apartheidsteoloë niks anders nie as liberalistiese pogings tot gelykmaking. Die NG Kerk het swaar op Kuyper geleun. Al die anti-volkskerk-

---

[26]Kuyper, A. Ons Program 1 p 72.

[27]Kuyper, A. Antirevolutionaire Staatkunde 1 p 28.

[28]Kuyper, A. Pro Rege 1 p 113.

[29]Kuyper, A. Pro Rege 3 p 271-294.

[30]Die Transvaler 21 November 1962. Sien Hoofstuk 4.3.

argumente het goed te pas gekom. Die pluriformiteitsleer was handig vir die regverdiging van die apartheid van volke en kerke. Al was dit vir sommige duidelik dat hierdie leer "geniaal" dog sonder steun van die Skrif is,[31] en 'n "te vergoelikende benadering van die versplinterde toestand van die kerk" is,[32] het dr AP Treurnicht die oortuiging van die voorstanders van apartheid verwoord toe hy goedkeurend verwys het na die "natuurlike skeidslyne" en gewaarsku het teen pogings waardeur "die soteriologiese eenheid in Christus 'n dwangbuis vir maatskaplike en biologiese eenheid" word.[33]

Dit was in besonder na die Cottesloe-beraad dat die leer van soewereiniteit in eie kring, sigbare en onsigbare kerk en pluriformiteit sterk beklemtoon is. Hierdie teologie was uiters handig om die owerheid en sy beleid vanuit die kerk te beskerm. Ook die onderskeiding van die kerk as instituut en organisme was handig om te keer dat die kerk as instituut hom nie skuldig maak aan die "hinderlike vergryp" om die politieke en kulturele lewe te wil orden nie.[34]

Die teologie van Kuyper het uitgeloop op 'n situasie waarin die kerk heeltemal uitgeskakel is uit die openbare lewe. Op voetspoor van Kuyper het die NG Kerk 'n partikularistiese kerkbeskouing ontwikkel waarin die besondere genade primêr wedergeboorte is. Op dié wyse is die kerk se taak hoofsaaklik beperk tot die innerlike en mistieke lewe van die siel. Op die kultuur is die invloed van die kerk dus minimaal - "Mystiek en cultuur hebben elkaar nog nooit goed kunnen verdragen".[35] In sy studie oor Kuyper en die volkskerk het Langman tot die slotsom gekom dat daar by Kuyper geen profetiese roeping van die kerk oorgebly het nie.[36] Rothuizen het gemeen dat hierdie slotsom nie reg aan

---

[31]Volten, ds H. Rondom het belijden der Kerk p 107.

[32]Jonker, dr WD. Aandag vir die Kerk Die Stryd om die kerk p 40.

[33]Treurnicht, dr AP. Grense tussen Kerk en Staat in Grense p 50.

[34]Aw p 48.

[35]Van Ruler, AA. Kuyper's idee eener Christelijke Cultuur p 7.

[36]Langman, dr HJ. Kuyper en de Volkskerk p 157.

Kuyper laat geskied nie,[37] maar vir die student van Kuyper is dit inderdaad "'n geweldige onderneming" om iets in Kuyper se werke te vind oor die profetiese roeping van die kerk teenoor die owerheid.[38]

Kuyper se kerkbegrip het uiteindelik gelei tot die neutraliteit van die staat - 'n owerheid wat geen standpunt inneem teenoor Christus nie. Dit het duidelik geblyk in die openbare gebed wat in die staatkundige lewe sonder die Naam van Christus moes wees. Die gebed moes "een gebed binnen den kring der Gemeene Gratie" wees.[39]

In Suid-Afrika het die teologie van Kuyper rampspoedige gevolge gehad. Hier is die sogenaamde volkskerk - die vervalle kerk - bestry met 'n teologie wat apartheid ondersteun het, die kerk se profetiese roeping laat ophou het, en die weg berei het vir 'n neutrale staat - 'n staat sonder die Bybel.[40]

Die beeld van die volkskerk as kerk van die massa sodat die kerk nie in die wêreld werk nie, maar die wêreld in die kerk, is beslis die teendeel van wat die voorstanders van die volkskerkgedagte met so 'n kerk bedoel. By Hoedemaker, Haitjema en sy leerling AA van Ruler was daar nooit enige sprake van 'n massakerk wat vanweë 'n losse doopppraktyk deur die wêreld oorrompel word nie. Dieselfde Hoedemaker wat hom beywer het vir die volkskerk wat met die doopvont in die midde van die volkslewe staan en wat die owerheid oproep tot die heiliging van die volkslewe, het hom juis ook beywer vir die genesing van "de kwalen der kerk en maatschappij" deur die beklemtoning van die heerskappy van Christus in kerk en staat.[41]

---

[37]Rothuizen, G.Th. Primus Usus Legis Voetnota op p 244.

[38]Van Rooyen, JHP. Kerk en Staat - 'n Vergelyking tussen Kuyper en Van Ruler p 122.

[39]Kuyper, A. Antirevolutionaire Staatkunde 2 p 284.

[40]Na aanleiding van Ph J Hoedemaker, Een Staat met den Bijbel.

[41]Hoedemaker, dr PH J. De Kerk en het moderne staatsrecht p 11.

In die teologie van Van Ruler is die kerk as volk van God nie sydelings nie, maar heel direk betrokke by die volkslewe. Die ryk van God is die uitgangspunt. Die Gees werk nie alleen in die binneste nie, maar ook politiek en kultureel. Deur die wet regeer die Gees en word die lewe georden en bewaar. Die Christendom skep 'n eie gestalte rondom kerk en staat as die twee brandpunte - die corpus christianum, die profetiese visioen van die geheiligde volkslewe. Die kerk is volkskerk - kerk wat midde-in die volkslewe staan om die Woord te verkondig en hom daarmee tot die owerheid rig. Die liturgie begin in die kerk maar dit kom eers tot volle ontplooiing buite die kerk - in die huis, op straat en in die staat.[42] Wat Kuyper gesien het as die werk van die kerk as organisme is vir Van Ruler die taak van die instituut én die organisme want die kerk is tegelyk instituut en organisme - "Het een zit om het andere heen en in het andere in".[43] Nie Christus is die sin van die geskiedenis nie[44] maar die koninkryk van God. In die Skrif gaan dit nie in die eerste instansie oor die gawe van die Messias en die Gees nie, maar oor die koms van die koninkryk van God op aarde.[45] Alles draai in die Skrif rondom die teokratiese ordening van die lewe. Daarom begin Israel se geskiedenis met die uittog uit Egipte en die gawe van die Tora.[46] Die wêreld is nie daar vir die kerk soos Kuyper dit gesien het nie, maar die kerk is daar ter wille van die wêreld - "alleen voor de wereld".[47] Die wêreld is die eintlike - die kerk verdwyn, is 'n intermezzo,[48] slegs 'n teken van die koninkryk van God.[49] In die denke vanuit die koninkryk van God,

---

[42]Van Ruler, AA. Droom en Gestalte p 40.

[43]Van Ruler, AA. Religie en Politiek p 90.

[44]Berkhof, dr H. Christus de Zin der Geschiedenis.

[45]Van Ruler, AA. Het Koninkrijk Gods en de Geschiedenis p 8.
Vervulling van de Wet p 466.

[46]Van Ruler, AA. Gestaltwerdung Christi in der Welt p 22.

[47]Van Ruler, AA. Bijzonder en Algemeen Ambt p 22.

[48]Van Ruler, AA. Religie en Politiek p 44.

[49]Van Ruler, AA. Vervulling van de Wet p 66, Droom en Gestalte p 133.

die denke vanuit die einde,[50] is die volkskerk 'n teken van die ryk wat hom profeties rig tot die owerheid ter wille van die heiliging van die lewe. Die Christusbelydende volkskerk is daar ter wille van die oprigting van gestaltes van die ryk van God in die wêreld. Die anti-volkskerkgedagte is juis so populêr omdat dit "werelds ongevaarlijk is geworden".[51] So ernstig was Van Ruler oor die kerk as volkskerk dat hy oortuig was dat "Wie de kerk niet meer als volkskerk verstaat, heeft Gods rijksbedoelingen verwrongen".[52]

Teenoor die beswaar van die volkskerk as massakerk het ook Engelbrecht daarop gewys dat dit vir die volkskerk noodsaaklik is dat die grense tussen hom en die volk nie uitgewis word nie want beide die staat en die volk moet hul lewe buite hulself in Christus soek. Die grense moet noulettend gehandhaaf word - ".. die kerk in sy apartheid is blywend nodig om die volk as in Christus bevryde volk van God te proklameer".[53] En met Van Ruler oor die kerk as volkskerk is hy dit roerend eens: "Dit is die eer van elke kerk wat sy eie wese reg verstaan, dat hy in die volste sin van die woord 'n volkskerk is".[54]

In die volkskerk is daar die teokratiese besef dat die kerk in die rykshandelinge van God ter wille van die wêreld bestaan. Die wêreld is die eintlike heiligdom - die skoutoneel van die glorie van God.[55] 'n Kerk wat so op die wêreld en die volkslewe gerig is, kan homself nooit oorgee aan selfgerigtheid of 'n houding van

---

[50]Haitjema verwys na die fundamentele vereskatologisering van die heilshandelinge van God by Van Ruler. Prof dr TH L Haitjema De richtingen in de Nederlandse Hervormde Kerk p 268.

[51]Van Ruler, AA. Heeft het nog zin van 'Volkskerk' te spreken? p 14.

[52]Van Ruler, AA. Uitzichten in het Vraagstuk van de leertucht p 16.

[53]Engelbrecht, Ben. Die tweeheid van kerk en staat p 10.

[54]Aw p 8.

[55]Van Ruler, AA. Waarom zou ik naar de kerk gaan? p 146.

vergeesteliking asof die wêreld daar is ter wille van die kerk nie. Die lewe moet ingerig word volgens die wil van God. En terwyl die kerk so dienend besig is in die wêreld, vind hy ook genesing vir homself. In sy wêreldgerigtheid word hy uit sy in sigself gekeerde toestand uitgehaal. So ervaar die kerk al werkende "de zegeningen van de arbeidsterapie".[56]

Die volkskerk is nie 'n massakerk nie, maar kerk wat weet: "De Kerk is een soort volk, maar het volk is niet een soort Kerk".[57] Die volkskerk is ook nie 'n weerspreking van die kerk nie[58] maar in die lig van die feit dat hy teken van die ryk is, 'n vanselfsprekendheid. Dit is ook nie 'n anachronisme nie[59] maar kerk van hierdie tyd omdat die Woord waarvolgens die lewe ingerig moet word, die Woord vir hierdie tyd is. Dit is ook nie 'n geval dat die NG Kerk "too much nation church" geword het nie,[60] maar juis dat hy versuim het om volkskerk, gehoorsame kerk, te wees.

Die probleem van die NG Kerk was nie dat hy volkskerk was nie, maar dat daar in die verhouding kerk en volk 'n verwarring ontstaan het. In plek van volk van God te wees wat onder die Woord die politieke en die volkslewe inrig, het die NG Kerk al meer "'n magtige organisasie in die volkslewe van die Afrikaner" geword - "bolwerk van die Afikaner wat die Afrikaner moet dien".[61] Meermale is ook gewaarsku dat die kerk nie iets moet doen waardeur hy die vertroue van die Afrikaner kan verloor nie. Die reaksie van kerkrade, Ringe en Sinodes op die besluite van die Cottesloeberaad lewer genoeg bewyse van hoedat die stem van die volk oor die beleid van die volk die stem van Christus soms totaal

---

[56]Van Ruler, AA. Droom en Gestalte p 223.

[57]Koopmans, dr J. Onder het Woord p 275.

[58]Bosch, DJ. New Faces of Africa "The roots and fruits of Afrikaner civil religion" p 22-23, Stormkompas "Kerk en politiek in die Suid-Afrikaanse konteks" p 32.

[59]Hoekendijk, JC. De kerk binnensten buiten p 32.

[60]De Klerk, Willem. The second (R)evolution p 54.

[61]Verwarring. Opheldering noodsaaklik p 1.

verdring het. Hierteen het die CI juis na die Cottesloe-beraad vanuit die Woord gewaarsku. In die eerste uitgawe van Pro Veritate op 15 Mei 1962 was daar reeds 'n artikel deur dr PG Geertsema oor apartheid, die Skrif en die belydenisskrifte. In die vierde uitgawe op 15 Augustus het prof Ben Marais 'n waarskuwende stem laat hoor oor die Rassekerk-"teologie". Veral tydens die redakteurskap van Engelbrecht is die NG Kerk voortdurend geroep tot besinning oor die weg wat hy ingeslaan het. Engelbrecht het gesorg dat die CI op sterk teologiese gronde gestaan het in sy opposissie teen apartheid.

Juis daarom is dit so ironies dat die volksteologie as basis van die swart teologie en die teologie van bevryding eindelik die CI en sy direkteur begin oorheers het. Hiermee het die CI in 'n erger dwaling verval as dié waarteen hy in die eerste agt na tien jaar van sy bestaan gewaarsku het. Die dwaling van die NG Kerk was 'n dwaling met die Skrif, maar hierdie nuwe teologie van die CI en sy direkteur was al meer 'n teologie "that comes from below and is determined by the people of South Africa".[62] Dit is ook die teologie waarin selfs die ware geregtigheid van benede kom[63] en alleen bestaan in politieke regte vir die "verdruktes". Van die Skrif waarvoor die CI aanvanklik so ernstig gepleit het, het daar eindelik nie veel oorgebly in die werk van die CI nie. Die CI en sy direkteur het politiek-behep geraak.

10.2 KERK EN WOORD

Die kerk is die volk van God, die liggaam van Christus of ook die vergadering van die gelowiges. Maar daar is meer in die kerk. Daar is ook die prediking, die verkondiging van die Woord van God. Hiersonder is die kerk nie moontlik nie. Die prediking geskied in opdrag van Christus - daar word gespreek omdat Christus dit beveel het. En daar word gespreek uit die Woord van God as openbaring van God - 'n bewys dat die heil radikaal van buite

---

[62]Kairos 3.2.

[63]Kairos 3.2.

af tot die mens kom. "Het komt uit Israel. Het komt uit Palestina. Het komt uit de geschiedenis. Het ligt in Jezus die de Christus is en in het door hem volbrachte werk. Uit hem moet het 'genomen' worden".[64] In die prediking word die heil teenwoordig gestel en word "de hoogste taak verrig, die op de aarde denkbaar is".[65] Die Woord is aan die kerk toevertrou en moet deur die kerk verkondig word - deur "die mannetjie uit die stof" (Calvyn) wat beide God en die mense in die oë moet kyk. Die Woord vertel van die heilshandelinge van God - van die wet wat vervul is en vervul moét word. God se vergifnis plaas ons op die weg van sy gebooie.

Die Woord moet aan alle volke verkondig word - aan alle owerhede. In besonder moet dit aan die owerheid gerig word, nié alleen omdat alle politiek etiese en teologiese wortels het nie, maar in besonder omdat die staat die "harde kern" van die wêreld is.[66] God wil in die wêreld gedien word - Hy het in besonder die wêreld lief. Of die Woord altyd deur die wêreld begryp en opgevolg sal word, is nie die hoofsaak nie. Hoofsaak is dat die kerk gehoorsaam is aan sy opdrag. Die regte hoor hang buitendien nie van die kerk af nie, maar van die Heilige Gees. Daarby hoor ook die vrome nie altyd nie en is die goddelose soms kneg van die Here. Daarom moet ons "de vroomheid der vromen niet al te ernstig nemen, en ons over de goddeloosheid van de goddelozen niet te zeer verontrusten".[67]

Kerk beteken dat daar gespreek word in die wêreld. En dit beteken inrigting en ordening van die lewe. Deur die prediking word die heil geskenk "en daarom worden wij door de prediking behouden - of we gaan, door de prediking verloren".[68]

---

[64]Van Ruler, AA. Waarom zou ik naar de kerk gaan? p 70.

[65]Jonker, dr H. Actuele Prediking p 28.

[66]Engelbrecht, Ben. Die tweeheid van kerk en staat p 23.

[67]Rasker, dr AJ. Politiek Ethos p 77.

[68]Van Ruler, AA. Religie en Politiek p 88.

In die prediking word ons egter gekonfronteer met dieselfde onvolmaaktheid wat die hele Christelike lewe kenmerk. In alles wat die Christen en die kerk doen en sê, blyk dit "ons ken maar gedeeltelik en ons verkondig God se wil maar gedeeltelik" (1 Kor.13:9). Die Gees skakel ons menslike gees beslis nie uit nie. In die prediking is die Gees en die mens saam aan die werk. Engelbrecht wys daarop dat die heil wat op volmaakte wyse in Christus gegee is, in die toe-eieningswerk van die Gees én die mens, drasties - selfs wesenlik - gerelativeer word[69] en verwys na Van Ruler wat sê dat ons in Christologiese verband wel perfeksionisties kan spreek oor die nuwe mens sonder sonde, maar dat pneumaties alle perfeksionisme gevaarlike kettery is. Geestelik word daar geworstel met sonde. "De Geest kan wel wat. Hij doet ook een massa. De christen en de kerk zijn goddelijke realiteiten. Er wordt reëel gestoeid met de zonde en de demonie. Maar de inwoning van de Geest voltrekt zich in de bittere en dodelijke strijd met het vlees. In de verzoening wordt het kwaad niet zozeer weggedaan, maar meer bedekt".[70] In die prediking waar die Woord van God onder aanroeping van die Heilige Gees verkondig word, kom die onvolmaaktheid en relatiewe karakter van die Gees se werk duidelik na vore. Juis hier "is elke perfeksionistiese maatstaf wat op ons aangelê word, verdoemend".[71]

Die kerk moet die Woord van God verkondig. Dit beteken dat ons die grond van die kerklike spreke eerstens in God moet soek. Hoewel die kerklike spreke altyd betreklik is, is dit tog ook gebiedend, ter wille van die waarheid van die woord van die kerk, dat die Woord van God altyd in die kerklike woord sal deurklink. Immers, die gesag van die kerk is daarmee op die spel. Die Woord van God is die gesag van die kerk - die gesag wat Augustinus beweeg het om die Evangelie te glo. Kerklike spreke is spreke uit Gods Woord. "De Kerk zegt wat God zegt. Zo niet, dan

---

[69]Engelbrecht, Ben. Fragmente uit die pneumatologiese denke van Paul Tillich en AA van Ruler - Koninkryk, kerk en kosmos p 40.

[70]Aw p 47. Ook AA van Ruler Theologisch Werk 1 p 188.

[71]Engelbrecht, Ben. Koninkryk kerk en kosmos p 47.

spreekt helemaal niet de Kerk, maar een figuur of instantie, die er onvermoeid aan herinner worden moet, dat zij 'kerkelijk' behoort te spreken, dat zij zeggen moet wat God zegt".[72]

In die NG Kerk is daar lank reeds groot besorgdheid oor die prediking. Jonker beskryf die rede vir sy bekommernis oor die gehalte van die prediking soos hy dit "'n halwe leeftyd in die kerk meegemaak het" - lidmate wat kla dat wat hulle in die kerk hoor, nié vir hulle besef die Woord van God is nie, en lidmate wat gefrustreer raak "deur 'n prediking wat benede die maat is".[73] Te veel kere kom lidmate uit die kerkdiens met die gevoel dat daar eintlik niks gebeur het en gesê is "wat 'n mens se hart geraak het nie. Alles was maar soos dit vooraf voorspel kon word: dieselfde gedagtes, dieselfde woorde, dieselfde algemeenhede wat oor 'n mens heen gaan sonder dat dit jou werklik tot iets verplig; dieselfde atmosfeer van lewensvreemdheid en groot woorde wat ons konkrete aardse bestaan so weinig raak".[74]

Vanselfsprekend is daar nie slegs in die NG Kerk besorgdheid oor die prediking nie. In sy tyd het Koopmans reeds verklaar: "Inderdaad is er een soort kerkelijke prediking ... dat de mensen eerder bedwelmt met vroomheid dan wekt tot geloof".[75] In die Roomse Kerk in Nederland het Fiolet gekla oor die onsuiwere askese - die na binne gekeerde houding asof die mens 'n beter Christen is indien hy hom minder met die menslike en wêreldse besig hou.[76] In die Roomse Kerk in Suid-Afrika het die filosoof Martin Versfeld jare gelede verwys na kerkmanne wat so onbybels is dat hulle nie die verband tussen die geestelike en die ekonomiese wil insien nie.[77] In Duitsland het Helmut Thielicke in

---

[72]Koopmans aw p 205.

[73]Jonker, dr WD. Die Woord as opdrag p 9.

[74]Aw p 11.

[75]Koopmans aw p 158.

[76]Fiolet, HAM. Vreemde Verleiding p 124.

[77]Versfeld, Martin. Die moderne humanisme, Beweging uitwaarts p 117.

1965 geskryf dat "preaching itself has decayed and disintegrated to the point where it is close to the stage of drying".[78] En in die VSA het 'n ondersoek na die gehalte van die prediking gelei tot die slotsom: "It turns out that whether or not people listen, there is not much to hear".[79]

Die rede vir besorgdheid oor die prediking is in die NG Kerk egter besonder groot omdat daar so 'n geweldig vinnige verandering en verswakking ingetree het wat betref die gerigtheid van die prediking op die wêreld en die oortuiging dat die burgerlike lewe ingerig moet word volgens die wil van God. Toe die Afrikaner veronreg is en arm was, het die NG Kerk nooit nagelaat om vanaf die kansels te herinner aan die Woord van God oor die onreg en die armes nie. Maar na 1948 het dit stiller begin word en na die Cottesloe-beraad in 1960 het dit feitlik heeltemal stil geword - feitlik heeltemal, nog nie heeltemal nie, daarom moes daar Sinodale besluite geneem word sodat daar ook nie via Pro Veritate stemme gehoor sou word nie. En die CI is "uitgeban" omdat daar nog profetiese stemme gehoor is. Hiermee het die groot stilte neergesak. In 1972 het Van Rooyen 'n brosjure aan al die predikante van die NG Kerk uitgestuur - "Durf ons swyg?" - en opgeroep tot profetiese getuienis oor die Suid-Afrikaanse situasie. "Die heilige roeping om te ywer vir die reg en geregtigheid hou nie op wanneer jy die reg verkry het nie" - het hy verklaar.[80] Hiervoor is hy by die Ring aangekla. Na Cottesloe het die NG Kerk in alle tale begin swyg oor die geregtigheid en die liefde in die samelewing. Na dié beraad het die kerk en die predikante nie meer kans gesien om lastig te wees en desnoods martelaar te wees nie. Tereg het Van Ruler gewaarsku teen die Christelike getuienis as "alleen maar prettig, alleen maar begrijpend, solidair en dienstbaar...".[81]

---

[78]Thielicke, Helmuth. The trouble with the Church p 2.

[79]Psychology Today April 1970. Ook aangehaal in Durf ons swyg? JHP van Rooyen.

[80]VanRooyen, JHP. Durf ons Swyg? p 12.

[81]Van Ruler, AA. Theologisch Werk 2 p 134.

Weliswaar kan hieruit nie afgelei word dat die NG Kerk hiermee opgehou het om kerk te wees nie. Immers, die kenmerk van die ware kerk is wel ook die suiwer bediening van die Woord, maar die gebrekkigheid en relatiwiteit is onvermydelik omdat dit werk is wat die sondaar saam met die Heilige Gees verrig. Daarby wys Jonker daarop dat daar "heelwat voetangels" lê rondom die beantwoording van die vraag of die getuienis-karakter van die kerk 'n vierde kenmerk van die ware kerk kan wees.[82] Dit alles neem egter nie weg nie dat die NG Kerk - al het hy nog getuig in die sending, evangelisasie, ens. - vanweë sy swye ontrou was aan sy wese en roeping.

Die stem van die kerk vir apartheid het egter pal weerklink. Die ondersteuning wat die kerk aan hierdie beleid op grond van die Skrif gebied het, kan vanuit 'n bepaalde hoek beoordeel word as teken van vroomheid. In praktyk was dit egter 'n aanwending van die Skrif vir 'n beleid waardeur onreg en lyding veroorsaak is. Vanuit die CI het Engelbrecht in Desember 1967 verwys na die NG Kerk se beheptheid met apartheid - "Dat die apartheidsidee in die kerk 'n dogmatiese geldigheid gekry het, is miskien nog nie 'n erkende feit nie, en tog is dit prakties waar". Innerlik word die kerk daarvan weerhou om dié beleid amptelik tot leerstuk te verklaar "en tog is die sekerste weg om feitlik uit die gemeenskap van die kerk uitgesluit te word, die volhardende kritiek van die kant van persone uit sy eie geledere teen apartheid. In die besluit wat die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk in Oktober 1966 teen die Christelike Instituut geneem het, is die verwerping van apartheid implisiet tot dwaalleer verklaar".[83]

In die stryd teen die CI - wat eintlik niks anders was as 'n stryd teen hulle wat apartheid verwerp het nie - het die NG Kerk

---

[82]Jonker, dr WD. Aandag vir die kerk in Die stryd om die kerk p 54.

[83]Engelbrecht, B. Inleidende opmerkings tot 'n bespreking oor 'gehoorsaamheid' in die huidige Suid-Afrikaanse situasie - Lesing gehou in die CI Desember 1967 p 9.

die Skrif heeltemal eenkant gelaat en die stryd alleen gevoer met die apartheidswoord. Na herhaalde aandrang dat Skrifgronde vir die Algemene Sinode se besluit in 1966 voorsien word, is 'n brief aan die direkteur van die CI geskryf waarin die vreemdste Bybeltekse aangehaal is. Teen die teenwoordigheid van 'n Rooms-Katoliek op die Bestuur is betoog met verwysings na Joh.17:6 ("Ek het U Naam bekend gemaak aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het ..."), Titus 2:1 ("Maar jy moet verkondig wat in ooreenstemming is met die gesonde leer") en die hele Openbaring 2 en 3![84]

Ook in die tug wat vereis is vir die lede van die CI, het dit nie om die Woord gegaan nie. Die meerderheidstem was genoegsame grond om hulle wat die beleid weerstaan, te tug! Ongehoorsaamheid aan die beleid is op dié wyse gesien as 'n dwaling - in wese onchristelik - wat selfs kan meebring dat 'n persoon in die ban aan die duiwel oorgegee kan word! Die skrikwekkende van hierdie situasie was dat die NG Kerk - sonder die Woord - tugmaatreëls wou toepas teen mense wat met die Woord teen apartheid gepleit het. Apartheid was die norm.

Willem de Klerk wat tereg poog om aan te dui dat nie net die Afrikaner skuld het aan apartheid nie ("When the Bible rains judgement on the Pharisees, not only the Afrikaners get wet"), verwys tog na die skuld van die sogenaamde "konsensus-kerke" waaronder die NG Kerk, waar die groepsbelang die norm geword het.[85] Met 'n kerk waar nie die Woord nie, maar die groepsbelang die deurslag gee, word diskriminasie onvermydelik 'n kenmerk van die lewe in die staat.

Deur die NG Kerk is by die Algemene Sinode in 1986 verklaar dat onregverdige apartheid onaanvaarbaar is "omdat dit in stryd is met die beginsels van naasteliefde en geregtigheid en onafwendbaar die menswaardigheid van almal wat daarby betrokke is, aan-

---

[84]Die brief is uitvoerig behandel deur JHP van Rooyen in Kerklike Tug - 'n Heilige Saak p 25-32.

[85]De Klerk, Willem. The second (R)evolution p 54.

tas".[86] Aan die begin van 1989 is by die Vereenigingberaad en deur die Algemene Sinodale Kommissie toegegee dat apartheid 'n kettery is. Dit het die Sinode van die NGSK al in 1982 by Belhar gesê. Reeds in 1967 is vanuit die CI by monde van Engelbrecht verklaar: apartheid "sny die band tussen die kerk en die Koninkryk deur", "is nie in die openbaring terug te vind nie en daarom nie as Gods heil herkenbaar nie", is 'n "pseudo-teokrasie".[87] Dat sulke uitsprake gedoen word, kan alleen daaraan toegeskryf word dat die Woord van God aangewend word. Alleen deur die Woord word die sondaar sigbaar. "Men moet hem opjagen om hem onder schot te krijgen".[88]

Met sy jarelange steun aan die beleid van apartheid, het die NG Kerk vandag in 'n geloofwaardigheidskrisis beland. Dit is ongetwyfeld waar dat die tyd bewys het dat dit waaraan hy vir soveel jare met die Skrif steun probeer gee het, totaal onhoudbaar is. Daarby is die NG Kerk deur die omstandighede gedwing - die luide protes van die veronregtes en die oortuiging van die owerheid vir 'n nuwe Suid-Afrika. "'n Kerk wat vir sy morele kritiek op bestaande onregsituasies eers deur veronregtes wakker geskud moet word, plaas sy geloofwaardigheid dermate op die spel dat hy nie altyd daarop kan reken om deur die veronregte ernstig opgeneem te word nie".[89] Die NG Kerk het soveel wat hom vergewe moet word dat die gekleurde dit moeilik vind.

Vanaf die begin het die CI op grond van die Skrif standpunt ingeneem teen "het omineuze woord apartheid".[90] Gaandeweg het dit egter duidelik geword dat die CI hom nie meer soseer deur die Skrif laat lei nie. Dit kon ook eintlik nie anders nie want

---

[86]KES 306.

[87]Engelbrecht, B. Inleidende opmerkings tot 'n bespreking ... p 13-14.

[88]Noordmans, Dr O. Herschepping p 51.

[89]Esterhuyse, WP. Die Pad na Hervorming p 133. Afskeid van Apartheid p 94.

[90]Hoekendijk, JC. De Kerk binnensten buiten p 126.

ongelowiges het 'n al groter rol in die CI begin speel. Daar is ook al meer van politieke oorwegings uitgegaan en van politieke metodes gebruik gemaak. Die sosialisme as politiek-ekonomiese stelsel het die ideaal geword saam met die oortuiging van die noodsaak van die herverdeling van rykdom. Moeite is gedoen en pleidooie is gelewer om die internasionale gemeenskap te beweeg om Suid-Afrika met handelsboikotte en disinvestering op die knieë te bring. Daarby het gekom die propaganda teen militêre diensplig, die bemoeienis vir die ontwaking en vorming van Swart Bewussyn as versetbewussyn, die ongekwalifiseerde waardering vir die rol van kinders in die versetbeweging, die begrip van die geweld van die ANC en die onderdrukte, die vereenselwiging van Naudé met die werksaamhede van die UDF, die BDB en die ANC, asook die pleit vir burgerlike ongehoorsaamheid.

Die ondertekening deur Naudé van die Kairos-dokumente, vrugte van die Suid-Afrikaanse Teologie van die Rewolusie, was in die lig van die latere standpunte van die CI, 'n logiese stap. Daar was 'n duidelike ooreenkoms tussen die standpunte van die CI en Naudé en dié in die Kairos-dokumente. Allereers word alleen die geweld van die Owerheid afgekeur en nié die van die swart jeug nie. Die samelewing val uiteen in twee groepe nl onderdrukker en verdruktes. Daar is alleen politieke oplossings. Die kerk mag nie 'n sogenaamde Third Force wees nie, maar moet identifiseer met die swart verdrukte. Politieke veldtogte - "from consumer boycotts to stayaways"[91] - moet ondersteun word. Militêre diensplig word afgekeur en die werk van kapelane in die Weermag word bevraagteken. Die owerheid is onwettig en daar is 'n ongekwalifiseerde waardering vir die swart jeug se aandeel in die vryheidstryd. Daarby word ook telkens - soos wat die gewoonte van Naudé was sedert hy op Sondag 22 September 1963 hierdie teks voorgehou het as rede waarom hy die direkteurskap van die CI moet aanvaar - verwys na Handelinge 5:29 nl dat God meer gehoorsaam moet word as die mense. Die Teologie van die Rewolusie het in die CI en Naudé sterk ondersteuning gekry. Dit het waar geword - "Die onontkom-

---

[91]Kairos 5.2.

bare uiteinde van apartheid-uit-beginsel is rewolusie-uit-beginsel".[92] Van die oorwegings vanuit die Woord het daar min oorgebly.

Dit is ongetwyfeld so dat die verkondiging van Christus ingrypende politieke en maatskaplike implikasies het. Dit mag egter nie so verloop dat Christus eindelik nie meer sigbaar is in die politieke en maatskaplike arbeid van die gelowige nie. "Christus duikt in geen zaak die met Hem verbonden is, onder ... Hij houdt een aangezicht in de kerk. Hij komt tot ons door Zijn evangelie".[93] In die ordening van die lewe word Christus sigbaar in die "kleine Christus" (Luther). Dit is 'n ope vraag of die metodes van sanksies en disinvestering waardeur 'n land (met magswellus? "ek ... en 'n paar ander het dit gedoen!" - Naudé) deur middel van internasionale druk op die knieë gedwing moet word selfs ten koste van miljoene mense se brood en op gevaar dat honger mense guillotine-lekkers is, nog die gesig van Christus vertoon. Allermins is die aangesig van Christus sigbaar in die geweld wat goedgepraat word en, in weerwil van talle gevalle van onverbloemde barbarisme van halssnoermoorde en moord van swart deur swart, die mooi naam van defensiewe geweld dra. Geweld is die verbreking van die vrede - die vrede waartoe die gelowige juis geroep is. Dit is soos oorlog die weg van vyandskap, haat, moord en verwoesting. Hoewel die Skrif die soldatestand nêrens afkeur nie, bly geweld die kuns van te verniel en hang dit saam met die boosheid van die menslike hart. "De ware soldatenreligie is de Islam".[94] Dr H Bavinck het gesê dat al is dit so dat daar altyd oorloë en geweld sal wees, ons daarmee moet maak soos met armoede en siekte nl dit volhardend bestry - "want al zijn ze binnengedrongen, zij behooren toch in Gods schepping niet thuis".[95] Die saai van dood en verderf deur geweld - veral ook nog wanneer dit selfs nie plaasvind in die vryheidstryd nie maar

---

[92]Engelbrecht, Ben. Ter Wille van hierdie wêreld p 38.

[93]Noordmans, dr O. Herschepping p 61.

[94]Noordmans, dr O. Zoeklichten p 110.

[95]Bavinck, dr H. Het probleem van den oorlog p 36.

gewoon vanweë afwesigheid van beskawing - staan lynreg teenoor die liefde, die vyandsliefde, die versoening en die vergewensgesindheid. Dat geweld deur die kerk of die kerkmens goedgekeur word, kan nie uit die openbaring verklaar word nie, maar alleen uit die "dictatuur van de linksheid".[96]

In sy beoordeling van die eerste Kairos-dokument het Jonker verklaar dat in die lig van die gebeure in Suid-Afrika in die afgelope dertig jaar, 'n mens "kon verwag het dat so 'n dokument die een of ander tyd sou verskyn".[97] Kairos is 'n linkse reaksie op die regse en onregverdige apartheid. Hierdie linksheid kon voorkom gewees het - ook die linksheid waarin die CI verval het - indien die NG Kerk as grootste en invloedrykste kerk in Suid-Afrika, kerk van die Woord gebly het en soos vroeër in sy geskiedenis, bly soek het na die geregtigheid. Die kerk van die Woord soek die geregtigheid. Die onreg is demonie - die duiwel moet uitgedryf word. So wil God dit hê. In die Onse Vader kom die reg, die ryk, ter sprake voor die brood. "Recht is nog nodiger dan brood".[98] As die koninkryk en sy geregtigheid gekom het, word die brood daarby gegee (Matt.6:33). Koninkryk en reg is onskeibaar. Die kerk wat dit weet, sal nie gekeer kan word nie en allermins die swye opgelê kan word - "echt niet een katje om zonder handschoenen aan te pakken".[99]

---

[96]Van Ruler, AA. Vragen door Bonhoeffer aan de orde gesteld, Revolte in de Theologie p 131.

[97]Jonker, dr WD. Die Implikasies van die Kairos-dokument - Perspektiewe op Kairos p 74.

[98]Noordmans, dr O. Gestalte en Gees p 109.

[99]Van Ruler, AA. Vragen door Bonhoeffer aan de orde gesteld p 123.

VERWYSINGSLYS

Bavinck, dr H. Het probleem van den oorlog. JH Kok, Kampen. 1914.

Bavinck, prof dr JH. Het rassenvraagstuk in Zuid-Afrika. Oorgedruk uit Anti-revolutionaire Staatkunde, September 1954. JH Kok, Kampen.

Berger, Peter L. en Bobby Godsell (Ed.) A Future South Africa - Visions, Strategies and Realities. Human en Rousseau, Tafelberg. 1988.

Berkof, dr H. Christus de Zin der Geschiedenis. Vierde druk. Nijkerk. 1962.

Borchardt, Carl. Die "swakheid van sommige" en die Sending. Die NG Kerk en Apartheid. Johan Kinghorn (Red.) MacMillan Suid-Afrika. Johannesburg. 1986.

Bosch, DJ. Kerk en Politiek in die Suid-Afrikaanse Konteks. Stormkompas - Opstelle op soek na 'n suiwer koers in die Suid-Afrikaanse konteks van die jare tagtig. Byeengebring deur prof Nico Smith, dr FE O'Brien Geldenhuys, dr Piet Meiring. Tafelberg. 1981.

Bosch, DJ. The Roots and Fruits of Afrikaner Civil Religion. New faces of Africa - Essays in honour of Ben (Barend Johannes) Marais. Edited by JW Hofmeyer and WS Vorster, University of South Africa, Pretoria. 1984.

Botha, Andries Johannes. Die Evolusie van 'n Volksteologie. 'n Verkorte weergawe van 'n Historiese en Dogmatiese ondersoek na die samehang van Kerk en Afrikanervolk in die teologie van die NG Kerk met besondere verwysing na die apartheidsdenke wat daaruit ontwikkel het. Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad Doktor in die Teologie in die Fakulteit

Teologie aan die Universiteit van Wes-Kaapland. Promotor: Prof JJF Durand. Teks en Konteks 4. Publikasies van die Universiteit van Wes-Kaapland. Bellville. 1984.

Botha, CJ. Ben Marais se stryd in die Sinodes teen die Bybelse fundering van apartheid. Ekumene onder die Suiderkruis - 'n Bundel opstelle ter erkenning van die pionierswerk van Ben Marais in die Suider Afrikaanse Konteks, aan hom opgedra in sy sewentigste lewensjaar. Red. AC Viljoen. Universiteit van Suid-Afrika. 1979.

Buthelezi, M. Gatsha. My role within separate development politics. African perspectives on South Africa - A collection of speeches, articles and documents. Edited by Hendrik W. van der Merwe, Nancy CJ Charton, DA Kotze and Ake Magnusson. Hoover, David Philip, Rex Collings. 1978.

Claassen, JP. Die Jerusalemgangers. Promedia-publikasies, Silverton. 1981.

Cloete, GD en Smit, DJ. 'n Oomblik van Waarheid. Opstelle rondom die NG Sendingkerk se afkondiging van 'n status confessionis en die opstel van 'n konsepbelydenis. Tafelberg. 1984.

Costas, Orlando E. The Church and its mission: A Shattering Critique from the Third World. Tyndale House Publishers, Inc. Wheaton, Illinois. 1974.

Cottesloe Consultation. The report of the Consultation among South African member Churches of the World Council of Churches, 7-14 December 1960 at Cottesloe, Johannesburg.

Cronje, prof G. Tuiste vir 'n Nageslag - Die blywende oplossing van Suid-Afrika se Rassevraagstukke. Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch. 1945.

Cronje, prof G. Regverdige Rasse-apartheid. Stellenbosch. 1947.

Davenport, TRH. South Africa: A Modern History. Third edition. MacMillan South Africa. Johannesburg. 1987.

Dawie 1946-1964. 'n Bloemlesing uit die geskrifte van Die Burger se politieke kommentator saamgestel deur Louis Louw. Tafelberg-Uitgewers. Kaapstad. 1965.

Degenaar, JJ. Moraliteit en Politiek. Tafelberg. 1976.

Degenaar, JJ. Nasionalisme. Beweging Uitwaarts. WA de Klerk, Martin Versfeld, JJ Degenaar. John Malherbe Edms Bpk., Kaapstad. 1969.

De Gruchy, John W. A short history of the Christian Institute. Resistance and Hope - South African Essays in honour of Beyers Naudé. David Philip, Cape Town, Johannesburg. 1985.

Deist, prof Ferdinand. Using the Bible: The hermeneutics of the Kairos Document. Perspektiewe op Kairos. Onder redaksie van JW Hofmeyr, JHH du Toit en CJ Froneman. Lux Verbi. 1987.

De Klerk, WA. Die letterkunde van behoud. Beweging Uitwaarts. WA de Klerk, Martin, Versfeld, JJ Degenaar. John Malherbe Edms Bpk., Kaapstad. 1969.

De Klerk, WA. The Puritans in Africa - A story of Afrikanerdom. Rex Collings, London. 1975.

De Klerk, WA. The Thirstland. The epic tale of courage and endurance. Penguin Books. 1977.

De Klerk, Willem. The Second (R)evolution. Afrikanerdom and the crisis of identity. Jonathan Ball Publishers, Johannesburg. 1984.

Desmond, Cosmas. OFM. The Discarded People - an account of African resettlement. The Christian Institute of SA. ± 1970.

De Villiers, Etienne. Kritiek uit die Ekumene. Die NG Kerk en Apartheid. Red. Johann Kinghorn. MacMillan Suid-Afrika, Johannesburg. 1986.

De Villiers, dr WB. Lunteren en die Rassekwessie. 'n Christelike Instituut-publikasie. Braamfontein. Oktober 1969.

Dreyer, Eerwaarde A. Eeuwfeest-Album van de Nederduits Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika 1824-1924. Nasionale Pers, Kaapstad. 1924.

Du Plessis, Bertie. Die Afrikaanse Kerke en die uitdaging van 'n Suid-Afrika sonder apartheid. Wat kom na Apartheid? Jong Afrikaners aan die woord. Saamgestel deur JP Landman, Philip Nel, Anton van Niekerk. Southern boek-uitgewers. 1988.

Du Preez, prof dr AB. Die Skriftuurlike grondslag vir Rasseverhoudinge. NG Kerk-uitgewers. November 1955.

Durand, prof JJF. Kommentaar op prof JA Heyns "'n Teologiese perspektief" Stormkompas - Opstelle op soek na 'n suiwer koers in die Suid-Afrikaanse konteks van die jare tagtig. Byeengebring deur prof Nico Smith, dr FE O'Brien Geldenhuys, dr Piet Meiring. Tafelberg. 1981.

Durand, prof JJF. Belhar, 'n Krisispunt vir die NG Kerke. 'n Oomblik van Waarheid - Opstelle rondom die NG Sendingkerk se afkondiging van 'n status confessionis en die opstel van 'n konsepbelydenis. Byeengebring deur GD Cloete en DJ Smit. Tafelberg. 1984.

Du Toit, ds FGM. Rondom 1866 - Uitgesoekte tekste en dokumente en ander stukke met betrekking tot kerklike ontwikkeling, veral in Transvaal. NG Kerk-Boekhandel. Pretoria. 1969.

Engelbrecht, B. God en die Politiek. Durban Butterworth. 1978.

Engelbrecht, Ben. Ter wille van hierdie wêreld - Politiek en Christelike heilsbelewing in Suid-Afrika. Tafelberg. 1982.

Engelbrecht, Ben. Die Tweeheid van Kerk en Staat. Perskor. 1986.

Engelbrecht, Ben. Fragmente uit die pneumatologiese denke van Paul Tillich en AA van Ruler. Koninkryk, Kerk en Kosmos - Huldigingsbundel ter ere van prof WD Jonker. Onder redaksie van dr PF Theron en dr J Kinghorn. Pro Christo-publikasies, Bloemfontein. 1989.

Esterhuyse, dr WP. Afskeid van Apartheid - Opstelle oor Rassediskriminasie. Tafelberg. 1979.

Esterhuyse, dr WP. Die Pad na Hervorming - Beskouinge oor die noodsaaklikheid van strukturele hervorming in Suid-Afrika. Tafelberg 1982.

Esterhuyse, dr WP. Anton Rupert. Pleitbesorger vir hoop. Tafelberg. 1986.

Esterhuyse, dr WP. Genade sonder weerga. Tafelberg. 1988.

Fiolet, prof dr HAM. Vreemde Verleiding. Lemniscaat, Rotterdam. 1968.

Gascoyne, Bamber. The Christians. Jonathan Cape Ltd., London. 1977.

George, prof W. Race, Heredity and Civilisation - Human progress and the Race Problem. Britons Publishing Society, London. 1961.

Gerdener, dr GBA. Boustowwe vir die kerkgeskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Transgariep. Nasionale Pers. 1930.

Gerdener, dr GBA. Voorsittersrede. Groepsgebiede en Woonbuurtskeiding - Referate gelewer op die derde jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse buro vir Rasse-aangeleenthede (SABRA). 1952.

Gericke, ds JS. Die Taak van die Kerk in Krisistye. Grense. Universiteits-uitgewers en boekhandelaars (Edms) Bpk., Stellenbosch. 1961.

Geyser, prof AS en andere. Vertraagde Aksie. Uitgegee deur die skrywers. 1961.

Giniewski, Paul. Bantustans - A trek towards the future. Human en Rousseau, Kaapstad. 1961.

Grobler, Jackie. A Decisive Clash? A short history of Black protest politics in South Africa - 1875-1976. Acacia. 1988.

Groenewald, prof dr EP. Apartheid en Voogdyskap in die lig van die Heilige Skrif. Regverdige Rasse-apartheid. Prof dr G Cronje. Die Christenstudenteverenigingmaatskappy van Suid-Afrika, Stellenbosch. 1947.

Haitjema, dr Th L. De Richtingen in de Nederlandse Hervormde Kerk. Wageningen. 1953.

Heyns, prof dr JA. 'n Teologiese Perspektief. Stormkompas - Opstelle op soek na 'n suiwer koers in die Suid-Afrikaanse konteks van die jare tagtig. Byeengebring deur prof Nico Smith, dr FE O'Brien Geldenhuys, dr Piet Meiring. Tafelberg. 1981.

Hoedemaker, dr Ph J. De kerk in het moderne staatsrecht. Amsterdam. 1904.

Hoekendijk, JC. De Kerk binnenste buiten. JC Hoekendijk - Keuze uit zijn werk door LA Hoedemaker en P Tijmes. W Ten Have N.V. Amsterdam. 1964.

Horrel, Muriel. Legislation and Race Relations - a summary of the main South African Laws which affect Race Relationships. South African Institute of Race Relations, Johannesburg. 1963.

Ingham, Kenneth. Jan Christian Smuts. The conscience of a South African. Jonathan Ball Publishers, Johannesburg. 1986.

Johnson, Paul. A History of the modern world. From 1917 to the 1980's. Jonathan Ball Paperbacks, Johannesburg. 1985.

Jonker, prof dr H en andere. Actuele Prediking. 2de Druk. Uitgeverij GF Callenbach N.V. Nijkerk. Ongedateerd.

Jonker, dr WD. Die Sendingbepalinge van die Ned. Gereformeerde Kerk van Transvaal. Kerk en Wêreld nr 4. Junie 1962.

Jonker, dr WD. Aandag vir die kerk. Die stryd om die kerk. Uitgegee deur Die Evangelis, Potchefstroom. 1965.

Jonker, prof dr WD. Om die regering van Christus in sy kerk. Intreerede gehou by die aanvaarding van 'n professoraat in Teologie aan die Universiteit van Suid-Afrika. Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika. Pretoria. 1965.

Jonker, dr WD. Die Woord as Opdrag. Gedagtes oor die prediking. NG Kerkboekhandel, Pretoria. 1985.

Jonker, dr WD. Die Implikasies van die Kairos-dokument. Perspektiewe op Kairos. Onder redaksie van JW Hofmeyr, JHH du Toit en CJ Froneman. Lux Verbi. 1987.

Kalley, Jacqueline A. A South Africa under Apartheid - a select and annotated bibliography. Shuter and Shooter, Rhodes University. 1987.

Keet, BB. Suid-Afrika Waarheen? - 'n Bydrae tot die bespreking van ons Rasseprobleme. Stellenbosch. 1955.

Keet, BB. Die Klok het al gelui. Vertraagde Aksie. Prof AS Geyser en andere. Uitgegee deur die skrywers. 1960.

Kinghorn, Johann (Red.) Die NG Kerk en Apartheid. MacMillan Suid-Afrika (Uitgewers) (Edms) Bpk., Johannesburg. 1986.

Koopmans, dr J. Onder het Woord. Verzamelde opstellen bijeengebracht en ingeleid door H Kroon, Amsterdam. 1949.

Künneth, Walter. Politik zwischen Dämon und Gott. Eine Christliche Ethik des Politschen. Lutherisches Verlagshaus. Berlin. 1961.

Kuyper, dr A. De Gemeene Gratie, Deel 1. Leiden. 1902.

Kuyper, dr A. De Gemeene Gratie, Deel 2. Amsterdam. 1903.

Kuyper, dr A. De Gemeene Gratie, Deel 3. Amsterdam. 1904.

Kuyper, dr A. Pro Rege, of het Koningschap van Christus, Deel 1. Kampen. 1911.

Kuyper, dr A. Pro Rege, of het Koningschap van Christus, Deel 3. Kampen. 1912.

Kuyper, dr A. Antirevolutionaire Staatkunde, met nadere toelichting op "Ons Program", Deel 1. Kampen. 1916.

Kuyper, dr A. Antirevolutionaire Staatkunde, Deel 2. Kampen. 1917.

Kuyper, dr A. Het werk van den Heiligen Geest. Deel 2. Amsterdam. 1888.

Kuyper, dr A. De Overheid. (Locus de Magistratu) Naar een college-dictaat van een der studenten. Tweede druk. JH Kok N.V. Kampen. Ongedateerd.

Kuyper, dr A. E Voto Dordraceno. Toelichting op den Heidelbergschen Catechismus. Deel 2. Amsterdam. 1905.

Kuyper, dr A. Ons Program. Deel 1. Amsterdam. 1879.

Kuyper, dr A. Het Calvinisme. Stone-lezingen in October 1898 te Princeton gehouden. Amsterdam. 1898.

Kuyper, dr A. Het Calvinisme - oorsprong en waarborg onzer constitutioneele Vrijheden. Amsterdam. 1874.

Kuyper, dr A. Confidentie - Schrijven aan de Weled. Heer JH van der Linden. Amsterdam. 1873.

Kuyper, dr A. De verflaauwing der grenzen. Rede bij de overdracht van het rectoraat aan de Vrije Universiteit op 20 October 1892. Amsterdam. 1892.

Kuyper, dr A. Souvereiniteit in eigen kring. Rede ter inwijding van de Vrije Universiteit den 20sten October 1888 gehouden in het koor der Nieuwe Kerk te Amsterdam. Derde Druk. Kampen. 1930.

Kuyper, dr A. Vrijheid. Rede ter bevestiging van dr Ph S van Ronkel gehouden 23 Maart 1873 in de Nieuwe Kerk te Amsterdam. Amsterdam. 1873.

Kuyper, dr A. Eenheid. Rede ter bevestiging van ds P van Son, gehouden 31 Augustus 1873 in de Nieuwe Kerk te Amsterdam. 1873.

Lamb, David. The Africans - Encounters from the Sudan to the Cape. The Bodley Head, London. 1983.

Langman, dr HJ. Kuyper en de Volkskerk - een dogmatisch-ecclesiologische Studie. Proefschrift ingehandig aan de Rijksuniversiteit te Groningen. Kampen. 1950.

Leatt, James (Editor) en andere. Contending Ideologies in South Africa. David Philip, Cape Town, Johannesburg. 1986.

Lombard, Johan Andries. Ontwikkelinge in die Sendingbeleid en -praktyk in die Nederduitse Gereformeerde Kerk gedurende die tydperk 1932 tot 1962. Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die verkryging van die graad Doctor Theologiae, Universiteit van die Noorde - Ongepubliseerde proefskrif. 1985.

Lombard, RTJ. Die Nederduitse Gereformeerde Kerke en die rassepolitiek - Met spesiale verwysing na die jare 1948-1961. Promedia-Publikasies, Silverton. 1981.

Loubser, dr JA. The Apartheid Bible. A critical review of racial theology in South Africa. Maskew Miller Longman (Pty) Ltd. 1987.

Louw, Leon en Frances Kendall. South Africa - The Solution. Amagi Publications. 1986.

Louw, NP van Wyk. Deurskouende Verband. Human en Rousseau, Kaapstad en Pretoria. 1977.

Louw, NP van Wyk. Liberale Nasionalisme - Gedagtes vir ons tyd. Uit die prosa van NP van Wyk Louw. Saamgestel deur PA Joubert. Tafelberg. 1988.

Lũckoff, dr AH. Cottesloe. Tafelberg. 1978.

Marais, Ben J VDM. Die Kleurkrisis en die Weste ('n Studie i.s. kleur en kleurverhoudings in die Amerika's). Die Goeie Hoop-uitgewers (Edms) Bpk, Johannesburg. 1952.

Marais, dr JC. Die NG Kerk en die regverdiging van apartheid. Kerk en wêreld, nr 8 1986, Stofberg Teologiese skool, Sovenga.

Meer, Fatima. An Indian's view on apartheid. South African Dialogue. Ed. NJ Rhoodie, McGraw Hill Book Company, Johannesburg. 1973.

Meiring, dr Piet. Stemme uit die Swart Kerk. Tafelberg. 1975.

Meiring, dr Piet. Die Kerk op pad na 2000. Twaalf gesprekke oor die rol van die kerk in die laaste kwart van die 20ste eeu. Tafelberg. 1977.

Meiring, dr PJG. Kommentaar op prof NJ Smith. In die konteks van Afrika. Stormkompas. Opstelle op soek na 'n suiwer koers in die Suid-Afrikaanse konteks van die jare tagtig. Byeengebring deur prof Nico Smith, dr FE O'Brien Geldenhuys, dr Piet Meiring. Tafelberg. 1981.

Moltmann, Jürgen. Theology of Hope. SCM Press, London. 1974.

Moltmann, Jürgen. The Crucified God. SCM Press, London. 1976.

Moorrees, A. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1652-1873. SA Bybelvereniging. Kaapstad. 1937.

Munger, Edwin S. The Afrikaners. Tafelberg. 1979.

Nedbank Group, The. South Africa: An Appraisal. The Sovereign Risk Criteria. Nedbank Group economic unit. Johannesburg. 1977.

Ngabane, ds Maurice. Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke. Stemme uit die Swart Kerk. Dr Piet Meiring. Tafelberg. 1975.

Nicol, dr Wm. 'n Grootse Roeping. Regverdige Rasse-apartheid. Prof dr G Cronje, Stellenbosch. 1947.

Nolan, Albert. God in South Africa - The challenge of the Gospel. David Philip, Cape Town, Johannesburg. 1988.

Noordmans, dr O. Zoeklichten. Amsterdam. 1949.

Noordmans, dr O. Herschepping Tweede Druk. Amsterdam. 1956.

Noordmans, dr O. Gestalte en Geest. Holland Uitgeversmaatschappij, Amsterdam. 1956.

Oosthuizen, ds AJG. Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis. Uitgegee deur die kommissie vir jeugwerk, Ned Herv Kerk van Afrika. 1940.

Pakenham, Thomas. The Boer War. Futura Publications, London. 1982.

Paton, Alan. South African Tragedy - The life and times of Jan Hofmeyr. Abridgement by Dudley C Lunt, Charles Scribner's Sons, New York. 1965.

Paton, Alan. The Afrikaner as I know him. The Afrikaners. Edited by Edwin S Munger, Tafelberg. 1979.

Paton, Alan. Save the beloved country. Hans Strydom Publishers. 1987.

Paton, Alan. Journey Continued - An Autobiography. David Philip, Cape Town. 1988.

Pelser, prof AN. Verwoerd aan die woord 1948-1966. Afrikaanse Persboekhandel. 1966.

Pienaar, Schalk. Getuie van groot tye. Tafelberg. 1979.

Pistorius, PV. Die Trek is verby. Central News Agency Limited, Suid-Afrika. 1957.

Platsky, Laurine and Cherry Walker. The Surplus People - Forced Removals in South Africa. Ravan Press, Johannesburg. 1985.

Pont, dr AD. Bespreking van die lesing van Prof dr BJ Engelbrecht - "Die Kommunistiese aanslag op die Kerk". Referate gelewer by die Volkskongres oor Kommunisme 31 Maart - 2 April 1964 Pretoria. Uitgegee deur Die Volkskongres oor Kommunisme, Posbus 637, Pretoria. 1964.

Potgieter, dr FJM. Ons Kerk in Kaapland. Ons Nederduitse Gereformeerde Kerk - Gedenkboek by ons derde eeufees. 1952. NG Kerkuitgewers, Kaapstad. 1952.

Preller, Gustav S. Historiese Opstelle. JL van Schaik, Pretoria. 1925.

Race Relations Survey 1985, South African Institute of Race Relations, Johannesburg. 1986.

Rasker, dr AJ. Politiek Ethos Reeks: Ethische Verkenningen, GF Callenbach N.V. Nijkerk. Ongedateerd.

Rhoodie, NJ. Apartheid en Partnership - 'n Rasse-sosiologiese ontleding van Afsonderlike Volksontwikkeling in vennootskap, met besondere verwysing na die motiewe vir hierdie beleidsisteme. Academica, Pretoria. 1969.

Richard, Dirk. Die kerk deur die bril van 'n joernalis. Die Kerk op pad na 2000. Twaalf gesprekke oor die rol van die kerk in die laaste kwart van die 20ste eeu. Dr Piet Meiring, Tafelberg. 1977.

Richard, Dirk. Tussen bid en droom - 'n Koerantman het albei nodig. Constantia Uitgewers, Pretoria. 1986.

Rothuizen, dr G Th. Primus Usus Legis. Studie over het burgerlijk gebruik van de Wet. Proefskrif V.U. 1962. Kampen. 1962.

Sabra. Groepsgebiede en Woonbuurtskeiding. Referate gelewer op die derde jaarvergadering van die SA Buro vir Rasse-aangeleenthede (Sabra). 1952.

Saunders, Christopher. The making of the South African Past - Major historians on race and class. David Philip, Cape Town, Johannesburg. 1988.

Schlebusch, Alwyn Louis. Kommissie van Ondersoek na Sekere Organisasies. Verslag aangaande die Christelike Instituut van Suidelike Afrika. Kaapstad. 20 November 1964.

Schlemmer, Lawrence. South Africa's National Party Government. A Future South Africa - Visions, Strategies and Realities. Peter L Berger, Bobby Godsell. Human en Rousseau. Tafelberg. 1988.

Scholtz, dr GD. Die Geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 1842 - 1885. NG Kerk-Uitgewers. 1956.

Scholtz, dr GD. Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner. Deel IV 1910-1924. Perskor-Uitgewers, Johannesburg. 1979.

Sentrale Statistiekdiens, Republiek van Suid-Afrika. Suid-Afrikaanse Arbeidstatistieke 1987.

Sentrale Statistiekdiens, Republiek van Suid-Afrika. Bulletin vir Statistieke - Kwartaal ge-eindig Junie 1988. Vol 22 nr 2. 1988.

Smit, ds AP. Ons Kerk in die Goudstad 1887-1947. Nasionale Pers. 1948.

Sölle, Dorothee. Politieke Theologie - Discussie met Rudolf Bultmann, Oekumene, Bosch en Keuning NV Baarn. 1972.

Strauss, Pieter Johannes. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Kerke in Nederland: Betrekkinge rondom die Suid-Afrikaanse Rassevraagstuk. Ongepubliseerde dissertasie voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad Doctor Divinitatis in die Fakulteit Teologie (Afd.B Ned Geref Kerk), Universiteit van Pretoria, Pretoria. 14 November 1983.

Strydom, ds JG. Algemene Sendingsekretaris, NG Kerk, OVS. Die Rassevraagstuk en die toekoms van die blankes in Suid-Afrika. Uitgegee deur die NG Kerk in die OVS. 1942.

Study Commission on the US Policy toward Southern Africa - Report of. South Africa - Time Running out. University of California Press, Foreign Study Foundation Inc. 1981.

Sykes, JB. (Ed.) Concise Oxford Dictionary of Current English. 7th Edition, Clarendon Press. Oxford, England. 1987.

The Theron Commission. A summary of the findings and recommendations of the Commission of enquiry into matters relating to the Coloured Population Group. Edited by ST van der Horst. South African Institute of Race Relations, Johannesburg. December 1976.

Thielicke, Helmuth. The Trouble with the Church. A call for renewal. Translated and edited by John W Doberstein, Harper and Row, New York. 1965.

Tomlinson, prof FR. Samevatting van die Verslag van die kommissie vir sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika. Die Staatsdrukker, Pretoria. 1955.

Treurnicht, dr AP. Grense tussen Kerk en Staat. Grense - 'n Simposium oor Rasse- en ander verhoudinge. Universiteits-uitgewers en -boekhandelaars (Edms) Bpk., Stellenbosch. 1961.

Treurnicht, dr AP. Bespreking van lesing van prof dr BJ Engelbrecht: Die kommunistiese aanslag op die kerk. Volkskongres oor

Kommunisme, 31 Maart - 2 April 1964. Pretoria. Referate uitgegee deur die volkskongres oor Kommunisme, Pretoria. 1964.

Treurnicht, dr AP. Credo van 'n Afrikaner. Tafelberg. 1975.

Van der Horst, ST. The Theron Commission. A summary of the findings and recommendations of the commission of enquiry into matters relating to the Coloured population group. South African Institute of Race Relations. December 1976.

Van Rooyen, JHP. Kerk en Staat - 'n Vergelyking tussen Kuyper en Van Ruler. Proefskrif, Rijksuniversiteit te Utrecht. 1964.

Van Ruler, AA. De Vervulling van de Wet. Een dogmatische studie over de verhouding van openbaring en existentie. Proefskrif aan die Universiteit van Groningen. 1947. Nijkerk 1947.

Van Ruler, AA. Religie en Politiek, Nijkerk. 1945.

Van Ruler, AA. Visie en Vaart. Amsterdam. 1947.

Van Ruler, AA. Droom en Gestalte - een discussie over de theologische principes in het vraagstuk van christendom en politiek. Amsterdam. 1947.

Van Ruler, AA. Kuyper's Idee eener christelijke Cultuur, Nr 12 en 13 in die Serie: Onze Tijd. Nijkerk. Ongedateerd.

Van Ruler, AA. Bijzonder en Algemeen Ambt, Nijkerk. 1952.

Van Ruler, AA. Gestaltwerdung Christi in der Welt. Uber das Verhāltnis von Kirche und Kultur. In die serie: Bekennen und Bekenntnis, Heft 3. 1956.

Van Ruler, AA. Heeft het nog zin, van "volkskerk" te spreken? Geschriften betreffende de orde der Ned Herv Kerk Nr 8. Julie 1958.

Van Ruler, AA. Het koninkrijk Gods en de geschiedenis. Rede uitgesproken bij de aanvaarding van het ambt van hoogleeraar vanwege de Nederlandsche Hervormde Kerk aan de Rijksuniversiteit te Utrecht op 3 November 1947. Nijkerk.

Van Ruler, AA. Uitzichten in het vraagstuk van de leertucht. Kerk en Teologie, Jaargang 10, Nr 1.

Van Ruler, AA. Waarom zou ik naar de kerk gaan? GF Callenbach NV Nijkerk Ongedateerd (±1969-1970).

Van Ruler, AA. Theologisch Werk Deel II. GF Callenbach NV Nijkerk. 1971.

Van Ruler, AA. Vragen door Bonhoeffer aan de orde gesteld. Revolte in de Theologie - Een bundel beschouwingen over de zogenaamde vernieuwingstheologie onder redactie van prof dr GC Berkouwer en prof dr AS van der Woude. GF Callenbach NV Nijkerk. 1968.

Van Schoor, AM. Redakteur van Die Vaderland. Breinspoeling en sielkundige oorlogvoering. Referate gelewer by die Volkskongres oor Kommunisme, 31 Maart - 2 April 1964 Pretoria. Uitgegee deur die Volkskongres oor Kommunisme, Pretoria. 1964.

Van wyk, prof JA. Die Rassesituasie. Stormkompas - Opstelle op soek na 'n suiwer koers in die Suid-Afrikaanse konteks van die jare tagtig. Byeengebring deur prof Nico Smith, dr FE O'Brien Geldenhuys, dr Piet Meiring. Tafelberg. 1981.

Venter, Al J. Coloured. A Profile of two million South Africans. Human en Rousseau, Cape Town, Pretoria. 1974.

Versfeld, Martin. Die moderne humanisme. Beweging Uitwaarts. WA de Klerk, Martin Versfeld, JJ Degenaar. John Malherbe Edms Bpk., Kaapstad. 1969.

Vertraagde Aksie. Ekumeniese Getuienis uit die Afrikaanssprekende Kerk. proff AS Geyser, BJ Marais, Hugo du Plessis, BB Keet, A van Selms en ander. Uitgegee deur die skrywers. 1960.

Viljoen, prof G van N. Ideaal en werklikheid - Rekenskap van 'n Afrikaner. Tafelberg. 1978.

Villa-Vicencio, Charles. A life of resistance and hope. Resistance and hope, South African Essays in honour of Beyers Naudé. Charles Villa-Vicencio en John de Gruchy (Editors). David Philip, Cape Town, Johannesburg. 1985.

Volkskongres oor Kommunisme, referate gelewer by, 31 Maart - 2 April 1964, Pretoria. Uitgegee deur die Volkskongres oor Kommunisme, Pretoria. 1964.

Volten, ds H. Rondom het belijden der Kerk. Kampen. 1962.

Welsh, David. The Roots of Segregation. Native Policy in Colonial Natal 1845-1910. Oxford University Press, London, New York. 1971.

Wiechers, Marinus. 'n Politieke Idiotikon vir Suid-Afrika. Tafelberg. 1988.

Wilson, Francis and Mamphela Ramphele. Uprooting Poverty: The South African Challenge. Report for the second Carnegie Inquiry into poverty and development in Southern Africa. David Philip, Cape Town, Johannesburg. 1989.

BROSJURES, LESINGS, PRAATJIES, ens

Boodskap aan die volk van Suid-Afrika. Suid-Afrikaanse Raad van Kerke. Junie 1968.

Boshoff, CWH. Kerk en Samelewing in oënskou. Kommentaar en Kritiek. Sacum. 1987.

Boshoff, ds GJ. Ons Geloofsvertroue. Praatjie gehou oor die radio in 1961. Jou het ek lief bo alles - Reeks van vyf praatjies wat teen die einde van 1961 in die Afrikaanse diens van Radio Suid-Afrika uitgesaai is. SAUK-Publikasie 1961.

Brown, SED. Anatomy of Liberalism. Reprinted from the SA Observer, Pretoria. Ongedateerd.

Coertze, prof PJ. Gedifferensieerde Ontwikkeling gesien vanuit 'n volkekundige oogpunt. Gedifferensieerde ontwikkeling, 'n teologiese, 'n genetiese en 'n volkekundige standpunt. Uitgegee deur die Universiteit van Pretoria se tak van die Afrikaanse Studentebond, Pretoria 1961.

Campbell, Mavis. Aristotle and black slavery - a Study in Race Prejudice. Race - The journal of the Institute of Race Relations, Vol XV, January 1974 nr 3.

Die Ned Geref Kerk in Afrika in Transvaal 50 jaar oud. Opgestel en uitgegee deur die Sinodale kerkkantore van die Noord- en Suid-Transvaalse Sinodes van die NG Kerk in Afrika, Roodepoort. Pretoria. 1982.

Dönges, dr TE. Generaal Hertzog as Staatsman. Generaal Hertzog - 'n reeks praatjies oor die radio, uitgegee deur die SAUK 1961.

Engelbrecht, dr B en andere. Stel die Geeste op die proef (1 Joh 4:1) Ope brief aan alle Evangeliedienaars van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Johannesburg. 1965.

Engelbrecht, Ben. Professor AS (Albert) Geyser 10 Feb 1918 - 13 Junie 1985. Journal of theology for Southern Africa. Special Issue in honour of Albert Geyser. September 1988.

Engelbrecht, Ben. Inleidende opmerkings tot 'n bespreking oor "gehoorsaamheid" in die huidige Suid-Afrikaanse situasie. Lesing gehou in die CI. Desember 1967.

Geloof en Protes - 'n Antwoord namens beswaarde lidmate op sekere aspekte van "Kerk en Samelewing". Opgestel deur die voortsettingskomitee, Mei 1987.

Hartin, Patrick J. Apartheid and the Scriptures. The contribution of Albert Geyser in this polemic. Journal of Theology for Southern Africa. Special Issue in honour of Albert Geyser. September 1988.

Hofmeyr, Jan H. Christian Principles and Race Problems. Hoernlé Memorial Lecture, 1945. SA Institute of Race Relations.

Hofmeyr, prof JDJ, Departement Genetika. 'n Genetiese Standpunt. Gedifferensieerde Ontwikkeling - 'n Teologiese, 'n Genetiese en 'n Volkekundige standpunt. Uitgegee deur die Universiteit van Pretoria se tak van die Afrikaanse Studentebond, Pretoria. 1961.

Keet, prof BB. Die Etiek van Apartheid. Die Dertiende Hoernlégedenklesing, Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge. Johannesburg. 1957.

Keet, prof BB. Scriptures do not justify apartheid. The Church and the Race Problem - A Challenging series of articles published in The Rand Daily Mail, Johannesburg 1963. Onderhoud met die redakteur Benjamin Pogrund.

Kairos Document, The. Challenge to the Church. A Theological comment on the Political crisis in South Africa. Vyfde druk 1986.

Kairos and Conversion. The Road to Damascus. Scotaville Publishers, Johannesburg. 1989.

Naudé, Beyers en Roelf Meyer. Vryheid vir Vrede - 'n Geskrewe oortuiging aan die "Parlementêre gekose komitee oor die Wysigingswetsontwerp oor Verdediging" voorgelê deur Beyers Naudé en Roelf Meyer op 20 September 1974.

Naudé, Ds CFB., Direkteur Christelike Instituut van Suidelike Afrika. My Beslissing - Drie Preke 1963.

Naudé, CFB, Direkteur. Persverklaring, 25 Julie 1964. Verklaring uitgereik deur die Direkteur namens die Christelike Instituut van Suidelike Afrika na aanleiding van die bomaanslag te Johannesburg op 24 Julie 1964.

Noodmaatreëls, Die. Kommentaar op 17 Januarie 1990. SAUK.

Olivier, prof NJJ. Apartheid - A Slogan or a Solution? Issued by The South African Bureau of Racial Affairs (Sabra), Stellenbosch. 1954.

Pogrund, Benjamin. The Church and the Race Problem - A Challenging series of articles published in The Rand Daily Mail, Johannesburg. 1963.

Scholtz, dr GD. Ons Kerknaam. Opgestel op versoek van die historiese kommissie van die Ned Herv of Geref Kerk van SA. 1951.

Van Rooyen, dr JHP. Kommunisme in die Kerk? Johannesburg, September 1966.

Van Rooyen, dr JHP. Kerklike Tug - 'n Heilige Saak. Johannesburg. Mei 1970.

Van Rooyen, dr JHP. Durf ons Swyg? Johannesburg. Julie 1972.

Verwarring: Opheldering Noodsaaklik! ds WJC Cilliers, dr HW de Jager, prof dr IH Eybers, prof dr WD Jonker, prof dr JA Lombard, dr JHP van Rooyen, dr AJ Venter, mnr AC Viljoen. Johannesburg. 22 Oktober 1965.

Vorster, dr JD. Kommunisme - die vuurrooi draak. Baanbreker-uitgewers, Roodepoort. 1965.

NUUSBLAAIE - BERIGTE EN ARTIKELS

Aida Parker Newsletter: Special Issue, ongedateerd.

Beeld: 1974: 15 November, 22 November.
1975: 3 Junie.
1976: 30 September.
1983: 8 Februarie.
1984: 28 September, 5 Oktober.
1985: 27 Maart, 23 Mei, 8 Junie, 20 Junie, 26 Junie, 3 Julie, 22 Julie, 23 Julie, 8 Augustus, 22 Augustus, 31 Augustus, 12 September, 18 November, 26 November, 27 November, 28 November, 3 Desember.
1986: 20 Februarie, 15 Mei, 18 Mei, 12 September, 20 September, 25 Oktober, 2 Desember.
1987: 9 Mei, 1 Julie, 29 Augustus, 22 September, 28 September, 1 Oktober.
1988: 25 Mei, 26 Mei, 15 Junie, 20 Junie, 13 Julie, 19 Desember.
1989: 3 Maart, 10 Maart, 11 Maart, 16 Maart, 17 Maart, 17 Mei, 20 Mei, 5 Julie, 29 September, 24 Oktober, 25 Oktober.
1990: 18 Januarie, 19 Januarie, 7 Februarie, 14 Februarie, 2 April, 9 April, 11 April, 12 April, 15 April, 24 April.

Dagbreek en Sondagnuus:
1966: 25 September, 23 Oktober.
1967: 19 Februarie, 29 Oktober.

Die Beeld:
1966: 2 Oktober, 9 Oktober, 23 Oktober.
1967: 7 Mei.

Die Burger:

1960: 17 Desember, 31 Desember.
1962: 12 Junie.
1963: 9 Desember, 12 Desember.
1976: 30 Oktober.

Die Sondagstem:

1967: 21 Mei.

Die Transvaler:

1962: 21 November.
1964: 15 Augustus.
1965: 3 September, 6 September, 10 September.
1966: 29 September, 4 Oktober, 24 Oktober, 29 Oktober, 17 November.
1967: 18 Februarie, 17 Mei.
1973: 29 Maart.
1975: 29 Mei, 30 Mei.
1976: 30 Oktober.

Die Vaderland:

1967: 1 Mei, 4 Mei.

Rapport:

1974: 4 Augustus.
1985: 28 Julie.
1987: 28 Junie.
1988: 18 September, 4 Desember.
1989: 5 Maart.
1990: 15 April.

The Cape Times:

1965: 8 Oktober.

The Citizen:

1978: 21 Julie, 10 Augustus.
1983: 19 April.
1988: 29 September.
1990: 12 April.

The Rand Daily Mail:

1975: 17 Oktober.
1976: 30 Oktober.

The Saturday Star

1990: 17 Maart.

The Star:

1960: 1 September, 2 September, 3 September, 5 September, 6 September, 9 September, 12 Oktober, 20 Oktober, 21 Oktober, 25 Oktober, 28 Oktober.
1966: 16 November, 25 November, 29 November.
1967: 5 Mei, 29 September.
1974: 11 Desember.
1975: 29 Mei.
1982: 11 Oktober.
1983: 19 April, 20 April, 16 Junie.
1987: 29 Junie.
1988: 29 Junie.
1990: 11 April.

The Sunday Express:

1976: 30 Oktober.

The Sunday Star:

1987: 26 Junie.

The Sunday Times:

1966: 23 Oktober, 30 Oktober.
1967: 21 Mei.
1990: 24 Februarie.

TYDSKRIFTE

Antikom - Nuusbrief: Deel 1 nr 12 Julie 1965, Deel 2 nr 14 Februarie 1966.

Die Basuin: Augustus 1939, Januarie 1954.

Die Kerkbode:

1853: 5 Maart en 25 Junie (De Gereformeerde Kerkbode).
1921: 20 Oktober.
1939: 3 Mei.
1940: 10 April, 5 Junie.
1948: 2 Junie, 14 Julie, 15 September, 22 September, 29 September, 20 Oktober.
1949: 30 November, 7 Desember, 14 Desember, 21 Desember.
1950: 19 April, 26 April.
1955: 9 April, 23 November, 30 November.
1956: 8 Januarie.
1961: 22 Februarie, 1 Maart, 8 Maart, 5 April, 12 April.
1963: 10 April, 15 Mei, 22 Mei, 5 Junie, 12 Junie, 19 Junie, 3 Julie, 17 Julie, 24 Julie, 31 Julie, 11 September, 18 September, 9 Oktober, 30 Oktober, 13 November, 27 November.
1964: 1 Januarie, 8 Januarie, 27 Mei.
1965: 24 Maart, 18 Augustus.
1966: 26 Oktober, 2 November.
1967: 1 Maart, 31 Mei, 21 Junie, 28 Junie, 26 Julie, 9 September, 25 Oktober.

Die Gereformeerde Vaandel: Junie 1936, Februarie 1950.

Inspan: Desember 1944.

Journal of Theology for Southern Africa - Nr 64 September 1988 - Special Issue in honour of Albert Geyser.

Op die Horison: Maart 1942, Junie 1947.

Pro Veritate: 1962: Junie, Julie, Augustus, September.
1963: Mei, Junie, Augustus, Oktober, November.
1964: Augustus, September, November.
1965: Junie, Julie, November, Desember.
1966: Januarie, Augustus, Oktober, November.
1967: Maart, Mei, Junie, Julie, Augustus, Oktober.
1968: Januarie, November.
1969: Februarie.
1970: Januarie, Februarie.
1971: Maart, Augustus, Oktober, Desember.
1972: Januarie, Maart, Julie, Augustus, November.
1973: April, Mei, September, Oktober, November, Desember.
1974: Maart, Mei, Junie, Julie, Augustus.
1975: Januarie, Junie, November.
1976: Maart, April, Mei, Junie, Julie, Augustus, September, Oktober, Desember.
1977: Maart, April, Mei.

Race Relations News: Januarie 1980.

Woord en Daad: Vol 29 Nr 318 Februarie 1989.

NOTULES

Notules van vergaderinge van die kerkraad van Parkhurst:

1964: 27 Januarie, 20 April, 5 Mei, 18 Mei, 22 Junie, 6 Julie, 17 Augustus, 28 September, 16 November.

1965: 25 Januarie, 22 Februarie, 28 Februarie, 22 Maart, 26 April, 21 Junie, 16 Augustus, 28 September, 22 November.

1966: 17 Januarie, 21 Februarie, 21 Maart, 18 April, 16 Mei, 29 Junie, 31 Julie, 22 Augustus, 25 September, 24 Oktober, 21 November.

1967: 23 Januarie, 20 Februarie, 17 April, 15 Mei, 29 Mei, 21 Augustus, 18 September, 24 September, 20 November.

1968: 22 Januarie, 18 Maart, 22 April, 27 Junie.

1969: 17 Maart.

1970: 16 Februarie, 16 Maart, 18 Mei, 17 Augustus, 19 Oktober, 23 November.

1971: 15 Februarie, 16 Augustus, 18 Oktober, 15 November.

1975: 4 Augustus.

Notules van vergaderinge van die Ringskommissie van Johannesburg:

1964: 4 Junie, 8 September, 14 September, 17 September, 6 November, 20 November.

1965: 22 Januarie, 29 Januarie, 12 Februarie, 17 Februarie, 26 Februarie, 3 Maart, 11 Maart(1), 11 Maart(2), 16 Maart, 17 Maart, 19 Maart(1), 19 Maart(2), 24 Maart, 29 Maart, 30 Maart, 1 April, 2 April, 20 April, 23 April, 27 April, 4 Mei(1), 4 Mei(2), 5 Mei, 7Mei(1), 7 Mei(2), 13 Mei, 21 Mei, 7 Junie, 25 Junie, 1 Julie, 26 Julie, 29 Julie, 3 Augustus(1), 3 Augustus(2), 9 Augustus, 11 Augustus, 12 Augustus, 13 Augustus, 16 Augustus, 25 Augustus, 26 Augustus, 18 September, 20 September, 23 September, 30 September, 1 Oktober, 22 Oktober.

1966: 15 Februarie, 21 Februarie, 16 Maart, 25 Maart, 13 April, 19 April, 3 Mei, 17 Mei, 2 Junie, 8 Junie, 10 Junie, 14 Junie, 6 Julie, 26 Julie, 5 Augustus, 26 September, 27 September.

1967: 4 Januarie, 30 Januarie, 6 Maart, 14 April, 17 Mei, 19 Mei, 23 Mei, 30 Mei, 1 Junie, 9 Junie, 12 Junie, 3 Julie, 4 Julie, 7 Augustus, 19 Augustus, 1 September, 5 September, 13 September, 20 September, 6 Oktober, 31 Oktober, 17 November, 28 November.

1968: 31 Januarie, 1 Februarie, 26 Julie, 4 Oktober.

1969: 17 Januarie, 28 Februarie.

1971: 20 Maart.

Ring van Johannesburg - Agenda's, notules, appèlle, briewe, ens.

Notule van die buitengewone vergadering van die Ring op 6 Februarie 1963.

Beswaarskrif van PJ Potgieter teen die verkiesing van mnr CFB Naudé tot ouderling van die gemeente Parkhurst, 2 Mei 1964.

Bevinding van die Ringskommissie op 4 Junie 1964 ivm die ondersoek na die appèl van PJ Potgieter insake die wettigheid van die vergadering van die kerkraad van Parkhurst gehou op 5 Mei 1964, vir voorlegging aan die vergadering van die Ring op 17 Junie 1964.

Notule van die buitengewone Ringsvergadering gehou op 17 Junie 1964.

Notule van die buitengewone Ringsvergadering gehou op 23 Junie 1964.

Notule van die buitengewone Ringsvergadering gehou op 30 Junie 1964.

Klag van nege lidmate van die gemeente Johannesburg-Oos teen dr B Engelbrecht - Julie 1964.

Addendumverslag van die Ringskommissie aan die Ring van Johannesburg in sitting te Jeppestown op 19 September evd 1964.

Notule van die vergadering van die Ring van Johannesburg, 21 September 1964 evd.

Notule van buitengewone vergadering van die Ring van Johannesburg - 17 Junie 1964.

Notule van buitengewone vergadering van die Ring van Johannesburg - 23 Junie 1964.

Notule van buitengewone vergadering van die Ring van Johannesburg - 30 Junie 1964.

Notule van buitengewone vergadering van die Ring van Johannesburg - 2 Julie 1964.

Brief van CFB Naudé op 12 Junie 1964 aan die voorsitter van die kerkraad van Parkhurst.

Brief van die Ringscriba, AJ Venter, op 3 Julie 1964 aan die voorsitter van die kerkraad van Parkhurst.

Brief van CFB Naudé op 3 Julie 1964 aan die voorsitter van die kerkraad van Parkhurst.

Brief van die voorsitter van die kerkraad van Parkhurst op 27 Julie 1964 aan CFB Naudé.

Brief deur drs AC Barnard, B Engelbrecht, WD Jonker, AJ Venter, JHP van Rooyen en ds RA Meyer op 28 Julie 1964 aan die Ringscriba insake appèl teen die besluit van die Ring van Johannesburg op 2 Julie 1964.

Brief deur dr AC Barnard, B Engelbrecht, WD Jonker, AJ Venter, JHP van Rooyen en ds RA Meyer op 28 Julie 1964 aan die Scriba Synodi insake appèl teen die besluit van die Ring van Johannesburg op 2 Julie 1964.

Brief van die kerkraad van Parkhurst aan die Ring van Johannesburg op 30 Julie 1964.

Agenda van die buitengewone vergadering van die Ring van Johannesburg op 11 Februarie 1965.

Notule van die buitengewone vergadering van die Ring van Johannesburg op 11 Februarie 1965.

Brief van die Ringskommissie aan die voorsitter van die kerkraad van Parkhurst op 22 Februarie 1965.

Brief aan die voorsitter van die Ring van Johannesburg op 25 Februarie 1965 deur "Nico van Loggerenberg, lidmaat Ned Geref Kerk, Farrarmere".

Klagstaat teen die Eerw. Ring van Johannesburg, Ned Geref Kerk, Suid-Transvaal, as kerklike vergadering met reglementêre regeermag en toesig, 26 Februarie 1965. Ds NJ van Loggerenberg.

Brief van PJ Potgieter aan die kerkraad van Parkhurst op 28 Februarie 1965.

Brief van dr WD Jonker aan dr JHP van Rooyen op 8 Maart 1965.

Brief van NJ van Loggerenberg aan die voorsitter van die kerkraad van Parkhurst op 11 Maart 1965.

Brief van dr AC Barnard namens die agerende Ringskommissie aan dr JHP van Rooyen op 17 Maart 1965.

Brief van die Scriba Synodi op 7 April 1965 aan die voorsitter van die kerkraad van Parkhurst.

Verweerskrif/Kommentaar van die Ring van Johannesburg op die appèlle van br PJ Potgieter en ds CJ Barnard, sowel as op die appèl van br DFPJ Senekal en andere, teen sekere besluit van die Ring van Johannesburg, soos voorgelê aan die Ad hoc-kommissie van die Sinodale Kommissie van Suid-Transvaal. Johannesburg. 14 April 1965.

Agenda van die buitengewone vergadering van die Ring van Johannesburg op 11 Mei 1965.

Notule van die buitengewone vergadering van die Ring van Johannesburg op 11 Mei 1965.

Brief van die Scriba Synodi op 28 Mei 1965 aan die Ring van Johannesburg.

Brief van die Scriba Synodi op 28 Mei 1965 aan die kerkraad van Parkhurst.

Agenda van die buitengewone vergadering van die Ring van Johannesburg op 17 Junie 1965.

Notule van die buitengewone vergadering van die Ring van Johannesburg op 17 Junie 1965.

Skrywe van die Scriba Synodi, dr FJ Kriel, op 28 Junie 1965 aan die gemeentes.

Notule van die buitengewone vergadering van die Ring van Johannesburg op 29 Julie 1965.

Agenda van die gewone vergadering van die Ring van Johannesburg op 18 September evd 1965.

Notule van die gewone vergadering van die Ring van Johannesburg op 18 September evd 1965.

Appèl van ds CJ Barnard (geen datum) oor die besluit van die Ring van Johannesburg op 21 September 1965 oor die besluit van die kerkraad van Johannesburg-Noord op 8 September 1964 om sekere predikante van die kansel te weer.

Brief van dr JD Vorster aan mnr Garrett, Johannesburg, 6 Februarie 1966.

Aanbeveling van die Ringskommissie op 25 Maart 1966 aan die Ring van Johannesburg mbt die besluit van die Sinodale Kommissie op 16 November 1965 na aanleiding van die besluit van die Ring op 17 Junie 1965.

"Dringende versoek" van ds NJ van Loggerenberg op 10 Maart 1966 aan die Sinodale Kommissie van Suid-Transvaal oor die voortdurende versuim en onwil van die Ring van Johannesburg - Versoek vir 'n buitengewone vergadering van die Sinodale Kommissie.

Appèl van ds NJ van Loggerenberg op 22 Maart 1966 teen die bevinding van die Ringskommissie op 21 Februarie 1966 oor dr JHP van Rooyen as voorsitter van die kerkraad van Parkhurst.

Notule van die buitengewone vergadering van die Ring van Johannesburg op 29 Maart 1966.

Verweerskrif van die Ring van Johannesburg aan die Sinodale Kommissie se vergadering op 26 April 1966.

Brief van NJ van Loggerenberg op 4 Mei 1966 aan die kerkraad van Parkhurst.

Brief van die kerkraad van Parkhurst op 5 Mei 1966 aan ds NJ van Loggerenberg.

Agenda van die buitengewone vergadering van die Ring van Johannesburg op 16 Junie 1966.

Notule van die buitengewone vergadering van die Ring van Johannesburg op 16 Junie 1966.

Notule van die gewone vergadering van die Ring van Johannesburg op 17 September evd 1966.

Notule van die buitengewone vergadering van die Ring van Johannesburg op 28 September 1966.

Brief van B Engelbrecht, MG Engelbrecht, CFB Naudé en IH Naudé op 24 Oktober 1966 aan die Kerkraad van Parkhurst.

Brief "Namens de Generale Synode der Ned Hervormde Kerk - aan den Hoogeerwaarden heer ds AJV Burger, Scriba Synodi, Posbus 1021, Johannesburg, Suid-Afrika. Geteken: G de Ru, praeses, en E Emmen, scriba. 's-Gravenhage, 16 Februarie 1967.

Notule van die buitengewone vergadering van die Ring van Johannesburg op 15 Junie 1967.

Gravamen van die kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde gemeente Parkhurst ivm die besluit van die Algemene Sinode gedurende Oktober 1966 te Bloemfontein oor die Christelike Instituut van Suidelike Afrika - Gerig aan die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk, 24 September 1967.

Agenda van die vergadering van die Ring van Johannesburg - September 1967.

Brief van die Ringskommissie op 10 Oktober 1967 aan die kerkraad van Parkhurst.

Skrywe van die voorsitter van die kerkraad van Parkhurst op 19 Februarie 1968 aan die voorsitter en lede van die Ringskommissie.

Notule van die buitengewone vergadering van die Ring van Johannesburg op 22 Februarie 1968.

Brief van die scriba van die Ring van Johannesburg aan die voorsitter van die kerkraad van Parkhurst, 26 Februarie 1968.

Notule van die buitengewone vergadering van die Ring van Johannesburg op 20 Maart 1969.

Brief van skakelbeampte van die CI, dr WB de Villiers, aan die scriba synodi op 3 Julie 1970.

Brief van dr JD Vorster aan dr JHP van Rooyen op 27 Julie 1972.

Brief van dr JD Vorster aan dr JHP van Rooyen op 6 September 1972.

Brief van dr JHP van Rooyen aan die Ring van Johannesburg op 15 September 1973.

Brief van Beyers Naudé aan die voorsitter en lede van die kerkraad van Parkhurst, 23 Februarie 1980.

SINODALE DOKUMENTE

Handelinge van die Veertiende Vergadering van die Raad van NG Kerke gehou te Durban op 16 Mei 1936 evd.

Wette en Bepalinge vir die regering van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal 195.

Handelinge van die Een-en-twintigste Sinode van die NH of G Kerk van Suid-Afrika, Pretoria. 1948.

Referate en Besluite van die kerklike kongres van die Gefedereerde NG Kerke insake Maatskaplike Euwels gehou te Johannesburg, 6-8 Julie 1948. Uitgegee deur die Federale Raad vir die bestryding van Maatskaplike Euwels.

Handelinge van die twee-en-Twintigste Sinode van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Pretoria. 1951.

Acta van die Vierde vergadering van die Suid-Transvaalse Sinode van die NG Kerk gehou te Pretoria op 26 Maart 1963 evd.

Handelinge van die Tweede vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Bloemfontein. Oktober 1966.

Agenda van die Derde Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria. Oktober 1970.

Handelinge van die Derde Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria. Woensdag 14 Oktober 1970.

Ras, Volk en Nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif. Goedgekeur en aanvaar deur die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Oktober 1974.

Kerk en Samelewing - 'n Getuienis van die Ned Geref Kerk soos aanvaar deur die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk. Oktober 1986.

Antwoord van Ned Geref Kerk of Geloof en Protes deur die Algemene Sinodale Kommissie. Mei 1988.